UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DS JAC VAN BELKUM (1851-1933)

## *NESTOR* VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

'n Teologies-historiese studie

PROEFSKRIF

Ingehandig om te voldoen aan die vereistes van die graad

DOCTOR DIVINITATIS

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

Promovendus: Christo Pretorius
Promotor: Prof dr S J Botha

Pretoria
April 2002

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF

INLEIDING

**1 HOOFSTUK 1: JEUG- EN STUDIEJARE (1851-1874) ........................ 1-9**

**1.1 Afkoms ........................ 1-9**

**1.2 Studiejare ........................ 1-14**

1.2.1 Stedelijke Gymnasium te Leeuwarden ........................ 1-14

1.2.2 Universiteit van Utrecht ........................ 1-16

**2 HOOFSTUK 2: PREDIKANT IN NEDERLAND (1877-1891) ........................ 2-26**

**2.1 Gemeente Varik (1877-1882) ........................ 2-26**

**2.2 Gemeente Steenwijk (1882-1889) ........................ 2-36**

2.2.1 Die Doleansie ........................ 2-54

**2.3 Gemeente Zierikzee (1889-1891) ........................ 2-61**

**2.4 Teologiese rigtings ........................ 2-73**

2.4.1 Die 'etiese beginsel' en Christusverkondiging ........................ 2-87

2.4.2 Openbaring en Skrifkritiek ........................ 2-92

2.4.3 Kerkbegrip en belydenis ........................ 2-98

2.4.4 Die verhouding kerk, volk en staat ........................ 2-106

**3 HOOFSTUK 3: PREDIKANT IN DIE Z.A.R. (1891-1910) ........................ 3-114**

**3.1 Die 'mislukte kerkvereniging' ........................ 3-116**

3.1.1 Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg ........................ 3-122

3.1.2 Erwekwessie ........................ 3-146

3.1.3 Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Marico ........................ 3-156

**3.2 Van Belkum se arbeid op sinodale vlak ........................ 3-164**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.1 Opleiding van Predikante ..... 3-164
3.2.2 Die Spoelstra-saak ..... 3-168
3.2.3 Sending ..... 3-182
3.2.4 Onderwys en opvoeding ..... 3-188
3.2.5 Gesinslewe ..... 3-192

**4 HOOFSTUK 4: OORLOG EN HEROPBOU ..... 4-198**

**4.1 Voorspel ..... 4-198**

**4.2 Stellingkrygsfase ..... 4-200**

**4.3 Konsentrasiekampe ..... 4-206**
4.3.1 Merebank ..... 4-207

**4.4 Na die oorlog ..... 4-211**

**4.5 Gemeente Heidelberg (1904-1910) ..... 4-224**

**4.6 Van Belkum se arbeid op sinodale vlak ..... 4-229**
4.6.1 Die Goddefroy-twis ..... 4-229
4.6.2 Teologiese opleiding ..... 4-243
4.6.3 Onderwys ..... 4-259

**4.7 Kerklike joernalistiek ..... 4-267**
4.7.1 'De Hervormer' ..... 4-269
4.7.2 'De Transvaalsche Kerkbode' ..... 4-271
4.7.3 'De Almanak' ..... 4-276
4.7.4 'De Hervormer' ..... 4-281

**4.8 Teologiese temas ..... 4-283**
4.8.1 Skrifbeskouing en Christusverkondiging ..... 4-283
4.8.2 Metodisme ..... 4-284
4.8.3 Kerkvereniging ..... 4-290
4.8.4 Kerk, volk en staat ..... 4-294

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**4.9 Oostelike ring** ........ **4-297**

**5 HOOFSTUK 5: VERDERE GANG (1910-1933)** ........ **5-304**

**5.1 Verdediger van die Nederduitsch Hervormde Kerk** ........ **5-305**

5.1.1 Ds C J L Ruysch van Dugteren en leervryheid ........ 5-305

5.1.2 Dr H D van Broekhuizen en die Gemeente Pretoria ........ 5-314

5.1.3 Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914 ........ 5-329

**5.2 Bouer van die Nederduitsch Hervormde Kerk** ........ **5-343**

5.2.1 Sending ........ 5-343

5.2.2 Teologiese opleiding ........ 5-349

5.2.3 Kerklike joernalistiek ........ 5-359

5.2.3.1 'Die Almanak' ........ 5-359

5.2.3.2 'Die Hervormer' ........ 5-364

5.2.4 Krugersdorp weeshuis(1923) ........ 5-369

**5.3 Teologiese temas** ........ **5-374**

5.3.1 Kerk, volk en staat ........ 5-374

5.3.2 Kerk en skool ........ 5-383

**5.4 Emeritaat** ........ **5-389**

SAMEVATTING

SUMMARY

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


WOORD VOORAF

'La vérité est dure comme le diamant et fragile comme la fleur du pêcher'.

My dank en waardering aan die volgende instansies en persone:

- die Universiteit van Pretoria vir finansiële ondersteuning;
- die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vir finansiële ondersteuning;
- die Nederduitsch Hervormde Gemeente Hendrina;
- my promotor, prof dr S J Botha vir sy eerlike en begronde leiding;
- drs Gys Bos, Jacob van Sluis, Huib Uil, ds J ter Steege, Martina van der Kaa, J J Faber, G J van Belkum en F van Belkum vir die hulp uit Nederland;
- Nandor Sarkady, assistant-argivaris van die Kerkargief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika;
- Dr J J Oberholzer, direkteur van die Durban Museum;
- Mev Paulina van Belkum;
- Mnr Gys van der Westhuizen en my moeder, mev A Pretorius, vir die versorging van die proefskrif;
- my ouers en skoonouers vir belangstelling;
- Frieda en ons kinders, Peet, Schalk en Erika vir wat hulle moes ontbeer.

My dank bo-alles aan ons Here en Verlosser, wat my toelaat om Hom te dien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INLEIDING

Jacobus van Belkum was 'n ywerige en reggeaarde predikant, vir wie die kerk en Afrikanervolk kosbaar was. Hy het reeds gedurende sy dienstyd in Nederland die Evangeliese waarheid as fondament en norm vir die kerk en in die volkslewe gestel en nie geskroom om onder alle omstandighede *Christus as die gekruisigde* te verkondig nie. 'n Studie van Van Belkum se lewe en dienswerk bied veral aan die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n insig oor sy gang en bestaan en andersyds word die wisselwerking tussen die individu en die geskiedenis veral by Van Belkum duidelik. Sy dienstyd in Nederland teen die agtergrond van die stryd teen die moderne teologiese stroming en die gevolglike Doleansie in 1886, het van sy teologiese aksente beklemtoon. Met sy koms na Suid-Afrika, in die besonder die *Zuid-Afrikaansche Republiek*, het die veranderde omstandighede nuwe eise aan Van Belkum gestel. Hy het hom in pioniersomstandighede, wat wêrelde verwyder was van die Nederlandse kerklike toestand, bevind. In dié pioniersomstandighede het Van Belkum hom ten volle met die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Afrikanervolk vereenselwig. Sy bydrae as skriba van die Algemene Kerkvergadering en as die eerste kerklike joernalis kan nie geringgeskat word nie. Veral ten opsigte van die kerklike joernalistiek het Van Belkum, as vader van *De Hervormer* en *De Almanak,* 'n meningsvormende invloed, nie net in die kerk nie, maar ook in breër verband uitgeoefen. Vir Van Belkum was die kerklike joernalistiek egter 'n middel tot die doel; die doel was die handhawing van kerk en volk teenoor die vernietigende invloed van die Britse imperiale kultuur wat na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) in felheid toegeneem het. Teen hierdie opponent het Van Belkum ook die onderwys as wapen beskou en het hom ten volle met die christelike nasionale beginsel van onderwys vereenselwig. Dit het noodwendig ook gelei tot sy identifisering met Afrikanernasionalisme. Van Belkum het egter nie ten koste van die Evangelie en die Nederduitsch Hervormde Kerk sy standpunte gehandhaaf nie; wanneer die boodskap van die Evangelie of die regte van die Hervormde Kerk in gedrang gekom het, het hy onverbiddelik standpunt daarvoor ingeneem.

Ten opsigte van sy teologiese aksente is meermale ongekwalifiseerd gestel dat Van Belkum tot die 'etiese' rigting behoort. Dit kan nie sondermeer gehandhaaf word nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die navorsing dui aan, dat alhoewel Van Belkum oorwegend by die 'ou etiese' rigting aansluiting gevind het, sy teologie ook aksente vanuit die 'konfessionele rigting' bevat. Van Belkum kan dus nie klinkklaar tot 'n 'teologiese' stroming gereken word nie, maar sy teologiese aksente kan, teen die agtergrond van die kerkgeskiedenis in Nederland en Suid-Afrika, as 'eties-irenies', 'middelkonfessioneel' of 'ortodoks' beskryf word. Laasgenoemde begrippe word in verband met Van Belkum se teologiese aksente as sinonieme gebruik. Ten spyte van Van Belkum se omvangryke arbeid, bestaan daar nie 'n omvattende studie oor sy lewe en dienswerk nie. Daar bestaan wel publikasies wat oorsigtelik na sy lewe en diens verwys soos die begrafnisrede van prof dr J H J A Greyvenstein in *De Almanak* van 1934, die redaksionele kommentaar in *Die Hervormer* van 29 November 1933 – *Wyle Ds Jac van Belkum,* B J van der Merwe- *Ds Jac van Belkum eervol herdenk in Leeuwarden* (*Die Hervormer* September 1954), T F J Dreyer – *Ds Jac van Belkum* (*Die Hervormer* Julie 1959) en prof dr A D Pont -*Ds Jac van Belkum:'n Man van geloof* (*Die Hervormer* Julie 1959). Die studies van S J de Beer (1968), *'n Bespreking van die inhoud van Ds Jac van Belkum se 'Brieven van Oom Sarel,' soos gepubliseer in 'De Transvaalsche Kerkbode' 1904-1906 en 'De Hervormer' 1909-1930* en J D Gericke (1989), *Ds Jacobus van Belkum (Oom Sarel) in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* het Van Belkum se bydrae tot die kerklike joernalistiek onder die skuilnaam 'Oom Sarel' ondersoek en in 1992 het C Pretorius, deur die BD-skripsie, *Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Kerkorganisasie deur ds Jac van Belkum,* sy betrokkenheid by die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) ondersoek. Vir die biografiese studie oor Van Belkum is die argiefmateriaal in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nasionale Staatsargief nagegaan; dit sluit die notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Algemene Kerkvergadering, ringsvergaderings, kerkraad- en gemeentevergaderings in. Van Belkum het as pligsgetroue administrateur uitgeblink en het getrou alle korrespondensie bewaar; van die korrespondensie is ongeorden, maar die oorgrote meerderheid is georden en voorhande in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die kopiebrieweboek wat deur Van Belkum versorg is, is egter onleesbaar en eweneens sy dagboekaantekeninge in Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur die vriendelike medewerking van die Nederlandse argivarisse is die notules van die onderskeie Nederlandse gemeentes en klassisse bekom en ten opsigte van sekondêre materiaal is van koerantknipsels en artikels gebruik gemaak. Dit was egter nie moontlik om Van Belkum se rol as voorsitter van die *Overijsselse klassis*, gedurende die Doleansie, na te gaan nie. Die Durbanse Museum het goedgunstiglik sekondêre materiaal beskikbaar gestel wat veral meer lig op Van Belkum se lewe en werk in die Merebankkamp gewerp het.

Vir die navorsing van Van Belkum se teologiese aksente was die preke uit sy Nederlandse dienstyd 'n onmisbare bron; preke van sy Suid Afrikaanse dienstyd, buiten twee wat in die *Predikatie Boek* (1919) opgeneem is, is nie voorhande nie en die oordenkings in *De Hervormer* en *De Almanak* moes aan die behoefte voldoen. Verskeie foto's is ook voorhande in die Kerkargief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nasionale Staatsargief in Pretoria. Die Merensky biblioteek bewaar Van Belkum se biblioteek; 'n inventaris van die versameling is voorhande in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 1 HOOFSTUK 1: JEUG- EN STUDIEJARE (1851-1874)

## 1.1 Afkoms

Die afkoms van Jacobus van Belkum is onlosmaaklik met die geskiedenis van Friesland, en in die besonder Noord-Friesland, verweef. Dit was Gaius Plinius wat in 42 n.C. die eerste beeld van die landstreek skets. Dijkhuizen (1982:10) vertaal:

> Daar stort de oceaan zich met twee tussenpozen des daags en des nacht's in een geweldige stroom over een onmetelijk land uit, zodat men bij deze eeuwige strijd in de gang van de natuur twijfelt of de bodem tot de aarde of de zee behoort... Daar leeft een armzalig volk op hoge heuvels of liever door hen met de handen opgeworpen hoogten tot op het uit ervaring bekende peil van de hoogste vloed en daarop hebben zij hun hutten gebouwd.

Van die inwoners wat tussen die 9$^{e}$ en 11$^{e}$ eeu na Christus Noord-Friesland binnetrek, word deur Tacitus aangedui as *Frisii.* Hy onderskei dan tussen die *Frisii minores* en die *Frisii maiores* (Van der Molen 1981:15). Drie eeue later, in 1480, kom die Van Belkum-van voor, wanneer Gerrit van Belkum aangedui word as die *Fundator van het Christophorium* en die familie *de Kanter.* Die oorsprong van dié van kan teruggelei word na die dertiende eeuse, en later oorwegend protestantse dorpie *Belkum.* Vandag is dit as *Berlikum* in die *gemeente Menaldumadeel* bekend. Verskeie vorme van die Van Belkum-van kom voor: in die stede word dit as *Van Belkum* uitgespreek, terwyl die plattelandse uitspraak V*an Belsum* is. Die verbuiging *Van Bekkum* kom ook voor, maar *Van Belkum*[1] word as korrekte uitspraak behou.

Vanaf 1480, wou Albrecht van Sakse die Frieslandse onafhanklikheid met militêre mag ontneem en deel maak van die Nederlandse Koninkryk. Eers nadat Friesland in 1579 deel van Nederland geword toe dit by die Unie van Utrecht aangesluit het en Fillips II as landsheer afgewys is in 1581, kom die Van Belkum-van in 1672 weer

---

[1] Mededelings deur F van Belkum, Broerensingel 14, Nederland

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor, toe na Dirk van Belkum verwys word. Friesland is hierna, tot in 1747, nog deur sy eie Stadhouers regeer. Pieter van Belkum is op 8 Maart 1704 in Leeuwarden gebore. Uit sy huwelik met Dorothea de Graaf op 15 April 1735, word Marius Pieter van Belkum[2] op 25 September 1741 te Franeker gebore; drie geslagte later is Anneé Marius van Belkum, Jacobus se vader, op 6 November 1824 in Leeuwarden gebore. Anneé word in die burgerlike stand gebore en op ses-en-twintigjarige ouderdom doen hy by die Gemeenteraad aansoek om as *Directeur of Ondernemer van het Stads Werkhuis* aangestel te word (Gemeente Archief Leeuwarden= GAL: Inv nr 113). Anneé was toe nog Onder-Magasynmeester in die huis van *Opsluiting en Tuchtiging*. Die besluit om Anneé as Direkteur aan te stel, word bekragtig en dit sou hom toelaat om 'n gesin te onderhou. Uit sy huwelik met Catharina van der Werff, word Jacobus van Belkum op 2 November 1851 in die Direkteurswoning, Catharinabuurt huis nommer 6, gebore. 'n Jaar later, 28 Desember 1852, word 'n tweede seun, Pieter van Belkum, gebore en die derde broer, Jan van Belkum word ook te Leeuwarden gebore. Met Jacobus van Belkum se geboorte was sy vader reeds etlike maande direkteur van die stadswerkhuis en het die betrekking beklee tot met die geboorte van Anna Catharina op 4 Augustus 1855. Jac van Belkum is in die Groote Kerk te Leeuwarden, op 7 Desember 1851 gedoop en sy broer Pieter op 23 Januarie 1853. Vir die gesin het daar egter terugslae gewag. Anneé het van beroep verander en het met sy gesin na Amsterdam verhuis. Daar is die sewejarige Jac van Belkum, sy twee broers en suster wees gelaat. Catharina van der Werff[3] het op 21 Oktober 1858 gesterf en nie eers 'n jaar later nie, sterf Anneé Marius van Belkum op 14 September 1859. Voortaan sou hulle oom, Klaas van Belkum, vir die kinders verantwoordelik wees en hy rig hom in 1859 tot die Ou Burger Weeshuis in Leeuwarden:

---

[2] Marius Pieter het op 23 Junie 1760 met Diewertje Huizinga in die huwelik getree en hulle seun, Klaas, is op 4 Maart 1762 gebore. Klaas het hom te Hoogezand as bakker gevestig en daar met Hendrina Schoenmakers in die huwelik getree. Hulle seun, Pieter, wat op 13 Julie 1783 te Hoogezand gebore is, het sy vader se beroep gevolg. Hy het hom later te Leeuwarden gevestig. Dit was te Leeuwarden dat hy met Trijntje Hosbach op 22 Mei 1808 in die huwelik getree het. Op 19 Augustus 1826 het Pieter gesterf. Twee jaar voor sy dood is Anneé Marius op 26 November 1824 gebore.

[3] Catharina van der Werff is op 1 Oktober 1827 gebore en haar vader is aangedui as Handelaar in Effekte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geeft met verschuldigden eerbied te kennen Klaas van Belkum in betrekking als broeder van na te melden overledene en als oom van de achtergelatene kinderen.
Dat blykend aan Wel Edele Heren Voogden bekende acten te Amsterdam zijn overleden Anneé Marius van Belkum en Catharina van den Werf in leven echtelieden – deswegen de ondergeteekende zich met vriendelijke verzoek tot Wel Edele Heeren Voogden wendt de vier achtergelatene kinderen met name Jacobus, Pieter, Jan[4] en Anna Van Belkum het voorregt te doen genieten in het Old Burgerweeshuis te worden opgenomen.

(GAL:Inv nr 117)

Volgens Van der Merwe (*Die Hervormer* 1954:17 ev) strek die geskiedenis van die Ou Burger weeshuis terug tot in 1534, toe die weduwee Auck Peters-Dochter in haar testament van 14 November 1534 bepaal dat twee huise: '*...mit schuur ende hof*' benut sal word en '*...dat men daer sael inholden aecht ofte tien arme weskynderen*'. Verder het sy bepaal dat die weeskinders in haar familie voorkeur kry en daarnaas '*borgers kinderen*'. Hierdie weeskinders moes met *simpele portie* versorg word: '*...die buick vol, ende met warme dichte kledern... eenen pels ende roeck, hoesen ende schun gen costeliker laken dan Demter*'. Dit was veral deur die toedoen van welaf families, soos Haersma-Faber, dat die weeshuis, ook deur krisistye in stand gehou is. Tydens die Napoleonitiese oorloë, moes die weeshuis op 5 Maart 1795 ontruim word en kinders is teen betaling by burgers van die stad gehuisves. Mettertyd het die weeshuis weer normale verrigtinge in die eerste gebou, wat aan die Hofplein teenoor die Stadshuis geleë was, hervat. Jac van Belkum word op

[4] Jan van Belkum was te Amsterdam 'n *stukadoor* (plafondmaker, werkman die muren en plafonds met gipsbepleistering bezet). Op 30 Oktober 1897 tree hy met Tine Bakker in die huwelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11 Oktober 1859 na 'n roetine mediese ondersoek en inenting teen pokke opgeneem. Sy broer Pieter[5] word saam met hom opgeneem en drie jaar later, op 20 Augustus 1862 versoek Klaas van Belkum[6]:

> De ondergeteekende als oom van Anna minderjarig dochtertje van Anneé Marius van Belkum en Catharina van der Werff, echtlieden beide overleden, geeft met verschuldigden eerbied te kennen, dat gemelde Anna heden den ouderdom van zeven jaren heeft bereikt, deswegen bij Heeren Voogden en Dames Voogden den vriendelik verzoekt aan Anna het voorregt te verlenen van in het Old Burger weeshuis te worden opgenomen.
>
> (GAL:Inv nr 117)

Tussen die broers en suster is 'n hegte verhouding gesmee soos Van Belkum in sy studente herrineringe laat blyk het:

> Het eerst waar ik aan denk is Leeuwarden, en daar aan het Weeshuis, waar ik mijn schoonsten leeftijd 11 jaren lang heb doorgebracht. Elf jaren! Welk een tijd in het begin, en een droom aan het einde.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/19)

Die invloed wat hy in Ou Burger weeshuis ervaar het, sou aanleiding gee tot sy lewenslange betrokkenheid by weeshuise. As jong predikant het hy aansoek gedoen om weeskinders aan te neem en sy besorgdheid oor weeskinders blyk verder uit 'n lesing wat te Steenwijk op 12 Oktober 1882: *De christelijke opvoeding in onze*

---

[5] Pieter van Belkum was eers te Zuthpen in Gelderland 'n boekhandelaar, maar verhuis later jare na Velp. Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) publiseer hy die biografie van L A F H van Wouw, *Christiaan de Wet: De Held van Zuid-Afrika.*

[6] Klaas van Belkum (1811-1886) was godsdiensonderwyser en koster van die Grote of Jacobijner Kerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*burger weeshuizen*, gelewer het (NHKA:Sarkady L VI/32/1). Dat Van Belkum op hoogte was van dié saak in die weeshuise word bevestig deur sy verwysings na onder meer die weekblad *Weeshuis* (sedert 1 Oktober 1882 'n maandblad) en die verslae van die Gereformeerd Burger-Weeshuis te Utrecht en s'Hertogenbosch, Evangelisch Luthersch Diaconie-Weeshuis te Amsterdam, Gereformeerde Weeshuis te Maastricht, Nieuwe Stads-weeshuis te Leeuwarden, Bakkers Weeshuis te Zuthpen, Evangelisch Luthersch Weeshuis te Rotterdam en die Gereformeerde Weeshuis te Haarlem. Hy onderskei in die lesing tussen twee beskouings van christelike onderwys. Enersyds verwys hy na '*...christelijk in den zin onzer schoolwet, volgens welke onze staatsscholen onderwijs moeten geven, dat strekking kan tot aankweeking van christelijke en maatschappelijke deugde'* en andersyds na 'n opvoeding wat '*... de kinderen brengt tot den levenden Christus, die de kinderen opvoedt in den geest der H. Schriften'*. Die onderskeid is kenmerkend van die res van sy lesing. Hy stel deurlopend die moderne en liberale standpunt teenoor die ortodoks-konfessionele beskouing van onderwys. Die teenstellings lig hy toe met uittreksels uit die onderskeie verslae en met berigte soos: '*Groene Paschen*', wat op Goeie Vrydag, in die blad *Weeshuis* jaargang 2 no 28 verskyn het:

> Men verwacht dan ook een stukken over het feest, dat de gemeente van Christus verheugd doet zijn. En ja wij vinden er iets van. In dit nummer staan een paar kolommen, waarboven geschreven staat: 'Groene Paschen'. Wij lezen daar, het Opstandingsfeest zal ons opwekken rondom ons te zien en de heerlijke natuur te bespieden, waar ze ontwaakt uit haren sluimer en omgekeerd zal de laatste ons stemmen tot het vernemen der wondervolle profetie: uit den dood komt het leven.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/32/1)

Teenoor die rasionalisme, grondliggend aan die neutrale onderwys, beklemtoon Van Belkum die waarde van die Bybel. Die lees daarvan aan die kinders en onderrig daardeur moet volgens hom nie net in vorm wees nie, maar moet gedra word deur 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geloofsoortuiging. Dit moet nie net op die verstand gerig wees nie, maar deur die hart gedra word. Hy merk op:

> De kinderen bespeuren spoedig, dat de godsdienst in de gestichten er aleen pro forma is: zij gevoelen, dat de bezielende geest ontbreekt; ook spreken sommige beambten onverholen met minachting daarover, en wat is het gevolg – dat de weezen met den vorm, ook den godsdienst gaan versmaden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/32/1)

## 1.2 Studiejare

### 1.2.1 Stedelijke Gymnasium te Leeuwarden

Jac van Belkum het vanaf 20 Junie 1866 tot 13 Februarie 1871 aan die Stedelijk Gymnasium te Leeuwarden opleiding ontvang en sy inskrywing aan die Gymnasium meld dat hy afkomstig was uit die laer stand (*inferioris ordini*) (GAL:Inv nr 443).
Aan die Gymnasium het hy die sogenaamde moderne tale Frans, Duits en Engels bestudeer en van sy ander vakke was: Geskiedenis, Aardrykskunde, Algebra en Meetkunde. Na verloop van tyd, is die kurrikulum uitgebrei. Hy het later vakke soos Trigonometrie, Natuurkunde, Latyn en Grieks bestudeer. Latyn veral is goed bestudeer (NHKA:Sarkady L VI/19). Van die antieke skrywers wat Van Belkum aan die Gymnasium bestudeer het, was: Titus Livius (*Ab urbe condita*), Cicero Tullius (*Scripta quae manserunt omnia*), Lucretius Carus (*De rerum natura*), Sophokles, Horatius Flaccus (Quintus –Sä*mmtliche Werke fur de Schulgebrauch),* Lucianus (*Opera*) en Xenophon. Reeds aan die Gymnasium is die grondslag vir Van Belkum se latere doktorale studie gelê. Dié proefskrif het hy onder promotorskap van prof. J I Doedes in Latyn nagevors.
Dat Van Belkum 'n kranige student was, word duidelik uit die *Praestantissimo* waarmee die kuratore van die Gymnasium, D C Steyter, die rektor en J [Comenij], L

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van [Proeser], [Berna],[C P Brugs], J Felting hom op 13 Februarie 1871 bekroon. Sy studie in die Latynse en Griekse letterkunde word met lof bekroon met 'n boek van George Benedict Winer –*Biblisches Realworterbuch zum Handgebrauch für Studirende, Candidaten, Gymnasiallehre und Prediger* (1847). Op dié hoogtepunt het hy sy studie aan die *Stedelijke Gymnasium* voltooi. Sy studie aan die Universiteit van Utrecht het voorgelê en dit sou deur die finansiële steun van die Faber van Haersma-fonds moontlik word. Dié fonds het deur 'n skenking van Eelco Haersma in 1788 tot stand gekom en met sy dood in 1793 het hy sy besittings aan die weeshuis bemaak. Hy het ondermeer in sy testament bepaal dat 'n deel van die kapitaal se jaarlikse opbrengs gebruik moet word om een of twee kinders uit die weeshuis in die teologie te laat oplei (*Die Hervormer* 1954:17). Op 18 Januarie 1871 word besluit:

> Gezien de missive van Voogden van het Old Burger Weeshuis alhier, in hoedanigheid van Collator der Haersma leenen, aan deze vergadering, als uitmakende het collegie van provisoren dien leenen gerigt, dd 31 December 1870 no 14. Gelet op het daarin vervat versoek om magtiging, ten einde aan den verpleegde in bovengenoemde gesticht Jacobus van Belkum, als begiftigd met een der Haersma-leenen, die weldra de academische lessen zal gaan bijwonen, kosende uit dat leen voortvloeiende pensie ad *f*250, nog toe te kennen het genot der zuiwere rente van het aan die leenen eigen Kapitaal 2½ % werkelijke schuld, nominaal groot *f*11800, afwerpende eene onzuiwere rente van *f*295.
>
> (GAL:Inv nr 1)

Op 21 Mei 1871 maak Van Belkum die volgende opmerking:

> Zoo ben ik dan student! Vurig begeerde tijd! Student in de theologie. Ja, van een wees na student, de verandering is groot.
>
> (NHKA 1871)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2.2 Universiteit van Utrecht

Die geskiedenis van die stad Utrecht begin reeds in 47 n.C. toe keiser Claudius besluit het dat die Ryn voortaan die noordelike grens van sy Ryk sal wees. Twee-honderd-en vyftig jaar later het die Romeine se mag in die gebied gekwyn en Utrecht het toe die terrein van menige twis tussen Fries en Frank, heidendom en christendom geword. Dit was in dié stad waar Willibrord in nagenoeg 692 na Christus sy geestelike setel ingerig het en dertig jaar later as geskenk van Karel Martel ontvang het. Utrecht het die geestelike sentrum van die noorde geword, maar moes toekyk hoe haar seuns na ander universiteite uitwyk. Van 'n universiteit was daar tydens die veertiende en vyftiende eeu vir eers nie sprake nie. Die stryd van die hervorming was in volle swang en die Spanjaarde was die heersers. Op 17 Junie 1634 is die *Illustere school*, na 'n lang stryd, ingewy en twee jaar later is dit verhef tot *Akademie* met die reg om onder andere Doktors- en Magistergrade toe te ken. Die teologiese fakulteit was uit die staanspoor die gewigtigste fakulteit, veral as die persoon van *Voetius* in gedagte gehou word. Teen 1848 het die fakulteit egter die slagoffer van die Modernisme geword. Willem II het in daardie jaar die onderwyswet gewysig. Opzoomer veral het vanuit die positiwistiese wetenskapsbeskouing gepleit dat die teologiese fakulteit opgehef moes word. J H Gunning jr het teenoor Opzoomer betoog dat die fakulteit in belang van die Protestantse kerk gehandhaaf word. Die uiteinde van die debat was dat die fakulteit in teorie 'n a-konfessionele karakter gekry het. Met ander woorde die opleiding van teoloë was nie op 'n bepaalde kerk gerig nie, maar in praktyk is daar '*kerklijke hoogleeraren*' aangestel om studente as predikante op te lei (Genootskap van Afrikaners 1954:13, 16-20).

Jac van Belkum het in die stad en aan die universiteit deel geword van 'n ryk tradisie. Die aanpassing en verandering was groot en Van Belkum laat dit meermale blyk. Gedurende Mei 1871, toe hy sowat twee weke in Utrecht was, het hy reeds oomblikke van eensaamheid en verlange ervaar. In dié tye dink hy terug aan almal in Leeuwarden. Sy bande in Leeuwarden is sy troos in die tye van wat hy verlate noem. Dat Van Belkum behalwe die eensaamheid en aanpassing, 'n sielsworsteling ondergaan het, het uit sy dagboekaantekeninge duidelik geword: *'Hoe zal ik te midde der verleiding, waaraan mijn toestand hier blootstaat getrouw kunnen blijven. Nog*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*studeer ik en ga vooruit in kennis, maar ook in geloof?'* (NHKA:Sarkady L VI/19). Sy gedagtes gaan oor in 'n gebed waarin hy verwys na die sonde waarin hy verval het. Vanweë die sonde roep hy om hulp en soek hy voortdurend vergiffenis. Uit sy gebed en gedagtes blyk dat hy God nie in alles as almagtig en albeskikker erken nie en teen hoogmoed, selfsug en egoïsme voor God stry. Uit dié gebed, sy latere lesing voor die vereniging *Chrysostomus* oor die verskillende soorte predikante en sy antagonisme teenoor Goddefroy (vgl. Hoofstuk 4) blyk dat Van Belkum veral met hoogmoed en selfsug geworstel het.

Van sy deelname aan die studentelewe en verenigings is nie baie bekend nie, behalwe dat hy tydens die Algemene vergadering van *Secor Dabar* op 26 Oktober 1871 deur C L Laan aanbeveel is, maar na '... *discussie en stemming word deze nov[iet of novitius] verworpen'* (Archief Utrecht, Notule van Secor Dabar Inv nr 6= AU:Inv nr 6). Dat Van Belkum ten spyte van goeie akademiese prestasie en voorstelling deur Laan afgewys word, is raaiselagtig. Veral as Christiaan Livius Laan (1847-1933) se agtergrond in gedagte geneem word. Hy stam uit 'n predikante familie; sy vader H A Laan en grootvader P J Laan en ook sy broer P J R Laan was predikante van die Hervormde Kerk en as student in die teologie sedert 1866, ondergaan Laan ook die invloed van teoloë soos J I Doedes, J J van Oosterzee en J H Gunning (jr) (Nauta 1983:291). Tydens 'n Algemene vergadering van *Secor Dabar* op 18 Oktober 1866, word Laan deur J Riemens voorgestel en aanvaar; P D Chantepie de la Saussaye is tydens die vergadering ook voorgestel en afgestem. Laan word daarop, tydens die Algemene vergadering van 6 November 1866, as lid van die vereniging geïnougureer en sou mettertyd 'n beslissende rol in *Secor Dabar* speel; sedert Oktober 1870 as *Vicarius* en vanaf 27 Januarie 1871 as *Praeses*. Omdat Laan in 1871 vir Van Belkum en Van Gheel Gildemeester as lede voorgestel het, moet van sy gedagtes aangaande *Secor Dabar* in aanmerking geneem word. Tydens 'n installasievergadering op 11 November 1870 notuleer die A*bactis*:

> Hij (Laan) wijst verder op het doel van שקר, dat is beoefening der wetenschap allereerst, daarna ook oratorie. Zij karakter omschrijft hij

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met deze beide woorden: broederlijke liefde en arbeidzaamheid'

(AU:Inv nr. 6)

In die daaropvolgende jaar sou Laan met die Moderne rigting gekonfronteer word. Tydens 'n algemene vergadering van *Secor Dabar* lui Laan die gesprek in:

'Het spijt de praeses dat de Heer Steenmeger tot het besluit is moeten komen, om van *Secor Dabar* te bedanken, als zich scharende bij de partij der modernen. In ons geselschap heerscht een anti-modernen geest, daarom had hij gevoeld, dat de heer Steenmeger alleen om dese rede bedankt had'.

(AU:Inv nr. 6)

In die debat wat daarop volg moes Laan hom veral teen Jonker uitlaat oor die beginsels van *Secor Dabar*: *'Het was een geselschap niet voor de orthodoxen, maar van orthodoxen. Wij willen geen vlag, maar een flink beginsel'*. Die debat word op 9 Maart 1871 voortgesit. Jonker verklaar dat hy:

... onder't beginsel van Secor verstaat dat men 'orthodoxen' moet zijn. De W Laan neemt dien naam over wanneer men hem beschouwt niet als de naam eener kerkel. partij, maar als dien eener godsdienstige richting'

(AU:Inv nr. 6)

Secor Dabar handhaaf die beginsels en op 11 Oktober 1871 maak Laan die volgende stellings aangaande die vereniging:

Zekordabar is ook een werkkring. Dit wordt niet altijd genoeg bedacht. *Non multa, sed multum. Non scholae, sed vitae, i.e.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> *Ecclesiae*. Zekordabar is daarbij vooral een Theologisch geselschap. Een richting, waarnaar men immers de groenen zoo vaak vraagt, is een resultaat van ondersoek. Een rein, vast, flink beginsel is bij de aanstaande keuse een vereischte. Zekor is, gelyk eens gezegd werd, een wetenschaplijke Kring van godsdienstige studenten. - Eenheid moet er zijn. Men mag in maar niet tegen zich zelven verdeeld zyn.
>
> (AU:Inv nr. 6)

Van Belkum en Van Gheel Gildemeester is albei deur Laan voorgestel en dit kan aanvaar word dat hy vanuit sy standpunte die twee kandidate aanbeveel. Waarom Van Belkum in die besonder en Van Gheel Gildemeester, nogtans nie aanvaar word nie is nie duidelik nie. Van Belkum het egter lid van die *Utrechts Studenten Corps* en die *Studente Zendingvereniging* geword en saam met ander studente Dekking, Kylstra, Wiertsvanboekhoorn en Fevers, die *OratorischTheologische Gezelschap 'Chrysostomus'* op 4 Februarie 1874 gestig. Van die stigting merk hy op:

> Toen wij, nu een jaar geleden aan onze jeugdige vereeniging dien naam gaven, deden wij het omdat wij in hem een groot redenaar meenden te zien, wiens voorbeeld wij wenschen na te volgen. Maar MHH, hij was niet alleen een groot redenaar, Chrysostomus was ook en bovenal een uitnemend Christen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/22/14)

Die genootskap se doel was enersyds gerig op die akademiese vorming van lede en andersyds op die skep van broederlike bande. Ten opsigte van die akademiese vorming het Van Belkum beklemtoon dat selfstandige denke gevorm moet word. Lede moet waak dat hulle eensydig deur hoogleraars en selfs familie en vriende gevorm word, maar moet deur noukeurige studie en duidelike formulerings hulle kennis skoei ter wille van die diens wat in die vooruitsig gestel word. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wetenskaplike arbeid kan egter nooit verrig word, indien dit nie ook deur 'n gesindheid van liefde gedra word nie. Van Belkum stel:

> Het Christd. is geen leer, maar het is leven; leven in den volsten, diepsten zin der woord en dat leven kan niet bestaan, vooral niet bij den Evangeliedienaars, in wetenschappelijke ontwikkeling waarbij het hart koud blijft als marmer en hard als diamant.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/22/14)

Van Belkum het twee jaar agtereenvolgens as *praeses* gedien en in sy voorsittersverslae blyk dat die geselskap vanuit die staanspoor 'n klein ledetal gehad het. Van Belkum het in 'n verslag van 1875 aangedui dat die klein ledetal ook aan ander faktore toeskryf word. Hy meld:

> Alle pogingen door ons later in het werk gesteld om dat ledental te vermeerderen hebben schipbreuk geleden op de akelige bevooroordeeling, die in sommige Academischen kringen tegen enkelen onzer of ons allen schijnt te heerschen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI /22/14)

Die geselskap se werksaamhede het uit twee tipe vergaderings bestaan, naamlik die kerkvergadering en die kamervergadering. Elke veertien dae het die kerkvergadering nege-uur op Saterdag-oggend in die Nicolai-kerk vergader en die kamervergadering het Vrydag-aande twee weekliks vergader. Volgens Van Belkum was die genootskap geskoei op die kerkvader Chrysostomus se lewenspreuk: 'Δόξα τώ Θεώ παντων ΄ενεκεν' en '*bedoelt hare leden te oefenen in die bekwaamheden die bij den predikant vooral op de voorgrond moeten staan*' (NHKA:Sarkady L VI 22/1). Tydens die vergaderings het lede oor ter sake onderwerpe lesings voorgedra en op die wyse die praktiese vorming van hulle opleiding bevorder. Van die onderwerpe wat Van Belkum voorgedra het was Chrysostomus se betekenis vir die genootskap (1875) en in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die daaropvolgende jaar het Van Belkum met behulp van drie beelde die tipes van pastors verduidelik. Die eerste beeld dui op gemaksug, die tweede op eersug en die derde beeld die pastoraat as evangelieverkondiging en naasteliefde uit. Veral sy opmerkings ten opsigte van die tweede tema, eersug, bied insae in Van Belkum se teologie in die tydperk en sy renons teen heersug soos wat hy later in ds M J Goddefroy sou sien. Hy stel:

> Het tweede toneel volgde het eerste op. Het aanzien was eerst helder en levendig, ik werd verplaatst in eenen schoonen tempel, zo fraai als ik nog ooit bij de Hervormden had gezien. Van den kansel hoorde ik eene stem doordringend, scherp, maar die toch geene stem als van eenen, die het Evangelie verkondigd. Boven het koor hing eene groote vlag, vol aanduidingen als deze: politiek, Dordt, Confessie, mijn haan moet koning kraaien enz.

Van Belkum tipeer vanuit die beeld die volgende pastors:

> Aan het hooft eener groote schare toog hij den stembus; boven aan de tafelen voerde hy het hoogste woord; in de school heerschte hij als alleenheerscher; in de kerkeraadsvergaderingen dreef hij zijn gevoelen door... Twist heerschte overal; men zweer bij Dordt en Confessie, doch maakte elkaar het leven bitter. Men theologiseerde als echte gleerden over de moeielikste kwesties, maar vergat de eenvoudigste les van Christus 'hebt uwen naasten lief' in toepassing te brengen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 22/1)

Van Belkum se leierskap in die genootskap het 'n besliste invloed gehad, maar sy invloed was beperk tot 'n geslote kring. Sy betrokkenheid by *Chrysostomus* lei tot 'n ontmoeting met W H Dekking se suster Anna Hermina. Anna Hermina Dekking, gebore op 2 Februarie 1856 te Utrecht, was die dogter van Gerard Willem Dekking en Aartje Catharina Takke. In sy dagboek is die eerste melding van Anna op 8 Mei

b15429453
i16027723

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1874. Drie dae daarna sou Van Belkum haar na 'n fees vergesel het. Dit was op 12 Mei 1874, volgens Van Belkum, dat hy haar om haar hand gevra het. Sy sou hom antwoord nadat hy sy toelatings-eksamen op 23 Junie 1874 afgelê het. Van Belkum se liefde vir Anna is 'n liefde wat hy wortel in God se liefde, maar sy grootste liefde is tot God. Op Dinsdag 23 Junie 1874 het die eksamen *ter verkrijging van den graad van Candidaat in de Theologie* om 2 uur plaasgevind. Na die suksesvolle aflegging daarvan, gaan hy met sy teologiese studie voort. Gedurende 1875 en 1876 het hy te *Sutherland* in die *Servetsteeg* gewoon. Sy belangstelling vir sending het reeds in die tydperk duidelik geword en op 14 Maart 1876 lewer hy 'n *Voordracht over de Zending en hare verhouding tot kerk en Zendinggenootschappen.* Die voordrag lewer hy voor die Utrechtse Afdeling van die Nederlandse Hervormde sendingvereniging, waarvan hy ook lid was. In die lesing vra Van Belkum na die middele wat vir sendingwerk gebruik kan word en ondersoek die verband tussen kerklike sending en sending deur genootskappe en verenigings. Ten opsigte van die kerklike sending identifiseer hy die finansiële vermoë van die kerk as een van die voordele en in die tweede plek die dogmatiese ooreenstemming. Hiervan sê hy:

> Ook uit een leerstellig oogpunt is m.i. aan te bevelen, dat de Zending door de kerk als zoodanig worde beoefend. De verschillende kerkbesturen toch moeten ook de zuiverheid der leer handhaven en toezien dat in dit opzicht geen tittel of jota van het Evangelie [aangetas word –CP]. De kerk geeft ook meer vastheid en duurzaamheid aan eene eenmaal vastgestelde belydenis. Zij worztel? door de geschiedenis een geheel met het kerkelijk leven en kan niet dan ten koste en ten nadeele van dat leven veranderd worden. De zending door de kerk, vertegenwoordigd in hare besturen, heefte meer eenheid van beginsel en van uitgangspunt.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/ 22/ 2)

Van Belkum wys verder op die nadelige uitwerking van 'n voortdurende wisseling van standpunte aangaande die belydenis, wat kenmerkend van genootskappe is. Ten

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spyte van sy voorkeur vir 'n kerklike sending, besef Van Belkum terdeë dat daar ook nadele aan die kerklike sending verbind is. Een daarvan is die gebrek aan entoesiasme vir sending. In die verband is die verenigings en genootskappe beter middele om sending te verrig, aangesien dit 'n persoonlike belang vir sending eis. As ideaal stel hy nogtans dat die onderskeie verenigings en genootskappe onder kerklike sending sal verenig. Die voorwaarde is egter dat die kerkvolk bewus en besiel word van en vir sending. Hieraan het Van Belkum meegewerk en in sy prediking oor Matteus 8 te Varik op 10 September 1876 het hy veral die sending bevorder. Van Afrika merk hy ondermeer op dat dit: '*...gebukt gaat onder den vloek der slavenhandel en ander den last der dwinglandij der hunnen naam ten schande makende Christenen*' (NHKA:Sarkady L VI 24/5). Sending beskou hy as naasteliefde, maar dit is nie die fundamentele nie, die '*... hoofdbeginsel integendeel was de liefde tot Jezus*'.

Na sy afwysing deur *Secor Dabar* het hy eers na twee en 'n half jaar, op 14 November 1873, in sy dagboek aantekeninge gemaak. In dié jare, volgens die *Utrechtse Studenten Almanak* van 1872, het Van Belkum te *Schoutensteeg* by *Brouwer* gewoon en sou sy stryd teen sonde en skuldgevoel in sy dagboek voortgesit word:

> De versoeking, die mij toen voor oogen stond is over mij gekomen en ben ik getrouw gebleven? Vraag, die mij doet sidderen! Neen ik ben gevallen. Wat is er geworden van mijne schoone voornemens? Niets!
>
> (NHKA:Sarkady L VI/19)

Op 15 November 1873 gaan Van Belkum voort met sy gebed en monoloog. Dit lyk asof hy op 15 November rustiger is as die voorafgaande dag. Sy gedagtes lui: '*Heer, Vader, wij wenschen ons aan U over te geven, geheel en al onverdeeld. Ons hart heeft geen rust in de zonde, alleen bij U is die rust te vinden*' (NHKA:Sarkady L VI/19). Ook op 17 November 1873 is die oorheersende van sy gebed, afhanklikheid van God, krag in sy stryd teen Satan en gebed om vernedering en afhanklikheid van God alleen. Die agste Desember 1873 dui weer op 'n ervaring waarin skaamte oorheersend is: '*Nog nooit O Vader ben ik zoo beschaamd geworden als heden. Voor*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*het eerst in mijn leven bad ik uit eigen mond voor anderen en met anderen, en nog nooit heb ik mijn dieper geschaamd'* (NHKA:Sarkady L VI/19). Dit word duidelik uit die volgende woorde dat Van Belkum se beeld en ervaring van sy sonde nog 'n strydpunt in sy gedagtes is. So stel hy dit:

> Maar Heer ik heb nog niet genoeg geleerd te staren naar dat kruis, daar op Golgotha, waar al onze zonden vergeven zijn. De vergeving der zonden zij in mij nog niet genoe in al haare grootheid voor oogen gesteld en klaar by my geworden; ik heb nog niet genoeg ingezien wat het wil zeggen; verlost te zijn van de zonde, want ware dit het geval o Heer dan zou ik eers recht in U kunnen rusten
>
> (NHKA:Sarkady L VI/19)

Sy alleenspraak en worsteling met 'n skuldgevoel, selfs na drie jaar van studie aan Utrecht, laat blyk dat Van Belkum van introverte karakter was en 'n eensame studentelewe gelei het.

Maar dit was sy teologiese studies wat hom onder die invloed van C W Opzoomer, P de Jongh, B ter Haar, N Beets, J J van Oosterzee en J I Doedes gebring het. Behalwe Opzoomer, by wie Van Belkum die lesings oor Logika en Metafisika bygewoon het, kan die ander leermeesters of eties of konfessioneel genoem word. Van Belkum is allerweë getipeer as aanhanger van die etiese teologie (vgl Loader 1989:422 en 426). Om die waarde van die tipering te bepaal moet nie net van die teologiese atmosfeer tydens sy studente-dae kennis geneem word nie maar ook sy dienswerk en teologiese vorming as predikant in die Nederlandse Hervormde Kerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## LITERATUURVERWYSINGS BY HOOFSTUK 1

Archief Utrecht. Notule van *Secor Dabar*. Inv nr. 6. Utrecht: Nederland.

*Die Hervormer* September 1954 Ds Jac. van Belkum eervol herdenk in Leeuwarden, bl 17 en 18.

Dijkhuizen, S 1982. *Kijk op het groene Friesland.* Amsterdam: Elsevier.

Gemeente Archief Leeuwarden. Raadsbesluite 1850, Inv nr. 113, vol 56r. Leeuwarden: Nederland.

-Archief Old Burger Weeshuis, Inv nr. 117. Leeuwarden: Nederland.

-Archief Old Burger Weeshuis, Inv nr. 718. Leeuwarden: Nederland.

-Archief Stedelijk Gymnasium, Album Disciplorum 1822-1869, Inv nr 443. Leeuwarden: Nederland.

-Archief van Burgermeester en Wethouders als provisoren van de Van Haersma lenen, Inv nr 1. Leeuwarden: Nederland.

Genootskap van Afrikaners, 1954. *Suid-Afrikaners in Utrecht 1762-1954.* Utrecht: Kemmink.

Loader, J A 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde Teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45/2, 412-437.

Nauta, D (red) 1983. *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van Het Nederlands Protestantisme.* Kampen: J H Kok. sv Laan.

Sarkady, N (sj). Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ongepubliseerde inventaris Ds Jac van Belkum-versameling: L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Van der Molen, S J 1981. *Oorsprong en geschiedenis van De Friezen.* Amsterdam: Elsevier.

# 2 HOOFSTUK 2: PREDIKANT IN NEDERLAND (1877-1891)

Van Belkum se studentelewe het tot 'n einde gekom toe hy deur die Gemeente Varik in November 1876 beroep is. Voor sy bevestiging op 25 Februarie 1877, het Anna en Jac in die huwelik getree. Ds J C Verhoeff het die huwelik te Utrecht op 15 Februarie 1877 ingeseën en uit die huwelik is vier seuns en 5 dogters gebore: Gerard Willem (7 Desember 1878 Varik), Anneé Marius (15 November 1880 Varik), Gellius (14 Maart 1882 Steenwijk), Aartje Catharina (23 Oktober 1883 Steenwijk), Catharina Aartje ( 3 September 1885 Steenwijk), Maria Anna (14 Julie 1888, Steenwijk – 13 Januarie 1891); Jeanne (16 Mei 1890 Zierikzee), Hermanus (2 Junie 1892 Rustenburg) en Anna Jacoba (4 Mei 1894 Rustenburg).
Vir die Van Belkum-egpaar het die gemeentelewe nuwe eise gestel. Veral vir Jac het dié fase van sy dienswerk nie net vreugde nie, maar ook stryd beteken. Te midde van die kerklike rigtingstryd in die Nederlandse Hervormde Kerk het hy hom trou vir die opbou van kerk en volk beywer. Die een terrein waarop hy voortdurend aktief gebly het was die sendingterrein en in die gemeentes Varik, Steenwijk en Zierikzee het hy behalwe die gemeentelike pastoraat ook aktief sy aandag aan sending gewy. Trouens, sy liefde en belang vir die sending het met die jare toegeneem. Ten spyte van die stryd teen die modernisme en die latere Doleansie het Van Belkum die gemeentes met die Evangelie getroos, versorg en gerig.

## 2.1 Gemeente Varik (1877-1882)

Voor Van Belkum se koms, is die gemeente onder andere deur di H P van Dorp (1821-1824), H Hulstijn (1825-1870) en dr J J P Valeton jr (1872-1875) bedien. Op die kerkraadsvergadering van 31 Oktober 1876 het die kerkraad van ds Schouten se bedanking as predikant van die gemeente Varik kennis geneem. Die vergadering het daarop proponent Jac van Belkum eenparig beroep en enkele dae later, op 10 November 1876, gee Van Belkum kennis dat hy die beroep aanvaar. Nadat die klassikale bestuur van Zalt-Bommel, onder leiding van ds Le Roy as voorsitter en A C C de Jongh as skriba op19 Desember 1876 kerklike goedkeuring verleen het en daar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die ministeriële departement kennis gegee is, het die skriba, ouderling Van Empel, op die kerkraadsvergadering van 17 Januarie 1877 berig dat: '*...de Heer J van Belkum tot onze vreugde de beroeping naar de gemeente heeft aangenomen*' (Nederlands Hervormde Gemeente-archief Varik: Inv. Nr. 3 = NHAV 1870:Inv nr 3). Van Empel, notuleer later Van Belkum se ordening, bevestiging en intreepreek op 25 Februarie 1877 so:

> Op Sondag 25 Februari 1877 deed de nieuw benoemde Herder en Leeraar J van Belkum, Cand tot den H. Dienst zijne intrede in de gemeente, waarbij hij als uitgangspunt nam de woorden 1 Kor 2:2. In de voormiddag godsdiensoefening was hij ingezegend en bevestigd door zijnen Oom Ds G Fliezinga. Hz te [Noenaldum] (Friesland), die sprak naar aanleiding van Hebr 12:2[a] deze woorden: 'Ziende op den oversten Leidsman en Voleinder des geloofs Jezus'".
>
> (NHAV 1870:Inv nr 3)

Van Belkum se intreepreek het as teksvers 1 Kor 2:2: '*Niets te weten onder uw dan Christus Jesus en die gekruisigd*' (NHKA:Sarkady L VI/24/17) en in sy antwoord op die verwelkoming het hy veral teenoor sy oom, ds G Fliezinga waardering uitgespreek:

> Ja, Gij Eerwaarde Grijsaard, hebt het terecht gezegd, dat Gij en Uwe Echtgenoote niet slechts dierbare vrienden, maar ook ouders voor ons zijt geweest. Van den dag af, dat God onze ouders van ons nam hebt gij altijd in ons lot gedeeld en later mij onder Uwe leiding genomen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/24/17)

Aan die handoplegging het ook die konsulent, ds P J Hoelom van die gemeente *Ophemert* deelgeneem. Die ander kollegas in die Klassis van Zalt-Bommel, Johannes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gerhardus Rijk Acquoy (ZaltBommel) en C K Boland (Well), was nie teenwoordig nie.

Die gemeente Varik was finansieël nie sterk nie en op 'n kerkraadsvergadering van 27 Maart 1877 reageer die vergadering op die versoek om finansiële bydraes van die Kommissie vir die Voorlopige Opleiding van predikante te *Doekindem* deur te besluit:

> ...dat met het oog op den behoeftigen toestand van kerk en Gemeente hieraan niet kan worden voldaan, maar dat op een andere wijze dit beproefd zou worden.
>
> (NHAV 1870:Inv nr 3)

Ondanks die finansiële omstandighede van die gemeente, het die gemeente se behoefte aan 'n nuwe doelmatige kerkgebou, Van Belkum tog daartoe genoop om die saak sewe maande na sy bevestiging in die gemeente aan die orde te stel. Daarom het hy in September 1877 'n kerkraadsvergadering belê:

> ... met het doel om over de belangen der gemeente te spreken. Vooral hierom had hy gewenscht deze vergadering te houden, omdat hy het voornemen had eene collectien te doen voor de nieuwe kerk, over welk voornemen hy den zegen des Heeren wensch af te smeeken welke poging de verkrijging van een waardige Godshuis hy aan den Heer der Gemeente wilde opdragen. Ook werd gesproken over de armverzorging in den aanstaanden winter, omdat de nood, menschlykerswijze gesproken, groot dreigde te zijn.
>
> (NHAV 1870:Inv nr 3)

Ten spyte van die moeilike omstandighede het die oproep tot die oprig van 'n 'waardige Godshuis' tog by die gemeente soveel offerbereidheid ontlok, dat die ideaal redelik gou kon realiseer. Van Belkum se entoesiasme en sy kenmerkende idealisme

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het hierin 'n belangrike rol gespeel en op Sondag 4 April 1880 om twee-uur het Van Belkum die nuwe kerkgebou ingewy. Van Belkum het na aanleiding van Psalm 48 gepreek en dr J J P Valeton, vorige predikant van die gemeente en op daardie tydstip hoogleraar te Utrecht, het met 1 Konings 2:28 as teks voorgegaan.
Die rigtingstryd in die Nederlands Hervormde Kerk, wat Van Belkum reeds as student ervaar het, het tydens sy dienstyd as predikant voortgewoed. Enersyds het daar tussen die liberale, etiese, juridies-konfessionele en die ortodokse groepering stryd geheers en andersyds het die Doleansie in 1886-1887 'n verdere stryd ingelei. Die stryd in die Nederlandse Hervormde Kerk was gerig op die behoud van die tradisionele karakter van die Hervormde Kerk. Op die onderwysgebied het 'n soortgelyke stryd gewoed. Teen die neutraliteitsbeginsel wat die 1857 Van der Brugghen-skoolwet[7] ingelei het, het baie kerkrade, predikante en lidmate in die Hervormde Kerk steeds gestreef na 'n Christelike skool. Volgens Botha (1987:60,61) het Van der Brugghen se onderwyswet enersyds stabiliteit vir die onderwys beteken, maar andersyds het dit die neutrale onderwysbeginsels, soos dit veral deur die modernistiese en liberale denkers van die tyd voorgestaan is, ingelei. Dit was juis die neutrale aspek wat tot ontevredenheid gelei het en volgens Langedijk (in Botha, 1987:61) het veral Groen van Prinsterer die besware soos volg opgesom:

> ...het karakter der openbare school waar neutraliteit, karakterloosheid en algemeenheid kenmerkend zijn. De grootste vijand is de richting, die de rede verheft boven het geloof en het Christendom een bijgelovig dwaasheid noemt.

Na aanleiding van 'n omsendbrief deur die *Comité voor het Volkspetitionement inzake de onderwijs* besluit die kerkraad van Varik op 29 Mei 1879: '*De vergadering spreekt zich daarop eenstemmig uit ten voordeele eener School met de Bijbel ...*' (NHAV 1870:Inv nr 3). Die besluit het veral met die riglyne van die *Vereeniging*

---

[7] J J L van der Brugghen (1804-1863) is aanvanklik tot die Reveillkring gereken. Volgens Van Itterzon en Nauta (1964:15) stig hy vanweë sy liefde vir die christelike onderwys 'n skool te Nijmegen, maar word in 1857 die vader van die nuwe onderwyswet wat kerk en skool van mekaar vervreem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*voor Christlijk Onderwijs* ooreengekom. Botha (1987:62) het met sy bespreking van dié Vereniging se standpunte gestel dat dit geensins die bedoeling van die vereniging was: '...om in sektariese of seperatistiese gees skole op te rig of die Protestantse kerke teen mekaar af te speel nie. Hy het hierop Groen van Prinsterer se gedagtes ter stawing aangehaal:

> ...de vereeniging wil geen gezindteschool, noch wil de eene Protestantsch kerk tegenover de ander stellen, maar alleen de belijdenis der Hervormde Kerk als den gemeenschappelijke grondslag aanvaarden.
>
> (Botha 1987:62)

Op dieselfde vergadering van 29 Mei 1879 het Van Belkum die kerkraad ingelig oor sake wat tydens die komende Klassikale vergadering aan die orde sou kom. Van die sake was die nuutvoorgestelde belydenisvrae. De Jongh het hiervan gestel:

> In hetzelfde jaar dat de Vrije Universiteit werd opgericht, waren de hervormde belijdenisvragen verruimd. Ze lagen vast in het 'reglement op het godsdienstonderwijs' van 1862 en vroegen om het belijden van de drievuldige God, om het verklaren van de bereidheid, bij die belijdenis te volharden en om het beloven van ijverige medewerking 'tot den bloei van het Godsrijk in het algemeen en van de Nederlandsche Hervormde Kerk in het bijzonder', dat laatste 'met opvolging van hare verordeningen'. De eerste en tweede vraag waren voor moderne en ook 'groninger' predikanten moeilijk te verwerken: Jezus werd 'gods eeniggeboren Zoon...Heer en ...Heiland' genoemd. Nu stond de synode toe, die vragen te stellen 'althans wat betrefd den geest en den hoofdzaak van de daarin vervatte belijdenis, verklaring en belofte'. De predikant mocht de formulering van de vragen dus wijzigen.
>
> (De Jongh 1978:353)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die stryd wat in kerk en skool geheers het, het duidelik in die kerkraad se reaksie geblyk:

> ...wat betreft de nieuw voorgestelde belydenis-vragen, zij (kerkraad) het niet raadzaam achte deze aan te nemen, omdat zij niet waren overeenkomstig de leer der Ned. Herv. Kerk, en vooral onduidelijk en dubbelzinnig waren voor de aannemelingen.
>
> (NHAV 1870:Inv nr 3)

In genoemde sake het die kerkaad en Van Belkum ooreengestem. Maar reeds vroeg in sy dienstyd, 5 Julie 1877, het Van Belkum ook onverskrokke standpunt teenoor die kerkraad ingeneem. So het hy by geleentheid oor, so 'n belangrike maar sensitiewe saak soos die kerklike tug, 'n ondubbelsinnig standpunt ten gunste van behoorlike tuguitoefening ingeneem. In die saak van die lidmate van *Van den Oever* en *Van Hallem* het die kerkraad totaal anders besluit as wat Van Belkum dit wou hê. Van Belkum het aan die hand gedoen dat die kerkraad die lidmate minstens berispe en tot berou aanspoor. Die besluit was egter:

> Dit wordt verworpen na langdurige discussien met algemeene stemmen behalwe die van den voorzitter die er zich voor verklaarde. De redenen voor de verwerping waren: het vreemde der zaak, daar zoo iets nog nooit was voorgevallen, en omdat de leden geen heil verwachten van den strenge handhawing der tucht.
>
> (NHAV 1870:Inv nr 3)

Uit die besluit is dit duidelik dat Van Belkum die belydenisskrifte hoog ag. Dit blyk wel duidelik dat die kerkraad 'n meer 'liberale' of moderne opvatting ten koste van die handhawing van die tug as Van Belkum daarop nagehou het. Dat Van Belkum as jong man die moed gehad het om man alleen teenoor die kerkraad standpunt in te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

neem, dui sekerlik daarop dat hy in ooreenstemming met die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 32) 'n sterk oortuiging oor die handhawing van die tug gekoester het.

Ondanks hierdie voorval was Van Belkum se verskil met die Kerkraad nie die reël nie en die werksaamhede in die gemeente tydens sy dienstyd is deur 'n gees van rustigheid gekenmerk.

Van Belkum het reeds van vroeg af in sy loopbaan ook op breër kerklike terrein 'n rol gespeel. Veral vir die sending deur die Kerk het hy 'n volgehoue belangstelling gehad. Daar is reeds verwys na sy lesing voor die *Nederlandsche Zendingvereniging afdeling Utrecht* in 1876 oor die onderwerp: *De Zending in hare verhouding tot kerk en Zendinggenootschappen.* In April 1887 het hy te Steenwijk 'n lesing, *Evangelieprediking in de Hollandshe Taal in Buitenlandsche Badplaatsen* gelewer en op 'n sendingfees te *Oijsterwijk*, 9 Julie 1890 praat hy oor die onderwerp: *De Zending en de Bijbel in hunne wederzijdse betrekking.* Van Belkum het in die laasgenoemde lesing gewys op die belangrikheid van Bybelverspreiding in die sendingveld en het aan die hand van drie punte die tema behandel:

> De zending kan den Bybel niet ontberen.
> De Bybel wekt tot de zending op.
> Zending en Bybelverspreiding gaan hand aan hand.
>
> (NHKA:Sarkady L VI /22/11)

Hy het reeds onder die eerste punt van sy rede gewys op die verskil tussen die sendingmetode van die Rooms Katolieke Kerk en die protestantse kerk. Eersgenoemde het met die tipiese Roomse gebruike, mis en boetedoening die Kongo probeer kersten, maar dit het misluk omdat die Bybel nie die middelpunt van die sending was nie. Sy verwysing na ander sendingvelde en sendinggenootskappe, soos China en die Jesuïete sending onder die Amerikaanse Indiane, bevestig sy uitgebreide kennis van sending. Selfs tydens sy Suid-Afrikaanse dienstyd, was Van Belkum 'n intekenaar van *Mededeelingen, tijdschrift voor Zendingwetenschap*, die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Nederlandsche Zendelinggenootschap* se tydskrif. Van die protestantse sendingpogings het Van Belkum opgemerk:

> Overal waar zij komen, trachten zij eerst de landstaal te leeren, opdat het volk het daden Gods in zijne eigene taal moge hooren.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/22/11)

In sy oorsig oor die invloed van Bybelverspreiding, het Van Belkum die waarde van die Bybel in eie taal beklemtoon. Vir hom is dít die onderskeidende kenmerk van die protestantse sending:

> De Hervorming wekte die behoefte weder en trachte er in te voorzien, opdat het volk weder in eigen taal de H. Schrift kan lezen. Dit is voor de kennis van het Evangelie broodnoodig. Elke volk moet den Bijbel in de moedertaal kunnen lezen, zal op den duur een wel gefundeerd christenvolk de plaats der heidendom innemen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/22/11)

Tydens die *Sewentiende Noordelijk Evangelische Zendingfeest* in 1884 het Van Belkum die afskeidsrede gelewer. Twee jaar later, toe hy reeds in *Zierikzee* predikant was, was hy ook by die *Zeeuwsch-Vlaamsch Zendingfeest* te *Breskens* betrokke, waar hy dié keer 'n rede oor '*Eenige resultaten der Zending*' gelewer het. Hy het in die toespraak, *Evangelieprediking in de Hollandshe Taal in Buitenlandsche Badplaatsen* (1887), deeglik rekenskap van sy sendingbeleid gegee. In die toespraak het hy op die redaksionele kommentaar van die *Neue Evangelische Kirchenzeitung no 38* gereageer. Die redakteur van die kerkblad het berig dat verskeie sendelinge Duitse trekarbeiders in Nederland besoek het. Van Belkum betoog dat die Nederlandse Hervormde Kerk die voorbeeld, en dié van die Engelse genootskappe, moet volg deur herders na die vakansie-plekke buite Nederland te stuur om Nederlanders daar te bearbei. Behalwe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskeie praktiese voorstelle betoog Van Belkum oorwegend vir die belang van prediking in eie taal en die eiesoortige inrigting van die erediens:

> Een eerste bezwaar is, de inrichting van godsdienstoefeningen in de Nederlandsche taal in buitenlandsche badplaatsen is minder noodig, omdat de meeste Hollanders de nieuwere talen wel kennen wanneer zij naar het buitenland gaan. Toegegeven voor een oogenblik, ofschoon het nog heel wat anders is een boek in een vreemde taal geschreven te lezen, dan eene vreemde taal te verstaan, zooals die door het volk gesproken wordt, en zelf die taal goed te spreken, toegegeven dan, dat ieder Hollander, de taal des lands kent, waar hij heen gaat, wij hebben hier te maken met eene zaak, die ons diepste wezen raakt, met den godsdienst en die dan ook alleen onze eigene moedertaal het best wordt verstaan. De godsdienst is eene zaak des harten en een woord uit het hart tot het hart in de eigene taal verkwikt en vertroost. Wat waren de hoorders op den 1en Pinksterdag blijde in hunne eigene taal te mogen hooren verkondigen de groote daden Gods. En zoo gaat het m.i. ook nu nog. Wij hooren het Evangelie liefst in de taal, die van jeugd af door ons gesproken is: zij klinkt ons het lieflijkst in de ooren, zij herinnert ons aan moeders eenvoudige voorstelling des Evangelies, aan het onderwijs, dat wij zelf vroeger genoten.
>
> (Van Belkum 1887:6)

Van die liturgie skryf Van Belkum:

> Daarbij komt groot verschil in eeredienst. De Gerformeerde kerken hebben naar het voorbeeld van Calvijn alleen de dienst de Woords, met enkele formulieren, bijna geheel leerdienst dus. De Luthersche en Engelsche veel meer eeredienst, en eene zeer groote Liturgie. Het is daarom best te begrijpen, dat de strenge Calvinist zich minder tehuis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gevoelt bij de Liturgische verrichtingen der Luthersche kerk, terwijl de Lutheraan op zijn beurt onze dienst al te koud, te prozaïsch zal vinden.
>
> (Van Belkum 1887:4)

Ook op ander terreine het Van Belkum 'n bydrae gelewer. Op 25 Januarie 1881 rig hy aan *Höveker & Zoon* die versoek om 'n vertaling uit Frans van Frédéric Godet se boekie *Bijbelstudiën over het Oude Testament* te maak. Sy kennis van Frans en Duits was van so 'n standaard dat die vertaalwerk aan hom toevertrou is en deur die *Vereeniging ter Bevordering van Christelijke Lektuur* uitgegee is (NHKA:Sarkady L VI/ 1/5).

Self 'n weeskind, was sy deernis met weeskinders opmerklik. Dit het hom selfs bereid gemaak om persoonlik weeskinders in sy huis op te neem en te versorg. Op 29 April 1881 reageer hy op 'n brief van P Altman van Amsterdam. Van Belkum verwys na 'n advertensie in die '*Standaard*' van 20 April 1881. Hy verduidelik dat sy omstandighede van so aard is, dat hy twee kinders kan onderhou en nog twee weeskinders kan inneem. Uit die bronne voorhande kon dit nie bevestig word of Van Belkum inderdaad kinders aangeneem het nie. Sy reisbeskrywing na Suid-Afrika (vgl Hoofstuk 5) en sy briefwisseling met familie in Nederland gee geen aanduiding van ander kinders buiten sy eie nie.

In dié tyd word Van Belkum ook lid van die Algemene Weduwee en Wesefonds. Sy bydraes tot die fonds strek reeds van 17 Mei 1878. Dit is interessant om te merk dat hy selfs tydens sy dienstyd in die *Zuid Afrikaansche Republiek* lid van die *Tweede of Nieuwe Weduwenbeurs der Classis Zalt-Bommel* gebly het. Enkele dae voor sy dood op 3 Januarie 1933, het Van Belkum nog deur sy broer Pieter, steeds in Velp, 'n betaling gemaak.

Tydens sy dienstyd te Varik het Van Belkum beroepe na die gemeente Hellvum op 27 November 1878 en die gemeente Lettelbert en Enumati op 9 November 1879 ontvang. Hy het nie een van die beroepe aangeneem nie. Die beroep wat hy wel na 'n dienstyd van vyf jaar te Varik aangeneem het, was na die gemeente Steenwijk. In die dienstyd van vyf jaar te Varik het Van Belkum hom deeglik laat geld as bouer en verdediger van die kerk. Sy maatskaplike betrokkenheid en toewyding aan sending

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevestig ook sy ruimer belang en betrokkenheid by die vaderlandse kerk. Dit het reeds tydens sy dienstyd in Varik duidelik geword dat veral die belydenis van die kerk en kerklike tug vir Van Belkum as bakens in sy optrede gedien het.

## 2.2 Gemeente Steenwijk (1882-1889)

Tydens die beroepsvergadering van die kerkraad van die gemeente Steenwijk op 28 Oktober 1881 is Van Belkum met sestien stemme beroep en op 15 November 1881 het hy verklaar dat hy die beroep aanneem (Nederlands Hervormde Gemeente Steenwijk Kerkraad Notule 1862-1899 = SKN 1862-1899). Die Van Belkum-gesin het, in die hoek waar die provinsies Drenthe, Friesland en Overijssel ontmoet, 'n nuwe tuiste gevind. Dit was 'n belangrike tyd in Van Belkum se lewe. Sy dienstyd daar het met die Doleansie saamgeval.
Die Klassikale bestuur van Kampen, waarvan Steenwijk deel was, het op 13 Desember 1881 kerklike goedkeuring gegee. Van Belkum het 'n traktement van 1400 gulde ontvang en 'n verdere 400 gulde per jaar is deur die gemeente bygedra (SKN 1862-1899). Op 6 Januarie 1882 het die klassikale bestuur van Bommel vir Van Belkum eervol losgemaak en so ook die kerkraad van die gemeente Varik op 8 Januarie 1882 (NHAV 1870:Inv nr 3). 'n Week later het die gemeente Steenwijk hulle nuwe leraar ontvang en is hy deur sy swaer, ds Dekking van Schoonhoven, met 2 Kor 5:20 as teks vir die prediking, bevestig. Van Belkum het in die namiddag die kansel bestyg en 1 Joh 1:1-3 as teks vir sy intreepreek gebruik en het in die inleidende paragrawe sy rol en diens in die besondere tyd beklemtoon:

> Zal uit deze mijne eerste prediking onder u, naar ik hoop voldoende blijken dat ik geen ander Evangelie u hoop te verkondigen, dan dat naar en uit de schrift is, laat mij u toch in het kort voorlopig mededeelen, dat ik van die Evangelie alleen heil verwacht voor den zondaar en voor onze tijd!
>
> (NHKA:Sarkady L VI/26/1)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 18 Januarie 1882 word sy akte van lidmaatskap tot die klassis Kampen uitgereik (SKN 1862-1899).

Van Belkum het as tweede predikant die gemeente bedien. Die ander predikant was W A van Griethuyzen en teenoor hom het hy in sy intreepreek gestel:

> Bovenal tot u hooggeachte ambsbroeder in onze gemeente richte ik mij. Ik dank U zeer voor aller wat gij in deze dagen voor mij en mijn huis zijt geweest. Wij bevelen ons zeer bij u aan. Van harte hoop ik, dat wij samen moge arbeiden d.w.z. niet alleen uitwendig, maar innerlijk één door den Eenigen Heer.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/1)

Van Belkum het deur die uitnodiging bewys gegee van sy goeder trou, maar nie ten koste van die inhoud van die Evangelie nie.

Van die ander kollegas in die klassis Kampen het P J Muller van Steenwijkerwold 'n belangrike plek ingeneem. Tydens Van Belkum se dienstyd in Transvaal, sou prof P J Muller weer sy pad kruis as predikant van die gemeente Pretoria en ook as eerste hoogleraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Van sy ontmoeting met Muller het Van Belkum in *De Transvaalsche Kerkbode* geskryf:

> Zijn eerste gemeente was Steenwijkerwold, waar hij van 21 September 1879 tot het begin van 1882 arbeidde en waar de schrijver van dit stukje (Van Belkum – CP) hem reeds leerde kenne als ijverig herder, begaafd leeraar en warm vriend.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:1)

Tussen Van Belkum en Van Griethuyzen, was daar in die meer as 'n jaar wat hulle saam gedien het, nie enige botsings nie. Dit sou egter nie die geval wees met Van Griethuyzen se opvolger, D J Karssen van Neerlangbroek, nie. Van Griethuyzen gee op 24 Januarie 1883 kennis dat hy die beroep na die gemeente Haren aanvaar het en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op Dinsdag, 16 April 1883 het die kieskollege met die oog op die beroep van 'n predikant vergader (SKN 1862-1899). Die gebruiklike groslys is opgestel en onder andere is W H Dekking van Schoonhoven, Van Belkum se swaer, ook genomineer. Uit die getal is op drie besluit naamlik J Langhout, P G Datema en G Vlug. Veelbetekend was dat minstens twee predikante uit die drietal wat benoem is, naamlik J Langhout en ook G Vlug blykbaar Kuyper-gesind was en het hulle ook vroeg reeds by die Doleansie-groep gevoeg. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n sterk element van Doleansie-gesindes in die gemeente was en vir Van Belkum het dit probleme voorspel. Langhout het in Friesland, ds J J A Ploos van Amstel gevolg toe laasgenoemde op 10 Februarie 1886 hom by die dolerendes gevoeg het (Kuiper 1972:137). Ds Vlug van Nijkerk is wel beroep, maar het nie die beroep aanvaar nie. Die kieskollege het hierop opnuut 'n groslys opgestel en op Vrydag, 9 Junie 1883 het die vergadering beroep. Tydens die vergadering het daar tweespalt ten opsigte van die beroepsprosedure ontstaan. Die kommissie verantwoordelik vir die benoeming het versoek '*...om één der predikanten van het drietal te hooren*' (SKN 1862-1899).

In die bespreking wat daarop gevolg het het die eerste tekens van verskil tussen Van Belkum en die kerkraad merkbaar geword. Dat die meerderheid van die kerkraad op daardie stadium doleansie-gesind was, het met die beroep op ds Karssen van Neerlangbroek duidelik geblyk:

> Nadat de Heer G Kuit[8] verslag gedaan heeft van het gehoorde bij ds Karssen te Neerlangbroek, brengt de Voorzitter (Van Belkum – CP) eerst in rondvraag of de commissie ook nog de twee andere predikanten zal hooren. Met groote meerderheid wordt dit verworpen, de Heer Tromp Meester verlaat de vergadering, daar hij aan de

[8] Geert Kuit emigreer in 1885 na Transvaal. Hy werk eers by *De Volkstem* en is daarna landrosklerk te Middelburg (Transvaal), Wakkerstroom en in 1889 te Volksrust. Hy stig 'n prokureursfirma te Volksrust. Hy het met Barbara Cipriana Pluim in die huwelik getree en uit die huwelik is tien kinders gebore. Die oudste seun, Hendrik Johannes Kuit (gebore te Steenwijk 1873) werk te Ermelo, Krugersdorp en Johannesburg in die poswese en later as wetsagent, prokureur en notaris te Volksrust (Ploeger 1994:84).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> stemming niet wenscht deel te nemen. Na nog eenige woordewisseling tusschen den Heer van Geunt en de Commissie over de vraag of Ds Karssen ook gezangen liet zingen gaat der vergadering tot stemming over.
>
> (SKN 1862-1899)

Hierop het die kerkraad ds Karssen met 23 stemme teen 3 beroep. Hy het die beroep aanvaar en op Sondag 7 Oktober 1883 het Van Belkum hom bevestig. As teks vir die prediking het Van Belkum 2 Korintiërs 4:7 gebruik en iets van die kerk se toestand meegedeel. Teenoor Karssen het hy waardering uitgespreek:

> In onze vaderlandsche kerk zijn meer dan 250 gemeenten herderloos... Is het bij den tegenwoordige partijstrijd in onze vaderlandsche kerk moeielijk een Leeraar te vinden die met een ander geheel overeenkomt, ik dank God dat Uw nieuwe Leeraar is een man, die met mij heeft te prediken onder U dan Jezus Christus en die gekruist.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/25)

Van Belkum het op die stadium gehoop dat Karssen rondom die verkondiging van die Evangelie die Hervormde Kerk sou dien, maar hy het hom met Karssen misreken. Met verloop van tyd het Karssen hom al sterker met die dolerendes vereenselwig. Dit moes op 'n botsing uitloop.
In hierdie selfde tyd het die tekens van 'n botsing wat op 'n tweede front vir Van Belkum gewag het ook na vore gekom. Enkele dae voor ds Karssen bevestig is, op 21 Desember 1883, het die kerkraad 'n versoekskrif van 140 lidmate behandel: '... *om gedurende den winter 4 maal godsdienstoefeninge in vrijzinnigen geest in de kleine kerk te mogen houden'* (SKN 1862-1899). Die kerkraad se antwoord hierop het gelui:

> ...dat de kerkeraad daartegen ernstig bezwaar heeft, als in rechstreekschen strijd met de belijdenis der kerk, als ondoenlyk met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> het oog op de prediking der eigen predikanten, als aanleiding gevende tot groote ontevredenheid in de Gemeente.
>
> (SKN 1862-1899)

Van Belkum en die kerkraad het met hierdie besluit duidelik standpunt teen die vrysinnige rigting ingeneem, maar tydens 'n volgende vergadering het die stryd rondom die Doleansie weer ontbrand. Karssen was dolerend gesind en die stryd tussen Van Belkum en Karssen het opnuut die gemeente se gang versteur. Die aanleiding vir die stryd was 'n voorstel deur Karssen tydens die kerkraadsvergadering van 23 Mei 1884:

> ...om een vroeger genomen besluit des kerkeraads te vernietigen, hetwelk bepaald, om geen ouders tot getuigen by de doop hunner kinderen toe te laten, die geen belijdenis hebben gedaan. Nadat de BB vooral Ds van Belkum krachtige argumenten tot behoud van genoemd besluit hadden aangevoerd, wil ds Karssen de zaak vooreerst liever laten rusten.
>
> (SKN 1862-1899)

Karssen se voorstel het verband gehou met die besluite van die 1878/79 Algemene Sinode rondom die belydenisvrae en die konflik met die Amsterdamse Kerkraad in 1884. Volgens Kuiper (1972:131) het veral die moderne en konfessionele partye 'n magsewewig in die sinode bereik. In 1875 het die moderne groep besware aangeteken teen die veroordeling van moderne predikante wat die belydenisvrae na eie oordeel verander het. Hulle het ondermeer geëis dat artikel 38 en 39 van die Reglement op godsdiensonderwys gewysig word. In 1878/79 besluit die Sinode om by artikel 38 'n bepaling by te voeg wat lui:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Bezwaren tegen de geloofsovertuiging der aannemelingen leveren geen grond tot afwijzing op, wanneer zij zich bereid verklaren toestemmend te antwoorden op de vragen...naar artikel 29.
>
> (Kuiper 1972:131)

Volgens Kuiper het die toevoeging dadelik onrus onder die konfessionele groepering gewek, omdat hulle dit as 'n miskenning van die konfessionele en presbiteriale karakter van die kerk beskou het. Verskeie kerkrade het hulle teen die wysiging uitgespreek en selfs die Konfessionele Vereniging het 'n advieskommissie benoem wat uit de: '*gematigd-konfessionele predikanten Bronsveld, De Koe, Tinholten, Van Toornenbergen*' bestaan het en die wysiging afgekeur het. Vanuit die 'gereformeerde' kringe is ook 'n kommissie benoem onder andere di J W Felix, G Vos F L zn., J D B Brouwer, B van Schelven, G Ringnalda en dr F L Rutgers asook die ouderlinge dr A Kuyper, W Hovy, Prof. B J L Baron de Geer van Juthpaas, Jhr A F de Savornin Lohman (Kuiper 1972:132). Volgens die verslag '*Memorie inzake de Aannemingskwestie*' het hulle dit gestel dat dit die kerkrade se plig is om in die gemeente die suiwere leer te handhaaf en dat die breëre sinodale besture ten opsigte van artikel 38 en 39 se wysiging buite hulle bevoegdheid gehandel het. In die gemeente Amsterdam, gedurende 1885 en 1886, is die Doleansie finaal deurgevoer toe die ouderlinge in toenemende mate geweier het om moderne predikante tydens die aanneming van katkisante, by te staan. Die weiering deur die ouderlinge het tot reaksies uit die 'moderne' sowel as die 'konfessionele' kringe gelei. Veral laasgenoemde het die ouderlinge se optrede as 'n breuk met die kerk beskou. 'n Poging van die betrokke katkisante om op grond van artikel 40 van die *Synodaal Reglement Godsdienstonderwijs* 'n bewys van goeie sedelike gedrag te kry:

> ...elders door moderne predikanten aangenomen te worden, om zich daarna weer naar Amsterdam te laten overschrijven, mislukte door de voorwaarde van de kerkeraad dat daartoe eerst Jezus Christus as Zaligmaker beleden moest worden. In deze tijd besloot de kerkeraad

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ook het afgeven van attestaten te verbinden aan positieve beantwoording van de tweede vraag van het doopsformulier.
>
> (Kuiper 1972:135)

Die katkisante het hulle daarop op die klassikale bestuur beroep, daarna op die provinsiale kerkbestuur en uiteindelik op die Algemene Sinodale kommissie. Die sinodale vergaderings het die standpunt van die reglement gehandhaaf wat beteken het dat teen dié agtergrond Van Belkum en Karssen ten opsigte van die kategese gebots het. Dit het veral tydens die vergadering van 31 Maart 1884 duidelik geword. Behalwe die versoek van 'n lidmaat dat sy dogter by ds Karssen kategese ontvang in plaas van Ds van Belkum, was daar ook 'n klagte teen die godsdiensonderwyser, br Eekhof. Hy het na bewering verkeerde kategeseboeke gebruik '... *en tegen Ds Karssen heeft gepreek*' (SKN 1862-1899). Hierop besluit die kerkraad:

> Met 10 stemmen tegen één, dien van Ds van Belkum, word besloten den heer Eekhof ter verantwoording te roepen.
>
> (SKN 1862-1899)

Die verwydering tussen die predikante en die hewigheid van die stryd het ook in die volgende besluit van die kerkraad duidelik geword.

> Eweneens vindt de kerkeraad beter, dat de predikanten zich niet meer binden aan de wyksverdeeling, zooals tot heden gebruikelyk was bij ziekenbezoek. Ook zullen zij elk jaar van wijk moet verwisselen.
>
> (SKN 1862-1899)

Die stryd wat in die gemeente gewoed het, het ook in Van Belkum se prediking neerslag gevind. Op 27 April 1884 het hy die onrus en stryd tussen die leraars behandel. Vanuit Johannes 21:15-17 het Van Belkum die diens van die dienaars van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die woord gegrond in die liefde tot Christus en het die diens teenoor die situasie in die gemeente gestel:

> Wat is nu helaas het geval. Men gaat ten kerk, doch daar, waar men het meest hoort prediken overeenkomstig eigen opvatting der Schriften. Men wil versterkt worden in eigen gevoelen en meening, maar niet luisteren naar hetgeen de H.Schrift duidelijk en onfeilbaar zegt en dat tegen onze mening indruischt.
> Men gaat ter preek, omdat deze of die leeraar preekt, maar niet om te worden geweid en gehoed. Nu is het waar dat de herders en leeraars daarvan zelve de schuld zijn...Wij weten gemeente dat het een teer punt is dat wij aanroeren. Gij werpt de schuld op de herders en de herders werpen de schuld op u.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/27/3)

Die stryd het egter toegeneem en tydens die opsiggesprek met Eekhof op 29 April 1884 het Van Belkum hom ten volle aan Eekhof se kant geskaar. Die klagte teen Eekhof is grotendeels deur ds Karssen aangevoer en op voorstel van Karssen is besluit dat Br Eekhof van sy diens as godsdiensonderwyser onthef word en dat hy 'n ander heenkome moes soek. Diaken G Kuit neem die voorstel oor en '*...wordt besloten den heer Eekhof de plaats te ontnemen, die hij innam in den kerkeraadsbank. Ds van Belkum stemt tegen, anderen allen voor'*(SKN 1862-1899). Dat diaken Kuit die voorstel steun verbaas nie, wanneer sy verskil met Van Belkum ten opsigte van die moderne predikante, in aanmerking geneem word nie. Tydens die vergadering van 21 Desember 1883, waar die kerkraad teen preekdienste deur moderne predikante besluit het, het Kuit beweer dat Van Belkum hom nie betyds na die vergadering opgeroep het nie. Kuit het egter ook tydens die beroepsvergadering 'n beslissende rol gespeel en was duidelik 'n medestander van ds Karssen.
Die stryd tussen Karssen en Van Belkum het op Vrydag 20 Junie 1884 voortgegaan:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Ds Karssen tekent protest aan tegen Art IV van de instructie van den godsdientsonderwijzer, welk artikel hij in strijd acht met Art 6 Syn regl op het godsd. onderw. en Artt 14,15 Syn Regl voor kerkeraden. ds van Belkum beroept zich op de vasstelling der instructie door den kerkeraad en het Cl Bestuur, Ds Karssen vraagt insage van de officieel instructie, die door Ds VB gehaald en getoond word. Ds K blijft bij zijn gevoelen dat de instructie onwettig is en het CL bestuur evenals de kerkeraad in strijd gehandeld heeft met het reglement.
>
> (SKN 1862-1899)

Ds Karssen gaan voort en beskuldig Eekhof van ondermyning. Dit het br Lommers laat stel dat '... *de heer Eekhof op die wijze alleen in diens van Ds van Belkum is*' (SKN 1862-1899). Van Belkum het hierop selfs die vergadering verlaat en ook die volgende vergadering van die kerkraad nie bygewoon nie. Dit het ds Karssen tydens die vergadering die geleentheid gebied om hom sterk oor die gedrag van Van Belkum uit te laat:

> ... vindt het ook alles behalve broederlijk en zedelijk, dat zijn collega hem zonder kennisgeving of verzoekt het scribaat opdraagt, waarom hij een spoedige verandering hierin hoogste werkelijk acht. De kerkraad betreurt met hem zeer de verwarde toestand, die in de gemeente om der waarheid wille heerscht.
>
> (SKN 1862-1899)

Van Belkum se optrede kan nie goedgekeur word nie en dit kom voor of hy nie sy argumente kon handhaaf nie. Ten spyte van Van Belkum se optrede tydens die kerkraadsvergadering, het dit nie die dienswerk in die gemeente verhinder nie. Die botsing tussen Karssen en Van Belkum is opgelos toe eersgenoemde op 27 Maart 1885 aan die kerkraad kennis gee dat hy die beroep na Amsterdam aanvaar het. Karssen is daar, saam met tagtig doleansie gesinde predikante, in Amsterdam deur die

Klassikale bestuur op 4 Januarie 1886 geskors (Kuiper 1972:136). Die breuk tussen Van Belkum en die Kerkraad het egter voortbestaan. By die volgende beroepsvergadering het die opstel van 'n groslys en nominering van 'n drietal weer tot 'n botsing tussen Van Belkum en die kerkraad gelei:

> Nu stelt praeses voor een der drie te gaan hooren, waartegen de meerderheid der vergadering zich verklaart, vooral op grond, dat bij eventueele bedanking der beroepen, de gestelde som verbruikt zal zijn, eer men in het beroepen geslaagd is.
> Na eenige discussie over dit punt, stelt praes voor uit het gevormde drietal terstond een keuse te doen, waartegen der meerderheid der vergadering zich eveneens verklaart.
>
> (SKN 1862-1899)

Die kerkraad het lynreg teenoor die vorige prosedure, met ds Karssen se beroep, opgetree. Dit kom voor asof die kerkraad Van Belkum doelbewus wou teengaan. Die beroep wat op ds Bolkenstein uitgebring is, was nie geslaagd nie en daar moes opnuut 'n drietal genomineer word.
Voor ds Karssen se vertrek het die kerkraad egter besluit om 'n deurkollekte af te staan aan die oprigting van die '*Vrije Universiteit op Gereformeerden grondslag*' (SKN 1862-1899). Die stigting van die *Vrije Universiteit* te Amsterdam is deur die nuwe wet op hoër onderwys moontlik gemaak en volgens De Jongh (1978:352) het Kuyper nie gedink:

> ...aan een theologische school, zoals de christelijke gereformeerde kerk die had, maar aan een universiteit, 'die met Gods hulpe ook aan de gereformeerde volk duurzaam pleitbezorgers van zijn belangen in 's lands raadzaal en helden in het strijdperk der wetenschappen, vooral op het stuk onzer landshistorie, leveren kon'.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die finansiële ondersteuning van Kuyper se *Vrije Universiteit* het weer eens laat blyk hoe sterk die doleansie-gesinde element op die kerkraad van Steenwijk was. Met verloop van tyd het die element egter sy invloed verloor. Dit moet waarskynlik ook aan Van Belkum se volhardende teenstand en vereenselwiging met die standpunte van Hoedemaker toegeskryf word. Tydens die kerkraadsvergadering van 12 Januarie 1886 toe die gebeure van die doleansie amptelik op die tafel gekom het:

> ...leest de Voorzitter de circulaire van Dr Hoedemaker, over het kerkelijk geschil te Amsterdam en wordt besloten met 6 tegen 2 stemmen geen bewijs van symphatie aan Amsterdamsch kerkraad te zenden.
>
> (SKN 1862-1899)

Die brief waarna verwys word is dr Ph J Hoedemaker se *Open Brief aan Dr Kuyper, naar aanleiding van het conflict tusschen het Classicaal Bestuur en den Amsterdamschen kerkraad inzake het beheer*, Utrecht (1886). In die brief het Hoedemaker enersyds die gronde waarop ouderlinge van die Amsterdamse kerkraad geskors is bespreek en andersyds voorstelle tot bemiddeling vir die geskorste ouderlinge van die Amsterdamse kerkraad voorgestel (Scheers 1939:81,82):

> Die hadden tot doel, geenszins om de rust in de Kerk te herstellen, maar om dit plaatselijk conflict, waarin de dingen niet geheel zuiver gesteld waren, te laten verdringen door een ernstige behandeling van de kerkelijke kwestie in haar geheel.
>
> (Scheers 1939:82)

Drie maande later het die kerkraad, op 3 Maart 1886 weer kennis geneem van '*Eenige geschriften over de Amsterdamsche quaestien*' (SKN 1862-1899). Terwyl die Doleansie ook in Steenwijk in momentum toegeneem het, het die kerkraad van die gemeente Steenwijk reëlmatig beroepe uitgebring, maar moes telkemale teleurgesteld

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die bedankings kennis neem. Een van die beroepspogings is selfs vertraag toe die kerkraad, behalwe ds Van Belkum, geweier het om die beroepsbrief van M Beversluis van Steen te onderteken. Eers met die vergadering van 6 Oktober 1886 word die vakature van ds Karssen gevul toe ds J C Eykman jr van Hardenburg kennis gee dat hy die beroep aanvaar. Dié verblydende nuus is egter onmiddelik gedemp. Van Belkum hou 'n brief aan die kerkraad voor:

> ...eene missive van de heeren J Prinsen en zes anderen, zich noemende het Bestuur eener Vereeniging Kerkherstel; waarbij van den kerkeraad geeischt wordt, dat hij elke week een beslist Gereformeerd predikant, geschorst of niet in de kerk late optreden.
>
> (SKN 1862-1899)

Die kerkraad se reaksie was dat die skrywe nie behandel kan word nie, omdat dit met Artikel 20 en 21 van die *Algemeen Reglement* in stryd is. Hierop het onder andere ouderling J Prinsen versoek dat die kerkraad hom en sy medestanders van die ouderlingsamp onthef. Van Belkum moes die gemeente deur die omstandighede stuur. Dat hy terdeë bewus was van die Nederlands Hervormde Kerk se nood word duidelik in sy verwelkomingswoord aan die nuut bevestigde kerkraadslede tydens die kerkraadsvergadering van 5 Januarie 1887:

> De voorzitter opent de vergadering met gebed en leest Ps 127 en verwelkomt de nieuwbenoemde broeders met hartelijke toespraak, waarin hy herinnert aan het gewigd van dezer tijd, de roeping den broeders om de belangen der Ned Herv Kerk te bevorderen.
>
> (SKN 1862-1899)

Die vereniging *Kerkherstel* te Steenwijk het egter weer die kerkraad genader en versoek dat die kerkraad hulle te woord staan. Op Vrydag 25 Maart 1887 kom die vergadering byeen: '*... naar aanleiding van den schrijven van zeven lidmaten der Ned*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Hervormde Kerk, die daarin aan den Kerkeraad het voorstel deden om van Kerkorde te veranderen'* (SKN 1862-1899).

Die ses teenwoordige lede van die vereniging *Kerkherstel* het tydens die vergadering geweier om afsonderlik voor die kerkraad te verskyn en hierop het die kerkraad besluit dat die kerkraad nie bevoeg is om 'n besluit ten opsigte van die kerkorde te neem nie en die sewe lidmate te vermaan om terug te keer van die weg wat hulle volg. Die Doleansie het die Algemene Sinodale Kommissie genoop om voorskrifte deur te gee aan kerkrade. Hiervolgens sou lidmate wat die Doleansie steun van hulle lidmaatskap onthef word. Die kerkraad het na aanleiding van die skrywe sy eie probleem ondervind. Dit blyk dat '*...daar ook in deze gemeente een Kerkeraad benoemd en bevestigd door den ontzetten predikant D J Karssen'* (SKN 1862-1899) was. Alhoewel die kerkraad geen besluit oor die saak geneem het nie, kan aanvaar word dat hulle die voorskrifte van die Algemene Sinodale Kommissie gevolg het. Die storm wat deur die Doleansie ontketen is, het mettertyd bedaar en die gemeente het tydens Van Belkum en Eykman se dienstyd 'n stabiele gang gevolg. Tussen Van Belkum en Eykman was daar geen stryd nie.

Die onrus wat die Doleansie op gemeentevlak teweeg gebring het, het ook op sinodale vlak duidelik geword. Tydens die twee-en-sewentigste gewone vergadering van die *Algemene Synode der Nederlandsche Hervormde Kerk* in 1888, neem Van Belkum sitting as lid van die *Provinciale Kerkbesturen* en de *Commissie tot de zaken der Waalsche Kerken.* Van Belkum het oor die belangrikste sake van die sinodesitting, in *Stemmen voor Waarheid en Vrede*, onder redaksie van A W Bronsveld, verslag gelewer. Reeds binne die eerste paragrawe van die verslag wys Van Belkum op die samestelling van die moderamen waaruit die gevolge van die bestaan van verskillende modaliteite in die Nederlandse Hervormde Kerk blyk:

> De modernen waren in de meerderheid; op de 19 stemhebbende leden telden zij 10, de orthodoxen 7, de evangelischen 2 leden. Het was dus te voorsien dat één der eerstgenoemde president zoude worden.
>
> (Van Belkum 1888:1)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy gaan voort en verwys na die *Synodus Contracta* wat volgens artikel 15 van die Algemeen Reglement saamgestel is. Volgens Haitjema het die *synodus contracta* die opdrag om: '*... te verrichten wat in de ordinanties der Kerk aan de generale synode is opgedragen, voor zover dit haar door de synode word gedelegeerd'* (1951:197) en tydens die sinode moes dit die hoër beroep van J Kuyper behandel. Hy is deur die Provinsiale kerkbestuur van Gelderland van sy amp onthef en het hom op die Algemene Sinode beroep. Van Belkum, wat as lid van die *Synodus Contracta* sitting neem, was egter teleurgesteld omdat daar geen besluit geneem kon word nie. Hy het hieroor gestel:

> Door het ontbreken van het vereischte afschrift van de gevallen uitspraak moest de appellant niet-ontvankelijk verklaard worden. De wet schreef dit gebiedend voor, en de Synode mocht de wet niet breken. Toch heb ik het betreurd, dat om een gebrek in den vorm deze zaak niet op nieuw kon worden onderzocht. Niet uit twijfel aan de juistheid van de door het Provinciaal Kerkbestuur van Gelderland gegeven einduitspraak, maar omdat de Synode nu zoo geheel gelijkt op een rechterlijk college, dat om eene informaliteit genoopt wordt eene voor een predikant zeer belangrijke zaak in hoogste instantie onbehandeld te laten. Algemeen bijna werd het gevoeld, dat op deze wijze de zedelijke en geestelijke zijde van vele zaken niet tot haar recht kan komen.
>
> (Van Belkum 1888:945)

In die verdere verslag het Van Belkum veral twee direkte gevolge van die Doleansie aangedui, naamlik die ontevredenheid met die Algemeen Reglement en die onmag van die Sinode om die Algemeen Reglement met 'n Skrifgefundeerde Kerkorde te vervang. Ten opsigte van die ontevredenheid, meld Van Belkum:

> Meer dan één adres van classicale vergaderingen of van bijzondere personen was over de reorganisatie der kerk bij deze Synode

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> ingekomen. Het was niet gemakkelijk duidelijk en helder te weten te komen, wat in de adressen eigenlijk werd gevraagd. Er werd verlang: een voorstel van wet 'waarbij de *kerkorde* meer in overeenstemming wordt gebracht met de *kerkleer*, of waarin gestreefd werd naar meer overeenstemming', anderen verlangden 'herstel van het presbyteriaal karakter onzer kerk in aansluiting aan de historische kerkorde', nog anderen wenschten 'meer dan éene classicale vergadering in 't jaar en autonomie die collegies'.
>
> (Van Belkum 1888:950)

Die talle voorstelle is verwys na 'n studiekommissie wat by monde van prof Kruijf aan die Sinode verslag gelewer het. Uit Prof Kruijf se verslag blyk nie net die onmag van die Sinode duidelik nie, maar ook 'n onwilligheid. Volgens Van Belkum het Kruijf beklemtoon:

> ...hoe moeielijk het zou zijn in deze dagen de kerkorde in onvereenstemming te brengen met de kerkleer, omdat, hoe gaarne velen in onze dagen zich ook scharen onder de Banier onze belijdenis, bijna niemand meer die belijdenis aanvaardt gelijk zij daar ligt.
>
> (Van Belkum 1888:950)

In sy verdere betoog het Kruijf daarop gewys dat die presbiteriale karakter van die kerk oorbeklemtoon word. As bewys het hy twee argumente aangevoer:

> ... op de Synode te Wezel gehouden in 1568, gesproken werd van 'het in toom houden der ongematigde driften der ouderlingen', en zelfs in de Dordsche Synode van 1618 naast 37 predikanten slechts 18 ouderlingen zitting hadden.
>
> (Van Belkum 1888:950)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kruijf se verslag is deur die Sinode aanvaar en in die daaropvolgende besluit word die onwilligheid van die Sinode duidelik. Volgens Van Belkum:

> ...achtte de Synode het onraadzaam, ontijdig en onnoodig eene nieuwe kerkorde te ontwerpen of te treden in het voorstel, door Ds Hoedemaker in zijne brochure ter Classicale vergadering?
> Geopperd, om eene consuleerende commissie te benoemen ten einde haar te dienen van advies over de reorganisatie, ofschoon dit laaste voorstel door prof. Gunning met warmte werd aanbevolen.
>
> (Van Belkum 1888:950)

Ander sake wat Van Belkum aan die orde stel is die wysiging van artikel 62 van die Algemeen Reglement. Die artikel het gelui:

> De Synode neemt kennis van de consideratien der provinciale kerkbesturen en classicale vergaderingen en maakt daarvan *naar eigen oordeel gebruikt.*

Volgens die voorgestelde wysiging moes die woorde *'naar eigen oordeel'* geskrap word, wat sou meebring dat die Sinode die insette van provinsiale en klassikale vergaderings sou moes verdiskonteer. Om die wysiging toe te lig, wys die Sinode 'n kommissie, waarvan Van Belkum lid is, aan. Namens die kommissie het dr Van der Flier op die voorstel gereageer en daarop gewys dat so 'n wysiging tot wanorde sal lei. Hy het voorgestel dat aan die klassikale vergaderings 'n 'veto-reg' toegeken word om sodoende enige wetswysiging, wat deur die Sinode voorgestel word, vir finale goedkeuring aan die klassikale vergaderings voor te lê. Dit was duidelik 'n poging om die gesag van die Sinode te verminder en af te wentel. Die voorstel is egter nie aanvaar nie.
Die gesag van kerklike vergaderings het later weer aan die orde gekom en Van Belkum meld dat hy en Van der Flier:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> ...een voorstel ingediend om de vraag, die in 1891 weer aan de gemeente moet worden gedaan, of zij door middel van een kiescollegie het recht van benoeming van ouderlingen en diakenen en van beroeping van predikanten zelf willen uitoefenen, dan of zij dit werk aan den kerkeraad opdragen, zóó te wijzigen, dat ná dien tijd de kiescolleges alleen ouderlingen en diakenen zouden benoemen en dat aan de kerkeraden de beroeping van predikanten zou blijven.
>
> (Van Belkum 1888:956)

Volgens Van Belkum was dit die gebruik in die geskiedenis van die kerk en is hy van mening dat die Kieskolleges in verskeie gemeentes nie funksioneer nie. Die kerkrade was beter toegerus om te oordeel oor die beroeping van die predikant. Van Belkum maak die volgende persoonlike opmerking:

> Steller dezes kon in den loop der discussien verder gerust verklaren, dat hij nooit veel heil had verwacht van de kiescolleges, die reeds bestonden voor hij in dienst der kerk kwam.
>
> (Van Belkum 1888:956)

Hoewel die voorstel Van der Flier-Van Belkum steun van ds Cesar Segers ontvang het, was daar soveel teenstand dat die voorstel:

> ...werd slechts in zooverre voorloopig vasgesteld, dat alleen in gemeenten met meer dan twee predikantstandsplaatsen de benoeming van predikanten aan den kerkeraad zou worden opgedragen, terwijl de kiescolleges zouden behouden blijven voor de benoeming van kerkeraadsleden.
>
> (Van Belkum 1888:957)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Belkum se belang by die voorstel moet aan sy ervaring met die gebeure rondom die beroep van ds Karssen toegeskryf word. Hy het selfs in 1921 in *Stemmen voor Waarheid en Vrede*, deel 58, enkele mededelings gelewer insake *Verkiezing van kerkeraadsleden en beroeping van predikanten in Zuid-Afrika.* In die artikel het Van Belkum gereageer op die vraag of die beroep van 'n predikant en verkiesing van kerkraadslede by die kerkraad of 'n kieskollege moes berus. Hy het ondermeer gestel:

> Zooals wordt opgemerkt zijn er principieele bezwaren zoowel tegen de kerkreraad, als tegen kiescollege, dit moet ieder toegeven, vooral elk predikant, die vele dienstjaren achter zich heeft. Wordt de verkiezing van de ambtsdragers alleen aan den kerkeraad, bij wijze van coöptie overgelaten, dan loopt men gevaar, dat het contact met de gemeente wordt verbroken en een soort van oligarchie gevormd, die geen rekening houdt met de begeerten der leden van de kerk. Dit is duidelijk aan het lich gekomen, toen in 1867 de kiescolleges werden ingesteld, welke een groote omkeer in de gemeente-regeering te weeg brachten. Eveneens is in het stelsel van kiescolleges een groot gevaar: behalve dat zij ook zeer eenzijdig zijn te werk gegaan, hebben zij bij de verkiezingen invloeden doen gelden, die niet alleen ongeschikte, maar ook ongeloovige en van het Evangelie vervreemde personen in den kerkeraad hebben gebracht.
>
> (Van Belkum 1921:507)

Hy het verder nie net op die verskillende prosedure in die Suid-Afrikaanse kerk gewys nie, maar ook die rol van die gemeente en kerkraad tydens die verkiesing van kerkraad en die beroep van 'n predikant aan die orde gestel.
Uit Van Belkum se rapport oor die Sinode-sitting blyk sy begrip vir die dilemma van die Sinode-sitting en andersyds sy keuse vir 'n bepaalde standpunt:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De Synode heeft de wijsheid bezeten, om alle radicale voorstellen ter zijde te leggen. Dat zij met haar werk allen zal voldaan hebben, is onmogelijk te verlangen: Dat zij velen heeft bevredigd, durf ik gelooven. Dat zij de banier der belijdenis niet hooger heeft kunnen verheffen, lag niet aan haar: zij is nog de afspiegeling van wat in de kerk is en leeft. Wie van haar dit verwacht, hebbe nog een tijd geduld en vergete niet dat het Gods wijs bestier is geweest, hetwelk ons verhinderde in dit opzicht aan rechtmatige begeerten te voldoen. Aan dat bestier van God zich toe te vertrouwen is voor den geloovigen christen ten allen tijde de zekerste en veiligste weg.
>
> (Van Belkum 1888:959)

### 2.2.1 Die Doleansie

Die aanleiding tot die Afskeiding van 1834 en die Doleansie van 1886 in die Nederlandse Hervormde Kerk word allerweë aan die aanvaarding van die *Algemeen Reglement* van 1816 toegeskryf (Van Wyk 1991:122-123). Deur die *Algemeen Reglement* het die Verligtingsdenke neerslag in die kerk gevind en het tot gevolg gehad dat die belydende karakter van die kerk prysgegee is (Pont 1979:79 ev).
Abraham Kuyper (1837-1920) was die belangrikste figuur in die Dolerende kring en Bakhuizen van den Brink het sy werksaamhede so opgesom: '*Kerkelijk stuurde hij aan op herstel van de Dordtse kerkorde in een belijdende Kerk op de grondslag van de Formulieren van eenheid*' (1968:81).
Die Amsterdamse kwessies, waarna die kerkraad van Steenwijk op 13 Maart 1884 verwys het, is reeds 'n dekade van te vore met Kuyper se intreepreek te Amsterdam, *Geworteld en gegrond*, ingelei. Met sy intreepreek stel Kuyper sy vreugde omdat hy volgens die gewysigde Reglement van 1867, nie deur die kerkraad nie, maar deur die gemeente beroep is (Rasker1974:174-175). Hy gaan voort en na aanleiding van Efesiërs 3:17 onderskei hy in sy kerkbegrip tussen die kerk as organisme en as instituut:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De kerk alleen as organisme gedacht zou gevaar lopen in de sameleving te vervluchtigen, alleen als instituut, zou zij in gevaar zijn van verstening; beide aspecten horen echter bijeen in de vrije kerk: zij is organisme door het nieuwe leven, de Geest in haar uitgestort, zij is instituut als een stichting waarin ordening moet zijn; als organisme is zij onze moeder, als instituut onze opvoedster.
>
> (Rasker 1974:175)

Uit bogenoemde blyk dat Kuyper die '*nieuwe leven*' tot voorwaarde vir die kerk maak, met ander woorde die wedergeboorte is voorwaarde vir die kerk se wese en welwese. Deur die wedergeboorte word lidmaatskap tot die kerk moontlik en die kinderdoop word gevolglik op die wedergeboorte gefundeer. Die kerk as instituut is die gevolg van 'n belydenis akkoord tussen die wedergeborenes, uitverkorenes en gelowiges. Kuyper se vertrekpunt het egter die verhouding tussen organisme en instituut, eenheid en verskeidenheid gekompromitteer en Rasker dui aan dat die konsekwente handhawing van die fundering moet lei tot 'n afwysing van die volkskerkbegrip (Rasker 1974:193). Teen die 'vrye kerkbegrip' van Kuyper het uit verkillende oorde kritiek gekom. Enersyds het die volgelinge van H F Köhlbrugge kritiek uitgespreek en Kuyper was hiervan bewus en het selfs van Köhlbrugge opgemerk: '*... geliefde doorn in het vleesch*' (Rasker 1974:193). Alhoewel Kuyper as jong student met H F Köhlbrugge kennis gemaak en sy raad gevra het, het hy nogtans nie Köhlbrugge se denke gevolg nie. Köhlbrugge het die Afskeiding van 1834 veroordeel omdat die Afskeiding die wedergebore mens as vertrekpunt geneem het. Die oorbeklemtoning van die wedergebore mens en die uitverkorene mens skryf Köhlbrugge toe aan 'n klemverskuiwing sedert die Hervorming en wat veral al in die Dordtsche leerreëls na vore gekom het. Loos (1948:37) skryf dat volgens Köhlbrugge:

> ...het accent, anders dan bij de Hervormers, hier meer op den gepraedestineerden mensch dan op den praedestineerenden God valt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Het verworpen humanisme komt door een achterdeur weer binnen. Al te groot is de belangstelling voor den mensch, voor het wedergeboren subject. Die wedergeboren mensch wordt wederom een substantieel, soortelijk ander wezen dan de onbegenadigde zondaar.

Die oorbeklemtoning bied onmiddellik aanleiding tot die vorming van konventikels, huiskerke, geselskappe en uiteindelik *eclesiola in ecclesiae*. Die wedergeboorte is dus vir die Doleansie 'n nuwe beginsel en die wedergebore mens word onderskei van die onwedergeborene. Die beginsel het egter ook ander onderskeidende kenmerke tot gevolg naamlik geloof teenoor wedergeboorte, geregtigheid en lewe *in* Christus teenoor die kwaliteit van die wedergeborene en uiteindelik ook volkskerk teenoor vrye, afgeskeide kerk. Volgens Loos (1948:42, 49) sluit die belydenis van die regverdiging deur die geloof die aanvaarding van die volkskerk in, maar '*Een "vrije" , "afgescheiden" Kerk druischt tegen de bedoelingen der reformatie in*' en '*... de leer van de rechtvaardiging van den goddelooze en de "vrije kerk' zijn onvereenigbaar'*. Ook vanuit ander oorde, wat aanvanklik selfs met hom simpatie gehad het, is kritiek teen die kerkbegrip van Kuyper uitgespreek. Dr Ph J Hoedemaker was aanvanklik 'n medestander van Kuyper veral met die oprigting van die *Vrije Universiteit* te Amsterdam (Scheers 1939:59 ev). Maar reeds met die opening van die Universiteit het die verskille tussen Hoedemaker en Kuyper duidelik geword. Rasker dui aan dat Hoedemaker met sy wydingsrede na aanleiding van 1 Sam 3:19 die universiteit se betekenis breër sien as net in kerklike en teologiese verband:

> ... zij was ook een deur der hope voor de wetenschap en voor het hele volk. Zijn verlangen was dat "Jeruzalem als het middenpunt der natie, het Verbond als de grondslag van het volksleven" de ordening God als band en wet der geheel maatschappij worde herstel'
>
> (Rasker 1974:180)

Die daaropvolgende dag het Kuyper in sy openingsrede, *Souvereiniteit in eigen kring*, egter die klem nie op die eenheid van die volk nie, maar op die soewereniteit in eie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewenskring, laat val. Die klem op die individuele in Kuyper se denke kan onder andere toegeskryf word aan die invloed van Alexander Vinet en F D Schleiermacher. Kuyper en Hoedemaker worstel met die verhouding tussen die individuele en organiese, persoonlike en kerklike, eenheid en verskeidenheid van die kerk. Grondliggend hieraan is die verhouding tussen die belydenis van die sigbare en onsigbare gestalte van die kerk. Kuyper los die verhouding op deur die individuele te kies, soos dit uit sy intreerede blyk en gee so die verskeidenheid van die kerk prys. Die ekklesiologie staan egter ook in verhouding met die geloofsleer. Hoedemaker het ingesien dat 'n bepaalde geloofsleer en belydenis grondliggend is vir die kerkbegrip. Die belydenis/geloofsleer, objektiewe en subjektiewe, eenheid en verskeidenheid kan alleen gehandhaaf word wanneer die belydenis *in* die Kerk *deur* die Skrif bepaal is. Hoedemaker is dus nie 'n individualis nie, maar hy wys die keuse tussen subjektief en objektief, eenheid en verskeidenheid af. Dat hy die subjektiewe geloofsleer, die '*nieuwe beginsel*' afwys, kom ooreen met Köhlbrugge se standpunt teenoor die Reveill-kring. Köhlbrugge handhaaf 'n objektiewe geloofsleer, met ander woorde geloof is nie 'n nuwe beginsel wat in die mens gestort is nie, maar is gegrond in die herskape mens, Jesus Christus (Loos 1948:35). Die objektiewe en die eenheid in Christus sluit nòg die subjektiewe en die persoonlike nòg die kerk as organisme en nasionale verskynsel uit, en reeds in sy intreepreek, Romeine 1:14-17a, *Het apostolische evangelie en de nationale theologie*, het Hoedemaker gevra:

> Hebben wij, met andere woorden, slechts of altans voornamelijk aan het *katholie*ke [algemeen-Christelijke] en ook niet aan het *nationale* element in de prediking en in de belijdenis recht te laten wedervaren? En onder dit 'nationale' element wordt dan verstaan het specifiek-Gereformeerde. Hij [Hoedemaker-CP] komt op tegen 'het streven, dat zich reeds sedert het begin der vorige eeuw en vroeger onder ons geopenbaard heeft, om het nationale, het Gereformeerde, aan het Protestantsche, het Christelijke element op te offeren, om het *individu,*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> de *familie,* in de *soort* te laten opgaan, om de eenheid, de katholiciteit niet in de verscheidenheid, maar buiten den rijkdom des levens, buiten de natuurlijke levensvormen en daarnaast te zoeken.
>
> (Hoedemaker, in Schokking 1908:65-66, vgl ook Scheers 1939:47 ev)

Teenoor Kuyper se kerkbegrip dink Hoedemaker volgens Balke: '*...niet vanuit de wedergeboorte, individualistisch, zoals Kuyper, maar organisch vanuit de belijdenis*' (1992:98). Vir Hoedemaker was die gereformeerde kerkbegrip in die weegskaal en hy het enige partyvorming as bedreiging van die kerkbegrip beskou. Kromsigt merk op:

> Dr Hoedemaker komt krachtig op voor 'de persoonlijkheid' en toch is hij allerminst een individualist, want hij is, zooals we zeiden, een door en door kerkelijk man. Hoe nu die twee *'persoonlijkheid'* en *'Kerk'* te vereenigen, dat is voor hem geweest het probleem van zijn leven, en de oplossing vond hij niet door wijsgeerige abstractie of deductie, óók niet door ijverige historische nasporingen, maar door een dagelijkschen omgang met de H. Schrift, door een steeds dieper indringen in den zin van gods openbaring, voorgelicht daarbij, zeer zeker, door onse uitnemendst, oudere Gereformeerde theologen, maar toch op origineele, hem eigenaardige wijze.
>
> (Schokking 1908:46)

Hoedemaker wil dus die volkskerkbegrip behou en in sy *Open brief aan dr A Kuyper,* skryf hy: '*... zoo men zegt: tot de Kerk behooren de geloovigen en hun zaad, heeft men de Volkskerk in kiem*' (Hoedemaker, in Engelbrecht 1945:30). Dit het volgens Engelbrecht die gevolg dat:

> Die gedagte van 'n Volkskerk rus op die leer van die genadeverbond waarvan die doop die seël is, en daarom wys dr Oorthuys heeltemal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tereg daarop dat sonder die praktyk van die kinderdoop 'n Volkskerk onmoontlik was.

Die verskille tussen Kuyper en Hoedemaker het ook die verskille en ooreenkomste tussen die 'etiese' en 'konfessionele' hoofstrominge uitgewys. Ten opsigte van die sigbare gestalte van die kerk en die kerk se posisisie in die samelewing het tussen J H Gunning uit die etiese kring en Hoedemaker toenadering gekom. Veral Bronsveld:

> ...deelde Hoedemakers *aksent op de natie in de samenlevingskonceptie* en op de *positie van de kerk* in die samenleving. Hij zag het Nederlandse volk als 'een gedoopte, een christennatie'. Daarin kende hij de kerk een belangrijke plaats toe.
>
> (Kuiper 1972:168)

Hoedemaker en Bronsveld verskil egter oor die verhouding tussen kerk en staat en stel Kuiper (1972:168) dat Bronsveld, soos Hoedemaker, hom:

> ...keerde tegen Antirevolutionairen en Katholieken, maar in tegenstelling tot hem een uitzondering maakte voor de Liberalen, de effekten van wier *vrijheidsbeginsel* hij dankbaar aanvaardde. Dat betrof met name hun 'pleiten voor scheiding van kerk en staat,... opkomen voor vrijheid en gezag,...vooruitstrevende koloniale politiek'.

Tussen Hoedemaker en Gunning en veral met die tweede geslag 'etiese' teoloë het daar egter ten opsigte van die historiese-kritiek meningsverskil bestaan. Hoedemaker het hom veral teen die historiese-kritiek uitgelaat en volgens Deurloo (Abma & De Bruijn 1989:106) konkludeer hy:

> De zogenaamde 'historische metode' der critiek, tot hare meest eenvoudige termen teruggebracht, is niet anders, dan de poging, om de geschiedenis van Israël uit den mensch te expliceeren.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het hom te Steenwijk duidelik en volledig van Kuyper en die Doleansie gedistansieer. Dit het groot spanning tussen hom en die Doleansiegesindes te Steenwijk tot gevolg gehad. In sy stryd het hy ten nouste by Hoedemaker se siening aangesluit en het hy ook Hoedemaker se koersaanduiding en sy teologiese begronding na sy gemeente deurgegee. Dit het, saam met sy grondige pastoraat, grootliks daartoe bygedra dat die onrus en stryd rondom die Doleansie ook te Steenwijk gaandeweg gekalmeer het en die gemeente sonder groot skade by die Nederlands Hervormde Kerk gebly het. Dit spreek boekdele dat reeds by sy aankoms al 'n sterk Kuyper-element in die kerkraad en gemeente teenwoordig was wat veral deur sy kollega Karssen sterk aangeblaas is. Dit was duidelik dat Van Belkum iemand was wat hom nie maklik van koers laat afdwing het nie, selfs al was die meerderheid teen hom. Die onrus wat die doleansie teweeg gebring het, ook in Steenwijk, het mettertyd gekalmeer. Die verhouding tusen Van Belkum en die kerkraad het ook verbeter en dit moet aan Van Belkum se standpunt en prediking toegeskryf word dat 'n groot deel, dalk die meerderheid van die gemeente nie met die doleansie meegegaan het nie. Behalwe sy arbeid op gemeentevlak en sinodale vlak, het Van Belkum belangstelling in die *Jongelings- vereeniging Samuel* getoon. Op Woensdag 8 Maart 1883 het Van Belkum tydens die tienjarige fees van die vereniging te Steenwijk'n feesrede gelewer en op 2 Augustus 1883 te Kippenburg lewer hy 'n rede tydens die *Gecombineerde vergadering van Chr Jongensvereenenigingen.* Die verband wat Van Belkum tussen die vereniging en sending trek, word in die eerste paragrawe van sy rede duidelik:

> Vergist ik mij niet geheel, dan zijn de Jongelings-vereeniging een plant van vreemden van Engelsche bodem. Zij werden opgericht met een bepaalde doel en wel dit, om jongelingen, die anders in den maalstroom de verleiding zouden verloren gaan, op te zoeken, gezellig bezig te houden en alzoo te redden. Jongelings-vereenigingen behooren alzoo tot het gebied der inwendige zending.
>
> (NHKA:Sarkady L VI /22/7)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die gemeente Steenwijk het Van Belkum verskeie beroepe ontvang, onder andere na die gemeente Kuine in 1884 en na die gemeente Dedemsvaart in 1885. Hy het die beroepe nie aangeneem nie, maar vroeg in 1889 het hy die beroep na Zierikzee ontvang. Die eerste melding hiervan was tydens die kerkraadsvergadering van 21 Februarie 1889. Op Sondag 28 April 1889 neem Van Belkum as teks vir sy afskeidspreek Matteus 28:20 en daarna het die kerkraad aan hom 'n eervolle ontslag oorhandig. Sy opvolger te Steenwijk was ds W Hoek van Hoogvliet. Van Belkum se laaste dienstyd in 'n Nederlandse gemeente het egter voorgelê.

## 2.3 Gemeente Zierikzee (1889-1891)

Die geskiedenis van die stad Zierikzee, en daarmee saam die kerklike geskiedenis, begin reeds in die tiende eeu toe die eerste inwoners hulle aan die *Ee*-rivier onder die leier *Zierik* gevestig het (Gemeente Zierikzee sj:1). Vir hulle bestaan was die inwoners afhanklik van die soutskrapery en die Nederlandse meekrap, 'n plant bekend vir die rooikleurstof, wat veral tot 'n lonende lakenbedryf bygedra het. Voor Van Belkum se koms in 1889, het die stad al verskeie hoogte – en laagtepunte deurleef. Reeds in 1575 is die stad beleër en deur die Spaanse troepe oorwin, maar enkele maande later moes die Spaanse magte na Vlaandere vertrek. Ook die geskiedenis van die kerk het hoogte- en laagte punte beleef. Na die vertrek van die Spaanse troepe, is die eerste nagmaal op 7 April 1577 deur Gerardus van Cuilenberg bedien (Uil 1990:1). Van 'n sterk gereformeerde gemeente was daar vir eers nie sprake nie, maar in die eerste kwart van die sewentiende eeu het die gemeente, ondanks die stryd tussen die remonstrante en contra-remonstrante, gegroei. Gedurende die negentiende eeu, met die opkoms van die moderne teologiese rigting, het die moderne stroming die oorhand in die gemeente gekry en die predikante wat in die laaste kwart van die negentiende eeu die gemeente bedien het, het sonder uitsondering tot die 'moderne rigting' behoort. Eers in 1878 is die eerste 'ortodokse' predikant, ds J C Montijn, beroep. Uil het hiervan gesê:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De modernen berustten alleen in orthodox predikant indien deze het bestaansrecht van de moderne erkende. Daarmee waren de Confessionelen in feite buitengesloten. De nieuwe predikant behoorde tot de ethische richting.
>
> (Uil 1990:8)

Tien jaar later, tydens die vergadering van die kieskollege van die gemeente Zierikzee op 29 Junie 1888, het Van Belkum in Montijn se voetspore gevolg. Een van die vier standplase in die gemeente het vakant geraak na die vertrek van ds Romyn en na aanleiding hiervan deel die voorsitter, namens die kerkraad, die kieskollege mee: '... *om voor de vacature eene keus te doen uit de predikanten der 'orthodoxe' richting.* ' (Gemeente Archief Zierikzee Notule Kiescollege = GAZ:Notule Kiescollege). 'n Groslys bestaande uit die volgende tien kandidate is toe deur die kiescollege opgestel: H A E Heinecken (Amerongen) en S L van Stein Callenfels (Heerde) met 51 stemme, A J Ruys (Scherpenzeel) met 50 stemme, J Bouvin (Alkmaar) en J C Reesse (Vlissingen) met 49 stemme, A J Kan (Velp) met 44 stemme. Die groslys is verder uitgebrei met die name van C van Koetsveld, J D van Arkel, J W Berkelbach van den Sprenkel en J van Belkum. Van Belkum en Berkelbach van den Sprenkel het elk een stem gekry. Die voorsitter beveel op die volgende vergadering van 23 November 1888 aan dat vanweë die talle uitbreidings daar eerder 'n nuwe groslys opgestel moet word. Drie kandidate is daarop aangewys naamlik Van Belkum, W Klerq en J Bouvin. Uit die drietal is Van Belkum beroep. Nadat hy die beroep aangeneem het, het Van Belkum en sy gesin die huis in *pand wijk D nr 172 (Havenplein 4)* gehuur en hom in die Zierikzeese gemeente by sy kollegas dr August Johann Heinrich Wilhelm Brandt en ds Jan Frederik Lodewijk Müller aangesluit (Gemeente Schouven-Duiveland 2000:5). In die klassis het di. Helder, Krom (Ouwerkerk), Fynvandraat (Nieuwerkerk) en Klap (Oosterland) van die ander kollegas uitgemaak. Die bestaan van die onderskeie modaliteite in die klassis het tydens die vergadering van die klassis op 21 November 1889 duidelik geword, toe die gemeente Oosterland die vergadering versoek om 'n konsulent vanuit die ortodokse rigting te benoem. Die vergadering besluit dat geen geskikte persoon vir Oosterland benoem kan word nie en dat ds

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brandt sal optree as konsulent. Die bestaan van 'ortodokse' en 'moderne' strominge in die klassis was ook tipies van die samestelling van die gemeente Zierikzee. Van Belkum het mettertyd hom laat geld en aanleiding tot 'n verskil met veral dr Brandt oor die sending gegee. Die bestaan van teologiese rigtings het ook in sendingverenigings en – genootskappe neerslag gevind (vgl Bakhuizen van den Brink 1968:268). Toe die verbintenis tussen kerk en staat in die agtiende eeu opgehef is, het die kerk die rol van sending by die staat oorgeneem. Dit was onder aanvoering van J. Th van der Kemp dat die *Nederlandsch Zendeling Genootskap* aan die einde van 1797 gestig is (De Jongh 1978:302). Johannes Theodorus van der Kemp het die eerste lewenslig op 7 Mei 1747 in Rotterdam aanskou. Nadat hy sy studies in geneeskunde aan die Universiteit van Edinburgh voltooi het, het hy as geneesheer in Middelburg (Nederland) gepraktiseer. Die traumatiese dood van sy vrou en kind het hom laat besluit om sy lewe aan sendingwerk te wy en vandaar die stigting van die Nederlandse Sendinggenootskap wat omvattender as die *Rotterdamsche Zendeling Genootschap ter voortplanting en bevordering van het Christendom, bijzonder onder de Heidenen*, bekend gestaan het. Die Nederlandse Sendinggenootskap het 'n verbintenis met die Londense Sendinggenootskap en het op die wyse ook tot die sending in die Kaapkolonie bygedra toe Van der Kemp en J J Kicherer in 1798 na Suid-Afrika gestuur is. In Suid-Afrika is die *Zuid-Afrikaansche Genootskap ter bevordering van de uitbreijding van Christus Rijk*, in kort *Zuid-Afrikaansche Zendelings Genootschap*, op 22 April 1799 gestig. Uit die kring het Erasmus Smit, een van die geestelike voormanne tydens die Groot Trek, gekom (De Jongh 1977:10,11).

Die dilemma van die kerk-besture met die *1816 Algemeen Reglement* het ook die erfstuk van die *Nederlandsch Zendeling Genootskap* geword en veral die invloed van die Groninger rigting het op die terrein gegeld. Teen dié stand van sake het veral Groen van Prinsterer beswaar aangeteken. De Jongh (1978:328,329) stel:

> Groen formuleerde zijn bezwaren in 1848. Toen in de volgende jaren de verdeeldheid nog toenam, bedankte een aantal leden. Op het beleid hadden zij nooit invloed kunnen uitoefenen, omdat het bestuur zichzelf aanvulde. De nieuwe 'nederlandse zendings vereniging (1858) werd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> daarom veel democratischer opgeset, maar de leden moesten verklaren 'niet te mogen zamenwerken met degenen' die Christus 'waarachtige en eeuwige Godheid loochenen'.

Die stryd tussen die moderne en ortodokse rigtings wat ook in die sending geheers het, het in die gemeente tussen Van Belkum en Brandt duidelik geword. Op die Algemene Kerkraadsvergadering van 7 Februarie 1890 het Van Belkum: '... *toestemming tot het houden eenen buitengewonen collecte op Donderdag 13 Februarie a.s. voor de zending in zijne Bijbellezing*' gevra. Dit is aan hom toegestaan. Maar in die vergadering van 9 Mei 1890 in die konsistorie van die *Kleine Kerk* verskil Brandt en Van Belkum openlik na aanleiding van Van Belkum se voorstel:

> Ds van Belkum doet het voorstel om de collecte voor de zending op Pinkster te houden nu te verdeelen- dat de eene helft komt voor het Nederl. Zendinggenootschap als vertegenwoordigd door Ds Brandt en meer door de liberale leden der gemeente gesteund en de andere helft ter zijnen beschikking te laten voor de orthodoxen Zendingvereenigingen. Hy doet dit voorstel omdat het voor 1889 ook zoo was, wanneer in een vergadering van den byzonderen kerkeraad (zie Notule van de vergadering van 21 Januari 89) op voorstel van Ds Brandt is besloten alleen voor het Nederl Zendinggenootschap te collecteren. Dit besluit als genoem is een onbevoegd collegie (Art 16. 2 Syn Regl o/u kerkeraden) is onwettig, terwijl het ook 3.1 niet billijk is, daar vele orthodoxen leden voor dit genootschap niet willen geven.
>
> (Gemeentearchief Zierikzee Notule van die Kerkraad = GAZ Kerkraadsnotule)

In sy reaksie is Brandt baie versigtig en hy sinspeel daarop dat die Nederlandse Zendinggenootskap meer 'regs' neig, dat daar reeds verskeie ortodokse predikante lede van die genootskap is en dat die meeste sendelinge ortodoks is. Na 'n lang

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bespreking tussen Brandt en Van Belkum besluit die kerkraad met 12 stemme teen 3, dat voortgegaan sou word om vir die Nederlandse Sendinggenootskap fondse te kollekteer. Van Belkum was dus in die minderheid en uit die stemming het dit duidelik geword dat Brandt en die liberale groepering die oorhand gehad het.
Die stryd tussen die moderne en ortodokse rigtings op die sendingggebied het egter ook op die onderwysgebied in Zierikzee neerslag gevind. Van Belkum was gedurende sy dienstyd te Zierikzee, van 1889 tot 1891, voorsitter van die *Vereniging ter bevordering van Christelijke Schoolonderwys* (Groenleer 1992:105). Die stryd vir christelike onderwys (vgl. hoofstuk 2.1) was die gevolg van die 1857 onderwyswet, wat die neutraliteitsbeginsel op skoolvlak ingevoer het en tot die stig van christelike skole gelei het. Voor 1889 het die skole geen staatsubsidie ontvang nie en moes die skole, ook in Zierikzee, onder groot moeite oorleef. Met Van Belkum se koms na Zierikzee het die situasie begin verander. Die skoolwet van 1889 het subsidie-hulp aan privaatskole goedgekeur en na Van Belkum se vertrek in 1891, het die Zierikzeese skool in 1892, 900 gulde as subsidie ontvang (Groenleer 1992:41). Die rigtingstryd waaraan Van Belkum op kerklike en onderwysvlak deelgeneem het, het egter 'n drastiese wending geneem toe die kerkraadsvergadering op 24 Maart 1891 kennis geneem het dat Van Belkum na die Nederduitsch Hervormde Kerk in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* beroep is. By Van Belkum se losmaking tydens die kerkraadsvergadering van Dinsdag, 14 April 1891 het daar vir oulaas nog 'n meningsverskil tussen Van Belkum en die kerkraad onder leiding van Brandt na vore gekom. Van Belkum was voorsitter van die vergadering en Brandt was skriba:

> De voorz stelt aan de orde voortzetting van het beroepingswerk. Onderscheidene leden verklaren, hierop niet te zyn voorbereid terwijl het ook op de convocatiebriefjes niet is vermeld geweest. De Scriba zegt, dat ook hy niet had gedacht, dat in deze vergadering beroepingswerk zou worden verricht; de praeses ewenwel had, in het denkbeeld dat dit zeer zeker zou plaats vinden, hem hiervan in het geheel niets gezegd. Ofschoon nu in de convocaties achter het onderwerp 'Losmaking van ds van Belkum' gevoeg is 'enz' adviseert

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> de scriba om alleen voort te gaan met deze zaak indien niemand er tegen bezwaar maakt.
>
> (GAZ:Notule Kiescollege)

Ouderling Roëll teken beswaar aan teen die opstel van 'n sestal, maar vind dit goed indien die vergadering voortgaan met die opstel van 'n twaalftal. Die vergadering volg die laasgenoemde weg. Tydens die bespreking en verkiesing onttrek Van Belkum hom en na die verkiesing van 'n twaalftal het Brandt namens die kerkraad 'n woord van waardering tot Van Belkum gerig en eervolle ontslag verleen (GAZ:Notule Kiescollege).

Dat Van Belkum die beroep na Suid-Afrika oorweeg en aanvaar het moet aan sy belangstelling in die sending toegeskryf word. Trouens Cesar Segars, ere-president van die Utrechtse sendingvereniging, het Van Belkum aan die gesant van Suid-Afrika, Beelaerts van Blokland, voorgestel. Twee jaar voor sy vertrek het Van Belkum die dagboek-aantekening van James Hannington vir 'n artikel verwerk. In die artikel, *James Hannington –Eerste Bisschop in Oostelijk Midden-Afrika* (1889) het hy uittreksels van sy sendingreis (1884-1886) in Uganda tot met sy moord in Oktober 1886 aangebied. Deurlopend lewer Van Belkum kommentaar oor die gebruike van die Afrika-volke, die plantegroei, diere-lewe en topografie. Dat Van Belkum deur die sending-figuur se opoffering beïndruk was, kom meermale voor en dit kan nie ontken word dat Van Belkum selfs 'n mate van idealisering en romantisering oor die Evangelie verkondiging in verre lande gekoester het nie. Ten slotte merk Van Belkum op:

> Maar hoe treurig deze onderneming ook moge afgeloopen zijn, dat de weg door Masai-land beter is dan door Unyamwezi (stamgebied–CP) is bewezen en in zooverre heeft Hannington zich zeer verdienstelijk gemaakt. Was hij met de vrees des konings bekend geweest mogelijk ware hij nog ontkomen – doch hier past ons zwijgen. Immers Gods wegen zijn hooger dan ons wegen en een ander zaait, een ander maait. Wat er van de zending in Uganda worden moet, is zeer donker, daar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zeer droevige berichten in de laatste maanden ons gewerden. Maar dit is zeker, Hannington's zelfopoffering zal niet vergeefs zijn geweest. Heeft hij met zijn bloed den weg naar Uganda gekocht – ook dit bloed is dierbaar in Gods oogen. Zelf juicht Hij voor den troon des Lams – en dit Lam Gods zal ook de Buganda vroeg of laat om zijnen troon vezamelen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/32/4)

Ook in sy afskeidspreek in die *Kleine Kerk* te Zierikzee op Sondag, 12 April 1891, het dit geblyk dat Van Belkum sy vertrek na Suid-Afrika in die konteks van sending gesien het. Hy meld dat hy en sy vrou terdeë kennis van die vreemde omstandighede geneem het. Hulle was ook bewus van die opoffering wat hulle moet bring, veral ten opsigte van hulle kinders se opvoeding en toekoms. Maar ten spyte van die eise het hy gesê:

> Ziet eens, van mijne prilste jeugd af heb ik eene bijzondere voorliefde gehad voor den Evangelie-arbeid in verre landen. Als knaap van nog geen tien jaren heb ik met verwondering gestaard op een potret in olieverf van een zendeling in mijne vaderstad geboren, wiens ouderlijke woning vaak door mij werd bezocht. Hij was geteekend met een Bijbel in de hand, welke was opengeslagen bij Johannes 3:16 bij de woorden: 'Al zoo lief heeft God de wereld gehad, dat Hij zeinen Eeniggeboren Zoon gegeven heeft, opdat een iegelijk, die in Hem gelooft nie verderve, maar het eeuwige leven hebbe'. Die man had mijn hart. Met niet minder bewondering heb ik een lid mijner familie, als zendingvrouw naar Java zien heentrekken, om daar aan de zijde van haren echgenoot, datzelfde Evangelie te prediken. Het was de begeerte mijner jeugd, ook als zendeling heen te gaan en overal te prediken: 'daar is vergeving door het kruis van Christus'. Zendings berichten, levens-beschrijvingen van zendelingen, van mannen als Livingstone, Patteson, Hannington, Jellesma e.a. hebben mij altijd zeer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> aangetrokken. Als student was ik lid van de studenten-zending-vereeniging in Utrecht, als predikant was zendingslectuur mij een bron van genot, een prikkel tot studie. Mijn eerste gedrukte pennevrucht was eene verdediging van het Nederl. Zendingsgenootschap tegen een ruwen, m.i. onbehoorlijken aanval op haar, door een Oost-Indië teruggekeerden predikant en ook later heb ik nog al eens over zending gedacht en geschreven.
>
> (Van Belkum 1891:5,6)

Van Belkum het nie net sy belangstelling vir die sending voorgehou nie, maar ook sy kommer oor die ampsverval in Nederland. Nadat Van Belkum sy dank teenoor die gemeentes Varik, Steenwijk en Zierikzee uitgespreek het, het hy gestel:

> ...Ons vaderland geeft ons den indruk van een land waarin het Evangelie weinig invloed meer uitoefent. Hoevelen hebben met den godsdienst afgedaan en dat wel helaas onder de toongevende mannen in de maatschappij: hoevelen onder onze jongelingen zeggen niet met zekere laatdunkendheid: "predikant worden, dat nooit'. O ik gevoel vaak, hoe weining reden ik persoonlik heb om te klagen over gebrek aan waardeering, dat het heerlijk ambt van Evangelie-dienaar zeer in verval is geraakt. En Mijne Geliefden ik heb hart voor mijn ambt: ik kan niet dragen, dat het vernedert worden...
>
> (Van Belkum, in Uil 1991)

Die nood en die behoefte in Suid-Afrika is volgens hom dringender en daarom word die amp van die Evangelie-dienaar in ere gehou. Na die persoonlike mededelings lei hy sy prediking in met die teks van 2 Timoteus 2:8: *'dit is een getrouw (d. i. betrouwbaar) woord: indien wij met hem gestorven zijn, zoo zullen wij ook met hem leven'*.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nege dae, later op 21 April 1891, het Van Belkum vanaf die stoomboot, *Dunrobin Castle*, van sy reis verslag gegee:

> Heb ik u beloofd u en uwe lezers beschrijving te geven van mijne reis naar Z.-Afrika, ik grijp de eerste gelegenheid de beste aan, althans voor een deel, mijne belofte na te komen. Mijne vele vrienden in Zierikzee weten dan allen te zamen hoe de reis ons beviel en wat wij zagen. Is het voor hen aangenaam van ons wat te hooren, voor mij is het niet minder aangenaam nog eens in den geest met hen te zijn. Aan allen nog eens te denken, maakt het mij gemakkelijk over de scheiding heen te komen, die in de vorige week door ons werd doorleefd.
>
> Waarlijk wij hebben ondervonden, 'dat scheiden leed doet'. Nog eens doorleef ik als de laatste oogenblikken, toen de Spoorboot ons wegvoerde uit Zierikzee: nog eens de aangrijpende gewaarwordingen, toen de kust van Holland en de torens van Vlissingen langzamerheid uit ons oog verdewenen. Het viel mij niet zoo gemakkelijk heen te gaan. Wanneer men het goed heeft gehad, dan is he scheiden zoveel zwaarder, wanneer wij daarbij niet weten, hoe het ons verder gaan zal.
>
> Voor veel denken en toegeven aan weemoedige gedachten was echter niet veel tijd. De kinderen vereischten toezicht; de hutten moesten worden opgeruimd, de bagage geborgen onder de bedden en het noodigste ontpakt en bovendien was er nog al een en ander te bezorgen, zoodat de namiddag al spoedig heengegaan was en toen ik weer boven kwam tegen zeven uur, zagen wij niets dan water en lucht, hier en daar een stoom- of zeilschip.
>
> Heb ik dus geen bijzonderheden te melden van wat wij zagen, ik na nu even gelegenheid vinden tot een beschrijving van onze boot.
>
> Wij bevinden ons op de "Dunrobin Castle", eene der kleinsten van de vloot de Heeren Donald Currie & Co. Zij is gebouwd voor 14 jaren en was toen geheel op de hoogte des tijds, maar laat nu wat inrichting enz. Betreft, wel wat te wenschen over, vergeleken bij de grootere booten dier Maatschappij. Zoo hebben wij b.v. geene electrische verlichting,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geene rookkamer, geen damessalon; ook loopt zij niet meer dan 11 ½ Engelsche mijl per uur; terwijl de mailbooten 14 a 15 mijlen afleggen. Maar dit hebben wij aan ons zelven te wijten, dar wij eene andere boot hadden kunnen nemen. Toch ben ik wel in mijn schik met deze boot. Juist omdat zij wat kleiner is, zijn wij wat vrijer, hebben wij voor de kinderen meerdere kleine geriefelijkheden en is het er wat gezelliger. Daarbij komt, dat wij een allerprettigste bemanning hebben. Een spraakzaam, vriendelijk kapitein, gedienstige kellners en voorkomend scheepsvolk. De tafel en de ligging laat niets te wenschen over en wanneer men eerst wat aan de Engelsche tafel gewend is geraakt, kan men smakelijk eten. Ik hoor ook weining klagen over de maaltijden. Uit het oogpunt van voeding en ligging is de Castele-line zeer aan te bevelen.

Maar al is onze boot klein, wij hebben voor ons uitnemende hutten. Met mijne vrouw en vier kinderen heb ik zelf eene zeer ruime, waarin, behalve vier bedden, nog een flinke kanapé is over de geheele breedte der hut. De salon is ruim en groot, tot nog toe frisch en voorzien van eenige piano, die o.a. ook dienst doet bij de godsdienstoefeningen.

De passagiers 1 e klasse zijn meesten Engelschen, zoodat wij bitter weinig conversatie hebben, omdat, zooals bekend is, de Engelschen zeer vlug en volmondig spreken en dus moeielijk zijn te verstaan.

(*Zierikseesche Nieuwsbode* 1891)

Van Belkum het gereeld en uitvoerig van hulle verdere reis na Suid-Afrika verslag gegee. Gedurende April het hulle langs die Belgiese kus gevaar en by die engelse hawestad *Dover* vasgemeer. Die volgende oggend, Vrydagoggend, was hulle langs die wit kranse van *Dover* en vandaar het die reis na die eiland *Guernsey* gestrek. Die volgende Donderdag het die *Dunrobin Castle* by die hawestad *Las Palmas* vasgemeer om steenkool te laai en Van Belkum was teleurgesteld toe die kaptein, Mnr Winder, hulle nie toegelaat het om die stad te besoek nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten spyte van die gebrek aan sekere luukshede, soos 'n rookkamer, het Van Belkum en sy gesin die reis geniet. Behalwe die ontspanning soos sakresies, toutrek en haneveg op Saterdae, het Van Belkum die geleentheid gehad om op Sondag-aande om agt-uur vir die Hollanders 'n erediens te lei.

Die reis het die einde genader en hieroor het Van Belkum geskryf:

> Toch hebben wij met groote blijdschap de eersten bergen begroet, die wij op Zondag, 10 Mei in het gezicht kregen. Wij waren lang genoeg aan boord geweest om niet met vreugde het oogenblik tegemoet te zien, waarop wij aan land gingen en aan de andere zijde niet lang genoeg om ons te vervelen. De aankomst in Kaapstad geschiedde Zondag avond tegen 10 uur. 't Was een vreemd gevoel, niet meer de schroef te hooren en te voelen werken. Achtien dagen lang hadden wij het eentonige domp, domp, domp gehoord, hadden wij geschommeld op dek, aan tafel, in de kooi en daar lagen wij nu stil op de ree van Tafelbaai. Het was een fraai gezicht. Op den achtergrond de donkere bergen, boven ons de prachtige sterrenhemel, en tegen de bergen aan de gaslantaarns van Kaapstad en hier en ginds een rood of groen of wit licht van stoomboot, seilschip of haveshoofd. Daar wij dien avond niet konden worden ingeklaard, gingen wij nog maar rustig naar kooi, in de hoop den volgenden morgen de son achter de bergen te zien opkomen. Doch helaas! toen ik wakker werd hoorde ik den regen in stromen neerplassen en toen het dag werd was de Tafelberg gehuld in een dikken en dichten nevel. 't Was de eerste regen, die wij kregen sedert wij Vlissingen hadden verlaten.
>
> (*Zierikzeesche Nieuwsbode* 1891)

Van sy eerste indrukke van Kaapstad het Van Belkum ook verslag gegee:

> Wat den vreemdeling wel moet verbazen, wanneer hij in de haven komt, zijn de groote uitgestrekte dokken, die van allerlei hulpmiddelen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om te laden en te lossen voorzien en met een spoorlijn aan het station van de Kaapsche spoorwegen verbonden zijn. Daar heerscht altijd groote drukte, vooral wanneer de mailsteamers aankomen, die zelfs bij nacht kunnen lossen en laden, omdat de dokken eletrisch verlicht zijn. Men moet evenwel altijd zich naar en van de stad laten rijden met eene cab, die met een paard bespannen, voor twee personen ruimte hebben en onophoudelijk tusschen de stad en de dokken heen en weer rijden. De stad zelf maakt op de reiziger geen onaangenamen indruk wanneer hij wil bedenken dat het geen Europeesche stad is. De nieuwe stad is aangelegd langs het zeestrand aan den voet van den Tafelberg, heeft ruime straten, die echter ongeplaveid in het droge seizoen erg stoffig, in regentijden verbzend modderig. Er zijn goede winkels, vele kerken en verscheidene fraaie gebouwen, o.a. het Parlementsgebouw, de Standard-bank, het station. Ik had evenwel geen tijd om veel en velerlei te zien, dewijl mijne goederen mij veel drukte veroorzaakten, zodat ik het Parlementsgebouw en ook de Standard-bank heb kunnen zien. Eenigen van mijn gezelschap bezagen ook het museum voor natuurlike historie en roemden vooral de vele en fraaie vogels, die daar opgezet en goed bewaard werden gevonden.
Ons hotel was vrij goed en niet te duur. Vooral de tafel was er goed en ofschoon niet te vergelijken met de Europeesche hotels, was het toch betrekkelijk zindelijk en net. Wanneer men niet veel geld wil uitgeven kan ik dat hotel, Atoos genaamd, Strandstreet 20 wel aanbevelen. Eerst Donderdag kwam ik met mijn goederen klaar, zoodat wij gelukkig Donderdagavond om negen uur Kaapstad konden verlaten.

(Van Belkum, in Uil 1991)

So het Van Belkum en sy gesin het die lang reis na die Transvaal aangepak. Saam met die Nederlandse lewensuitkyk het Van Belkum egter ook sy teologiese vorming en -aksente vanuit Nederland gebring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.4 Teologiese rigtings

Van Belkum se dienstyd in Nederland moet in veral twee verbande beoordeel word. Enersyds vorm die stryd tussen die moderne- en ortodokse rigtings die een brandpunt van die ellips. In die stryd was veral die skrifbeskouing, en die standpunt teenoor die histories-kritiese wetenskap ter sake. Die ander brandpunt word gevorm deur die Doleansie. Ten opsigte van dié stryd was die Kerkbegrip ter sake en veral die verhouding tussen Skrif, Kerk en belydenis. In Van Belkum se prediking het dit ook duidelik geword dat hy ten opsigte van temas soos die christologiese verkondiging en die verhouding tussen leer en lewe by veral die 'vroeë-etiese teologie', soos by J H Gunning jr aangesluit het. Dat Van Belkum aksente van Gunning se teologie oorgeneem het, moet teen die agtergrond van die teologiese milieu waarin hy hom veral in die eerste jare van sy studie en predikantskap tot met 1886 bevind het, gesien word. In die jare het hy hom veral gerig teen die modernistiese teologie en het die verhouding tussen Skrif en openbaring en die historiese kritiek sy teologiese raamwerk bepaal. Teenoor die modernisme het Van Belkum veral Gunning se gedagtes nagevolg. Gedurende die era het dit geblyk dat die 'vroeë-etiese' teologie en die denke van die konfessionele teologie tog raakvlakke gehad het. Rasker het dit by Chantepie de la Saussaye, sowel as J H Gunning jr aangedui. Hy stel van De la Saussaye se verhouding met die konfessionele-rigting:

> Met de confessionelen wist hij zich in het geloof verbonden, maar hun streven naar kerkrechtelijk handhaving van de belijdenisgechriften keurde hij af.
>
> (Rasker 1978:135)

Rasker het ook gestel dat Gunning raakvlakke met die konfessioneles gehad het, maar hom nie ten volle met hulle kon vereenselwig nie (vgl Rasker 1978:148). Tog blyk dit dat Gunning veral na 1887 rondom die kerkbegrip nader aan Hoedemaker beweeg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, alhoewel hy nie die nasionale volkskerk as inhoud van die kerkbegrip gesien het nie, maar in breër verband die katolieke kerk. In Van Belkum se prediking bestaan ook raakvlakke met die konfessionele groepering, in die besonder met Ph J Hoedemaker. Die teologiese temas wat by die konfessionele denke aansluit, is ondermeer die kerkbegrip, die kritiek teen histories-kritiese navorsing soos in die Openbaring en skrifbeskouing, die verhouding tussen kerk en belydenis en sy gedagtes oor kerk,volk en staat. Van Belkum se beklemtoning van die konfessionele aksente moet aan die teologiese stryd in sy tyd toegeskryf word. Die doleansie wat in 1886 en 1887 tot sy hoogtepunt kom, het Van Belkum genoop om die konfessionele aksente in sy teologiese raamwerk te beklemtoon.

Die teologiese rigtings wat tydens Van Belkum se studente dae aan die orde was, word onderskei in die 'Etiese' rigting, Konfessionele rigting, die Ortodoksie en die Moderne rigting (vgl Fiolet 1953:188 ev; Bakhuizen van den Brink 1968:179-184). Hiervan was die 'etiese' rigting die stroom wat teologies gestalte aan die gedagtes van die Reveill gegee het. Laasgenoemde word veral as reaksie teen die *Verligtingsdenke* beskou.

Dié denke het die kennis in die menslike rede begrond en volgens Immanuel Kant ( in Haitjema 1934:12) was die Verligting '*... der Ausgang des Menschen aus seiner selbstverschuldeten Unmündigkeit*'. Teenoor die vrye denke van die Verligting het die Reveill die klem op menslike ervaring geplaas en in Nederland het Willem Bilderdijk en Isak da Costa die vernaamste teenstanders van die Verligting geword. Ofskoon die Nederlandse Reveill vanuit dieselfde bronne as die Switserse, Franse en Duitse Reveill stam, het dit nogtans 'n eiesoortige aksent. Rasker (1974:74) verduidelik dit so:

> In het Zwitserse zowel als in het Franse Réveil zijn duidelijk twee stromingen zichtbaar: de ene die, in samehang met een religieus individualisme en de vrije-kerk-gedachte, betrekkelijk gemakkelijk tot separatie en nieuwe kerkstichting overging; de andere, die tot het uiterste kerksplitsing wilde voorkomen en daarbij zo nodig grote moeilijkheden wilde verdragen. De eerste stroming heef o.a. invloed gehad in sommige kringen van de Nederlandsche Afscheiding. De

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> tweede stroming, wier gedachtengang samehing met het calvinistisch kerkbegrip met zijn grondslag in het genadeverbond, heeft in Nederland doorgewerkt bij velen, die in de grote kerk bleven, zoals Da Costa en Groen van Prinsterer, later de ethischen en de confessionelen.

Die etiese rigting moet in die vroeëre 'etiese' teoloë, waarvan Daniël Chantepie de la Saussaye(1818-1874) en Johannes Hermanus Gunning jr. (1829-1905) die hooffigure is en die latere 'etiese' teoloë onder andere, P D Chantepie de la Saussaye jr. (1848-1920), J J P Valeton (1848-1912), G Wildeboer (1855-1911), A J Th Jonker (1851-1928) en Isak van Dyk (1847-1922) onderskei word.
Die verbintenis van Daniël Chantepie de la Saussaye sr. met Alexandre Rodolphe Vinet moet gemeld word. Dié Switserse Reveill teoloog handhaaf die vrye kerk gedagte (Meylan 1962), terwyl de la Saussaye, ofskoon hy vir Vinet se indiwidualisme waardering het, nogtans sy vrye kerk gedagte gekritiseer het. Fiolet beaam De la Saussaye se gedagte:

> De zwakheid van het Reveil ligt in zijn geestelike individualisme, dat noodzaakelijk moest ontaarden in een geestelijk egoïsme, in 'onkerkelijkheid en minachting van het kerkelijk ambt'.
>
> (Fiolet 1953:144)

Teenoor dié indiwidualisme het De la Saussaye die genadeverbond gestel: die gelowige word deur die doop opgeneem in die genadeverbond en leef so saam met die gemeenskap van gelowiges. Dit het egter nie beteken dat persoonlike geloof verskraal is nie. Die werking van die Heilige Gees is steeds gerig op die geloof van die indiwiduele gelowige in die gemeente. Haitjema (1953:62) skryf die kenmerkende van De la Saussaye se kerkbegrip enersyds aan die invloed van die Duits-Lutherse *Vermittlungs* teologie toe en andersyds aan die invloed van Calvyn se Kerk van die Woord of Kerk van die Verbond. Volgens Loader (1984:177, vgl ook Fiolet 1953:148 en 149) het De la Saussaye die geloof van die gemeente as posisie tussen die vryheid van die indiwidu en kerklike gesag ingeneem. De la Saussaye se

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

medestander en opvolger, J H Gunning jr rig hom ook teen die indiwidu as bestaansgrond vir die kerk. Wanneer die indiwidu met sy vroomheid die middelpunt word van die kerk, dan is die eenheid van die kerk rondom die Heer en Hoof van die Kerk, Jesus Christus in gedrang. Die indiwidu kom egter net tot sy reg in die gemeente en dit laat Gunning stel:

> Het *Geheel*, Christus en zijn Lichaam, de Gemeente is er vóór de delen, de enkele leden, de individuen. Maar *evenzeer* als zij elken Christen afzonderlijk met Christus slechts door middel van de kerk en haar organen verbonden ziet, even bepaald erkent zij in elk individu geen andere gemenschap met de kerk, dan door onmiddelijke gemeenschap met het Hoofd, d.i. door persoonlijk geloof.
>
> (Gunning, in Bos1981:159)

Gunning se opvolgers, P D Chantepie de la Saussaye jr en J J P Valeton, kondig die opkoms van die latere 'etiese' teoloë aan. Valeton veral word beskou as 'n teoloog behorende by die etiese rigting en Van Belkum is onder andere deur Loader as 'eties' getipeer. Loader dui ten opsigte van die totstandkoming van die Hervormde teologiese opleiding aan die universiteit van Pretoria aan:

> Twee doktorandi uit die dampkring van Valeton in Utrecht, di J Van Belkum en H C M Fourie, is deur die Kuratorium gevra 'of zij genegen zijn *voorlopig* de opleiding van jonge mannen... op zich te nemen'.
>
> (Loader 1989:426)

Van Wyk (1998:249) het op Loader se stellings gereageer:

> Hy (Loader) voer aan dat vanaf die eerste inisiatiefnemers tot 'n eie Hervormde teologiese opleiding in Suid-Afrika, soos Muller, Brandt, Van Belkum en andere, tot by die eerste fase dosente soos

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Greyvenstein, Engelbrecht, Gemser, Van Selms en Wolmarans, die invloed, agtergrond en atmosfeer van die etiese rigting onderskei en aangedui word.

Of Van Belkum sondermeer as 'eties' getipeer kan word, moet bevraagteken word. Die etiese rigting was enersyds 'n reaksie op die Verligtingsdenke en andersyds was dit die teologiese vormgewing aan die Nederlandse Reveill-denke. Grondliggend aan die etiese rigting se teologiese gedagtes is die *dictum* 'die waarheid is eties' en volgens Valeton (in Loader 1996:578-579) is die wese van waarheid 'n ontmoeting met die lewende God. Hiervan stel Valeton verder:

> [H]ierin [ligt het verschil] dat men van ethischen kant nu ook *voor de theologie* als zoodanig van dit leven wil *uitgaan,* en de begrippen, d i de leer daaraan subordineert... [B]ij de orthodoxie: *door de leer tot het leven;* bij de ethische richting: *door het leven tot de leer.*

Loader brei hierop uit: 'Die waarheid lê in die wese van die ontmoeting, nie in die poging om agterna iets daarvan te sê nie' (Loader 1996:579), daarom is enige poging om proposisioneel oor God te praat slegs 'n benadering van die waarheid. Ten einde die gevaar van subjektiwisme te besweer het Valeton twee teenwigte in die etiese teologie geponeer: Die Bybel en die Kerklike dimensie van die openbaring. Oor dogma haal Loader (1996:581) Valeton se gedagtes aan:

> Alleenlijk, dit is toch zeker, dat het verstand ons telkens weer dwingt ons rekenschap te geven ook van deze dingen (*sc* wat alle begrip te bowe gaan), en dat wij niet tevreden kunnen zijn voordat ook hier beproefd is wat beproefd worden kan.

Anders as hulle voorgangers het die 'geloof van die gemeente' 'n minder belangrike rol by sowel De la Saussaye jr en Valeton gespeel. Die indiwidu kry by De la Saussaye jr voorrang, omdat kennis van God vanuit 'n persoonlike ontmoeting met God vloei. Die voorrang vir die indiwidu het tot gevolg dat De la Saussaye jr, anders

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as Gunning, die belydenis vanuit die gemeente onderwaardeer het (Rasker 1974:237). Dit was juis die belydenis deur die gemeente wat enersyds tot toenadering tussen Gunning en Hoedemaker gelei het en andersyds die breuk met Abraham Kuyper se *vrye kerk* gedagte voltrek het. J J P Valeton (jr), Van Belkum se voorganger in die gemeente Varik, het in sy besinning oor die 'etiese' teologie die plek van die belydenis so beskryf:

> Eigenlijk bestaat het verschil alleen hierin, dat de ethische richting aan de leer die voor haar alleen een approximatief juiste uitdrukking van geloofsbezit is, niet die vrij wel absolute waarde kan toekennen die de orthodoxie er aan hecht.
>
> (Valeton, in Loader 1984:19)

Dit was veral die verhouding met die Belydenis wat deur die konfessionele rigting aan die orde gestel is. Die konfessionele rigting, moet soos die 'etiese' rigting, alhoewel nie kronologies nie, in twee groepe onderskei word naamlik die *juridiese* en die *ireniese* groeperinge.
Op inisiatief van Groen van Prinsterer is die Konfessionele vereniging gestig om as bres teen die *1816 Algemeen Reglement* te dien. Die Reglement wat deur Willem I bekragtig is, het vanuit die Verligtingsdenke die verenigingsreg die kerk ingedra en die kerk se belydende gestalte aan bande gelê (Van Wyk 1991:100, vgl ook Pont 1991:16 ev). Vir die konfessionele vereniging, die *juridiese* groepering, was die handhawing van die belydenis die beslissende kenmerk van die gereformeerde kerk. Die belydenis is hierdeur losgemaak van die reformatoriese kerkbegrip en is verhef tot voorwaarde van kerkwees en dien nie meer as profetiese funksie van die kerk nie. Teenoor die juridiese funksie van die belydenis, het die *ireniese* groepering standpunt ingeneem. Een van die figure wat as irenies beskryf kan word is J J van Oosterzee (1817-1882). By hom het Van Belkum die lesings in Bybelse teologie van die Nuwe Verbond, Christelike Dogmatiek en Praktiese Teologie bygewoon. Van partyskappe of organisering wou Van Oosterzee niks weet nie en volgens Dreyer het hy '... nooit die leer of belydenis van die kerk ter syde gestel nie, maar wou ook nie saamgaan met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n tot uiterste gedrewe konfessionalisme nie' (Dreyer 1974:36). Van Oosterzee het hom ook teenoor die 'etiese' rigting afgegrens en veral met Gunning se openbaringsbegrip verskil. Volgens Rasker (1974:141) hoort van Oosterzee tot die sogenaamde 'apologetiese skool' en het hy openbaring verstaan as mededeling aan die verstand van God se kant en daarop volg die geloof.
Van Belkum het as student ook die invloed van B ter Haar ervaar. B ter Haar (1806-1880), die opvolger van H J Royaards aan die universiteit van Utrecht, kan volgens Botha (1981:12) teologies nie by die Moderne rigting of gereformeerde rigtings geplaas word nie, maar dat hy as kerkhistorikus 'n groot invloed op studente het, was gewis. Volgens Botha (1979:20) het Ter Haar hom as historikus onderskei met die werke *Geschiedenis der Kerkhervorming in Taferelen, Amsterdam 1834 en Historiographie der Kerkgeschiedenis, Utrecht 1870-1873*, albei werke wat in Van Belkum se biblioteek voorhande is. By Ter Haar se opvolger, Nicolaas Beets (1814-1893) het Van Belkum die lesings in Kerkgeskiedenis en Sedekunde gevolg. Beets het soos van Oosterzee, hom ook na twee kante toe afgegrens en sê Chantepie de La Saussaye:

> In den kerkelijke strijd was Beets tegen allen formulierdwang, hij wilde vrijheid voor allen, zoowel voor lidmaten als voor leeraars. Ze afschaften wilde hij niet, omdat volgens zijn inzichten de tijd daarvoor nog niet rijp was. Een streng gereformeerd man, een echte Kalvinist is Beets niet gewees, hij was meer een gevoelsman dan een dogmaticus. Innig godsdienstig als hij was, heeft hij immer het geloof zijner jeugd als een dierbaar pand, dat hem overgelewerd was bewaard; immer gevoeld hij zich in de nabijheid God, die voor hem was het een en al.
>
> (De la Saussaye, in Botha 1981:21,22)

Van al die hoogleraars, met hul onderskeie Skrifbeskouings en Kerkbegrippe, het Van Belkum by J I Doedes die grootste invloed ervaar. Sedert 22 Junie 1859 het hy die Eksegese van die Nuwe Testament, Hermeneutiek, Ensiklopedie en die *Theologia naturalis* gedoseer en van 1877 tot 1882 bied hy in die Geskiedenis van Godsdienste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lesings aan. Tekste wat Doedes onder andere behandel het, was die Brief aan die Galasiërs, Brief aan die Romeine en 1 Petrus asook die Gebed van Jesus. In 1875 lê Van Belkum die kandidaatseksamen af en in 1876 die doktorale eksamen. Van Belkum meld dat dit sy voorneme was om te promoveer oor '... *een vergelijkende onderzoek van den tekst van den Codex Borseclianus...* ', anders ook bekend as die ' *Codex Rheno Trajectinus*'. Volgens Engelbrecht was Doedes lid van die 'Confectur-fanatici' (NHKA:Sarkady L VI/21) en De Bie (sj:512) dui aan dat Doedes aanvanklik Bybels-Evangelies georiënteerd was. Mettertyd het hy egter meer na die ortodoksie geneig, maar sonder om die kritiese benadering ten opsigte van teologiese studie prys te gee. Hy wou teologie as wetenskap handhaaf en verhoed dat dit aan die belydenis van die kerk onderwerp moes word. Volgens Doedes was dit die teologie se taak om onbevange te werk, godsdiens te ondersoek en te kritiseer. Hierdeur mag die teologie ook vra of wat aangaande God en Jesus Christus bely word, korrek is (vgl Nauta 1983:171). Die eksegese, was veral sy spesialis veld en sy skoonseun, A W Bronsveld, het hiervan gesê: *'Hij heeft ons een exegetisch geweten gegeven'.*
Van Belkum het egter sy doktorale proefskrif, *Lectiones Codicis Rheno Trajectini quae sunt exipiendae*, tydens sy dienstyd in die gemeente Varik laat vaar. Volgens Van Belkum word die studie gestaak vanweë die '... *prachtischen arbeid verbonden aan het collecteren voor een nieuwe kerk, en dan de moeilikheid om telkens naar Utrecht te reizen tot onderzoek van der Handschrift'* (NHKA:Sarkady L VI/1 8).
Die voorafgaande uiteensetting van die teologiese rigtings in die Hervormde wêreld bied egter nie duidelik omlynde groeperings nie, hoogstens aksente. Dit moet veral in gedagte gehou word wanneer Van Belkum se teologiese aksente teen die agtergrond van sy teologiese konteks deurlopend aan die orde gestel word. Die tipering van Van Belkum as eksponent van die 'etiese teologie' bevredig nie, omdat, alhoewel daar aksente van die 'etiese' merkbaar is, dit eweneens van die 'konfessionele' geld.
Van die ambivalensie dien Van Belkum se nominering as kandidaat vir die Zalt-Bommel klassikale vergadering ter stawing. Vir die vergadering, op 25 Junie 1879, word Van Belkum in die plek van C H Boland voorgestel as een van die '*Candidaten van Orthodoxe zijde aanbevolen, voor de verkiesingen op de Classicale Vergadering te Zalt –Bommel.* Saam met Van Belkum word W A van der Lingen, T J Ringeling en W van den Hoonaard voorgestel (NHKA:Sarkady L VI/22/21). Van Belkum het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom ook sterk teen die indiwidualisme uitgelaat. In sy lesing te Varik in 1880, *Openbare godsdiensoefening*, het hy veral teen die huisbyeenkomste en Reveill-gebruike gepolemiseer. Hy het ondermeer gestel:

> Dat ziekte verschijnsel toch wijst ons op het betreurenswaardige feit, dat ook in de Christelijke Gemeente het onheilig individualisme wortel geschoten heeft, dat geheel op zich zelven staat, zich zelven genoeg is, met zich alleen rekend en geen behoefte heeft om zich mede te deelen of van anderen iets te ontvangen. Hierin vertoont zich ook weer de zonde van het zoo verfijnde geestelijk egoïsme, dat alleen voor zich zelven genieten wil en slechts dan een enkele maal naar het bedehuis opgaat, wanneer de hoop bestaat geestelijk genot (al is dit niet altijd van de beste soort) te smaken.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/22/4)

Die ambivalensie tussen 'etiese' en 'konfessionele' in Van Belkum se denke moet enersyds aan 'n onvoldoende tipering van teologiese strominge en andersyds aan die oorvleueling van teologiese begrippe toegeskryf word. Van Belkum se prediking as student en predikant bied verskillende teologiese aksente aan, wat teen die agtergrond van die ambivalente groeperinge geplaas moet word. Van die aksente wat geld is ondermeer sy Christologie en 'etiese beginsel', Openbaringsbegrip en skrifkritiek, kerkbegrip en belydenis en die verhouding tussen kerk, volk en staat. Ten opsigte van die teologiese aksente en onvoldoende tipering van die teologiese strominge in die hervormde wêreld het Kuiper (1972:170) na J I Doedes sr se tipering verwys:

> Naast de Modernen onderscheidde hij:
> *de streng-konfessionelen:* allen die op een ondubbelzinnige erkenning en handhaving der belijdenisgeschriften aandringen'.
> *De bijbels-konfessionelen:* 'allen die "geensinz confessioneel quand-même" denken, maar voorstanders zijn van een "onbekrompene erkenning en handhaving der belijdenisgeschriften, voorts een

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voortdurend toetsen ervan aan de Schrift, zodat alleen inzoverre zij hiermede overeenkwam, zij erkend konden worden.
> *De evangelisch-apostolischen:* de stroming die "de geest der belijdenisgeschriften, het kenmerkende ervan, aannam, maar altijd allereerst vroegt wat het apostolische Christendom als Evangelie op de voorgrond plaatst''.

Van Belkum het dié driedeling van Doedes oorgeneem. Dit het veral duidelik geword toe hy in 1926 Nederland besoek het en in sy waardering van die teologie die driedeling steeds nagevolg het. Kuiper (1972:171) het egter in die plek van 'n driedeling, 'n vyfdeling voorgestel wat die etiese-ireniese groep, by Doedes die *evangelisch-apostolischen*, in twee nuanses onderskei naamlik die suiwer medies-etiese (Gunning) en die medies-eties/konfessionele groep (Bronsveld):

> De *zuiver medisch-etische nuance* werd ongetwijfeld vertegenwoordig door Chantepie de la Saussaye Sr., die betreurde dat zoveel het vaandel van 'Ernst en Vrede' hadden verlaten. De benaming 'evangelisch-confessioneel' duide voor hem 'slechts een overgang aan...tot het zuiver, dat is het juridisch-confessionele...
> Volgens Gunning moesten de ortodoxen 'de waarheden, die de modernen zich hebben toegeëigend, verlossen door ze weer op de eeuwige bodem van Gods Woord te plaatsen... Maar dan moet de zieldodende kerkelijkheid van velen plaats maken voor een verheerlijken Gods in gees en waarheid.

In die laaste kwart van die negentiende eeu word teoloë gevind wat volgens Kuiper (1972:171):

> ...weliswaar etische attituden vertoonden, maar toch rechts van de zuivere Etischen-irenischen stonden. Van Oosterzee en Doedes, vertegenwoordigers van de 'historisch-apologetisch school', vielen daaronder. De 'evangelisch-apostolische' Doedes, die door een

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> konflikt van De la Saussaye gescheiden was, werd ondanks zijn scepsis in 1868 tot moderamenlid der Evangelisch-Confessionele Predikantenvereniging gekozen.

Wanneer Van Belkum se studie onder Van Oosterzee en Doedes in gedagte gehou word, sy nominering as ortodokse kandidaat vir die klassis Zalt-Bommel, sy beroep na Zierikzee vanuit die ortodokse rigting maar ook sy latere waardering van Doedes se skoonseun, A W Bronsveld (vgl hoofstuk 5) moet die tipering 'ortodoks' binne die nuanse van die medies-eties/konfessionele rigting geplaas word. Volgens Kuiper (1972:171) was Bronsveld:

> ... nooit lid van de Confessionele Vereniging en distantieerde zich van de 'officiële confessionele richting' door zich 'modern-orthodox' te noemen. Bronsveld aanvaarde 'wezen en hoofdzaak' en ' beaamde de gereformeerde dogmatiek als 'in haar beginselen overeenstemmende met Gods Woord; maar hierin ligt opgesloten, dat zij aan dat Woord mag en moet Worden getoetst'. Daarnaast legde hij de nadruk 'op het verband tussen leer en leven, op de waarde van het persoonlijk geloof en op het zedelijk karakter der waarheid. Formuleringen, waarin men de vereerder van Vinet herkent en de toenmaals bekende ethischen klanken beluisteren kan. Bewoog hij zich op het punt van de inhoud der belijdenis *tussen het zuiver ethischen en het konfessionele,* in zijn opvattingen over de handhaving gaf hij aan de *medische* weg door geestelijke bestrijding... de voorkeur'. Hij weigerde de belijdenis te hanteren 'als enige maatstaf ter beoordeling van leden en leraren der Nederlandsche Hervormde Kerk', want haar 'vorm was verouderd en de accenten waren anders komen te liggen. 'Afzetting en uitstoting' zouden 'niet de genezing... brengen, die de verziekte kerk behoefde.

Ten opsigte van die funksie van die belydenis (handhawing en inhoud) gedurende 1860-1870 word Doedes en Bronsveld, rigtinggewende figure in Van Belkum se denke, saam tot die medies-eties/konfessionele rigting gereken. In die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaropvolgende dekades 1870-1890 beweeg Bronsveld en Hoedemaker, ten opsigte van die handhawing van die belydenis nader aan mekaar (Kuiper 1972:190). Die funksie en die inhoud van die belydenis het besliste gevolge vir die struktuur van die kerk. Ten opsigte van die kerkbegrip het sowel Bronsveld as Hoedemaker, teenoor die vrye kerk gedagte, die volkskerkbegrip gehandhaaf. Bronsveld het egter die gedagtes van Beets, De la Saussaye, Gunning en veral Cramer in die verband gevolg:

> Langs de weg van geloofsverdieping en gebruikmakend van het prestige der volkskerk en haar organisatie wilde hij de kerk voor de ortodoxie herwinnen.
>
> (Kuiper 1972:177)

Vir Bronsveld moes 'n kerkbewussyn die kerkherstel voorafgaan en ook hierby het Van Belkum aangesluit soos dit in sy preek van 6 November 1887 geblyk het. Die prediking het hy met die viering van hervormingsondag uit Johannes 4:24 aan die orde gestel:

> De ware aanbidding Gods moet zijn eene geestelijke, welke wel niet zonder vormen is, maar die toch in de eerste plaats voortkomt uit het hart, dat dorst naar God, dat de heiligende en reinigende gemeenschap met God zoekt en begeert
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/15)

Van Belkum het hierop uitgebrei:

> De Hervorming is vernieuwing naar den inwendige mensch. Voor de vernieuwing is noodig de inwerking des Geestes Gods op ons harte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> En alleen waar het Evangelie gepredikt worden, daar werkt ook Gods H Geest.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/15)

Van Belkum het egter vanuit sy teokratiese denke by Hoedemaker aangesluit. Hoedemaker het die volkskerkbegrip op die teokrasie gegrond en daarom het dit verreikende gevolg vir die verhouding tussen kerk en staat gehad. Hoedemaker het hierin ander aksente teenoor Bronsveld beklemtoon. Hoedemaker het het hom veral teen die algemene kiesreg uitgespreek, volgens hom sou algemene kiesreg op '... *'n tyrannie van de niet-bezittende over de bezittende klasse*' neerkom en '*wat een parlementaire meerderheid wilde... doorgaans niet de uitdrukking van het gereformeerd-christelijk levensbeginsel'* sou wees nie. Bronsveld wil die band tussen kerk en staat oplos, maar kies tog vir 'n geestelike hervormde volkskerk. Ten opsigte van die kiesreg stel hy dat die gesag nie '*bij de meesten, maar bij de besten*' gekonsentreer moet wees. Hoedemaker en Bronsveld het dus ten opsigte van die verhouding kerk-staat, in die besonder die kiesreg teen die agtergrond van die Franse rewolusie, 'n algemene kiesreg afgewys (Kuiper 1972:179).
Behalwe dié nuanse in die *etiese* en *konfessionele* rigtings, was die Moderne rigting die ander denkstroom tydens Van Belkum se studie. Deurloo (in Abma & de Bruijn 1989:106) dui aan dat die opkoms van die natuurwetenskaplike denke 'n kennisbegrip inlei wat as positief-empiries aangedui word. Die vraag na wat werklik is, is volgens Fiolet (1953:60) 'n reaksie op die Hegeliaanse idealisme wat spekulatief en ongekontroleerd met kennisbegrippe omgegaan het. Die natuurwetenskaplike realisme het teenoor die idealisme die onveranderbare wette en feite as kennisveld gestel. Die gevolge hiervan vir die christendom was dat verwag is dat die teologie ook aan die natuurwetenskaplike-realiteite moes voldoen en Fiolet konkludeer:

> De eerbied voor het heilige, voor het bovenatuurlijke was verdwenen onder de heerschappij van het alles-verklarend verstand en de machtige synthese van de rede. Het gehele wereldbeeld van christelijke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opvattingen en tradities was verbroken.

(Fiolet 1953:63)

Een van die eksponente van die Moderne rigting was C W Opzoomer (1821-1892). Sy invloed aan die Universiteit van Utrecht het gestrek vanaf 1846, toe hy op 25 jarige leeftyd sy intreerede lewer, tot 1889. In sy *De Wisjbegeerte de mensch met zichzelven versoenende* stel hy drie fases waarvolgens die menslike bewussyn ontwikkel: 1. Onskuld van geloof; 2. Stryd tussen wete en geloof; 3. Deur die wete word die mens met homself versoen, dit volg op die eenheid tussen wete en geloof. Volgens Rasker (1974:114) wou Opzoomer, soos D F Strauss, die spekulatiewe teologie met die radikale historiese kritiek verbind. Hierdeur voeg Opzoomer hom by die sogenaamde Moderne Rigting.
Van Belkum het egter ook die lesings van P de Jongh in die Chaldeensche taal en letterkunde en Inleiding tot die Ou Testament bygewoon, terwyl Skrifgedeeltes soos Job 30-42, Jesaja 1-10:4 en 40-47 asook Prediker 1-9 ge-eksegetiseer is. In Van Belkum se preke en publikasies kan die invloed van Opzoomer en De Jongh nie duidelik, indien enigsins, aangewys word nie.
As student het Van Belkum geleentheid gekry om in verskeie gemeentes onder toesig van die predikante en ouderlinge hom in die prediking te oefen en tydens sy diens as predikant het sy prediking eweneens die teologiese aksente van sy tyd weerspieël.
Om uit Van Belkum se prediking en publikasies 'n teologiese raamwerk te konstrueer is nie 'n voor die hand liggende taak nie. Die afgeleide aksente uit sy prediking en publikasies het gelei tot die hipotese dat Van Belkum tot 'n medies-eties/konfessionele of middel-konfessionele (ortodokse) groep gereken kan word. Wanneer die aksente aan die orde gestel word, word dit teen die agtergrond en in die konteks van die Nederlandse tydperk en sy prediking gewaardeer. Van Belkum het as student en predikant nie net by die apologetiese rigting nie, maar ook by die vroeë-etiese teoloog, J H Gunning jr., aansluiting gevind. Die teologiese debat waarin hy hom bevind het se swaartepunt was egter teen die Modernisme gerig en die onderlinge nuanse verskille tussen die 'etiese' en 'konfessionele' rigtings was vir hom vir eers nie 'n prioriteit nie. Trouens sy uitsprake oor die persoonlikheid van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

evangelie, die belydende karakter van die Christusverkondiging, die handhawing van die belydenis, skrifkritiek en die verbintenis tussen leer en lewe kan hom hoogstens as eksponent van die medies-eties/konfessionele rigting, of in die omgang as'ortodoks', tipeer. Tydens sy dienstyd as predikant, toe die doleansie-stryd begin woed, het sy uitsprake ten opsigte van kerkbegrip, die individu in die gemeente, die verhouding tussen kerk,volk en staat en kiesreg eerder die konfessionele aksente beklemtoon. Daar word dus twee fases in sy teologie onderskei, die eties-apologetiese fase voor 1886 en daarna die medies-eties/konfessionele fase. Sy eties-apologetiese fase word veral deur die temas, Christusverkondiging en die 'etiese beginsel' en Openbaring en Skrifkritiek gekenmerk.

### 2.4.1 Die 'etiese beginsel' en Christusverkondiging

In die inleidende paragrawe van sy prediking oor Johannes 21:17 op 26 Januarie 1874 het Van Belkum kritiek teen die kerk gekoester wat 'n leerstelsel bo die Evangeliebediening verhef. Vir hom geld dit dat *'het Christendom is geen leer maar een levenskracht'* (NHKA:Sarkady L VI/24). Dieselfde gedagte het hy tydens die Hervormingsondag van 31 Oktober 1875 uitgespreek. Hy rig hom in die prediking oor Galasiërs 5 teen die Rooms Katolieke Kerk, maar stel dan ook dat dieselfde tendens in die protestantse kerk merkbaar is:

> Velen onder ons hebben getracht en trachten nog steeds eene gansch andere geest in onze kerk te doen zegevieren dan die der christelijke vrijheid. Hier wil men ons binden aan den letter der wet en der formuliere en bedenkt men niet dat de christen alleen zal gerechtvaardigd worden uit het geloof, niet uit het houden der wet of het aannemen der formulieren. Ginds weder eischt men van ons dat wij ons zullen onderworpen aan de letter alsof er niet geschreven stond: de létter doodt maar de geest maakt lewend'.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/8)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die onderskeid tussen gees en wet, letterlik en geestelik was 'n kenmerkende tema in Van Belkum se prediking. Hy het meermale die geweldige afstand tussen God en mens beklemtoon. Die skeiding tussen God en mens het Van Belkum ook na ander terreine laat deurtrek soos dié tussen die innerlike en uiterlike mens, die hart en die rede. Verder het hy ook die skeiding tussen die maatskappy en kerk, en in die kerk tussen ware gelowiges en skyngelowiges, deurgetrek. Die teenstelling tussen God en mens was die gevolg van die sonde en by meer as een geleentheid het hy sonde gedefinieer as skeiding van God en vervreem wees van God (vgl NHKA:Sarkady L VI 27/15).
Die oorbrugging van die afstand of vervreemding het egter die daad van God gebly en dit het God deur die kruis van Christus voltrek. In die prediking oor Joh 3 op 17 September 1882 het hy gestel:

> Daarom Waarde Toehoorder is de verzoening door het kruis van groote kracht. Zij wortelt in Gods Raad, zij is gewerkt door Gods Zoon, Zij gaat niet uit van den mensch, zij is Gods raad en werk
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/8)

Van Belkum se prediking het die versoening van die uiterste van die menslikheid en die Goddelikheid in Christus beklemtoon. Die verkondiging van Christus was dus die spilpunt van sy prediking. Met sy intreepreek in sy eerste gemeente Varik, maar ook met die bevestiging van ds. Karssen in Steenwijk het Van Belkum se prediking die gedagtes van Gunning weerspieël. In sy intreepreek te Varik het Van Belkum gestel:

> Het voornemen niets te weten dan Chr Jez en dien gekruizigd is gemakkelyker opgevat dan uitgevoerd. De uitvoering van geen enkel voornemen is zoo moeielyk als van dit. Wanneer wij toch dit voornemen willen uitvoeren dan moeten wij afstand doen van alle geleerdheid en wijsheid, die uit den mensch is. Wij nemen ons dan voor niet de hoofden te vullen met allerlei wijsheid, die de harten koel laat, niet de menschen bezig te houen met schoone woorden; niet de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zinnen te streelen met kunstige redevoeringen en met sieraden eener beschaafde taal. Ofschoon de gave daarvan dankbaar aanvaard en gebruikt moet worden, door den Christus prediken mag gij niet op den voorgrond worden geplaatst, maar moet gij, zoo nodig, worden achterwege gelaten.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/17)

Veral by Gunning word dieselfde teologiese baken gevind. Rasker het onder meer Gunning so aangehaal:

> Wat mij betreft...ik weet van geen andere kennis dan die rust op het geloof...ik begeer op geen enkel gebied iets te weten dan Jezus Christus en dien gekruizigd. Want ik ben verzekerd dat de wet der offerande, der eeuwige liefde die in dat kruis zichtbaar wordt, ook de hoogste wereldwet is die het gebied van natuur en geest in al zijn uitgestrektheid deurwandelt en er de eenheid, dus die verklaring daarvan is.
>
> (Gunning, in Rasker 1978:139)

In sy verkondiging van Christus het Van Belkum die versoenende lyding en sterwe beklemtoon. Tydens die prediking het hy Markus 15 vers 25 tot 28 aan die orde gestel en die plaasvervangende kruisiging van Christus beklemtoon:

> Hij hangt daar dus niet als een misdadiger, maar als onze plaatsbekleder. Hij de Koning word gekruisigd voor ons. Hij draagt al den vloek van ons. Hij draagt al onze schuld en schande
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/16)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kruis en sy versoenende werking het egter by Van Belkum 'n bepaalde gerigtheid gehad. Vir Van Belkum was die evangelie van Christus in die eerste plek gerig tot die innerlike lewe, die hart van die mens en het die rede of verstand 'n sekondêre plek ingeneem:

> De waarheid des Evangelies is eenvoudig; dat zij dan ook door ons eenvoudig worde verkondigd; die waarheid is voor het hart; en het hart verstaat beter een eenvoudig woord dat aantrekt en verwarmt, dan een sierlijke rede die met veel versierselen pronkt maar weinig spreek tot het hart.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/17)

Wanneer hy op 9 November 1884 as teks vir sy prediking Johannes 5:30-39 voorhou, het die gerigtheid verder duidelik geword. Hy het in die inleidende paragrawe gestel:

> Och al moet ons hoofd toestemmen, dat dit alles waar is, al moet de mensch buigen voor de kracht dezer bewijzen, wij zien toch nog al te vaak dat om verstand overtuigd kan zijn de mensch toch nog verre van dien eenigen Christus leeft.
> Indien het verstand hier den boventoon voerde, dan zou men veel lichter U kunnen overtuigen en alle tegenspraak doen verstommen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/10)

Alleen wanneer die versoening van die sondaar met God deur Christus persoonlik ervaar word, kan die belydenis van Christus opgeneem word: '*Het is onze eigene persoonlijke levenservaring, die antwoord geeft op de vraag van Jezus en in onze mond heeft onze belijdenis een groote betekenis*' (NHKA:Sarkady L VI 24/18). Die 'etiese beginsel' soos by Gunning het dus by Van Belkum tot die klem op Christusverkondiging gelei en die gedagtes het albei in sy prediking inslag gevind:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Och of men toch wat meer wilde verstaan, dat het christelijke leeren geen stelsel, maar leven is. Gemeente, onze Heer, die de machtige is, heeft niet gezeg tot zijne discipelen 'breng aan alle volken een stelsel' maar 'predik het Evangelie en leer ze onderhouden wat ik u geboden het'. Nog eens: 'Jezus heeft niet gezeg: Breng eene leer omtrent mij, maar breng aan alle volken, mij als den Verlosser, als den Zaligmaker, als de Machtige: predik de verzoening en dring aan op bekeering en op geloof.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/27/5)

Ook in sy prediking oor 1 Tessalonisense 5 het Van Belkum die 'etiese' verbintenis van leer en lewe beklemtoon:

> Het is daarom dan ook terecht opgemerkt dat het christelijk leven niet maar eenvoudig is eene bespiegeling, eene leer maar dat het zich werkzaam moet toonen in alle lewensverhoudingen...Immers, elk leerstuk, dat in de Bybel besproken wordt is grondslag voor het leven...
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/17)

Rasker het ondermeer gestel:

> Ook voor hem (Gunning–CP) was de waarheid niet een leer, die ethisch kan worden toegepast, maar is zij naar haar wezen ethisch. Zij heeft het karakter van een ontmoeting, de ontmoeting van de zondige mens met de Heilige God...Tegenover God wordt de mens gesteld voor de beslissing tussen gehoorzaamheid of ongehoorzaamheid; het gaat bij de waarheid die ethisch is, om bekering, wedergeboorte, heiliging; "de ethischen zijn eenvoudig menschen, die gelooven, dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> men bekeerd moet zijn, dat men in den Heere Jezus als den Christus naar de Schriften gelooven moet, om de H.Schrift, de geloofswaarheid, de Kerk, de godgeleerdheid en al deze heilige en belangrijke dingen te kunne verstaan'. In dezen zin zijn naar Gods woord het zedelijke en godsdienstige één. Zó kan Gunning zeggen, dat in de levende God te geloven, niet een wijsgerige gedachte, een logische slotsom is, maar een zedelijke daad.
>
> (Rasker 1978:144)

Omdat die waarheid as eties gerig was by Van Belkum sowel as Gunning, het die kruis van Christus, die offer van God aan die mens, 'n sentrale plek ingeneem:

> God en wereld zijn niet één, maar worden één door het lijden, door het Kruis, dat de nieuwe methode is om te leven, te voelen, te denken in zuiverheid.
>
> (Rasker 1978:145)

Die verbintenis tussen die 'etiese beginsel' en die Christusverkondiging was egter nie die oorheersende teologiese aksent nie. Veral die invloed van Van Belkum se leermeesters, Van Oosterzee en Doedes, het by sy Openbaringsbegrip duidelik geword. In die verband het hy van die 'etiese' afgewyk en selfs ten opsigte van die opmerkings oor die skrifkritiek by die konfessionele rigting aangesluit.

### 2.4.2 Openbaring en Skrifkritiek

Teenoor Gunning wat, soos De la Saussaye, Schleiermacher se gedagtes volg, het Van Belkum nie die gewete as die oorsprong van geloof beskou nie (Rasker 1974:149). Vir Van Belkum volg die gewete op die kennis van God deur Jesus Christus en kennis van die mens as sondaar voor die regverdige God. Op 25 Desember 1875, het Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Belkum in die prediking oor Lukas 2, beklemtoon dat die Evangelie vanuit God is, deur God bekend gemaak word en tot God gerig is. Van Belkum handhaaf dus, ten spyte van Gunning se invloed ook die gedagtes van sy leermeesters. Juis ten opsigte van die openbaring het die apologetiese rigting van die 'vroeë etiese-teologie' verskil. Rasker het dit so aangedui:

> Van Oosterzee en de apologetische school verstonden de openbaring als een mededeling van Gods wege aan het verstand, welke het geloof voorafging. Volgens Gunning was de juiste volgorde omgekeerd.
>
> (Rasker 1974:149)

Vir Van Belkum het die Openbaring van God in Christus sy hoogtepunt gevind. Dit was noodsaaklik dat die openbaring in God gewortel word en deur God aangekondig word omdat: '*Al de Schriften getuigen van Christus. Hij is als het ware het middelpunt, waarop al die lijnen uitloopen*' (NHKA:Sarkady L VI 27/10). Die standpunt kom veral met die gedagtes van Hoedemaker ooreen. Volgens Scheers (1939:163) het Hoedemakter alle dele van die Bybel, in die besonder die Ou Testament, op Christus betrek:

> De eenheid van de verschillende deelen is echter een eenheid 'in Christus'. Hoedemaker betrekt het Oude Testament in zijn gehéél op Christus...Iedere openbaring is Christusopenbaring.

Maar die openbaring in Christus dien enersyds die eer van God en andersyds toon God sy liefde aan die mens:

> Immers de geboorte van Jezus is de schoonste en heerlijkste openbaring, die niets sparende, aller gevende, aller beproevende liefde Gods, die niet ophoudt dat zondig menschdom te herwinnen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/24)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teenoor die modernisme het Van Belkum beide nature van Christus beklemtoon; die persoon en werk van Jesus Christus was nie nét 'n historiese verskynsel nie. In sy prediking het hy telkemale verkondig dat Jesus Christus ook self God is. Die neiging in sy tyd om Christus net tot historiese persoon te verskraal het hy by verskillende geleenthede afgewys, soos die preek onder toesig van sy oom , G Fliezinga te Menaldum. In die prediking het Van Belkum Christus se Godwees en opstanding gehandhaaf en volgens die modernisme was Christus:

> ...een groot godsdienstichter. Gij hebt ons geleerd, dat God liefde is, dat wij onze medemenschen moeten liefhebben als ons zelven, dat alle menschen broeders zijn en het christendom, de godsdienst der liefde dankt aan u zijnen oorsprong.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/18)

In die daaropvolgende preek oor Matteus 8:23-27 het hy ook teen die modernistiese verskraling van die wonders te velde getrek en gestel:

> Wat ons betreft, het verhaal is te eenvoudig en te onopgesmuk, dan dat wij hier aan een verdichtsel zouden kunnen gelooven... Ook bij alle verschil die er bestaat tusschen de beschrijving die Mattheus geeft en die wij, bij Marcus en Lucas vinde, is ons de overeenkomst zoo treffend dat alle vermoeden van verdichting wordt weggenomen.
>
> (NHKA:Sarkady VI 24/5)

Van Belkum se afwysende houding van die modernisme se skrifbeskouing, is die gevolg van 'n openbaringsbegrip wat gegrond was in die dade en woorde van God. Dit is dus 'n teologie van bo en God self is die waarborg van sy openbaring in Jesus Christus. Tydens die Hervormingsondag van 1875 se prediking het hy hom veral gerig teen:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...hen, die meenen dat de christelijke vrijheid bestaat in het losmaken van elke band, die ons met Christus verbind. Dit mag dan wel in de eerste plaats tegenover de wetenshap onzer dagen, die steeds verder en verder van Christus zich losmaakt, die nu eerst aan den Bijbel hare geloofwaardigheid en trouw te hebben ontroofd, nu ook aan Christus zijne hooge afkomst en zijne ereplaats wil ontnemen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/8)

Hy het dus 'n christosentriese skrifbeskouing gehandhaaf en dit het hom daarvan weerhou om in die debatte wat deur historiese-kritiek in sy tyd ingelei is, te verval. In sy prediking oor Matteus 25:1-13 op 15 November 1885 het dit duidelik geword:

> Van deze gelijkenis zijn zeer vele verklaringen gegeven. Vooral heeft men druk geredeneer over de vragen: Wie zijn de dwaze, wie de wijze maagden? Wat betekent de olie, die ontbreekt, wat zijn de lampen: Wie is de bruid...M.i. is de H. Schrift ons niet gegeven om allerlei raadselen te zoeken, maar om op de hoofdzaken acht te geven.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/21)

Hy het deurlopend tydens sy predikante loopbaan op hierdie tema teruggekom. Ook in Steenwijk het hy hom teen 'n modernistiese beeld van Christus verset en in die prediking oor Johannes 18 vers 37 en 38 , teen diegene wat Christus se God-wees verloën, gestel:

> Bij al den strijd, die in de laatste jaren gevoerd is geworden over den persoon de Heeren Jezus, was er toch noch altijd een punt overgebleven waarvoor vriend en vyand het eens was. Aan de zondeloosheid van Christus durfde men niet twijfelen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Maar ziet in de twee laatst verloopen jaren is ook dit punt aangetast, en met eene driestheid die ons verbaast en bedroeft heeft men ook de volstrekte zondeloosheid bestreden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/2)

Volgens Van Belkum het die ontkenning van Christus se sondeloosheid nie net 'n gevolg vir die maagdelike geboorte van Christus nie, maar dit het in wese sy gesag aangetas. Dit het tot gevolg dat die mens die evangelie van en aangaande Christus nie meer as waarheid hoef te erken nie:

> Door deze ontkenning is alles wat Jezus geopenbaard heeft op eene lyn geplaatst met de stelsels der andere menschen en is Hij zelf geworden niet meer de Zoon Gods maar de mensch uit Nazareth, een groot leeraar, maar die evenwel de dingen des eeuwigen levens beschouwde in het licht van zijnen tijd...Alle wat hij dus op het gebied des eeuwigen levens verkondigd heeft evenwel of evenweinig waarde als de leer van Brahma, Confucius en Socrates.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/2)

Van Belkum het nie net die christologie van die modernisme afgewys nie, maar hom ook sterk teen die historiese-kritiek uitgelaat. Ten opsigte van die modernisme se histories-kritiese metode van ondersoek het Van Belkum gestel:

> Zij heeft eerst met het snoeimes eener bevooroordeelde critiek alles uit de oudste geschriften verwijdert, wat hare stellingen in den weg stond en ons daarna eenen Christus geschilderd, die niet meer is dan een onzer.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/8)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Christus moet, volgens Van Belkum, nie net die middelpunt van die skrifondersoek wees nie, maar ook die middelpunt van die geskiedenis en teen die pogings van die wetenskap om die Evangelie sy heilskarakter te ontneem en tot gewoon sedelike boodskap te verklaar het Van Belkum meermale te velde getrek. In die preek van 25 Desember 1875 stel hy:

> Neem dat kind in de kribbe weg uit de geschiedenis, en deze word u een aaneenschakeling van raadsels...Wij vreezen het onderzoek der Schriften niet, want hiervan kan wij overtuigd zijn dat men zoo geen fabelen kan dichten als onze Evangelisten en Apsotelen het Ev. Beschreven hebben...Men heeft de waarheid van dat Evangelie willen betwisten en daarom de toevlucht moeten nemen tot gewaagde onderstellingen, die heden opkomen en morgen verdwijnen. Men heeft daarom de zonde teruggebracht tot een gebrek in de ontwikkeling van den enkelen mensch en den mensch in staat geacht om zich zelven zonder Christus rechtvaardig en heilig te maken.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/9)

Op 23 April 1876, toe hy aan die hand van 1 Kor 15 Christus se opstanding aan die orde stel, het Van Belkum gevra:

> ...denk nu eerst eens goed na wat zij te kiezen hebt. Aan de eene zijde een groote ongerymdheid, groote raadselen, onoplosbare tegenstrijdigheden, onoverkomlijke bezwaren, aan de ander zijde een wonder, dat zijne oplossing heeft in Gods Liefde en Almacht. Aan de eene zijde een aardsch leven vol genietingen, maar eene eeuwigheid van ellende en smart, aan de andere zijde, een kort tijd moeite ontbering en verdriet, maar een eeuwige rust, heerlijkheid, vreugde bij en met den opgewekten Heiland. Aan de een zijde een wetenschap, die de perken der menslijke vermogens nooit kan overschrijden, die verre beneden de ondoorgrondelijke kennis van den Allerhoogste is, aan de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> andere zijde eene wetenschap die in J[ezus-CP] haar steunpunt, in Gods Almachten wijsheid hare oplossing vindt.
>
> (NHKA:Sarkady VI 24)

Sy afwysende standpunt teenoor die modernisme se wetenskapsbeoefening het egter nie tot 'n fundamentalisme gelei nie, maar soos sy leermeesters Van Oosterzee en Doedes het Van Belkum hom teen die uiterstes afgegrens. Van Belkum het deur die verkondiging van die versoening in Jesus Christus hom nie net van 'n wysgerige stelsel sonder Christus se Godwees gedistansieër nie, maar hom ook weerhou van 'n leerstelsel sonder Christusverkondiging en 'n Christusverkondiging buite die belydende kerk.

### 2.4.3 Kerkbegrip en belydenis

Die verwarring wat die moderne stroming in mindere mate en die doleansie in meerdere mate rondom die kerkbegrip en belydenis veroorsaak het, het Van Belkum genoop om sy teologiese standpunte duideliker te omskryf. Dit word veral duidelik in sy prediking op 14 Januarie 1877 oor Matteus 16:14b. Die prediking geskied veral teen die onrus op kerklike gebied wat deur die modernisme veroorsaak is, maar wat reeds die temas van sy stryd teen die Doleansie laat deurskemer het. Van Belkum het in die prediking gevra:

> Daar hebt gij het kerkelijk vraagstuk, dat de oplossing zoekt te geven van den kerkelijken twist en waardoor beslecht moet worden of wij eene kerk zullen en mogen hebben met of zonder bepaalde belijdenis?
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/18)

Vir Van Belkum was die antwoord geleë in die Christologie en vanuit die teksvers het hy gestel dat die belydenis aangaande Christus ook die kerk se wese bepaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dieselfde gedagte het hy ook in die prediking vanuit Lukas 10 op 20 Junie 1875 gekoester:

> ...om zalig te worden behoeft ge de wet niet te vervullen, behoeft ge de verschillende leerstukken niet te onderteekenen, want dit alles bezit ge reeds als ge naar Christus luistert en dit is uw behoud.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/24/7)

Van Belkum wou egter ten alle koste die eenheid van die kerk enersyds teenoor die kerkverwoestende en belydenisondergrawende gedagtes van die modernisme en andersyds teenoor die kerkskeurende en belydenisoordrywende gedagtes van die Doleansie verdedig. Hy het hom veral teenoor laasgenoemde meermale in sy prediking uitgespreek. Op 11 Mei 1884 het Van Belkum na aanleiding van 1 Korintiërs 15 vers 1 en 2 gestel:

> Waarlijk wij loopen groot gevaar om den band der eenheid des geloofs te verliezen, omdat wij op ondergeschikte punte niet eenstemmig denken. Allerlei dingen die op zich zelven wel van belang zijn, maar die vergeleken bij dit hoofdpunt van ondergeschikte beteekenis zijn, worden op den voorgrond geschoven. Terwijl de Apostelen alleen op deeze éénen hoeksteen gebouwt hebben en samen alzoo één waren, zijn wij gelijk aan kinderen van een huis, die in hunne tuin allerlei muurtjies bouwen en eindelijk vergeten dat zij kinderen des huizes zijn.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/4)

In sy prediking oor Matteus 28:18-20 te Steenwijk, Kampen , Haarlemmermeer en Oldemark gedurende Junie en Julie 1884 het hy die rigtingstryd in die Hervormde kerk op die voorgrond gestel. Volgens hom word die loflied van die gemeente deur die krete van die partystryd verdring; hy stel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Werden ze niet overschreeuwd door het krygsrumoer, door het partyskrakeel dat tusschen zonen van eenzelfde huis, tusschen reisgenooten naar één zelfde vaderland, tusschen deelgenooten aan één zelfde hoop...
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/5)

Van Belkum wou van partyskappe en strominge in die kerk niks weet nie. Op 20 September 1885, na aanleiding van Gen 4:9, het hy aan die kerk die vraag gestel of haar naasteliefde nie deur selfsug verbloem word nie. Volgens hom het die kerk haar karakter so verdraai dat sy haar wese verloor het:

> ...en zij, de heerlijke, die zich met den naam van bruid van Christus tooit, bekommert zich niet om de arme, de weduwe, de wees, de verdrukte dan uit sleur en gewoonte: zij heeft haar partijstrijd, partyleus, partykaart.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/19)

Ook in die Kersprediking van 25 Desember 1885 het hy die partyskappe veroordeel en na aanleiding van die engelelied in Lukas 2 gestel:

> ...ach wat geeft ons ons vaderland en onze kerk te zien. Is daar ook geen onrust, geen tweedracht. Moet nu ook niet de vermaning gehoor worden: Staak broeders, staak dit twistge[druisch], Bouwt liever Salems muren. Staan niet broeders als zwaar gewapende krijgers tegenover elkander, is er niet verbittering, haat, partijschap, ja vijandschap. Ach de vrede op aarde zij is verre te zoeken!
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/24)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terwyl Van Belkum, wat hy noem '*de opwakende prediking des Evangelies*', verwelkom het, omdat dit die doodse en dorre rasionalisme enersyds en '*de godsdienst der menschlijke redevoeringen*' andersyds in die prediking deurbreek het, het die verdeeldheid wat daardeur in die kerk aan die lig gekom het hom tog ontstel. Dié veroordeling het veral tydens die hoogtepunt van die Doleansie in sy preek oor 1 Johannes 4:1 op 8 April 1887, by die bevestiging van katkisante wat belydenis van geloof afgelê het, deurgeskemer:

> Er is toch in deze dagen op kerkelijk en christelijk levensgebied eene groote beweging en beroering der geesten waar te nemen. De dagen van doodscheid, en onaandoenlijkheid en daardoor ontstane eenheid zijn voorbij en hebben plaats gemaakt voor leven, zenuwachtige prikkelbaarheid en verdeeldheid, zoo zelfs dat veel meer de nadruk gelegd wordt op dat gene wat de menschen verdeelt, dan wat hen vereenigd. Veral in de laatste veertig en vyftig jaren is door de opwakende prediking des Evangelies, welke het dorre rationalisme of de godsdients der menschelijke redevoering en door de aanhoudende verkondiging van Gods liefde in Christus in plaats van de afmatende redevoeringen over dorre stelsel van menschen wel nu leven ontstaan, maar toch ook meer verdeeldheid aan het licht gekomen...Het is weer een tijd van karaktervorming, al gaan ook vele onzelfstandige personen misschien ten onder; een tijd van drang tot zelfstandig onderzoek, al word de onnadenkende menigte dan ook lichtelijk een prooi van menschen die groote woorden gebruiken en op de markten schreeuwen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/5)

Om te onderskei tussen die verskille en 'n selfstandige mening te vorm het Van Belkum as voorwaarde gestel die ondersoek van die Bybel, maar vanuit die waarhede van die Bybel, het hy ook die belydenis aangaande Jesus Christus as die hulpmiddel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui. Om te onderskei tussen diegene wat die woord en openbaring aangaande Christus verdraai en wie daaraan getrou is het Van Belkum gestel:

> Gij kunt ze kennen aan hunne belijdenis en aan hun leven. Zij belijden dat Jezus in het vleesch is gekomen m.a.w. dat de Zoon Gods mensch is geworden en als Jezus Christus op aarde heeft rondgewandeld. De belijdenis van het Zoonschap van Christus is dus een hoofdbeginsel van de belijdenis der uit God geboren menschen. Al wie dit niet belijd is uit God niet, is dus onbetrouwbaar, is leugenachtig. Geen wonder M Gel. dat deze belijdenis beslissend is voor het kenmerk of wij uit God zijn. Met deze belijdenis staat of valt het Evangelie.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/5)

Van Belkum het in sy prediking meermale die digwerke van Vollenhoven aangehaal en op 29 Mei 1887 vanuit Vollenhoven 'n beroep om eenstemmigheid gedoen en die partyskappe veroordeel. In sy prediking rondom die pinkstergebeure, Hand 2, het Van Belkum die eenheid van die gelowiges rondom die gebed, die werking van die Heilige Gees, die geloofsverwagting en die gedeelde roeping teenoor die stryd in die gereformeerde kerklewe gestel:

> Van eendracht is weinig te zien; van samen bidden weinig te bespeuren. Wij zijn geneigd M.Gel. om het eenvoudig lied van Vollenhove U en mij zelve te herinneren:
> Och Broeders, staakt dat twistgedruis,
> Bouw Salems muur en daken
> En smoort die huistwist in Godshuis
> Leert hier u zelf verzaken!
> Immers te midden van den kolossalen strijd tegen ongeloof, zonde en zedeloosheid, twisten wij onderling over nietigheden M.H... Daarom is de aanmaning tot eendracht, tot samen bidden wel noodig! O, wanneer wij een daartoe konden besluiten, om dien huistwist te staken,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> dan zou ook de werking des H. Geestes weer bespeurd worden. Dan woonde weer de liefde in ons hart en dan war de Heer ook daar. Dan war er samenbinding in plaats van strijd over nietigheden. Ja over nietigheden acht ik onze twistvrachen...
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/9)

Teenoor die partyskappe het Van Belkum, wat hy noem, Bybelse prediking gehandhaaf. Die handhawing van die eenvoudige Bybelse uitleg as werktuig van God die Heilige Gees, was vir Van Belkum meer tot troos as wat die stryd rondom leerstelligheid of die modernistiese waarheidsoeke gebring het.
Leer en lewe hoort bymekaar, die leer moet deur die lewenshandelinge gedra word. Maar die belydenis in en deur die lewe het Van Belkum nie van die Evangelie losgemaak nie. Die belydenis het hy vanuit die Evangelie laat vloei as die kerk se antwoord op die openbaring van God. Hy het dus die belydende kerk teenoor die belydenis kerk gehandhaaf en hierin ooreengekom met die gedagtes van Hoedemaker. Die Hervormingspreek op 31 Oktober 1886 was hiervan 'n bewys:

> Wij zouden in één enkel woord de Hervormingsles kunnen saamvatten: wordt gereformeerd! Niet in den zin van het kerkrecht, want M Gel. Al hebt gij de schoonste kerkinrichting en u ontbreekt het leven; gij hebt niets. Herstel der kerke moet uitgaan van reformatie der harten. En daarom dringen wij er zoo op aan: 'wordt gereformeerd' Evenals in de dagen der Hervorming is onze dagen aller in gisting en roering. Toen had men ook eene sociale quastie; toen ook de vraag om kerkherstel en daarnevens gruwelijke en groote openbare zonden. Daartegenover hebben de Hervormer den eisch gesteld: 'Bekeert u'. Ja, bekeert u, niet tot der vaderen leer, maar tot het Evangelie van Christus Jezus. Bekeer u niet tot de eene of andere kerkvorm, maar tot den levenden God.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/36)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alhoewel Van Belkum 'n juridiese handhawing van die belydenis afgewys het, het hy nie die belydenis losgelaat nie. Die belydenis het vir hom die gemeente se belydende daad wat volg op die prediking van Jesus Christus gebly. Vanuit sy Christusverkondiging het hy hom voortdurend afgegrens teen 'n uiterste ortodoksisme wat die belydenisskrifte tot voorwaarde vir geloof verhef het. Vir Van Belkum was die belydenis die gevolg van die Christusverkondiging en nie die oorsaak of aanleiding nie. Teenoor 'n verkondiging sonder die belydenis het hy ook standpunt ingeneem. Sy standpunt het hy eweneens in sy Christologie begrond. Reeds vroeg in sy prediking in de gemeente Steenwijk, 30 April 1882, het hy na aanleiding van Johannes 20, hom teen die indiwidualistiese in die kerkbegrip gerig. Van Belkum het beklemtoon dat die gelowige alleen getuie van Christus kan wees, indien hy in die sfeer van die gemeente verkeer. Hy gaan voort en wys 'n belydenis buite die kerk af, die belydenis kan alleen deur die kerk uitgespreek word en die belydenis volg alleen op die openbaring van Christus aan die kerk (NHKA:Sarkady L VI 26/6). Dié openbaring van God in die persoon en dade van Christus lei tot die bestaan van die gemeente. Teenoor Kuyper het Van Belkum dus nie die belydenis as voorwaarde van die kerk se wese gestel nie, maar die genade van God. Van Belkum se preek van 24 Maart 1883 is hiervan 'n voorbeeld. In sy prediking het hy 1 Kor 15:3b aan die orde gestel:

> De gemeente is niet een licchaam van reinen, maar van gereinigden; niet van rechtvaardigen, maar van gerechtvaardigen. De Gemeente erkent dat al hare leden eens in de macht der zonde waren: aan de zonde verkocht en onderworpen slaven der zonde...Ja, wij achten ons zelven de grootste der zondaren te zijn, wij erkennen allen zonder eenig onderscheid, dat wij de groote liefde en ontferming Gods volstrekt onwaardig waaren.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/17)

Dit is in die sfeer van die geregverdigde en begenadigde gemeente dat die individu sy plek en funksie kry. Alleen saam met die kerk kry die enkeling se geloofsbelydenis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betekenis. Maar die geloofsbelydenis van die enkeling kon alleen vanuit die verhouding met Christus gestalte vind. Eers vanuit die openbaring van Christus het die gelowige se skuld - en geloofsbelydenis inhoud gekry. Dié ontmoeting en gevolglike verhouding met Christus het gelei tot 'n belydenis saam met die kerk en 'n lewe van gehoorsaamheid. Hy het daarop die plek en funksie van skuld- en geloofsbelydenis in die gemeente begrond en dit geld ook ten opsigte van die belydenisskrifte:

> En dit belijden wij niet met zekeren hoogmoed, alzof in deze belijdenis iets verdienstelijks waren; alzof wij door dit voor God uit te spreken ons in zijn oog aangenaam konden maken, maar wel belijden wij dit in de grootste nederigheid en met de diepste skaamte, omdat wij maar al te zeer gevoelen hoe zeer wij gevallen zijn aan onze heerlijke roeping... Deze belijdenis is evenveel geen werk des verstands. Het is niet maar een aannemen van deze of die ontwyfelbare waarheid. Neen deze belijdenis is haar leven. Zij belijdt dit omdat zij leeft.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/17)

Deur die belydenis se verbintenis met die Christusverkondiging te handhaaf en dit as belydende daad van die gemeente te beskryf, het Van Belkum die belydende kerkbegrip van Hoedemaker oorgeneem. Daarby moet Van Belkum se afwysing van die individualistiese kerkbegrip gevoeg word. Op 19 Augustus 1883 het Van Belkum na aanleiding van 1 Petrus 2:9 gepreek:

> Met één woord, de Gemeente is het volk van God, dat de Heer uit vrije genade, uit ontferming getrokken heeft uit de wêreld. En dat alles door éne daad van reddende liefde, door eene offerande van zijnen Eengeboornen Zoon. Dat is de heerlijke vrucht des kruises, de rijkste gawe van dien alles bovengaanden zoendood, het geschenk der ontfermenden Gods. Dat is alléén Gods werk!

Die gemeente as volk van God, bestaan vanweë God se dade in Jesus Christus. Maar die verbintenis tussen God en sy volk het ook 'n kerstende werking in die wêreld, daarom het hy in sy prediking van 8 April 1887 gestel dat die kerk in die wêreld verkeer en haar verkondiging en ondersoek nie los van die wêreld kan uitvoer nie.

> Wij kunnen ons van de wereld niet afzonderen, mogen dit ook niet. Te midden van het volle menschenleven is onze roeping, ons arbeidsveld.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/5)

In die verband tussen kerk, volk en staat het Van Belkum nie die aksente van die 'etiese teologie', maar eerder van die 'konfessionele' gehandhaaf.

### 2.4.4 Die verhouding kerk, volk en staat

Vir die verhouding en beskrywing van Van Belkum se gedagtes rondom kerk, volk en staat is die preek van 17 Junie 1883 deurslaggewend. Die geleentheid waartydens Van Belkum Esegiël 33:11 aan die orde gestel het, was die Gedenkdag van Waterloo. In die aanvangsparagrawe het Van Belkum die volk se waardering van geskiedenis gestel: '*Immers een volk dat zijne geschiedenis vergeet is als een kind, dat zijn ouderlijke woning vergeten kan*' (NHKA:Sarkady L VI 26/18).
Vir 'n christen moet die geskiedenis van die volk vanuit die heilsdade van God beoordeel word en het Van Belkum gestel:

> Overal in zijn leven ziet hij Gods hand; en overal in het leven der volken ziet hy dezelfde hand die alles bestuurt en regelt. Waar hij door in eigen leven, die God looft en dankt, daar kan het niet ander of ook bij de groote daden Gods in het leven der volken ziet en erkent hij duidelijk, dat het zijne roeping is, dien God te loven en te prijzen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/18)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Belkum se beoordeling van die Franse rewolusie en die idees van die Verligting dui sterk op die 'konfessionele' aksente van Hoedemaker. Hoedemaker het veral ten opsigte van sy staatsbekouing van Kuyper verskil. Teenoor Kuyper se aanvaarding van die neutrale staat en die gepaardgaande meerderheidsbeginsel, het Hoedemaker gestel:

> Wij leven thans onder de heerschappij van het beginsel: de meeste stemmen gelden! Met vraagt niet meer: wat is recht? Wat is waar? Wat is Gods wil? Hoe spreekt de Schrift? De kwestie staat over heel de wereld doodeenvoudig als volg: zijt gij in de minderheid, gij word doodgedrukt...*Het recht van God* is ook *het recht van de waarheid* en is *niet* het recht van de *meerderheid.*
>
> (Hoedemaker, in Scheers 1939:237)

Ten opsigte van die Franse Rewolusie het Van Belkum hom soos volg uitgespreek:

> Vertrouwende op verstand en rede heeft men de veilige paden van gerechtigheid en heiligheid verlaten; met valsche leuzen aan de Fransche revolutie ontleend heeft men beproefd om volk te regeeren...De godsdienst word geweerd uit raadzaal en school, vrijheid wordt gegeven aan allen, maar de naam van Christus moet worden verzwegen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/26)

Sy gedagtes oor die kiesregstelsel het hierby aangesluit:

> Ons volk moet breken met zijn dromen van aardsche glorie en voorspoed, breken met de leuze van volks-souvereiniteit en alle souvereine macht overgeven aan God, breken met een valsche vrijheidszin die ons brengt onder de heerschappij van het volk en van de helft plus één der massa, die het roer houden wil en alle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> stuurmanskunst mist, dan ook breken met alles wat aan de waarachtige heerschappij van God in den weg staat.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 26/18)

Van Belkum het in die prediking vanuit die teokratiese denke nie net sy verhouding tussen kerk en volk gedefinieer nie, maar ook sy beskouing van die maatskappy. Die kerk het onder die volk en in die maatskappy vanweë sy boodskap 'n kerstenende funksie. Die gelowige durf nie uit die wêreld onttrek nie. Op 7 Augustus 1887 het Van Belkum gestel:

> Velen zoeken het ware geloofsleven hierin dat zij zich ietwat terugtrekken uit de wereld en met zekere minachting neerzien op alles wat van Christus niet is of met hen niet gelyk denkt of in de zonde leeft…
> Dit is wel gemakkelyker, maar beantwoord niet aan het doel…Ziet laat ons in alles getuigen zijn van onze Heiland
>
> (NHKA:Sarkady L VI 28/12)

Van Belkum het sy preke in die algemeen met groot sorg voorberei. Hy het die hele preek uitgeskryf en ook noukeurig van die Skrifgedeeltes, Psalms, Gesange, tyd van die erediens en plek rekord gehou. Buiten die gewone drie stelling het Van Belkum in se prediking sy gemeente se omstandighede in aggeneem. Gedurende Mei tot November 1885 het Van Belkum se skryfstyl en preekstyl egter 'n verandering ondergaan. In lengte het sy prediking aansienlik gekrimp. Van Belkum het selfs aan die einde van sy prediking oor 2 Korintiërs 5:18-21, op 5 Julie 1885, opgemerk: '*Sommigen zeggen: deze prediking is te nauw anderen zij is te ruim!*' (NHKA:Sarkady L VI 27/15). Die verandering moet waarskynlik aan Van Belkum se swak gesondheid in die jare en die verdelende kerkstryd toegeskryf word. Van die partystryd in die gemeente het Van Belkum ten opsigte van sy prediking gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ik zou liever zwijgen dan spreken. Niet omdat smaad of hoon of beschimping mijn deel is. Neen Gode zij dank, dat nog niet: veeleer zou ik moeten klagen dat ik ben als een die wel spreekt en zoet lokt, maar naar wiens stemme men niet luistert.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/26)

Van Belkum het tydens die nagmaalsbediening op 24 Januarie 1886 nie net na, wat hy voel tevergeefse prediking, verwys nie, maar ook na die onderlinge stryd in die gemeente en swyg liewer oor die ervaring van sy prediking omdat:

> ...wij een zeer tweedrachtig gezelschap zijn, omdat er zoveel twisting is en in de kerk van ons vaderland en in onze Gemeente. Och, zwijge ik liever van onse Vaderlandsche kerk. Ook hier wordt de samenbinding gemist én zoowel in maatschappelijk als familie-leven wordt de jammer van partijbelangen maar al te veel ondervonden en gevoeld.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/26)

Van Belkum het op 4 April 1886 van die wantroue wat ten opsigte van die prediking in Nederland opgewek is, melding gemaak:

> Wantrouwen wordt gezaaid omtrent de persoon die leerend of handelend moet optreeden, twijfel wordt gezaait in de harten van hen op wie wij werken moeten. Wantrouwen is meer te vinden bij de groote menigte; twijfel daarentegen wordt gevonden bij hen die nadenken. Maar hoe verschillend in uitwerking, beide zijn toch de grootte hinderpalen voor de uitbreiding van het Koninkrijk der hemelen. Zaai wantrouwen omtrent eenen vredebode en ge hebt zijn werk bedorven; wek den twijfel op in den hoorder – en de prediking is vruchteloos. Waar nu beide in onze dagen met kwistige hand worden

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gestrooid en verwekt, daar hebt ge de vraag beantwoord: Hoe komt het dat er zoo weinigen bekeerd worden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/31)

Die hewige kerkstryd het tot die agteruitgang van Van Belkum se gesondheid bygedra, soseer dat hy op 5 September 1886 gestel het:

> Het is met groote blijdschap en dank M Gel dat ik in dit morgenuur weer voor u optreed, na eene langdurige afwesigheid. Toen ik hede voor zeven weken ook hier stond, was mijne gezondheid ernstig geschokt en kon naar den mensch gesproken, alleen een langdurig verblijf in het buitenland mij herstellen. Allerlei vragen rezen toen bij mij op. Zou ik hersteld terugkeeren: zou ik later in staat zijn hier mijn werk weer op te vatten?
>
> (NHKA:Sarkady L VI 27/34)

Van Belkum het verwys na 'n keelaandoening wat hy gedurende 1886 opgedoen het:

> ...op raad van de Dokter naar de badplaats Neuenahr in het mooie Ahrthal ging, om daar uit te rusten van veel en hard werk, en genezing te zoeken voor een lichte keelaandoening. De gemeente Steenwijk waar ik toen arbeidde stelde mij in staat die reis te doen waarvoor ik haar na zovelen jaren nog altijd zeer dankbaar ben.
>
> (*De Almanak* 1922:182)

Van Belkum het dit geniet om te preek en in sy prediking het hy nie net van sy teologiese raamwerk rekenskap gegee nie, maar kan sy tyd en gang ook onderskei word. Uit bogenoemde word dit duidelik dat Van Belkum se teologiese denke teen die agtergrond van sy tyd 'n klemverskuiwing ondergaan het. As student en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proponent het sy prediking gekonsentreer op die modernistiese skrifkritiek, die fundering van die openbaring, die toe-eiening van die genade deur die individu en die gevolglike belydenis. Sy dienstyd as predikant, teen die agtergrond van die Doleansie, het ander aksente en vraagstukke aan die orde gestel. Veral ten opsigte van sy kerkbegrip, inhoud en handhawing van die belydenis en die verhouding kerk,volk en staat het Van Belkum hom enersyds teen die Doleansie afgegrens en andersyds teen die 'oordrewe etiese' en 'juridies-konfessionele' rigting. Hierin het Van Belkum getoon dat hy die erfgenaam was van sy leermeersters, die apologetiese skool, van die vroeë etiese teoloog J H Gunning jr , in mindere mate van die latere 'etiese teoloog', A W Bronsveld en van die 'konfessionele teologie' soos by Ph J Hoedemaker. Hy het egter getrou gebly aan sy aanvanklike standpunt naamlik: Christusverkondiging tot die belydende volkskerk in die wêreld, en dit verhoed dat hy sondermeer tot die sogenaamde 'hoofstrominge' naamlik 'etiese', 'gereformeerdes' of 'konfessionele' gereken kan word. Hoogstens kan Van Belkum tot die medies-eties/konfessionele tussengroep gereken word (vgl. Kuiper 1972:171 ev). Sy Suider-Afrikaanse periode sou egter nie net aan sy persoon en dienswerk nie, maar ook aan sy teologiese raamwerk opnuut eise stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LITERATUURVERWYSINGS BY HOOFSTUK 2

Abma, G & De Bruijn, J (reds) 1989. *Hoedemaker Herdacht*. Baarn: Ten Have.

Bakhuizen van den Brink & Dankbaar W F, 1968. *Handboek der kerkgeschiedenis*, deel 4. Den Haag: Bert Bakker.

Balke, W 1992. *Heel het woord en heel het kerk*. Kampen: De Groot Goudriaan.

Botha, S J 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy (1848-1920): Sy lewe en betekenis*. Pretoria: Kital.

- 1987. Ds M J Goddefroy en Christelik-nasionale onderwys. *HTS* 43/1&2, 57-71.

De Jongh, O J 1978. *Nederlandse Kerkgeschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

De Jongh, P S 1977. *Die Lewe van Erasmus Smit*. Kaapstad: HAUM.

Engelbrecht, S P 1945. *Neo-Calvinisme: Ontwikkeling en Afwyking*. Kaapstad: Haum.

Fiolet, A 1953. *Een kerk in onrust om haar belijdenis*. Nijkerk: Callenbach.

Gemeente Schouven-Duiveland 2000. Monumentendag 2000 in teken van Nederland waterstaat, 9 September 2000. De Vries: Zierikzee.

Groenleer, G C (red) 1992. *Een dure plicht –125 jaar Christelijk Onderwijs in Zierikzee*. Vereniging ter bevordering van Christelijk Schoolonderwijs: Zierikzee.

Haijtema, H L 1951. *Nederlands Hervormd Kerkrecht*. Nijkerk: Callenbach.

- 1953. *De Richtingen in de Nederlandse Hervormde Kerk*. Tweede uitgawe. Wageningen: H Veenman.

Kuiper, D Th 1972. *De Voormannen: Een sociaal-wetenschappelijke studie over ideologie, konflikt en kerngroepvroming binnen de Gereformeerde wereld in Nederland tussen 1820 en 1930*. Kampen: J H Kok.

Loader, J 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45/2, 412-437.

-1996. 'n Hervormde tradisie as heelmiddel. *HTS* 52/4, 566-589.

Loos, J 1948. *De Theologie van Kohlbrugge*. Amsterdam: Uitgeversmaatschappij Holland.

Gemeente-archief Steenwijk. Notulen Kerkraad 1862-1899. Nederlandsche Hervormde Kerk, Gemeente Steenwijk: Nederland.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gemeente-archief Varik. Notulenboek der Nederlands Hervormde Gemeente van Varik begonnen 25 Mei 1870, inv. nr 3. Nederlandsche Hervormde Kerk, Gemeente Varik: Nederland.

Meylan, H 1962. s v Vinet, Alexandre. *RGG.*

Ploeger, J 1994. *Nederlanders in Transvaal 1850-1950.* Pretoria: J L van Schaik.

Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795: Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeu.* Kampen: J H Kok.

Sarkady, N (sj). Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ongepubliseerde inventaris Ds Jac van Belkum-versameling: L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Scheers, G Ph 1939. *Phillippus Jacobus Hoedemaker.* Veenman: Wageningen.

Uil, H 1990. Stromingen en Richtingen in de Hervormde Gemeente te Zierikzee. Ongepubliseerde inligtingstuk, Nederland.

-[1991]. Fragmenten uit de Zierikzeese Kerkgeschiedenis, voor 100 jaar. Ongepubliseerde inligtingstuk, Streekarchivariaat Schouwen-Duiveland en Sint Philipsland, Nederland.

- 1991. Zuid-Afrika en Zierikzee/Schouwen-Duiveland. Ongepubliseerde inligtingstuk, Streekarchivariaat Schouwen-Duiveland en Sint Philipsland, Nederland.

Van Belkum, J 1887. *Evangelieprediking in de hollandsche Taal in Buitenlandsche* Badplaatsen. Steenwijk.

- 1888. De 72e Synode der Nederlandsche Hervormde Kerk. *SWV* (1888). Utrecht: Kemmink.

- 1891. Afscheidspreek over 2 Timotheus 2:8 uitgesproken op Zondag 12 April 1891 in de Kleine Kerk door Ds Jac van Belkum te Zierikzee. Zierikzee: De Mooij & Mommaas.

-21 April 1891. Aan Boord van de Stoomboot "Dunrobin Castle'. *Zierikzeesche Nieuwsbode*, 5 Mei 1891.

-Ingezonden stukken. *Zierikzeesche Nieuwsbode*, 6 Augustus 1891.

Van Wyk, B J 1991. *Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip.* Pretoria: Kital.

Van Wyk, D J C (sr) 1998. Wortels en agtergronde van Hervormde teologie en Kerkwees in Suid-Afrika. *HTS* 54/1&2, 245-263.

-1999. Die ander opsie: Köhlbrugge- Hoedemaker-Barth. *HTS* 55/1, 120-151.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 3 HOOFSTUK 3: PREDIKANT IN DIE Z.A.R. (1891-1910)

Na 'n oponthoud met hulle bagasie in Kaapstad het Van Belkum en sy gesin se reis na die Transvaal op Donderdag-aand 9 uur per trein begin. Hy het gebruiklik aan sy vriende in Nederland van die reis berig en het ondermeer geskryf:

> Wij hadden voor onze gezelschap drie spoorwegafdelinge, vlak naaste elkander, zoodat wij gedurende de geheele reis in onafgebroken gemeenschap met elkaar waren. Deze spoorwegwagens zijn geriefelijk ingericht en tamelijk geschikt voor eene reis van 48 uren. In de eerste klasse bevonden zich leeren kussens op de banken en bovendien daaronder nog twee bedden, die 's nachts boven in den wagen op een net gelegd, gelegenheid aanboden tot slapen. Van het landschap dat wij door stoomden in die eerste nacht kan ik niets zeggen. Wel was mijn slaap zeer onvast en werd ik elk oogenblik wakker, doch de duisternis belette natuurlijk elke uitzicht. Het is erg jammer dat de treinenloop zoodanig geregeld is, dat men het schoonste landschap snachts doorspoort. Naar reizigers zeggen, die het overdag zijn doorgespoord, biedt het verrukelijke vergezichten aan en ook menig punt, dat verbaasd doet staan over de groote technische moeielijkheden, die men heeft overwinnen. Nu dat wij niet meer zagen, was jammer, doch niet te verhelpen, omdat er maar één doorlopende trein naar Vrijburg is en een groot gezelschap zooals het mijne, wat ik, alleen zijnde zeker zou gedaan hebben.
>
> (*Zierikzeesche Nieuwsbode* 1891)

Die reis het deur Matjiesfontein en Kimberley gegaan en Van Belkum was duidelik verlig toe die Vrystaatse vlaktes in die Transvaalse berge oorgaan. Op Saterdag-aand, sewe uur het die treinreis in Vryburg geëindig en hieroor het Van Belkum so geskryf:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Daar stonden wij nu in het binnenland van Afrika, half in den donker, onbekend en niet wetend hoever de stad van het station verwijderd en of daar een hotel was. Gelukkig werd ik spoedig aangesproken door een drietal heeren, die mij vroegen of ik de Leeraar uit Holland was en bleken drie ouderlingen te wezen, twee van Mariko en een van Rustenburg.
>
> (*Zierikzeesche Nieuwsbode* 1891)

Die volgende dag was Pinkstersondag en met drie swaargelaaide ossewaens het die Van Belkum-gesin na Zeerust vertrek. Vir Van Belkum was die reis met die ossewa 'n genoeglike ervaring en hy het die beproefde reismiddel ook uitvoerig beskryf. Naby Zeerust is Van Belkum en sy gesin ontvang:

> De ossenwagens waren met ons goed vooruitgegaan en wij volgden nu met paarden en karren. Halfweg kwamen ons reeds kerkeraadsleden tegen om ons te begroeten en toen wij bij Zeerust kwamen, waren ongeveer vijf rijtuigen en een twintigtal ruiters bij ons, om ons feestelijk in te halen. Het huis, dat voor ons voorlopig gehuurd was, werd betrokken, doch was klein, zonder tuin en vreeselijk verwaarloosd. De pastorie was tengevolge der kerkkwestie voor ons niet beschikbaar.
>
> (*Zierikzeesche Nieuwsbode* 1891)

Die kerkwessie waarna Van Belkum verwys het, was die gevolge van die mislukte kerkvereniging wat 'n dekade van te vore sy oorsprong gehad het. Ook op Rustenburg is Van Belkum goed ontvang, maar hier het hy ook met die gevolge van die mislukte kerkvereniging te doen gekry:

> Reeds waren, met het oog op het Nachtmaal, vele menschen van buiten ingekomen. Het was een eigenaardig gezicht rondom de kerk al die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> wagens en tenten te zien, 's avond verlicht door kaarsen en houtvuren, die voor de tent branden om koffie en eten te koken. De kerk zelf bleef voor ons echter gezloten, daar de vereenigde kerk haar in bezit hield en wij zoolang eene noodkerk gebruiken moesten, die van zeildoek was gemaakt en slechts moeielik beschutting tegen zon en regen gaf.
>
> (*Zierikzeesche Nieuwsbode* 1891)

## 3.1 Die 'mislukte kerkvereniging'

Van Belkum se koms na die *Zuid-Afrikaansche Republiek* in 1891 en sy dienstyd daarna in die Gemeente Rustenburg het met die stryd rondom die 'mislukte kerkvereniging' van 1885 saamgeval. Vir Van Belkum was dit 'n tyd van verwarring. Die nuwe land en omstandighede het hoë eise aan hom gestel en vanuit die staanspoor moes hy as tweede predikant, saam met Goddefroy die regte van die Hervormde Kerk verdedig. Dat Van Belkum hom ten volle met die Hervormde Kerk vereenselwig het, kan enersyds toegeskryf word aan sy bereidwilligheid om hom te laat lei deur meer ingeligte persone soos ouderling J A Esterhuysen en ds C W du Toit; andersyds het Van Belkum homself van die omstandighede op hoogte gebring en hierin veral op Goddefroy se publikasie, *De Kerkkwestie – niet een leer-, maar een levenskwestie* (1890), gesteun (*De Hervormer* 1928:46). Botha (1991:3) het die agtergrond van die 'kerkvereniging' so beskryf:

> Teen 1885 het daar drie Hollands-Afrikaanse kerke in die Zuid-Afrikaansche Republiek bestaan. Dié drie kerke was naamlik in die eerste plek die Nederduitsch Hervormde Kerk wat die Staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek was en histories en regmatig voortsetting was van die kerk wat saam met die Voortrekkers uit die Kaap gekom en sedert 1837 onafhanklik-selfstandig onder die Voortrekkers georganiseer en gehandhaaf is. In die tweede plek was daar die Gereformeerde Kerk wat in 1859 onder ds Dirk Postma van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Nederduitsch Hervormde Kerk afgeskei het. Derdens was daar die Nederduitsch Gereformeerde Kerk wat in 1865-66 van die Nederduitsch Hervormde Kerk afgeskei het deur die optrede van ds Frans Lion Cachet. Begryplik was die verhouding tussen die drie kerke veral die eerste jare na die afskeidings, om die minste daarvan te sê, gespanne. Nogtans kan die verhouding tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gerformeerde Kerk as hoflik en vriendelik beskryf word. Daarteenoor was die verhouding tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk vir baie jare selfs skerp vyandig.

Ten spyte van die troebel verhouding tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk (vgl. Botha 1991:3 en 4) het die strewe na vereniging tog momentum gekry. Pretorius (1986:150) en Botha (1991:4) het albei aangedui dat die verenigingstrewe veral deur 'n nasionaal-politieke oorweging aangevuur is. Hierdie aksent het sy ontstaan aan die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) te danke gehad.

Die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) vloei voort uit die stryd tussen Britse imperialisme en ontluikende Afrikanernasionalisme. Appelgryn (1979:153 ev; vgl Engelbrecht 1933:220 ev) dui aan dat dit veral die opkoms van die Britse Imperialisme was wat 'n bepalende rol in die geskiedenis van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* gespeel het. Die opkoms van die Britse imperialisme skryf hy toe aan onder andere die industriële rewolusie wat lei tot 'n uitgebreide handelsbedryf, asook die verandering in die kieserskorps van Brittanje. Vanweë die wysiging van stemregulasies in 1867 het die arbeidersklas 'n sterk aandeel in die Britse beleid verkry en volgens Appelgryn was die arbeidersklas ten gunste van: '...die nuwe imperialisme, aangesien hulle hulle eie materiële welvaart aan die uitbreiding van die Britse Ryk gekoppel het'. Toe Benjamin Disraeli se Konserwatiewe party in 1874 vanweë dié gees aan bewind kom, het hy Henry Howard Molyneux Herbert, vierde graaf van Carnarvon, as minister van kolonies aangestel. Carnarvon was 'n besielde imperialis en het ten opsigte van Suider-Afrika 'n federatiewe stelsel in die vooruitsig

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel. Volgens Appelgryn (1979:154) het Carnarvon reeds vroeg in sy loopbaan verklaar:

> The present situation and relations of various states that occupy South Africa are so full of difficulty and even political risk, that I should conceive upon a secured footing if the occasion were to offer itself: and in considering this question it has often occured to me whether some form of federation might not solve many of the existing difficulties.

In Suid-Afrika sou sir Henry Barkly aan Carnarvon se gedagtes uitvoering gee. Carnarvon en Barkly het allerlei struikelblokke in die staatkundige ontwikkeling van die Voortrekker-republiek geplaas. Barkly het hierin die medewerking van Theophilus Shepstone verkry en dit was veral laasgenoemde se oortuiging dat die onafhanklikheid van die Voortrekker-republiek in die gedrang kan kom indien die swak finansiële toestand van die republiek uitgebuit kon word en die burgers van die Republiek voortdurende onder die indruk van die 'Swart-gevaar' gebring kon word. Garnet Wolseley, spesiale kommissaris in Natal, het Shepstone aangeraai: '... om die Transvalers se vrees vir 'n "Kaffir invasion" uit te buit en om die Zoeloes in hierdie opsig as 'n *powerful lever* te gebruik (Appelgryn 1979:169).
Die politieke intriges van die Britse owerheid en die verskeurdheid onder Afrikanergeledere het vrugte afgewerp, sodat Shepstone sonder enige militêre teenkanting die *Zuid-Afrikaansche Republiek* op 12 April 1877 annekseer. Drie jaar later het die lydelike verset van die Transvaalse burgers oorgegaan in militêre verset. Die Eerste Vryheidsoorlog is ingelei met die Slag van Bronkhorstpruit terwyl die Slag van Majuba die Britse imperialisme voorlopig tot stilstand gebring het. Rustenburg, Van Belkum se eerste gemeente in die Zuid-Afrikaansce Republiek, het die oorlog nie vrygespring nie. In November 1880 het 'n kompanie van die *Royal Scots Fusiliers* na Potchefstroom vertrek onder die bevel van kaptein Auchinleck. Laasgenoemde het verwag dat die *Rustenburg Schutzen corps*, onder bevel van C G Dennison bereid sou wees om onder die Britse vlag te veg. Die *Rustenburg Schutzen corps* is in 1871 deur H G Schröder gestig en volgens Dennison het dit oorwegende uit Boerevrywilligers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestaan wat nie bereid sou wees om onder die Britse vlag te veg nie (Wulfsohn 1992:9,14; vgl. Engelbrecht 1950:87). Van die lede was lidmate van die Nederduitsch Hervormde gemeente naamlik Willem Johannes Esterhuyse, sy vader Jacobus Abraham Esterhuyse en sy broer Jan Stephanus Esterhuyse. Jacobus Esterhuyse het meermale as ouderlingslid by die Algemene Kerkvergadering sitting geneem, soos dié van 1890 en 1893.

Die neerlaag van die Britse magte te Majuba het gelei tot die oorgawe van die Britse magte in die Rustenburg fort. Sedert 27 Desember het 'n Boere-mag, onder bevel van kommandant Sarel Eloff, die Britse mag beleër. Die oor-en-weer kruisvuur tussen die Boeremag en die Britte is voortgesit totdat 'n boodskapper op 30 Maart 1881 aan die beleërde mag van die vredessluiting kennis gegee het.

Dit was vanweë die militêre suksesse dat daar 'n eenheidsgevoel onder Afrikaners ontwikkel het en het Pretorius gestel:

> Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die kerkverenigingsaangeleentheid in die Z.A.R., na die oorlog van 1880-1881, primêr deur die nasionale en politieke leiers bepleit is. Al wat van die Kerke verwag was, was om beslag te gee aan die wense wat so eenstemmig deur die 'Voormannen des volks' uitgespreek is.
>
> (Pretorius 1986:150)

Een van die volksvoormanne wat die gedagte van kerkvereniging bespreek het, was S J P Kruger. Hy het onder andere by die volksbyeenkoms te Paardekraal op 13 Desember 1881 van die moontlike kerkvereniging gepraat:

> Nu is er plan om de drie kerken te vereenigen; maar als ik daarover spreek dan beef ik bijkans. Bij de poging tot vereeniging moet geen dwang wezen, want dan worden wij paus en treden in de plaats van Jezus. Laat ons in deze zaak arbeiden met den geest der zachmoedigheid en met liefde, die voor den Heer werkt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Op die wijze zal de Heer weer zijne verspreide kudde hereenigen.
>
> (Pretorius 1986:150)

S P Pretorius het in sy studie, *Die Kerkvereniging van 1885 – sy aanloop en mislukking* (1986) deeglik rekenskap van die oorsake en gevolge van die mislukte kerkvereniging gegee, daarom word net op Van Belkum se betrokkenheid na die vereniging gekonsentreer. Van Belkum het met sy koms in 1891 nie net op sinodale nie, maar veral op gemeentelike vlak van die mislukte vereniging se gevolge kennis geneem. Op sinodale vlak het hy reeds vroeg in die spervuur gestaan. Sy koms het ironies genoeg met president Kruger se poging om die twee kerke te laat skik, saamgeval. Tydens die vergadering van 24 Augustus 1891 tot 4 September 1891 het die twee kerke gesprek gevoer en van die vergadering het Van Belkum in 1928 berig:

> Nauwelijks in Rustenburg gekomen, en nog lang niet georienteerd in het leven en het kerkelijk bestaan alhier, werd ik door Ds. Goddefroy naar Pretoria geroepen tot bijwoning van eene vergadering door President Kruger belegd, met het doel om de tweedracht tusschen de Ned. Hervormde en de Ned. Herv. of Geref., of in het gewone dagelijksche leven Vereenigde, soms OF Kerk genoemd.
>
> (*De Hervormer* 1928:46)

Van Belkum was nie heeltemal oningelig oor die vereniging nie, want hy het voor sy koms na Suid-Afrika reeds van Goddefroy se publikasie, *De Kerkkwestie geen Leer maar Levenskwestie*, kennis geneem. Die gesprek misluk en uit die aantekeninge wat Van Belkum tydens die vergadering gemaak het, het hy die oorsake vir die mislukking grotendeels aan die optrede van di Neethling en Bosman van die verenigde kerk toegeskryf en gestel: '*...dat het volk zal zien, dat het vroeger misleid is'* (Engelbrecht 1950:107). Volgens Van Belkum het daar veral tweespalt rondom die notules geheers:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ofschoon de discussies stenographisch werden opgeteekend door den bekwamen en ijverigen Heer Bosch, die dit werk uitnemend verstond, werd elke morgen twee à drie uur doorgebracht met het bestrijden van de correctheid der Notulen en het aanbrengen van verbeteringen daarin. Telkens waren er leden, die beweerden, dat zij zoo niet hadden gesproken en eischten zij veranderingen. Vooral de heeren van de Vereenigde Kerk waren in het betwisten van de correctheid zeer sterk. Zij vooral waren meesters in het uitpluizen van de beteekenis van hun redevoeringen en de woorden door hen gebruikt.
>
> (*De Hervormer* 1928:48)

Van Belkum het reeds vroeg in die vergadering besef dat daar tot geen oplossing gekom kan word nie. Hy was trouens getuie van die stryd wat in Nederland geheers het toe die doleansie voltrek is. Dit was egter nie die enigste rede wat hom bevooroordeeld gemaak het nie, die felheid waarmee die predikante gestry het, was eweneens 'n duidelike teken dat daar geen versoening of 'n billike skikking moontlik was nie. Daarvan het hy gestel:

> De bedoeling van den President was zeer prijzenswaardig. De geschiedenis leert, dat kerkelijke twisten altijd zeer nadeelig werken op de eenheid van een volk, vooral wanneer dit nog zeer jong en gedurig in strijd is met een machtigen en grooten buitenlandschen vijand. Maar de geschiedenis leert ook hoe moeielijk het is, om kerktwisten te doen ophouden door vergaderingen, congressen en samensprekingen. Daarom verwachte ik van den aanvang af zeer weining heil van deze bijeenkomst.
>
> Reeds bij het begin werd mij duidelijk, dat ook hier de uitkomst zou wezen: geen vrede, geen samenwerking, eerder meer twist en verbittering.
>
> (*De Hervormer* 1928:47)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die gemeente Rustenburg het Van Belkum ten volle aan die stryd deel geneem.

### 3.1.1 Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg

Die Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk het op 7 Desember 1885 gekonstitueer en in beginsel het die Gemeente Rustenburg ook verenig deur ouderlinge W C Meijer, P J Geijser, L N Schoeman en diaken J J Cronje af te vaardig. Ds G W Smits was tydens die konstituering nie teenwoordig nie, aangesien hy reeds vanweë sy gesondheidstoestand om emeritaat aansoek gedoen het. Hy het op 9 Januarie 1886 eervolle ontslag ontvang en sedertdien was die gemeente sonder 'n predikant. Dat daar ontevredenheid in die gemeente oor die vereniging geheers het, het met ds Smits se afskeid duidelik geword. Die gees van onrus word veral opsigtelik uit die woorde van ds C W du Toit, voorsitter tydens die vergadering, toe hy die vergadering maan: '*...om toch geene opschudding te veroorzaak in de gemeente...*' (Pretorius 1986:442). Lidmate wat geweier het om in die verenigde kerk opgeneem te word, het besluit om as Hervormde gemeente met 'n eie kerkraad voort te bestaan en het in Junie 1886 hierdie besluit aan die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde gemeente Rustenburg oorgedra:

> Wij ondergeteekenden, alle mansledematen der Nederduitsch Hervormde Gemeente te Rustenburg, Zuid-Afrikaansche Republiek, hebben de eer U eerw. bij deze kennis te geven.
> Dat wij ons gedrongen gevoelen om, in de bij ons bestaande onzekerheid of wij U Eerw. nog altijd mogen beschouwen als den Kerkeraad van onze Nederduitsch Hervormde Gemeente of wel u moeten aanmerken als een Kerkeraad der zoogenaamd Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente, u de volgende punten mede te deelen, die wij U Eerw. verzoeken in ernstige overweging te nemen:
>
> Dat wij ons steeds zullen blijven beschouwen als leden van en uitmakende de Nederduitsch Hervormde Gemeente in het District

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Rustenburg, Zuid-Afrikaansche Republiek, onaangezien alle geheime en openlijke pogingen en handelingen, die aangewend worden om ons over te brengen onder eene gemeente met een nieuwe naam, waarin wij ons niet willen voegen en tegen welke wij onze oude rechten onherroepelijk en standvastig zullen handhaven.
>
> Dat wij in deze, ons niet te ontnemen hoedanigheid, ons voortdurende beschouwen als te zijn en te blijven de wettige eigenaars en bezitters der eigendommen door die Nederduitsch Hervormde Gemeenten verkregen en aan haar in onvervreemdbaar recht toebehoorende.
>
> Dat wij ons met alle ons ten dienste staande middelen, zoo in der minne als in rechten, zullen verzetten tegen vele zich opwerpende authoriteit die onze dierbare belangen als leden der Nederduitsch Hervormde Gemeente in eene andere Kerk zou willen overbrengen.
>
> (Gerdener 1930:193)

Ds Smits is genader vir die bediening van die Woord en sakramente, wat daartoe ingewillig het. Die kerkraadslede wat die belange van die Hervormde Kerk wou verseker, was ondermeer ouderlinge G S Botha, D S Viljoen en Hermanus Joubert en diakens Reinier de Beer en Douw Coetzee. Reeds voor Van Belkum se koms het die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Rustenburg tydens 'n gekombineerde kerkraadsvergadering op 4 Februarie 1890 'n kommissie benoem om vas te stel:

> (a) Van welke Kerklijke eigendommen de Kerkraad reeds Transport heeft.
> (b) De Regering om Transport te Vragen, indien 't moge blijken, dat er nog eigendomme zijn, waarvan de Kerkeraad geen Transport heeft; en dit te doen vallen op dien Kerkekraad van den Ned Herv of Geref gemeente van Rustenburg. En wanneer 't blijkt, dat er Transporten

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zijn verloren of verlegd: zoo wordt er macht gegeven aan dezelfde commissie om de noodige maatregelen te nemen tot verkrijgen van zulke Transporten.
>
> (Notule van die Kerkraadsvergadering van die Ned. Herv. Gemeente Rustenburg= NHKA:G2/1/2/3 )

Die kommissie, wat uit ouderlinge W C Meyer, P J Geyser, F A van Staden, J J Meyer en diaken J H Barnard saamgestel is, het op Maandag, 18 Augustus 1890, aan die Kerkraadsvergadering verslag gelewer. Die kommissie het bevestig dat slegs een erf (erf 24) se Transportakte in die hande van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk is. Boonop word gemeld dat die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk die toestemming moet gee vir 'n ondersoek na transportaktes en die kerkraad word verwys na die 1890 Algemene Kerkvergadering besluit (NHKA:G2/1/2/3). Dit is aan ds Hefer opgedra om volmag by die Moderatuur te kry. Intussen moes die broeders Ströh en Van der Merwe die pastorie en die erf in stand hou. Nagenoeg twee maande later, op 6 Oktober 1890, kom die kerkraad in 'n buitengewone vergadering bymekaar:

> ...met 't doel om maatregelen te nemen ter verkrijgen van Transport van de Kerklijke eigendomme der Nederduitsch Hervormde of Gerefomeerde gemeente te Rustenburg.
>
> (NHKA:G2/1/2/3 )

Diaken M C Barnard en ouderling W C Meyer het hierop voorgestel dat J H Barnard alle eiendomme en Transportaktes van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk moet bekom.

Terwyl die kerkraadsvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Rustenburg gepoog het om die kerklike eiendomme oor te dra het die kerkraadsvergaderings van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg en Marico die Algemene Kerkvergadering (1890) van die Kerk se toestemming gevra om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n predikant te beroep. Tydens die tweede sitting van die vergadering, op Dinsdag 27 Mei is Marico en Rustenburg se versoek aan die orde gestel:

> De Voorzitter merkte op dat deze gemeenten dringend verlangen om tezamen een leeraar uit de Ned. Herv. Kerk van Holland te beroepen. Dit was hoog noodig, het werk werd voor Z. Eerw. te veel en de gemeenten werden niet behoorlijk bediend.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1890= NHKA 1890:9)

Nadat veral ouderlinge Esterhuizen, J W Viljoen, Van Schalkwijk en C Coetzee die saak gemotiveer het, het ouderling C J Joubert, skriba van die vergadering, ook op die wenslikheid van die beroep gewys. Dit was veral noodsaaklik omdat ds Goddefroy onmoontlik al die gemeentes kon bedien, terwyl die gemeentes Standerton, Pretoria en Middelburg hom beroep het. Die vergadering het na die bespreking besluit: '... *dat de gecombineerden gemeente van Rustenburg en Marico een leeraar uit de Ned. Herv Kerk in Holland zullen beroepen'* (NHKA 1890:9). Die blanko beroepsbrief wat op 21 Julie 1890 op Zeerust onderteken is, is aan dr G J Th. Beelaerts van Blokland, gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Europa, oorhandig en en op 2 November 1890 het Van Belkum die beroepsbrief ontvang. Volgens Engelbrecht (1950:100) het Van Belkum op sy verjaarsdag, 2 November, die beroep ontvang. Op daardie stadium het ds en mev Van Belkum dit nie eers oorweeg om na die Transvaal te verhuis nie en hulle eerste reaksie was om die beroep van die hand te wys. Ten spyte van die 'lughartige' gees waarin die beroep ontvang is, is dit later in alle erns aangeneem, omdat die nood van die kerk in Suid-Afrika hulle tot herbesinning gelei het.

Van Belkum en sy gesin het per boot na Suid-Afrika vertrek. Hulle reis duur van 13 April 1891 tot 17 Mei 1891 en na hulle aankoms in Kaapstad het hulle vandaar per trein na Vryburg gereis. Op Sondag 17 Mei 1891 het hulle op Vryburg aangekom. Ossewaens het hulle verder geneem, oor Ottoshoop, tot in Zeerust. Die Kerkraad het die gesin op 27 Mei 1891 ontvang en vandaar het hulle na Rustenburg vertrek. Hulle reis kom in Rustenburg tot 'n einde en hy sou die eerste naweek van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Junie, tydens nagmaalsviering, deur ds Goddefroy bevestig word. Volgens Wulfsohn (1992:3) het die hoof transportroete van Zeerust na Pretoria, Rustenburg as halfpadmerk gebruik. Op Donderdag, 4 Junie 1891 het ds G W Smits, namens die dorp en die gemeente die volgende verwelkomingsadres voorgelees:

> Den WelEerw. Zeer Gel. Heer Van Bilcum,
> Beroepen Predikant der Nederdutisch Hervormden Gemeenten van Rustenburg en Zeerust
>
> Rustenburg, 4 Junij 1891.
> WelEerw. Zeer Gel. Heer! –
>
> Wij ondergeteekenden, Ouderlingen en Diakenen der Nerderduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg, en de lidmaten der Gemeente, alsmede de ondergeteekende inwoners van het dorp Rustenburg hebben de eer U WelEerw. Zeer Gel. Heer met uwe familie een hartelijk welkom toe te roepen. In vroegere jaren kwam van de Zuid-Afr. Rep de roepstem –
>
> Komt Over en Helpt ons!
>
> Van Holland, het u WelEerw. dierbare Vaderland, werd aan die roepstem gehoor gegeven, tot op dezen dag. Het is dien ten gevolge dat U WelEerw. thans in ons midden zijt aangekomen. WelEerw Heer! Wij hopen, dat de Heer der Kerke U WelEerw. met den WelEerw Heer Ds Goddefroy moge sterke de Gemeente op te bouwen in het alleen zaligmakend geloof in den Heere Jezus Christus. Van onze zijde wenschen wij U WelEerw. verblijf met uwe familie zoo aangenaam mogelijk te maken. – In den toestand waarin wij thans verkeeren kunt U WelEerw, niet verwachten het verblijf in de Z. Afr Rep hetzelfde zal zijn, als hetgene U WelEerw. voor het tijdelijke genoten en ondervonden hebt in de Nederduitsch Hervormde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Gemeente te Zierikzee, (Holland), eene Gemeente welke U WelEerw. lief en dierbaar was. Doch WelEerw. heer zij overtuigd met uwe familie, in ons dorp en district worden hartelijke vriendenhanden u en de uwen toegereikt. –
>
> Volgens beroepsbrief verwachten wij, dat U WelEerw, te Rustenburg zult komen wonen. –Ware het anders, zoude er groote teleurstelling zijn voor Kerkeraad en Gemeente ingezetenen. -
>
> U WelEerw. met Echtgenoote nogmaals Gods zegen toebiddende, hebben wij de eer ons met heilbede te noemen:
>
> WelEerw. Zeer Gel. Heer
> U WelEerw. Dw. Dr en vrienden
> G W Smits, em. Predikant
> G S Botha
> H Joubert
> R J de Beer
> J H Boshoff
> D G Coetzee
> G J B Robbertze
> J C Cronje
> J J Diederiks
> Leden des Kerkraads
>
> (Engelbrecht 1950:101,104)

L E Brandt het tydens Van Belkum se 50jarige-jubileum in 1927 Van Belkum se koms na Suid-Afrika so beskryf:

> Alles was vreemd en onbekend, in Holland wist men minder van Transvaal dan nu, de middelen van verkeer waren minder geriefelijk en er was reeds een familie van kinderen om voor te zorgen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Behalve vrou en kinderen na Ds v. B. nog een schoolmeester en drie dienstmeisjes mee naar het onbekende land.
> Tot bij Vrijburg, tot waar de reis per stoomboot en per trein ging, was het taamlijk goed, maar vandaar moest het verder met ossen wagens, en dat was niet zo gemakkelik voor die rouwe Hollanders. In Mei 1891 op den eersten Pinksterdag kwam het reisgezelschap aan te Vrijburg. Daar stonden de wagens gereed om hen over Ottoshoop naar Zeerust te brengen, en verder naar Rustenburg.
>
> (*De Hervormer* 1927:190)

Die veeleisende omstandighede waarna ds Smits verwys het, het beslis hoë eise aan die Van Belkum-gesin gestel. Voorlopig het Van Belkum nie toegang tot 'n kerkgebou gehad nie, omdat die stryd om kerklike eiendomme voortgesleep het; boonop kon die kerkraad alleen 'n gehuurde huis aan die Van Belkum-gesin bied. Ds M J Goddefroy het die bevestiging op 5 Junie 1891 waargeneem, en op 6 Junie 1891, lewer ds Van Belkum sy intreepreek met die teksvers 1 Korintiers 2:2: '*Want ik heb niet voorgenomen iets te weten onder u dan Jesus Christus, en dien gekruizigd*'. Die diens te Rustenburg is ook deur di J de Ridder (Gereformeerde Kerk) en J C Hefer van die verenigde kerk bygewoon. Van Belkum het dadelik sy aandag aan die eiendomskwessie gegee. Die gemeente het reeds in 1887 besluit om die stryd rondom kerklike eiendomme in die Hooggeregshof voort te sit, maar die gematigde stem van die 1888 Algemene Kerkvergadering het tot skikking gemaan. Die afwysende reaksie van die verenigde kerk op 'n arbitrasie voorstel van die Nederduitsch Hervormde Kerk lei tot die Algemene Kerkvergadering van Mei 1890 se besluit om die saak na die Burgerlike regbank te bring (NHKA:G2/1/2/3 ). Terwyl die kerkstryd op sinodale vlak in heftigheid toegeneem het, het Van Belkum op gemeentevlak aan die eiendomskwessie aandag gegee. Op die kerkraadsvergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg op 10 Augustus 1891 het Van Belkum na die oproep van president Kruger verwys: '*... ten einde te trachten de kerkwestie in der minnen te schikken*' (NHKA G 2/1/2/3). Twee maande later, op die kerkraadsvergadering van 2 Oktober 1891, is die voorstel van president Kruger

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bespreek en toe het die kerkraad geoordeel dat dit 'n billike voorstel was. Daar is toe besluit dat 'n kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, moes onderhandel. Met die gemeentevergadering die daaropvolgende Saterdag, 3 Oktober, het Van Belkum die skikkingsvoorstel eers aan die gemeente voorgelê vir goedkeuring. Dat Van Belkum 'n deurslaggewende rol gespeel het om die eiendomskwessie minlik te skik, is beslis en op 30 Oktober 1891 het die skriba van die kerkraad, ouderling Esterhuysen, 'n brief aan die verenigde gemeente gestuur en hulle tot 'n vergadering genooi om die skikkingsvoorstel te bespreek. Dié uitnodiging het egter geen resultate gelewer nie, want op 1 Desember 1891 het Van Belkum aan die kerkraad berig, dat die Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk die skikkingsvoorstel verwerp het. Gemeentes moes tot plaaslike skikking oorgaan. Gedurende Augustus tot November 1891 het Van Belkum 'n afwagtende houding ingeneem. Dit het veral in sy aanbeveling aan die kerkraad duidelik geword, toe hy voorgestel het dat geen verdere stappe geneem moes word alvorens die jaarlikse Paardekraal-byeenkoms nie afgehandel is nie. Van Belkum se afwagtende houding en sy voorstel by die gemeentevergadering van Oktober om te wag vir die Paardekraal-byeenkoms op 16 Desember 1891 kan aan sy korrespondensie met C W du Toit toegeskryf word. In sy brief van 15 Januarie 1892 was dit duidelik dat Van Belkum en Du Toit mekaar die vorige jaar, gedurende Oktober 1891, moes ontmoet het, maar toe dit nie gerealiseer het nie, het hulle die ontmoeting by die Paardekraal-byeenkoms op 16 Desember 1891 gereël.

Vir Van Belkum het die Paardekraal-byeenkoms groot betekenis gehad, omdat hy gemeen het, dáár veral aan die verwarrende kerklike toestande rigting gegee kon word. Van Belkum het egter aan die Paardekraal-byeenkoms 'n verkeerde funksie toegeken. Wanneer na die rol van die Paardekraal-byeenkoms gekyk word, soos dit ook tydens die skikkingsvergadering in Augustus 1891 gestel is, kan dit Van Belkum nie kwalik geneem word nie. Van Belkum het eers in Mei 1891 werklik met die kerklike toestande kennis gemaak en die beroep op die Paardekraal-ooreenkoms van 1879 is, in aansluiting met dié van 13 Desember 1881, deur die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente Rustenburg as bewys van die vereniging voorgehou. Dié gedagte het ook tydens die Algemene Kerkvergadering van 1893

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedien, toe ouderling F Boshoff van Waterberg gemeld het dat ds H Bosman met die nagmaal in April 1886 na die Paardekraal-klipstapel verwys het as bewys van die kerkvereniging. Toe Van Belkum die korrespondensie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk te Rustenburg voorgelees het, het ouderling Boshoff verklaar:

> Met verontwaardiging heb ik dien brief hooren lezen, er zijn onwaarheden in, er word misbruik gemaakt van een steenhoop te Paardekraal. Men misleide daarmede onze burgers en onze lidmaten. Die steenhoop is geen teeken van kerklike vereeniging, ware dit zoo, dan zouden alle kerken moeten vereenigd zijn.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1893= NHKA 1893:12)

Ook Goddefroy het tydens die Algemene Kerkvergadering van 1893 na die Paardekraal-ooreenkoms verwys en gestel dat by hom daar ook kommer heers oor die misbruik van die Paardekraal ooreenkoms en hy haal F G Joubert se woorde tydens die Augustus 1891-vergadering met president Kruger aan:

> Men had gezeg dat kerkvereeniging God welgevallig is en daarvoor een Psalm aangehaald. Spreker was geen Theologant doch kon in de punten in die Psalm vervat niet over kerkvereeniging of daarop toepasselijk vinden. Spreker beshouwde de samenkomst te Paardekraal juist het tegenovergestelde bewijs gaf dan kerkvereeniging, nu was daar als drie verschillende kerkgenootschappen gekomen met een goed doel n.l. voor de vrijheid te sterven of te overwinnen en God na die pogingen bekroond. Daar was geen uiterlike maar eene innerlijke vereeniging tot stand gebracht.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Men had dien steenhoop aangehaald doch toen hij zijn steen bijdroeg, had hij dat niet gedaan met de gedachte aan kerkvereeniging, maar met het doel om voor God te verklaren dat hij als die steenhoop te zamen sou staan en strijden voor de vrijheid der Republiek, dat was geen kerklijke, maar eene politieke zaak.
>
> (NHKA 1893:15)

Van Belkum se oorskatting van die betekenis van die jaarlikse Paardekraal-byeenkomste en sy korrespondensie met Du Toit het enersyds tot sy afwagtende houding bygedra. Dit is nie deur die ouderlinge aanvaar nie, want tydens die buitengewone kerkraadsvergadering van 2 Desember 1891 het die kerkraad teen Van Belkum se voorstel, om nog te wag tot die Paardekraal-byeenkoms op 16 Desember 1891, gestem:

> Men is van mening, er is lang genoeg gewacht: de gemeente is ongeduldig: zij vraagt waarom doet de kerkraad niets: de Vereenigde kerk toont geen de minste toenadering.
>
> ( NHKA G 2:1/2/3)

Van Belkum het besef dat hy hom veral op die leiding van die ouderlinge, in die besonder J A Esterhuysen, moet verlaat. Tydens die buitengewone kerkraadsvergadering van 2 Desember 1891 het ouderlinge Esterhuysen en Botha voorgestel dat 'n kommissie na ds Hefer afgevaardig word en direk vra: '*Wat wilt gij nu doen, wilt gij de goederen afgeven of dwingt ge ons naar't hof?*' (NHKA G2/1/2/3). Op die voorstel het die vergadering verdaag en het Van Belkum, ouderlinge De Beer en Van Rensburg na ds Hefer toe gegaan. Die vergadering het na 'n half uur weer sitting geneem en meld dat ds Hefer niks kon antwoord alvorens die gemeentevergadering in Januarie 1892 vergader nie. Tydens die vergadering van 16 Januarie 1892 meld Van Belkum dat die vereenigde gemeente nog nie op die brief van ouderling Esterhuyse gereageer het nie ( NHKA G 2/1/2/3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat uit verskeie oorde teen die handeling van die verenigde gemeente beswaar aangeteken is, het Van Belkum voorgetel dat ouderlinge J A Esterhuizen en J N Janse van Rensburg na Pretoria afgevaardig word. Die instruksie wat die ouderlinge ontvang het, het so gelui:

> Besprekingen met die Algemene Commissie der Nederd Hervromde kerk.
> De Commissie moet duidelijk gevraagd worden, om zonder omwegen te verklaren, of zij de zaak van Rustenburg nu dadelijk voor het bevoegde hof wil brengen. Wil gij dit niet doen, dan moet de procuratie vroeger gegeven worden teruggevraagd, opdat de kerkeraad zelf de zaak voor de hof kon brengen. Ook zullen de Broeders, al de papieren van Rustenburg moeten terugvragen van Ds Goddefroy.
>
> Advocaten procureurs
> De Broeders zullen moeten onderzoeken, wie de procureurs en Advocaten zijn, om daarna met hen te overleggen.
> 1. Wie moet dagvaarden? De kerkeraad als lichaam of de kerkraad daartoe geprocureerd door de Gemeente of andere leden de gemeente voorzien van procuratie.
> 2. Wie moeten gedagvaard worden? De Algemene Commissie der Nederd Herv of Gereformeerde Kerk, of de kerkeraad te Rustenburg, gezamentlijk of ieder lid afzonderlijk.
> 3. Moet de zaak gebracht worden voor het rondgaan hof, of voor het volle hof.
> 4. Wanneer geprocedeeren moet worden kerk, pastorie en alle ander onroerende goederen en eigendommen der Neder Herv kerk. boeken, papieren en roerende goederen aan de kerk behoorende legaat van wijlen Mejuffrouwe Wagner. Schadevergoeding van £1000 of meer voor geleden schade, moeiten en lasten enz.
> 5. Ten opzichte van het legaat van wijlen Mejuffrouw Wagner dat geplaatst is bij de Board of Executors (nu in liquidatie) moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> worden gevraagd of de kerkeraad een claim voor 17 Februari moet indienen, dan wel of hij de zaak kan laten berusten en terugvragen van de Nederd Herv of Geref kerk.
>
> C. Aan Ds Goddefroy moeten de Broeders vragen: 1. De notulen gedurende zijn consulentschap. 2. De Register der gedoopten en aangenomen lidmaten gedurende zijn consulentschap. 3. Waar de gelden geplaatst zijn in 1890 door Broeder Esterhuyzen gestort.
>
> ( NHKA G 2/1/2/3)

Van die gesprek met Goddefroy en ouderling C J Joubert het J A Esterhuyzen op 1 April 1892 aan die kerkraad verslag gelewer. Volgens ouderling Esterhuyzen het Goddefroy daarop gewys dat die Trichardfonteinse saak voorkeur geniet en versoek dat Rustenburg-gemeente die uitslag van die hofsaak afwag. Die Trichardtfontein-saak moes as toetsaak dien in verband met die hele eiendomskwessie. Die kerkraad het die raad van Goddefroy gevolg, maar het die gemeente gereeld oor die stand van sake ingelig. Toe die Trichardfonteinse-saak vanweë Goddefroy se siekte uitgestel is, het daar stemme van ongeduld in die gemeente opgeklink (NHKA G 2/1/2/3). Ten spyte van die toenemende ongeduld het die gemeente op die uitspraak van die hof in sake die Trichardfonteinse-saak gewag en op 8 Julie 1893 is in die kerkraadsvergadering berig:

> Door het Hooggerechtshof der Zuid-Afrikaansche Republiek is de Hervormde kerk van Trichardsfontein in het gelijk gesteld in haar geding met de Nederd. Hervormde of Gereformeerde kerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Met het oog hierop heeft de Algemeene Commissie der Ned Hervormde Kerk aanbevolen geen stappen verder te doen tot het verkregen van andere eigendommen.
>
> ( NHKA G 2:1/2/3)

Die meningsverskil wat hierop in die kerkraadsvergadering gevolg het, is teken van toenemende ongeduld. Sommige ouderlinge het voorgestel dat die kerklike eiendomme dadelik met 'n hofbevel geëis word, terwyl Van Belkum en ouderling J A Esterhuysen gemeen het dat die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente eerder tot skikking genooi moes word. Die kerkraad het hierin Van Belkum se raad gevolg en besluit om die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente tot skikking van die eiendomskwessie uit te nooi. Verder moes elke ouderling en diaken 'n naamlys opstel van lidmate wat glad nie aan die vereniging deelgeneem het nie. Dit het later geblyk dat ongeveer 200 mans lidmate nie aan die vereniging deelgeneem het nie. Op 10 Julie 1893 het die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente die kerkraad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente tot skikking uitgenooi:

> Eerwaarde Heeren,
>
> De kerkeraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg in dezen optreden als vertegenwoordigende de lidmaten der Nederduitsch Hervormde Kerk in het district Rustenburg: Gezien hebbende de uitspraak van het Hooggerechtshof der Zuid-Afrikaansche Republiek in zake het proces der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Trichardtsfontein tegen de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente aldaar:
> Overwegende dat de eigendommen der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg nog altijd in uw bezit zijn:
> Overwegende dat het de begeerte is der leden der Nederduitsch Hervormde Gemeente weer in het bezit terug te krijgen:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Overwegende dat het wenschlijk is, deze overgave langs vreedzamen en minnelijke weg te doen geschieden:
Heef de eer u uit te noodigen, den kerkeraad der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg in het bezit te stellen van al de eigendommen haar toebekomende vooraf op onderhandeling over de overgave zijn gevoerd dan in de kerkeraad den Nederduitsch Hervormde Gemeente genoodzaakt den wettelijken weg in te slaan tot het verkrijgen van die eigendommen.

(NHKA G 2/1/2/3)

Op 14 Augustus 1893 is die brief van die Nederduitsch Hervormde Gemeente tydens die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerkraadsvergadering voorgelees. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente het die versoek om die eiendomskwessie te skik, afgewys en die kerkraadsvergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente het op 15 Augustus 1893 hiervan kennis geneem. Selfs tydens dié vergadering het ouderling J S Esterhuyzen voorgestel dat die skikkingspoging nie laat vaar moes word nie. Met 'n meerderheidsbesluit is beslis om die hof te versoek om oor die eiendomskwessie tussen die twee gemeentes te beslis.
Op 17 Augustus 1893 laat die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg die verenigde gemeente dagvaar en het die volgende geeis:

1. Teruggawe en afstand doen van eiendomme binne 'n tydperk wat deur die Hof bepaal moet word.
2. Terugbetaling van alle gelde ontvang ten opsigte van die Wagner-legaat, asmede alle ander gelde wat die eisende gemeente toekom, met rente.
3. Betaling van £1000 (eenduisend pond) skadevergoeding...

(Pretorius 1986:531)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op Maandag, 2 Oktober 1893 is die saak verder gevoer:

> De Br ouderlingen leveren de procuratie in geteekend door ongeveer 200 manslidmaten, waar door de kerkeraad gemachtigd word te procedeeren. Men besluit zoo mogelijk tegen November te dagvaarden en nu reeds eene Commissie te senden, die de zaken in Pretoria met de Advocaten zal zochten in orde te brengen.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum het op 24 November 1893 'n brief aan die kerkraad van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente geskryf, wat in die vergadering van 23 Desember 1893 deur ds Hefer voorgelees is. In die brief het Van Belkum weer eens 'n skikking voorgestel. Die poging tot skikking was 'n gevolg van die besluite van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van November 1893. Tydens die betrokke Algemene Kerkvergadering van 1893 was die polemiek rondom die eiendomskwessie, veral ten opsigte van Rustenburg, steeds in die brandpunt. Dit was ook die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat Van Belkum na sy aankoms in die Zuid-Afrikaansche Republiek bygewoon het. Reeds by die geleentheid is hy tot skriba van die Algemene Kerkvergadering verkies, 'n pos wat hy vir baie jare sou beman en waar hy aan die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n diens van onskatbare betekenis sou lewer (vgl NHKA 1893; *De Hervormer* 1928).
Van Belkum en ouderling Esterhuysen het uitvoerig oor die eiendomskwessie te Rustenburg verslag gelewer. Ouderling Esterhuysen het gemeld dat die saak nog nie afgehandel is nie en verwys na die skikkingspoging van November 1891, die briefwisseling tussen Van Belkum en Hefer en ook die brief van Julie 1893 waarin die eiendomme teruggeeïs word. Nadat Van Belkum die briewe aan die vergadering voorgelees het, het ouderling Esterhuysen gestel:

> Wij moesten wel besluiten om te procedeeren. Onse kerkraad was altijd bereid tot eene schikking – maar men heeft ons niet gerekend.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Tenzij de kerkeraad der Vereenigde kerk, die belediging terug neemt, kunnen wij niet schikken. Wij hopen echter dat de Vereenigde Gemeente den kerkeraad tot schikken zal dwingen.
>
> (NHKA 1893:11)

Goddefroy reageer op die briewe en het aan ouderling Esterhuysen die vraag gestel of Rustenburg aan die vereniging deel geneem het. Hierop het Esterhuysen gereageer:

> Ruim 200 mans-lidmaten hebben voor de vasstelling der wet gezegd, wij willen niet. Veertien dagen voor de vaststelling heb ik een diaken gevraagd: Zijt gij zeker dat de gemeente met die wet eens is? Zijn antwoord was: Neen! Ik heb ook al gezegd: laat ons de wet bekend maken.
>
> (NHKA 1893:11)

Van Belkum het hierby aangesluit en gestel:

> Ruim 200 manslidmaten hebben geprotesteerd en voorts nooit deelgenomen in de Vereenigde Kerk, maar altijd gekerk by Ds Smits, Ds Goddefroy of later bij hem.
>
> (NHKA 1893:12)

Ouderling H Joubert het ook na die verwarring wat onder lidmate bestaan het, verwys. Hy stel dat Ds van Warmelo en Bosman vier dae voor die vereniging by ds Smits se emeritaatsaanvaarding in Rustenburg teenwoordig was. Twee dae voor die nagmaal is die kerkwet bekend gemaak en die gemeente se ontevredenheid het toe merkbaar geword.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Dadelijk zijn memories gemaakt om sommige artikelen veranderd te krijgen. Deze memories zijn aldus beantwoord: 'Mij is opgedragen u memorialisten te antwoorden: de wet blijft onveranderd en de Kerkeraad moet rondgaan om de gemeente te bevredigen. Zoo schreef Ds. van Warmelo, de scriba.
>
> (NHKA 1893:12)

In die Algemene Kerkvergadering van 1893 het Goddefroy die afgevaardigdes aangespoor om nogmaals te probeer skik. J J Botha, H Joubert en Van Belkum was dit eens dat dit nie meer moontlik was om te skik nie. Van Belkum merk op:

> Wij worden tot proces gedwongen. Op de laatste gehouden vergadering der Ver. Kerk te Rustenburg is, waar ik vernomen heb, gezegd, laat men eerst dagvaarden.
>
> (NHKA 1893:15)

Dat Van Belkum hom weer tot 'n skikking gewend het, was 'n gevolg van die Algemene Kerkvergadering in 1893 en dit het met sy brief van 24 November 1893 aan die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerkraad duidelik geword:

> Weleerwaarde Heere,
>
> Nog eenmaal wenst de kerkeraad der Neder. Hervormde Gemeente zich tot u met de uitnoodiging om een Commissie te benoemen om te trachten met eene Comissie onzerzijds de quastie over de kerkelijke eigendommen te Rustenburg langs vredelieweden weg op te lossen.
> Wel heeft onze kerkeraad in zijn brief van den 10e Juli ll. geschreven, dat hij genoodzaakt zou zijn, den wettelijken weg in te slaan tot het verkrijgen der van de Hervormde Gemeente van Rustenburg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toekomende goederen, maar hy wil dit niet doen, voor en aleer het uiterste is beproefd om een proces te vermijden.

Wij worden daartoe gedringen:

Door het besluit van den Volksraad, 24 Juli 1893, genoem en aan U bekend, aan welken wensch wij geheel willen gehoor gevend.

Door het advies van onze Algemene Vergadering waarvan wij de eer hebben eene copie u by deze toe te zenden.

Het is onze ernstige wil om deze quastie langs medeliewende weg op te lossen en stellen u daarom voor, dat Ueerw eene Commissie benoem, liefst en zoo mogelijk bestaande uit leden der Hervormde Kerk, die tot de Vereeniging zijn toegetreden, welke eene Commissie uit onze gemeente voor of op de 26 December 1893 kan ontmoeten.

Aan deze Commissie opdracht en volmacht te geven om eene overeenkomst te sluiten over de kerklijke eigendommen, natuurlijk zondere eenige praejudicie opzichten de rechtsquaestie gelijk ook wij onze Commissie daarvan zullen voorzien.

( NHKA G 2/1/2/3)

Die dagvaardiging deur advokaat Buskes is op advies van die Algemene Kerkvergadering weer eens uitgestel en Van Belkum het dit so aan die kerkraad tydens die kerkraadsvergadering van 23 Desember 1893 verduidelik. Die besluit vir die uitstel is onder andere deur Van Belkum en die afgevaardigdes na die Algemene Kerkvergadering, J A Esterhuysen, H Joubert, J J Botha en J H Boshoff, bepleit. Die eiendomskwessie het op die stadium ‘n konsoliderende uitwerking gehad. Tussen ouderling Esterhuysen en Van Belkum het daar goeie samewerking bestaan, maar dit sou mettertyd verander. Die kerkraadsvergadering van die verenigde gemeente het die brief, waarin voorgestel word dat ‘n kommissie benoem moes word, na die gemeentevergadering van 23 Desember 1893 verwys en daar is besluit:

De Vergadering acht het geheel onmogelijk aan het verzoek van den Kerkeraad der thans bestaande Nederduitsch Hervormde Gemeente

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rustenburg te voldoen. De Vergadering heeft geene vrymoedigheid om eene Commissie uit genoemde Gemeente over de Kerkeigendomme te onderhandelen. De Vergadering beschouwt dat zij door aan dit verzoek te voldoen de ontstaande scheuring slechts bekragtigen en de onmogelijkheid eener broederlijke toenadering bewerkstellen zal. Daar zij echter vuriglijk begeert dat de scheuring geweerd worde en zich overtuigd houdt, dat verwydering der scheuring de éenige uitweg is uit de voorhande moeilijkheden, het eenige middel om duurzamen vrede te bewerken en de gunst van God over Land en Volk te verkrijgen, zo draagt zij aan den Kerkeraad op de thans bestaande Hervormde Gemeente Rustenburg nogmaals de broederhand te reiken: haar mede te deelen, dat de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente Rustenburg even gelijk de Kerkeraad van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente genegen is alle uitgetredene broeders en zusters met bereidwilligheid inden boezem der Gemeente te ontvangen. Ook draagt zij aan den Kerkeraad op om de uitgetredene broeders - de thans bestaande Hervormde Gemeente te verzoeken alle bezwaren, welke zij tegen de Vereenigde Kerk mochten hebben en die als redenen hunner uittreding mochten gelden aan genoemden Kerkeraad te noemen; ten einde alzoo te mogen overwegen of er niet maatregelen kunnen worden genomen, om de bezwaren uit den weg te ruimen en den zoo zeer gewenschte vrede tot stand te brengen.

(NHKA G 2/1/2/3)

Dit is duidelik uit die brief dat die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente 'n ander beeld van die vereniging gehad het. Volgens hulle moes die bestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk as skeuring beskou word. Hulle het veronderstel dat die Hervormde Kerk opgehef is, en dus nie met die kerk as *universitas*, soos dit deur Trichardfonteinse hofsaak uitgewys is, rekening gehou nie. Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg het nou geen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander keuse meer gehad as om hom op 'n hofuitspraak te beroep nie (NHKA G 2/1/2/3). Die gevolg was dat die regsadviseurs versoek is om die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente te dagvaar om die kerklike eiendomme terug te gee.
Dit het die kerkraad van die verenigde gemeente genoodsaak om op 30 Januarie 1894 in 'n buitengewone vergadering byeen te kom. Tydens die vergadering:

> ... wordt voorgelezen een aanschrijving van den zich noemende Ned. Herv Gemeente Rustenburg, eischende voor of op 30 Januarie 1894 afgifte van Kerk, Pastorie, Kerkeraad, Registers...
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Die vergadering besluit dat daar nie aan die skrywe voldoen kan word nie en behandel voorts 'n brief van 82 lidmate uit die wyk van ouderling D G Grobler. Volgens die brief is hulle diep teleurgestel oor die besluit van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeentevergadering op 23 Desember 1893. Hulle is ten gunste van 'n broederlike skikking en indien moontlik hereniging. Voorts word verklaar dat hulle geensins ten gunste van die regsproses is nie en dat die kerkraad geen steun van hulle moet verwag nie. Die vergadering benoem egter 'n kommissie om met die lidmate oor hulle gedrag in gesprek te tree. Op 31 Januarie 1894 het die vergadering die volgende kommissie aangewys om as verweerders in die hofsaak op te tree: ds J C Hefer, J H Barnard (ouderling), J J Meyer (ouderling) en P J Geyser (oud-ouderling). Die saak het op 25 Februarie 1895 voor hoofregter J G Kotze, dr E J P Jorissen en G T Morice gedien, terwyl G A Buskes namens die Hervormde Kerk opgetree het. Op die kerkraadsvergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg op 20 April 1895 het Van Belkum Buskes se telegram voorgelees: '*... de kerkzaak ten voordeele der Ned Hervormde Gemeente was besluit*' (NHKA G2/1/2/3) en tydens die gemeentevergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente het Van Belkum die uitspraak weer gelees terwyl: '*... de uitspraak van de Hof met groote stilte én met blijdschap wordt aangehoord*'.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanuit alle oorde het gelukwensinge gekom onder andere van W J Fockens op 15 Junie 1895 (NHKA:Sarkady L VI/7).

Die uitspraak deur regter Kotze het teruggegryp na die regsbeginsels wat in die Trichardsfontein saak deurslaggewend was (vgl Botha 1961:10 ev). Van die getuies wat namens die Nederduitsch Hervormde Kerk getuig het, was onder andere J A Esterhuysen, W J Esterhuysen en J S Esterhuysen. Tydens die gemeentevergadering van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk op 3 Mei 1895, neem die gemeente kennis van die hofuitspraak en word sewe voorstelle voorgehou:

> No. I. Wil verzet tegen uitspraak.
> No. II. Wil eerbiediging van uitspraak, doch verlangt uitbetaling van geld aan verbeteringen besteed.
> No. III. Wil onderwerping aan uitspraak, doch Commissie naar Regeering afvaardigen, vragende om stoffelyke bydragen ter bouwing van Kerk en Pastorie.
> No. IV. Wil lydelijk verzet; protesteeren tegen uitspraak doch onderwerping om Christus wil, verder twee Commissien aanstellen.
> Met opdracht ondersteuning van Regeering te vragen.
> Met opdracht om met de Hervormden te onderhandelen over reparatie van Kerk en Pastorie en Wagner legaat.
> No. V. M. Robinson en A. Pretorius, voorsteller en secondant: -Dat een Commissie van 7 leden gekozen worde ten einde by de HEd. Regeering aanvraag te doen om zeker stuk grond ten dorp Rustenburg voor 't bouwen van een Kerk en Pastorie, alsmede geldelyke ondersteuning tot opbouw van dezelven; en daarvan rapport te doen aan de gemeente by gelegenheid van het a.s. Nachtmaal in Juli. Insgelyks een Commissie van 7 leden te benoemen ten einde den finantieelen toestand der gemeente sedert het tot stand komen der Vereeniging op te maken en daarvan met de Juli Nachtmaal aan de gemeente verslag te doen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Intusschen behoudt de gemeente zich het recht voor, later na inwinning van rapport harer Commissien over hare zaak finaal te besluiten en te handelen.
>
> (Gerdener 1930:202)

Die meeste voorstelle is egter laat vaar en die gemeente neem die voorstel van Robinson en Pretorius aan. Die Hervormde kerkraad het, nadat hulle van die uitslag verneem het, besluit: '... *dat de kerkeraad den 13 en Julie bijeen zal komen te Rustenburg, om tegenwoordig te zijn bij de overgifte der eigendomme*' (Gerdener 1930:202). Die eerste tekens van spanning tussen J A Esterhuysen en Van Belkum het ook in die tyd duidelik geword. Ouderling Esterhuysen het direk na die opening van die kerkraadsvergadering gevra of die Hervormde Kerk hom berus by die hofuitspraak. Die aanleiding tot sy vraag was die uitstel wat Van Belkum aan 'n Kommissie van die verenigde gemeente verleen het. Laasgenoemde het versoek dat die eiendomme op 'n latere stadium oorgedra word. Van Belkum het sy optrede verduidelik:

> Zaterdag 6 Junie zijn de Heeren J Brink, Landdrost, en W Robinson bij hem gekomen en hebben hem medegedeeld, dat de Neder Hervormde of Geref Gemeente genegen was om de goederen af te geven en daartoe hun beiden met den Heer J Geyser volmacht had verleend.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Tussen Van Belkum en J A Esterhuyse het 'n debat gevolg waarin Esterhuysen die toestemming van Van Belkum veroordeel het. Hy was van mening dat Van Belkum daardeur die staat se beskerming prysgegee het en stel voor: '*Het uitstel verleend door den Voorzitter aan Landdrost Brink, word door den kerkeraad afgekeurd* (NHKA G 2/1/2/3). Dit blyk egter dat die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente nie aan al die hofbevele, soos die oorbetaling van die Wagner-legaat (£1600), kon voldoen nie. J A Esterhuyse het voorgestel dat die helfte betaal word en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kerkraad besluit dat ten opsigte van die saak 'n skikking voorgestel kan word. Op 4 November 1895 word die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk:

> ...verzoeken deur Ueerw [NH Kerkraad-CP], dat uwe Commissie op Maandag den 25 en November 1895 10 uur des morgens in de Consistorie der kerk aanwezig zijn om met onze Commissie eene regeling op te trekken, die wanneer goedgekeurd door de gemeente aan alle geschillen definitief een einde zal kunnen maken.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Die byeenkoms tussen die twee kommissies het egter misluk en dit blyk dat die skikkingspogings vir eers gelaat word, totdat die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk aan die hofbevel uitvoering gegee het. Selfs na die mislukte skikkingspoging het die kerkraad onder invloed van Van Belkum 'n tegemoetkomende gees geopenbaar. Die Hervormde kerkraad het van die tegemoetkomende gees in sy skrywe aan die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk bewys gelewer:

> Evenwel zijn wij bereid, ook uw werk aan de kerk te waardeeren en U daarvan een in ons oog allezins billijke vergoeding toe te kennen, omdat wij niet zijn als het graf, dat onverzadiglijk is.
> Wij wenschen als Broeders met U te handelen: wij wenschen eene verder behandeling van alle haakplekken door het Hof te voorkomen en stellen u daarom voor:
> Wij nemen aan, dat de door U uit het Wagner-legaat ontvangen gelden gebruikt zijn voor de verbetering van het kerkgebouw en zullen dus de uitbetaling daarvan niet vorderen, maar U die gelden als vergoeding voor gemaakte uitgaven toekennen.
> Wij staan echter op de uitbetaling de ons door het Hooggerechtshof toegekende schadevergoeding voor huishuur van Ds Jac Van Belkum ad £405.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Wij eischen niet dat gij ons die som aanstonds in contant geld uitbetaald maar rekening houdende met uwe moeielijke omstandigheden zullen wij ons tevreden stellen met een schuldbewijs betaalbaar over drie, zes of twaalf maanden naar uw goedvinden.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Dieselfde tegemoetkomende gees het tydens die gemeentevergadering van 3 April 1896 geheers toe die gemeente instem om die: '*...geldelijke afrekening aldus te regelen, dat geen der beide partijen iets zal betalen*' (NHKA G 2/1/2/3).
Op 6 April 1896 het die twee kommissies van die kerke ontmoet en is ooreengekom:

> Overeenkomstig den wensch uitgedrukt door Z. Hed. den Hoofdrechter in deze Republiek in zijne uitspraak d.d 13 April '95 – met het oog op de noodzaakelijkheid om in deze voor land en volk zware dagen, eendracht te bevorderen en vrede te bewaren of te herstellen is besloten, dat van dit oogenblik af beide gemeenten geene rekening met elkander meer hebben. De Ned. Herv. Kerk wordt gesteld in het bezit van alle losse goederen in de kerk. De Ned. Herv. of Geref. Kerk wordt in het bezit gesteld van de ontvangen gelden van het Wagner-legaat. De Ned. Herv. Kerk betaalt geen schadevergoeding voor de reperatie aan kerk en pastorie gedurende de jaren 1886-1895 gedaan. De Ned. Herv. of Geref. Kerk betaalt niet uit het bedrag voor huishuur volgens uitspraak van het Hof.
>
> (Pretorius 1986:537)

Die veranderde gees in die skikkingsvoorstel moet toegeskryf word aan 'n nuwe krisis wat kerk en volk getref het, naamlik die Jameson-inval op 2 Januarie 1896 (vgl Pakenham 1988:1 ev; Van Niekerk 1985:81 e.a.). Vir Van Belkum is daar by die heersende stryd op die kerklike en staatkundige gebied, nog 'n strydpunt bygevoeg. Hy moes ook die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg se aansprake teen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die owerheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek beskerm. Die stryd het sy aanloop reeds met die stigting van Rustenburg gekry.

### 3.1.2 Erwekwessie

Rustenburg is van die oudste Afrikanerdorpe en groeipunte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en soos met ander Voortrekkerdorpe, byvoorbeeld Potchefstroom en Pretoria, het kerkstigting en dorpstigting saamgeval. Volgens Engelbrecht (1950:12) het die Volksraad die plase *Kafferskraal* en *Witpensfontein* op 22 Januarie 1850 aan die Nederduitsch Hervormde gemeente aldaar toegeken. Dié toekenning het op 'n versoekskrif gevolg:

> ...van den kerkenraad van Magaliesberg geteekend door twee hondert en zestig zegge 265 perzoonen vraagende aan den Ed. Raad een plaats onbebouwd voortyds behoorende aan den heer H C W Vermaas tot opbouwen van een Gereformeerde kerk.
>
> (Breytenbach & Pretorius 1949:113)

Die versoek is toegestaan op voorwaarde dat die een helfte van die erwe vir die kerk sou wees en die ander helfte deur die publiek gekoop kon word, dat die kerkraad die volle reg sal behou ' *...om nimmer een kantien of openlijke taphuis'* toe te laat nie en die dorp, as dit nodig sou wees, onder die bestuur van 'n landdros geplaas moes word. Aan die voorwaardes het die volksraad ook verder bygevoeg dat indien Vermaas weer na die gebied sou terugkeer en dit blyk dat hy hom aan geen misdaad skuldig gemaak het nie, hy 'n ander stuk grond in die plek van die twee genoemde plase kon kry. Volgens die volksraad moes drie lede naamlik, A W J Pretorius, P F J Pretorius en J F van Stade '*...met de leeden van de kerke colegie zal gaan om na de geschikste gelegendheid te zien voor den aanleg (der) kerkplaats*' (Breytenbach & Pretorius 1949:113). In die daaropvolgende jaar, 5 Mei 1851, het die volksraad 'n versoekskrif van H C W Vermaas behandel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...om de vervalle plaats voormaals aan hem behorende en gekomen tot een kerkplaats volgens Raadsbesluit op versoek der gemeente van Magaliesburg aan hun toegestaan. De Raad de saak verder in overweging genomen hebbende, heef de Edele Raad aan H C W Vermaas 2 erven toegekent die voor publieke eindens uitgehouden is.
>
> (Breytenbach & Pretorius 1950:27,28)

Vermaas het uiteindelik nie die twee erwe in besit geneem nie, maar is deur die volksraad met £100. 00 (eenhonderd-pond) vergoed. Volgens die volksraadsbesluit van 15 Junie 1852, het die volksraad 'n derde van die bedrag uit die staatskas betaal en die andere twee-derdes moes deur die kerkraad betaal word. Indien die kerkraad nie daartoe instaat was nie, sou die twee erwe soos per besluit as kompensering beskou word (Breytenbach & Pretorius 1950:72,73).

Engelbrecht het aangedui dat die plase *Kafferskraal* en *Witpensfontein* in April 1843 aan H C W Vermaas toegeken is. Wulfsohn (1992:3) meld egter:

> A most determined search in the Archives of the Deeds Office in Pretoria and the Nederduitsch Hervormde Archives in the same city, could not reveal any evidence that these farms had been donated by the Volksraad to the Hervormde Kerk. To compound the mystery, no mention could be obtained of farms with the basic name of Zwarwitpensbokfontein or any derivative thereof.

Hendrik Cornelius Wilhelmus Vermaas, waarna verwys word, was 'n grootwildjagter in die Rustenburg omgewing en later veldkornet in die Rustenburgse distrik. Die vroegste melding van H C W Vermaas word deur die Franse ontdekkingsreisiger, Adulphe Delegorgue, gemaak:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> In the course of my journey I crossed the Mooi-Rivier several times. Up near the source, I outspanned close by the dwelling of Mr Vermaes who was unfortunately away with his family.
>
> (Webb 1997:171)

Delegorgue gaan voort en vertel van die noue ontkoming wat Vermaas en sy seuntjie met 'n leeuwyfie gehad het; hy het met sy terugkoms dit aan Delagorgue bevestig. Ten tye van die ontmoeting met Vermaas was die enigste erkende gesag, wes van die Drakensberg, dié van Hendrik Potgieter. Andries Pretorius sou eers na die anneksasie van Natal in 1847 na die Transvaal vertrek. Van 'n erkende en sentrale gesagsliggaam was vir eers nie sprake nie. Op 20 Maart 1849 het die Volksraad aan die Olifantsrivier vergader en tydens dié vergadering is die gedagte geopper dat eenheid onder die drie groepe Voortrekkers, Potgieter, Burger en Pretorius, bewerk moet word. Die Potgieter-groep het nie die eenheidstrewe ondersteun nie en het volgens De Jong (1993:51) die vergadering voor sy einde verlaat. Twee maande later, op 22 en 23 Mei te Derdepoort, het die eenheidstrewe weer misluk. Ofskoon die aanwesiges besluit het om '*Vereenigde Band van de geheele maatschappij aan deze zijde van de Vaalrivier*' te skep, het die afwesigheid van Hendrik Potgieter die strewe gedoem. Versoening sou eers in 1852 bereik word. Die gebrek aan 'n sentrale owerheidstruktuur in 1849-1852 verklaar ook die gebrek aan 'n administratiewe struktuur. Die volgende melding van H Vermaas is in 1849 toe *Een waaren en waarachtige Emigrant*, aan A W J Pretorius op 17 September skryf:

> Veel geachte en Wel. Edele Heer A W J Pretorius, thans president van het Volksraad, en meede de andere heeren van het Volksraad, hiermeede bevindt ik my verpligt, terwyl ik een waare en waarachtige emigrant ben, om u Edelens alle met eenige dingen bekent te maaken en zelfs eenige vragen te doen. Op den 6 Aug 1849 wierd A van der Colft na den Landeros Lombart gebragt door H Vermaas en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Delport, beschuldig met diefstal van paarden gepleegd in het distrik Winburg van twee publieke verraders.
>
> (Pretorius & Kruger 1937:392)

Die skrywer tree in die bres vir wat hy meen 'n onreg is wat teen A van der Colft gedoen is. In sy betoog meld hy die volgende:

> Nu is myn vraag: voor een tyd geleden wierd H Vermaas aangeklaagd voor verraadt door A van der Colft en P Scholtz, en het wierd hen zoo ver voor het hof bewezen dat Lombart H Vermaas onder 500 Rds borgtog stelde. Wat ben van de zaak geworden? H Vermaas wierd opening gegeve om alle gronden van hem tot geld te maken en na den Colonie te vertrekken.

Die volksraadsnotules maak ook melding van die saak waarin Van der Colf, Lombard en Vermaas betrokke is, maar dit blyk verder dat Vermaas nie die republiek verlaat het nie, maar hom in die omgewing van Potchefstroom gevestig het; verder word dit ook uit die kassiersverslag aan die Volksraad duidelik dat Vermaas wel die transport op die twee erwe in Rustenburg betaal het. Vermaas sowel as sy seun was lede van die volksraad en het dus nie soos die briefskrywer beweer die plase verkoop en na die kolonie gevlug nie, maar hulle in Rustenburg en Potchefstroom omgewing gevestig. Die grondtransaksie tussen die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg en die Volksraad het tydens Van Belkum se dienstyd weer ter sprake gekom. Trouens, Van Belkum se dienstyd te Rustenburg is gekenmerk deur 'n stryd om eiendomme, enersyds teen die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk en andersyds teen die Volksraad.

Tydens die kerkraadsvergadering van 29 Augustus 1892 het die vergadering van die Volksraad se voorneme om 1800 erwe in Rustenburg te proklameer, kennis geneem. Die vergadering besluit hierop om die Volksraad van die kontrak tussen die kerk en die staat in kennis te stel en versoek die staat om aan die Hervormde Kerk se

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aansprake aandag te gee (NHKA G 2/1/2/3). Die kerkraad het ondermeer in die skrywe verwys na:

> ...een omstreeks het jaar 1860 met het Gouverment gesloten contract, van den kerkeraad der Hervormde Gemeente van Rustenburg zal worden gegeven een gelijk aantal erven, als de Regering te Rustenburg zal uitgeven.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Die Uitvoerende Raad van die ZAR-regering het op die skrywe van die kerkraad gereageer en op 31 Maart 1893 word die kerkraad versoek om verdere besonderhede van die kontrak tussen die gemeente en die regering te verstrek. Die kerkraad het versoek dat ds G W Smits die vergadering toelig oor die kontrak tusen die regering en die gemeente, waarop ds Smits onderneem het om 'n inligtingstuk saam te stel. Van Belkum kry die opdrag om, nadat hy die inligting gekry het, op die regering se skrywe te antwoord (NHKA G 2/1/2/3). Gedurende Mei 1893 skryf hy:

> In antwoord op de Regeerings missive R 10203/92 en BB 256/93 heb ik de eer U te berichten dat bedoeld contract (niet omstreeks 1860 zooals ik vroeger onb[....] schreef), maar omstreeks 1864 of 1865 tusschen de Regeering en den kerkeraad der Nederd. Hervormde Gemeente gesloten, voor het tegenwoordige in het bezit is van het kerkeraad der Nederd. Hervormde of Gereformeerde Gemeente van Rustenburg en dus noch in origineele noch in transscripto door mij kan worden voortgebracht, doch dat ik na onderzoek de volgende informatien u kan geven.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum het ook na die ontstaan van Rustenburg , wat oorspronklik op versoek van die gemeente toegestaan is, verwys en het ook van die voorwaardes aangehaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die regeringsgebou sou ondermeer aan die suide van Boomstraat opgerig word en die erwe tussen die regering en die Gemeente moes gelykop verdeel word. Van die laaste voorwaarde is die toekenning van 12 erwe aan die Gereformeerde kerk 'n voorbeeld. Die amptenary van die regering het terselfdertyd aan die Hervormde Gemeente ook 12 erwe toegeken.

Die hofsaak tussen die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente en die Hervormde Gemeente het die korrespondensie met die Uitvoerende Raad vir eers op die lange baan geskuif. Eers in Desember 1893 het Van Belkum die erwekwessie weer met die Uitvoerende Raad opgeneem. Soos dit eerder geblyk het, het die stryd oor die kerklike eiendomme tussen die gemeentes, ook die erwekwessie belemmer. In Van Belkum se brief word die wederkerige invloed duidelik, hy skryf dat die:

> ...contract niet te vinden zijn in het Archief den Ned Hervormde kerk, thans in bezit van den kerkeraad der Neder Hervormde of Gereformeerde Gemeente, mij geinformeerd is. Dat bedoeld contract aangeteekend is op de achterzijde van het transport der plaatsen *Kafferskraal* en *Witpensfontein* (dist Rustenburg) thans uitmakende het dorp Rustenburg en dat dit transport of deze transporten, als eigendom der Hoog Edele Regeering diezer lands gevonden kan worden in het kantoor van den Heer Registrateur van Acten.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum het hom hierin waarskynlik op die inligting van G W Smits en P J van Staden verlaat. Volgens Engelbrecht (1950:15) is P J van Staden in 1851 voorlopig as landdros van Rustenburg verkies en in die Volksraadsvergadering van 9 Augustus 1853 (Breytenbach 1950:144) is P J van Staden as landdros van Rustenburg ingesweer. Behalwe sy diens as landdros het hy ook as lidmaat van die Hervormde Gemeente van die kerklike aangeleenthede kennis gedra. Sy vader, P J van Staden, was van die eerste ouderlinge in die gemeente en een van die opstellers van die Januarie 1850 versoekskrif, die versoek tot kerkstigting, was daarom deels die gevolg van sy invloed. Vir Van Belkum was P J van Staden (jr) 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onmisbare bron in sy korrespondensie met die Uitvoerende Raad. Van Belkum se argumente het egter op die Uitvoerende Raad geen indruk gemaak nie en in die Uitvoerende Raad se skrywe van 15 Februarie 1894 is die gemeente se aansprake afgewys. Van Belkum het hierop namens die gemeente gereageer en die kerkraad se verbasing oor die Uitvoerende Raad se standpunt gestel veral ten opsigte van die Uitvoerende Raad se eis dat die gemeente die kontrak moet voorlê. Hy vra:

> ...is het de schuld der kerkeraad, dat het Uitvoerende Raadsbesluit van 6 September 1864 in de Archieven van het Gouvernement zijn zoekt geraak. Kan het de kerkeraad van Rustenburg helpen dat het transport op de Regeering ook al verloren is, zoodat de Regeering het eigendomsrecht op de dorpsgronde zelve niet kan bewijzen?
> Is het wederom de schuld van de Nederd Hervormde Gemeente van Rustenburg op dit oogenblik niet in zijn bezit is, zoodat hij noch de oude notulen noch de oude reekeningen kan doorzoeken?
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum het die Uitvoerende Raad gewys op sy onwilligheid om getuienis en verklarings as bewyse te aanvaar en stel dat die president self tydens die kontraksluiting op 13 September 1864 teenwoordig was en dus ook daarvan kan rekenskap gee. Die kerkraad is ontstel oor die skrywe van 15 Februarie 1894 en Van Belkum stel dat ten einde die gemeente se regte te handhaaf, word teen die Uitvoerende Raad se besluit geprotesteer.
Dit kan nie ontken word dat die kerklike eiendomkwessie en die erwekwessie nou bymekaar aangesluit het nie. Die gemeente en Van Belkum self was gesteld daarop dat die Hervormde Kerk se regte gehandhaaf word. Tydens die kerkraadsvergadering van 12 Oktober 1894 het die kerkraad besluit dat 'n kommissie benoem word wat met die Uitvoerende Raad in Pretoria sal onderhandel. Die kommissie het bestaan uit Van Belkum, J S Esterhuysen, D G Coetzee en P J van Staden, vroeër landdros van Rustenburg. Die kerkraad het eers op 20 April 1895 weer aan die erwekwessie aandag gegee. Die uitspraak van die hooggeregshof ten gunste van die Hervormde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerk op 13 April 1895, het die kerklike eiendomskwessie tussen die twee gemeentes besleg. Dit het ook die aanleiding geword om die erwekwessie te bespreek.
J S Esterhuyse het tydens die kerkraadsvergadering, nadat die brief van prokureur Buskes voorgelees is, voorgestel: '*...om nu terstond by de Regeering aanzoek te doen om de quaestie over het kerkplein en de dorpserven uit den weg te ruim*' (NHKA G 2/1/2/3). H Joubert het egter gemaan tot geduld en versoek dat die saak verder geneem word sodra die dokumente, wat in besit van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk was, oorhandig is. Die voorstel het byval gevind en:

> ...wordt aan den Voorsitter, de BBr J S Esterhuyse en J van der Westhuysen opgedragen de belangen der kerk in deze te behartigen en desnoods er voor te waken.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

In die vergadering van 26 Desember 1895 het die kerkraad die brief van die Uitvoerende Raad aangaande die erwekwessie behandel. Hierop het J A Esterhuysen voorgestel dat 'n kommissie, bestaande uit Van Belkum, J J van Rensburg en H Boshoff, benoem word met die opdrag:

> ...om in ruil voor het contract van 1864, de Regeering te vragen £1000, een duisend pond sterling in geld of de plaats Wildevijgeboomspruit, gelegen by Ramakokstad en verder aan de regeering te verzoeken zeker stuk grond gelegen op het hoogeveld naby Koesters-fontein.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Die kommissie kon egter nie met die Uitvoerende Raad in Pretoria onderhandel nie en op aanbeveling van president Kruger, moes die saak skriftelik afgehandel word. Van Belkum meld in die vergadering van 5 April 1896 dat hy aan Kruger se advies,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitvoering gegee het. Op 18 Julie 1896, behandel die kerkraad die brief van J Minnaar, Registrateur van Akte. Daaruit het geblyk, dat:

> ...de Regeering genegen is om voor de vernietiging van het contract gesloten in of omstreeks 1862 tusschen het Gouvernment der Z. Afr. Republiek en den kerkeraad der Ned. Hervormde kerk aan de gemeente toe te kennen
> 1. De plaats Vijgeboomspruit
> 2. Transport van de erf met 25 voeten grond aan alle zijden.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Hiermee het die regering dus erken dat daar wel 'n kontrak bestaan het. Die eerste wat voorgestel is, is goedgekeur maar die tweede is verwerp, omdat dit kerkplein sou vervreem en die kerkraad gee aan Van Belkum opdrag om die saak aan die Uitvoerende Raad deur te gee. Engelbrecht (1950:74) dui aan dat die Hervormde Kerk, veral ten opsigte van die tweede punt, veronreg is. Die kerkplein is wel toegeken aan die Hervormde Kerk, maar op voorwaarde dat dit ook as dorpsplein sal dien. Die Hervormde Gemeente, moes by gebrek aan dokumente, voor die eise van die Uitvoerende Raad kapituleer en tydens die gemeentevergadering van 3 Oktober 1896 versoek Van Belkum die gemeente se toestemming om:

> ...aan de regering der Zuid-Afrikaansche Republiek te transporteeren de plaatsen Zwartwipensbok-fontein en Kafferskraal uitmakende de dorpsgronden van het dorp Rustenburg, wanneer de onderhandelingen daarover ten genoege van den kerkeraad zijn afgelopen.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum se dienswerk in die gemeente Rustenburg het dus vir 'n groot deel rondom die stryd oor eiendomme gewentel; enersyds die kerklike eiendomskwessie wat uit die mislukte kerkvereniging voortgevloei het en andersyds die erwekwessie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat vanweë administratiewe agterlosigheid, die gemeente in stryd met die Uitvoerende Raad gebring het. Van Belkum het in die verband die Hervormde Gemeente se belange en regte verdedig, maar het hom deur die insigte van oudl J A Esterhuyse, di M J Goddefroy en C W du Toit laat lei. Indien skikking en onderhandeling geen oplossing kon bied nie, het hy die regsproses as finale oplossing gesien. Sy optrede teenoor die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Gemeente getuig van minlikheid en teenoor die Uitvoerende Raad het hy sondermeer die aanspraak van die Hervormde Kerk binne sy vermoë gehandhaaf. Nogtans het Van Belkum, ten spyte van die voortslepende eiendomskwessie en die verwikkelinge op die politieke horison, soos die Jameson inval, sy dienswerk in die gemeentes georganiseer. In die kerkraadsvergadering van 8 Junie 1891 is van die eerste sake wat die kerkraad goedgekeur het, die koop van 'n seil wat as vloer in die pastorie moes dien en nadat die eiendomme terugbesorg is, het die kerkraad dadelik aandag aan die herstel van die kerkgebou en pastorie gegee. Die gemeente se gang is verder bestendig deur gereelde eredienste en voorts is die gemeente in sewe wyke verdeel naamlik: Sterkstroom, Steenrivier, Rustenburg, Pilansbergen, Elandsrivier, Swartruggens en Hoogeveld. Op 'n vraag van oudl A Botha hoe met lidmate, wat nog in die verenigde gemeente is, gehandel moet word, het die vergadering besluit:

> Van de zulken te vragen, dat zij hun bedankbrief inzenden bij den kerkraad den vereenigde kerk en zoo nodig hunne attestatie zullen opvragen'
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Na die oplossing van die eiendomskwessies het die verwydering tussen Van Belkum en J A Esterhuysen ongelukkig groter geword. Van Belkum het egter ook met ander ongelukkighede te doen gekry soos dit uit sy brief aan die Rustenburgse kerkraad van 29 April 1899 geblyk het. Daarvolgens is daar 'n element in die gemeente wat stel: '*...de leeraar is een vriend der ryken alleen en hij is een leugenaar want hy doet geen huisbezoek*'. Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het egter die situasie van die gemeente en die leraar radikaal verander.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum se dienswerk was, soos dié van sy kollega M J Goddefroy, in die die eerste jare van die gemeente, gerig op die handhawing van die Hervormde Kerk en die reorganisasie van die gemeentes (vgl Botha 1981:53). Die beslegting van die eiendomskwessies in die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg het nogtans vir Van Belkum en die gemeente baie minder probleme opgelewer. Dit was ook die geval met die kombinasie-gemeente, Marico.

### 3.1.3 Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Marico

In die Nederduitsch Hervormde Gemeente Marico het Van Belkum met soortgelyke probleme te doen gekry. Die verbintenis tussen die Marico-gebied en Rustenburg strek sover terug as November 1857 toe die Malopo en Marico gebiede onder Rustenburg-distrik geplaas is. Kerklik het Marico egter nog vir jare onder Potchefstroom geval en tot in 1875 het ds Dirk van der Hoff ook daar sy dienswerk verrig. Hoewel Diederik Coetzee reeds in 1858 by die aankoop van die plaas *Hazenjacht* dorpstigting in die oog gehad het en verskeie pogings daartoe aangewend het, is die dorp Zeerust eers in 1866 aangelê (Rex 1971:169 ev). Op 30 Julie 1866 het Diederik Coetzee verklaar:

> Ik Diederik Jacobus Coetzee, ziende de noodzaaklikheid van een Dorp, voor onzen handel, Kerk en school en nademaal wy geen dorp door ons geacht Gouvernment hebben kunnen verkregen zoo wil ik de plaats Hazenjacht met voldoent weyveld voor het dorpsvee uitgeven en ook zal ik een lap grond present doen aan de Nederduitsch Hervormde Kerk, en ook een lap grond voor eene markt en Kantoor.
>
> (Rex 1971:177)

Diederik Coetzee het deurlopend in sy korrespondensie verwys na die behoefte aan 'n kerkgebou. Op 27 Augustus 1866 het hy in sy brief aan M W Pretorius die dorpstigting verder gemotiveer deur te wys na die betekenis wat die dorpstigting vir

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die voortgang vir die kerk beteken het. Volgens hom: '*...zal hier Kerk wees door Van der Hoff en dan is de menschen van plan om ofer de Kerk te werk om een aanvang te nemen met bouwen*' (Coetzee, in Rex 1971:193). Die oprigting van die kerkgebou het goed gevorder en op 2 Februarie 1870 het Diederik Coetzee en sy vrou die skenkingsakte aan die gemeente oorhandig:

> Het is hiermede kennis aan allen en een ieder die het moge aangaan dat de ondergetekende Diederik Jacobus Coetzee en Maria Isabella Coetzee bijde hunne hoedangiheid als wettig en gemeenschappelijke egtgenoten op hunne vast Eyendommen beraadslagen, zoals zij bij deze doen en overeen zijn gekoem om eenen gescheynk te gefen aan de Nederduits Hervormde Gemeynte van het destrijk Mariko zeeker stuk grond afgemerk op het algemene plaan van het dorp Zeerust tot een ewigdurende eygendom om daarop een Kerk te laten bouwen onder de naam Nederduids Hervormde Kerk. En wel onder de volgende voorwaardes en condities:
>
> 1e Dat genoemde stuk grond zooals op de algemene plaan is afgemerk een ewig durende eygendom zal zijn en blijf aan de N. D. H. Kerk te Mariko.
>
> 2e Dat genoemde stuk grond nog een gedeelte daarvan door het bofengenoemde gemeynte niet kan of mogen ofer gemaak worden aan enige ander kerken of Genootschapen.
>
> 3e Genoemde stuk grond sal geregistreerd worden op de N. D. H. Gemeynte van het distr. Mariko zoodra sy het begeer.
>
> 4e Alle kosten tot verkrijging van Transport zal door het Gemeynte moeten betaald worden.
>
> 5e Deze gescheynk is geschied onder een nomminale somma van een pond sterling.
>
> (Rex 1971:196, 197)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gemeente het dus voor formele stigting, wat op 12 Junie 1871 deur die Kommissie van die Algemene Kervergadering goedgekeur is, sy eie kerkgebou in gebruik geneem (Rex 1971:198). In April 1875 is die eerste predikant, ds J C de Vries, onder voorsitterskap van ds Van der Hoff, beroep (Rex 1971:202). Die mislukte kerkvereniging het egter die gemeente van sy eiendomme vervreem en Van Belkum moes, soos in Rustenburg se geval, om die gemeente se eiendomsreg stry (vgl Pretorius 1986:538). Nadat Van Belkum en sy gesin op 27 Mei 1891 aangekom en hy op 30 Mei gepreek het, het hy na Rustenburg vertrek. Hy het na sy bevestiging deur ds Goddefroy op 5 Junie, op 14 Junie 1891 sy intreepreek op Marico gelewer. Soos te Rustenburg het die kerkraad op aanbeveling van die Algemene Kerkvergadering ook te Marico gepoog om 'n skikking te bewerk. Tydens die Algemene Kerkvergadering van November 1893 lui C G Coetzee se verslag:

> De kerklijke eigendommen zijn in het bezit der Vereenigde Kerk. Wij hebben op vredelievende wijze willen schikken, doch alles tevergeefs. De gemeente dringt aan op het bezit der eigendommen.
>
> (NHKA 1893:8)

Ouderling C G Coetzee het later tydens dieselfde vergadering vier gronde vir die voortbestaan van die gemeente aangevoer: die gemeente was nie op die eerste Algemene Kerkvergadering teenwoordig nie, die gemeente was oningelig oor die vereniging, die konsulentsgemeente van die Nederduits Gereformeerde Kerk te Jacobsdal het by die Hervormde Gemeente aangesluit en laastens is uitdruklik beswaar teen die Kerkwet van die verenigde kerk aangeteken (NHKA 1893:21). Hoewel vrae oor dié gronde gevra sou kon word, was dit in elk geval duidelik dat die grootste gedeelte van die gemeente nie met die kerkvereniging tevrede was nie. Na die Algemene Kerkvergadering van 1893 het die eiendomskwessie in Marico etlike jare gesloer. Op 13 April 1895 het die Nederduitsch Hervormde Gemeente die volgende skikkingsvoorstel aan die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente gemaak:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De Commissie vertegenwoordigende de Ned. Herv Gemeente van Marico, in overweging nemende dat de kwestie aangaande kerkelijke eiegendommen bestaande tusschen de Ned. Herv en Ned Herv of Geref Gemeentes van Marico reeds voor een zeer lange tijd hangende is en inziende de wenschelijkheid die er beidere zijds bestaat om deze langdurige kwestie ten einde te maken, stelt aan de Com: vertegenwoordigende de Ned. Herv. of Ger Gemeente van Marico voor als volgt:

De Ned Herv. Gemeente doet afstand ten gunste van de Ned. Herv of Ger Gem het 1½ pastorie erf met pastorie gebouw daarop staande onder de volgende voorwaarde nl. Dat de Ned of Geref Gem. als compensatie aan de Ned. Herv Gemeente toegeeft het Watererf door het gouvernment de Z. A. R aan de Ned Herv of Geref gemeente onlangs gegeven.

De Ned. Herv Gem doet afstand van alle gecollecteerde en Bazaarsgelden alsmede Huurgelden door de Ned. Herv of Ger Gem. ontvangen van de heeren J Reid & co voor en tot op den datum waarop transport van het kerk eigendom gevallen is op de Ned Herv Geme Marico.

De Ned Herv Gem neemt aan om transport aan de heeren J Reid & co te geven van het stukje grond aan gezegde heeren verkocht door de Ned. Herv. of Geref Gem op voorwaarde dat het Erf door de heeren J Reid & co aan de Ned Herv of ger gem gegeven, op de Ned Herv Gem van Marico zal worden getransporteerd.

De Ned Herv Gem Marico neemt aan om alle transport kosten te betalen in verband met de eigendommen door hen te worden getransporteerd, mits de Ned Herv of Ger Gem aanneemt alle transport kosten en hereen rechten te betalen van eigendommen doorhen te worden getransporteerd in verband met deze zaak.

De Ned Herv Gem behoudt de Kerkplein en Kerk daarop staande als haar eigendom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De Ned Herv of Geref Gem handigt over en geeft terug aan de Herv gem.
> De Huurcontract bestaande tusschen de Ned Herv of Geref Gem en de heeren J Reid & co.
> De somma van (£200) Tweehonder pond sterling in volle afdoening van alle huurgelden ontvangen door de Ned Herv of Ger Gem van de heeren J reid & co van af de datum van transport valling.
> 7. Dat al de boeke de Herv Kerk voor het jaar 1885 eiegendom blijve en in bezit kome van de Ned Herv Gem maar dat beide partijen van alle boeken na 1885 afschriften kunnen nemen.
>
> (NHKA 1895)

Die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk het nog op dieselfde dag hiervan kennis geneem en die voorstel aangeneem. Op 7 Mei 1895 is dit voor die waarnemende landros, M E Gey, bekragtig. Namens die Hervormde Gemeente het P T van Staden en C G Coetzee geteken en namens die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk S J van der Spuy en S J J Coetzee.
Die gemeente het dus nou weer oor hulle eiendomme beskik en Van Belkum kon sy aandag aan die gewone dienswerk in die gemeente bestee. Die gemeente het onder die rustiger omstandighede gegroei. Op 7 Januarie 1898 het J N de Beer, landdros van Zeerust, op Van Belkum se brief van 4 November 1896 gereageer. Volgens die skrywe het Van Belkum namens die kerkraad die regering versoek om die plaas 'Buitenkraal' no 244 aan die gemeente te skenk en die regering het die versoek toegestaan.
Die hoë eise van die uitgestrekte gebiede, die stryd rondom die eiendomskwessies en die talle konsulentskappe het sy tol begin eis. Vir Van Belkum sowel as die gemeente was dit nie die ideale toestand nie en hy het hiervan by die Buitengewone Algemene Kerkvergadering van 1897 laat blyk:

> Ik spreek gedrongen door de liefde van Christus. Wij, leeraars, zijn overkropt met werk. In October moet ik 8 malen op verschillende

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> plaatsen nachtmalen houden. In een half jaar was ik slechts 40 dagen, en dat nog met groote tusschenpoozen, thuis. Doch dat is niets, daar ik het uit liefde doe, en als genaturaliseerd burger den Transvaler een Transvaler wil zijn.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1897= NHKA 1897:19)

Van Belkum en Van Brugghen het tydens die vergadering ook 'n verdere eis van die predikant se dienswerk uitgewys, naamlik die stryd teen die morele verval vanweë die Afrikaner se verstedeliking. Die ontdekking van goud in 1886 het aan die bevolking van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* nuwe moontlikhede gebied, maar die gebrek aan predikante en die daaropvolgende verstedelikingsproses, het deeglike pastoraat onmoontlik gemaak en morele verval het toegeneem. Volgens Van Belkum:

> Wij kunnen geen voldoend tucht uitoefenen. Ontucht neem toe; misbruik van drank is groot. Wij kunnen er niets aan doen omdat wij niet in rapport staan met onze gemeente. Catechisatie kunnen wij niet houden.
>
> (NHKA 1897:20)

Die behoefte aan meer predikante is deur diensdoende predikante van die kerk sowel as die gemeentes aangevoel. Op 19 April 1897 het die kerkraadslede van Marico, J C Coetzee, M C van Staden, J van der Merwe en J S du Plessis in die Rustenburgse kerkraadsvergadering sitting geneem. Volgens J C Coetzee het die Marico-kerkraadslede die vergadering bygewoon:

> ...om te hooren wat de kerkeraad van Rustenburg wil in zake van de beroeping van een Leeraar. Er is in Marico een deel der gemeente, dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> een predikant begeert en een ander deel is tevreden met den tegenwoordigen toestand.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Die gebrek aan gereelde eredienste was van die redes vir die ontevredenheid (NHKA G 2/1/2/3). Tydens die vergadering het ouderling J S Esterhuysen op die verskeie konsulentskappe, wat deel was van Van Belkum se dienswerk, gewys en gevra of die konsulentskappe afgeskaal kan word. Van Belkum was ondermeer konsulent van Venterskroon (1888), Lichtenburg (1891), Krugersdorp (1891),Wolmaransstad (1892), Makwassie, en Bloemhof. Van Belkum het op die opmerking om die konsulentskappe te verminder gereageer en gestel:

> Er wordt altijd gesproken van de gemeente en gaat geheel buiten de leeraar om. De leeraars is beroepen voor beide gemeenten en de beroepsbrief is een contract. Dit kan zoowel door de gemeente, als door den leeraar herroepen worden, als de leeraar niet goed doet. De gemeente Marico vraagt meerdere diensten, maar hy kan ze niet geven, daar ook de consulentsgemeente geholpen moeten worden.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Van Belkum het verder op die gebrek aan offervaardigheid gewys, maar veral die leiding van die kerkraad beklemtoon. Sy argument was dat die gemeente onder leiding van die kerkraad staan en dat daar nie sondermeer na die wil van die gemeente geluister moet word nie. J A Esterhuyse het egter van Van Belkum verskil, hy wou nogtans die gemeente raadpleeg. Die kerkraad van Rustenburg het egter teen die voorstel om 'n kommissie na die gemeente Marico af te vaardig, besluit. Die wrywing wat tussen Van Belkum en gemeente Marico bestaan het, het gedurende Junie sy hoogtepunt bereik. Gedurende die kerkraadsvergadering van Rustenburg op 1 Oktober 1897 stel hy dat hy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...aan de gemeente van Marico heeft bekend gemaakt dat hij na 1 October 1898 die gemeente niet meer kan bedienen. Hij heeft besloten alleen voor het gemeente Rustenburg predikant te zijn.
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Volgens die skriba van die vergadering, R de Beer, het die mededeling tot 'n uitgebreide gesprek gelei. Sommige kerkraadslede was van mening dat die verantwoordelikhede ten opsigte van die konsulentsgemeentes eerder gelaat moes word en dat Van Belkum te haastig was en dat hy geen reg gehad het om tot so 'n stap oor te gaan nie. Van Belkum het daarop gewys dat dit vir hom onmoontlik was om sy werk goed te doen en dat beide gemeentes groot genoeg is om elk 'n leeraar te onderhou. Dit is uit Van Belkum se kommentaar duidelik dat die werklas en die groot afstande tussen gemeentes te veel is. Tydens die gemeentevergadering het daar eweneens onrus oor, wat as oorhaastige daad beskou is, geheers (NHKA G 2/1/2/3).
Na die opheffing van die kombinasie het Van Belkum en ouderling M P Basson tydens die 1898 Algemene Kerkvergadering voorgestel:

> De afgevaardigden Kerkeraadsleden van Marico en Lichtenburg verzoek een predikant te mogen beroepen met goedvinden van Rustenburg.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1898= NHKA 1898:39)

Die predikant wat Van Belkum in die gemeente Marico opgevolg het, was ds J Beyer. Hy het egter nie lank in die gemeente, wat toe met Lichtenburg gemeente in kombinasie was, gedien nie. In Mei 1899 het hy vanweë sy gade se swak gesondheid 'n beroep na Standerton aanvaar. Van Belkum moes toe weer as konsulent die gemeente Marico bedien.
Van Belkum se arbeid in die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Rustenburg en Marico is veral aangevul met sy arbeid op die sinodale vlak. Vir Van Belkum was nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

net die oprigting van 'n eie teologiese opleiding onmisbaar nie, maar die kerk se taak ten opsigte van sending en onderwys moes aandag kry.

## 3.2 Van Belkum se arbeid op sinodale vlak

### 3.2.1 Opleiding van Predikante

Die kerkraad van die gemeente Rustenburg het op 28 Februarie 1898 die brief van C J Janse van Rensburg behandel:

> ...verzoekende een beschrijvingspunt voor de Algemene Vergadering te brengen omtrent het oprichten eenen school tot opleiding van predikanten'
>
> (NHKA G 2/1/2/3)

Hierop het die kerkraad 'n beskrywingspunt geformuleer wat op die Buitengewone Algemene Kervergadering van 10 Januarie 1899 behandel is. Van Belkum het die beskrywingspunt op die vergadering so gemotiveer:

> ...dit voorstel van Rustenburg beveel zich zelf aan. Hij deelt als gevoelen van de kerkeraad van Rustenburg mede dat aan de kerkeraden opdracht gegeven worden de leden te vragen jaarlijks te willen bijdragen; de algemeene commissie op te dragen regulaties vast te stellen en de Regeering om hulp te vragen.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1899= NHKA 1899:13)

Goddefroy het hierop verwys na die besluit van 1890 wat op voorstel van M J Willemse (Mapochsgronden) geneem is. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1890, het Goddefroy die onderrig in die Nederlandse universiteite toegelig en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderskei tussen moderne en regsinnige instellings. Goddefroy het baie duidelik gestel dat die Hervormde Kerk 'n universitere opleiding beoog en nie 'n kweekskool nie.

> De voorzitter zegt dat de Regeering verleden jaar aan den Volksraad heeft voorgesteld om een Hoogeschool te stichten. De staat gaat ons dus voor. Wij moeten een Hoogeschool hebben – geen Kweekschool! Maar een Hoogeschool moet eerste geboren worden. Er zullen nog jaren voorbijgaan eer wij een Hoogeschool hebben, want aan ierdere hoogeschool behooren vijf vakken onderwezen te worden, nl., Theologie, Medicijnen, Rechten, Letteren, en Filosofie. Nu zal het beter zijn dat wij voorlopig nog de elementaire opvoeding onzer kinderen hier geven, en hen dan naar Hoogescholen in holland zenden: het land dat het meeste met onze taal, zeden en gewoonten overeenkomt. Een kweekschool is tegen ons Ned. Herv. beginsel. In onze kerk werden nooit leeraars toegelaten of zij moeten hunne opleiding aan een werkelijke universiteit gehad hebben.
>
> (NHKA 1890:20)

Goddefroy het egter die die vergadering gewys op die noodsaaklikheid van predikante, veral uit Nederland, daarna kon meer aandag aan die opleiding van predikante gegee word. Ofskoon Goddefroy die opleiding van predikante in 1890 in beginsel ondersteun het, het hy, op daardie tydstip, die opleiding in die Transvaalse republiek ontmoedig (vgl Botha 1981:80 en 81). In 1893 het die opleiding van predikante weer ter sprake gekom toe C J Joubert voorstel dat die Kerk daadwerklik aandag gee aan die opleiding van predikante. Goddefroy se reaksie het weer eens gedui op die eise van so 'n opleiding. Hy het sy verbintenis tot universitêre opleiding herbevestig. Alhoewel die Regering met die oprigting van die Staatsgimnasium voorgegaan het, is dit duidelik dat Goddefroy nie die standaard hoog gereken het nie. Goddefroy se standpunt is vreemd wanneer die rol en die geskiedenis van die gimnasium in aggeneem word. Die Staatsgimnasium is in 1893 (Spies 1969:2) met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

23 leerlinge gevestig. Dr H Reinink (Rektor), H G Breyer (Wetenskap), J Bergmans (Nederlands en klassieke tale), W A Macfadyen (Engels en Logika) en W Louis (Wiskunde) sou van die vakke waarneem terwyl die praktiese vakke soos Lyntekene deur die argitek Hollenbach en Teken deur Anton van Wouw aangebied is. Goddefroy se afwysende houding het ouderling H Joubert se ongeduld gewek (NHKA 1893:54). Die vergadering besluit nogtans dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die opleiding van predikante moet ondersoek. Intussen het die Gimnasium se standaard toegeneem, soseer dat Spies, Ploeger se waardering aanhaal:

> Dr. Ploeger wys daarop dat die opleiding aan die Staatsgimnasium van hoogstaande gehalte moes gewees het want 'n aantal van die afgestudeerdes het sonder probleme hulle studie in Euroopa kon voorsit o.a. W. E. Blok en J. S. Smit in die Regte en G B Fortuyn in die Medisyne, al drie in Nederland en R. Middelburg in die Ingenieurswese in Switzerland. 'Na jare van gesukkel en moeisame arbeid', skryf dr Ploeger, 'was die doel bereik: Transvaal het sy eerste studente, opgelei op vaderlandse grond en in Christelik-nasionale gees, as verteenwoordiger van 'n jong energieke volk na die akademies van Europa gestuur'.
>
> (Spies 1969:3)

Kerklik is ook van die Gimnasium se vordering kennis geneem. Die kerkraad van Pretoria versoek die Buitengewone Algemene kerkvergadering in 1897:

> In hoeverre kan de Ned Hervormde kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek met het oog op de opleiding van hare aanstaande Evangeliedienaren, nu reeds profiteeren van de bestaande inrichting van hooger onderwijs, nl. Het Gymnasium te Pretoria.
>
> (NHKA 1897:11)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Goddefroy het ook van die verhoogde standaard kennis geneem, maar het dit nogtans nie as universiteits-standaard geag nie. Goddefroy het die opleiding aan die gimnasium net as voorbereidende studie beskou en hierin was hy reg gewees. Die gebrek aan universiteite het opnuut Nederland as voedingbodem beklemtoon (NHKA 1897:11). Van Belkum was entoesiasties oor die beskrywingspunt van Pretoria, maar anders as Goddefroy het hy die gimnasium as voldoende vir die vooropleiding beskou. Hy stel ondermeer:

> De opleiding onzer eigene landszonen voor predikant is hoog nodig. Maar zij moeten hier opgeleid worden om in aanraking te blijven met ons volksleven, met onze seden, met onzen godsdienst.
>
> (NHKA 1897:12)

Van Belkum stel verder voor dat 'n beursfonds gestig word en dat kerkrade tot die fonds moes bydra. Van 'n daadwerlike poging om die verbintenis met die Gimnasium te versterk was daar nie sprake nie.
Van Belkum se toeligting van die Rustenburgse beskrywingspunt tydens die Algemene Kerkvergadering van 1899 het die beginselbesluit na 'n verdere vlak gebring. Op voorstel van C W du Toit en A D W Wolmarans om:

> ...de oprichting van een school voor opleiding van predikanten voor de Ned. Herv. Kerk in de Z. A. R. als de lewenskwestie der kerk beschouwende; draagt aan alle kerkeraden op met hunne gemeente daarover te onderhandelen en hen toe te lichten dat wanneer ieder lidmaat onzer kerk gewillig is 5s. per jaar bij te dragen, de algemeene Vergadering van gevoelen is dat er dan aan een begin kan gemaakt worden met de oprichting van zulk een inrichting.
>
> (NHKA 1899:14)

Goddefroy het as voorwaarde vir die opleiding van predikante gestel dat dit aan 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

universitêre instelling sal wees; Van Belkum het daarteenoor 'n eie kerklike opleiding in die vooruitsig gestel en sou ook na die Tweede Vryheidsoorlog voortgaan om die oprigting van 'n kweekskool te bevorder.

### 3.2.2 Die Spoelstra-saak

Ds Cornelis Spoelstra is in 1896 deur die '*Commissie van Advies voor het uitzenden van Ned. Herv. Predikanten naar Transvaal*' in Nederland genader om vir twee jaar die gemeente Pretoria te bedien (Botha 1981:136). Voortaan sou Spoelstra saam met Goddefroy die gemeente bedien, maar hulle uiteenlopende karakters sou tot 'n botsing lei wat nie net tot onrus in die gemeente nie, maar ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk aanleiding gegee het en onder die vriende van die Hervormde Kerk in Nederland ontevredenheid veroorsaak het. Botha (1981:136) toon aan dat die aanleiding tot die botsing reeds in Augustus 1897 merkbaar geword het toe Goddefroy geld wat hy aan Spoelstra geleen het, terug gevra het. Spoelstra se reaksie hierop was beskuldigend en hy het gedreig om die saak in die hof te besleg. Goddefroy het dit as belasterend beskou en die konflik het in so 'n mate vererger dat Spoelstra op 1 Oktober 1897 sy ontslag as predikant aangevra het. Die kerkraad het tydens sy vergadering van 11 en 12 Oktober die ontslag van Spoelstra behandel. Goddefroy as voorsitter, het (vgl. Botha 1981:137) geweier dat die saak tydens die vergadering bespreek word en het hom op artikel 35 van Hoofstuk 6 van die Kerkwet beroep:

> Geschillen in kerkeraadsvergaderingen of tusschen kerkeraadsleden, zoo ook tusschen kerkeraden en leden der gemeente ontstaan, worden onmiddelijk gebracht voor de commissie der algem. kerkverg en door haar beoordeeld.
>
> (aangehaal in, Botha 1981:170)

Die kerkraad was dus nie bevoeg om Spoelstra se ontslag te behandel nie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se antwoord moes afgewag word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die saak het egter so ontwikkel dat dit voor die Algemene Kerkvergadering van 30 Maart 1898 gedien het (vgl. Botha 1981:136-139). .

Die rede waarom die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wat die bevoegdheid gehad het om die saak af te handel, die saak nie hanteer het nie is in 'n brief van 14 Januarie 1898 deur Van Belkum verduidelik. Van Belkum, as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het op Spoelstra, op daardie tydstip in Stellenbosch, se uitlatings in *De Volksstem* gereageer. Spoelstra het in sy, soos Van Belkum dit gestel het - 'wraakbrief' aan *De Volksstem* - die Kommissie se versuim om te handel veroordeel. Van Belkum verduidelik egter in die brief van 14 Januarie dat die Kommissie nie kon handel nie, omdat daar met die eerste vergadering nie 'n kworum teenwoordig was nie en met die tweede vergadering het lede van die Pretoriase kerkraad sitting geneem wat, ter wille van billikheid, nie toegelaat kon word nie. Van Belkum meld in die derde instansie dat hy in November siek was en dus nie kon reageer nie. Van Belkum rig 'n ernstige pleidooi tot Spoelstra en skryf dat hy die 'wraakbrief' in *De Volksstem*

> ... gelezen en wel met droefheid. Mijn Broeder, ik kan mij begrijpen dat gij bitter zijt, maar toch, als wij zelfverloochening prediken moeten wij dit ook beoefenen. Ik denk gij zult later spijt hebben zoo te hebben geschreven.
>
> 3 ^e^ Ik weet, men verwacht u terug in Pretoria. Maar uw haastig en onvoorbedacht breken met de Hervormde Kerk stoot dit in den wegen, weet ook in Z. Afrika zullen de Boeren het verstaan: principiis obsta. Indien gij bij dit bedanken blijft zult gij en u zelve en uw werk in Pretoria dat gezegend was zeer benadeelen en onze kerk in groot beroering brengen. Daarom en daarom alleen bid ik u, smeek ik u trek dien brief in. Wees nu niet koppig, wees nu niet een principiea reiter, maar betoon u een christen die weet, niet alleen te kunnen dwalen maar ook fouten goed te maken.
>
> Na de lezing van al de stukke en dus na het pro en contra gehoord te hebben, begrijp ik heel wel,dat gij in den tijd van opgewondenheid en zenuwachtigheid, na al de deputaties die fatalen brief hebt geschreven

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> – maar gij hebt nu drie maanden tyd gehad, zijt gekalmeerd en nu vraag ik u: Moet de Hervormde kerk opgeofferd worden door u aan een geschil, dat best uit den weg te ruimen is tusschen twee predikanten, moet gij de gemeente Pretoria opofferen aan halstarrigheid.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/11)

Van Belkum het Spoelstra dus versoek om sy brief terug te trek en die verhouding met die Hervormde Kerk te herstel en bied selfs aan om persoonlik die saak voor te gaan. Van Belkum het baie duidelik ingesien dat die botsing tussen Goddefroy en Spoelstra wesenlik persoonlik van aard was en met die nodige takt plaaslik opgelos behoort te word. Terselfdertyd het hy ook ingesien dat die saak in breër verband in die Kerk ingedra is en ook selfs buite die Kerk rimpelings veroorsaak het. Sy vrees was dat die Kerk en volk vanweë hierdie gebeure skade sou lei, daarom pleit hy by Spoelstra:

> Waarlijk gij zult eene overwinning op u zelven moeten behalen, maar die zich zelven overwint, is sterker dan die eene stad inneemt. Gij kunt geen principieel bezwaar hebben tegen <u>onze</u> kerk. t' zijn allen persoonlike quastieën. Moet nu daarom én de kerk én uw invloed en het Hollandsche element in de Republiek opgeofferd worden?
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/11)

Van Belkum was selfs op die tydstip oortuig dat die saak tusen Goddefroy en Spoelstra nie voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes dien nie, omdat hy oortuig was dat die Kommissie, vanweë sy samestelling, nie onbevooroordeeld teen Spoelstra kon sitting neem nie. Van sy voorbehoud teen die Kommissie het hy op 17 Januarie 1898 aan A D W Wolmarans geskryf: '*Waar zijn de onpartijdige menschen?*'(NHKA:Sarkady L VI/3/2). Tot die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Algemene Kerkvergadering in 1897 Goddefroy as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsitter verkies en Van Belkum as skriba. Die ouderlingslede wat die vergadering verkies het was ouderlinge A D W Wolmarans (Konsulentsgemeente Pretoria), G P Roetz (Standerton) en C J Joubert (Pretoria). Omdat Goddefroy en die ouderlinge van Pretoria gemeente betrokke was, moes die secundi lede sitting neem, soos wat Van Belkum aan Spoelstra geskryf het. Dit het beteken dat Ds A Lagerwey as voorsitter sitting neem en M J Wolmarans (Potchefstroom) en A J de Lange (Pretoria) as ouderlingslede.

Dit strek Van Belkum tot eer dat hy ter wille van sy 'aangenome' kerk en volk alles probeer doen het om die ongelukkige gebeure tot 'n vreedsame einde te probeer bring. Ongelukkig het hy nie geslaag nie. Want hoewel Spoelstra Van Belkum se raad gevolg het en op 20 Januarie 1898 'n brief aan hom as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerig het, waarin hy (Spoelstra) sy bedanking terugtrek, het dit later geblyk dat hy die brief nie sonder voorbedagte rade geskryf het nie.

Van Belkum het in die Spoelstra-saak 'n belangrike rol gespeel en verskillende navorsers het Van Belkum se rol getipeer: Botha meen dat Van Belkum, met A D W Wolmarans, Spoelstra-simpatiseerders was (Botha 1981:139) terwyl Engelbrecht (1951:354) Van Belkum se rol teenoor Spoelstra en die Hervormde Kerk apologeties waardeer en daarop wys dat Van Belkum onderskeidelik in 1898 en 1917 skerp teen Spoelstra se werke, *Van Zoeterwoude naar Pretoria en Het Kerkelijk en Godsdienstig Leven Der Boeren na den Grooten Trek Historisch Kritisch Onderzocht*, gereageer het. Van Belkum se rol ten opsigte van Goddefroy én Spoelstra is nie bo verdenking nie en dit word gestaaf deur Van Belkum se kommentaar in *Stemmen voor Waarheid en Vrede*: '*Verre van mij de handelswijze van Ds. Goddefroy goed te keuren, maar ik kan toch nie nalaten te verklaren: Ds. Spoelstra heeft onberaden gehandeld*' (Van Belkum 1898:925). Engelbrecht het daarop gewys dat Van Belkum by meer as een geleentheid Spoelstra tot verantwoordelikheid gemaan en versoek het dat hy sy bedanking terugtrek. Van Belkum se optrede was van so aard dat ds Lagerwey in sy brief van 27 Oktober 1897 Van Belkum daarvan beskuldig het dat hy die Spoelstra-saak nie ernstig neem nie (NHKA:Sarkady L VI/2/10). Lagerwey se onvergenoegdheid met Van Belkum se optrede is verstaanbaar wanneer sy verhouding met Goddefroy in aggeneem word. Lagerwey het reeds as student met Goddefroy in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanraking gekom en Botha (1981:11) het die hegte vriendskap tussen Lagerwey en Goddefroy te Zetten uitgewys. Goddefroy se verwelkoming aan Lagerwey tydens die Algemene Kerkvergadering van 1897 bevestig die noue verbintenis:

> Ik (Goddefroy-CP) mag zeggen, dat Ds Lagerwey mijn oudste vriend is. Wij kennen elkaar 25 jaren, en ook mij persoonlijk heeft hij een dienst bewezen door hierheen te komen.
>
> (NHKA 1897:3,4)

Van Belkum se verhouding met Spoelstra kan egter nie sondermeer simpatiek genoem word nie. Dit word veral duidelik in die korrespondensie wat Van Belkum, in die tyd op reis in Nederland, met mev van Belkum gevoer het. Vanuit Leeuwarden skryf hy in 1897:

> Spoelstra heeft dan zoo bedankt, het viel mij niets vreemd om te lezen dat hij overhelde naar Bosman want hij is ook erg over de kaffers en hier in Holland is men ook van meening dat zij behandeld worden als slaven. Zij zouden ook gelykstelling wenschen en ik vind het ook erg sterk in Transvaal, want de Javianen in Indië worden toch niet zoo behandeld. Ik heb hen alzoo dikwijls gezegd, waart gij in Afrika zoudt gij eveneens denken en handelen, maar ge kunt niet oordelen over de toestande, omdat gij niet op hoogte zijn.
>
> (NHKA:Sarkady L VI /1/5)

Die ooreenkoms met Bosman, waarna Van Belkum verwys het, het ook 'n ander oorsprong. Spoelstra en Bosman het mekaar deur middel van *Reverend* J Gray ontmoet. Laasgenoemde was predikant van die *Scottisch Presbyterian Church* en het in 1897 die inisiatief geneem met die stigting van 'n interkerklike predikante-vereniging. Dié predikante-vereniging het ondermeer by Bosman se pastorie vergader. Bosman se reaksie op die Spoelstra saak en die simpatieke skrywe van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerkraad aan die Prokurasiegroep, wat deur C W du Toit, as konsulent bedien is, toon aan dat Bosman hom by Spoelstra skaar. Vanweë die onrus wat die Spoelstra saak in die Nederduitsch Hervormde Kerk en selfs in Nederland veroorsaak het, asook die oppertunisme van Bosman en Spoelstra se verbintenis met hom, het Van Belkum die optrede van Goddefroy as bedreiging vir die gang van die Hervormde Kerk gesien. Op 10 Maart 1898 het hy aan ene Teves geskryf: *'U vraagt mij inlichtingen omtrent het doen en laten van Ds G en omtrent mijne vrees voor scheuring!'* (NHKA:Sarkady L VI/9).

Hy gaan voort en meld sy ontevredenheid dat Goddefroy die agenda vir die Algemene Kerkvergadering sondermeer gewysig het.

Die gebeure rondom die Spoelstra-saak (vgl. ook Botha 1981:136 ev) het ook ander spanninge wat reeds binne die geledere van die Hervormde Kerk bestaan het, oopgekrap en vererger. Die spanninge tussen Van Belkum en Goddefroy en die tussen Goddefroy en A D W Wolmarans het nou duideliker aan die lig gekom en dit was wel ook teenwoordig by die Algemene Kerkvergadering van 1898. Van Belkum en Goddefroy het reeds in 1895 verskil toe Goddefroy die gemeentes Rustenburg en Marico kwalik geneem het, omdat hulle versuim het om tot sy reisfonds na Nederland by te dra. Tydens Goddefroy se tienjarige fees het Van Belkum weer eens aanstoot geneem oor Goddefroy se heersugtigheid. Die troebele verhouding tussen Goddefroy en Wolmarans het sy oorsprong by die optrede van die Prokurasie-kommissiegroep. Botha het in sy navorsing die totstandkoming van die Prokurasie-kommissiegroep, onder leiding van A D W Wolmarans, bespreek. Volgens Botha (1965:114) het die Prokurasie-kommissiegroep:

> ...die Kerkvereniging as voorlopig beskou totdat die naam van die Kerk vasgestel was en dat die naam van die verenigde kerk óf Nederduitsch Hervormd óf Nederduits Gerformeerd moes wees. Afwyking hiervan is gesien as verbreking van die grondslae van die vereniging en dit het beteken dat die vereniging tot niet was.

Omdat dit die geval was het A D W Wolmarans die leiding geneem en in Julie 1890 'n kommissie gevorm, wat prokurasies opgestel het en hierdeur gepoog om die regte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Nederduitsch Hervormde Kerk, veral ten opsigte van die eiendomme, te beskerm (Botha 1969:114; vgl. ook Botha 1981:92 ev). Botha het egter aangedui dat die optrede van die Prokurasie-kommissiegroep nie kerkregtelik regverdigbaar was nie (Botha 1969:130). Goddefroy was dus met sy standpunt, naamlik dat die kerkvereniging *ultra vires* was, in 'n sterker posisie as die Prokurasie-kommissiegroep van Wolmarans. Dit is dan ook bevestig met die hofuitspraak in die Trichardtfontein-hofsaak op 5 Junie 1893 wat tot die samesmelting van die Prokurasie-kommissiegroep met die Nederduitsch Hervormde Kerk op die Algemene Kerkvergadering van 30 April 1894 tot 3 Mei 1894 gelei het (Botha 1981:95). Die Prokurasie-kommissiegroep se samesmelting met die Nederduitsch Hervormde Kerk het egter nie sondermeer glad verloop nie. Een van die sake wat uitgeklaar moes word, was die bewerings van ds H S Bosman, dat Goddefroy 'n liberaal geörienteerde predikant was. Nadat Goddefroy met *De Kerkkwestie – niet een leer-, maar een lewenskwestie* (1890) Bosman se bewerings weerlê het, is die samesmelting sonder enige voorvalle voltrek. Wolmarans se antagonisme teen Goddefroy het dus, soos ook met Van Belkum, nie 'n teologiese oorsprong gehad nie, maar was die gevolg van Goddefroy se outokratiese optrede. In sy brief aan Van Belkum op 5 Februarie 1898, het Wolmarans na Goddefroy se beledigende houding, en na die vertroebelde verhouding verwys. Wolmarans en Van Belkum het albei Goddefroy se wysiging van die agenda veroordeel en op 28 Februarie skryf Wolmarans aan Van Belkum:

> Het komt mij voor dat het tijd word voor de Herv. Kerk om een einde, aan alle Heerszucht te maken of ik zie, als het langer zoo voortgaan we snel de ondergang der kerk tegemoet.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3/2)

Van Belkum het hierop geantwoord op 3 Maart 1898:

> Het komt mij ook voor, dat het tijd wordt, ja tijd is, dat aan alle heerszucht in de kerk voor goed een einde gemaakt wordt, en ik reken hierbij op uwe hulp!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum en Wolmarans het dus reeds voor die Algemene Kerkvergadering ooreengekom om Goddefroy se invloed te beperk. Wolmarans en Goddefroy se verhouding het verder versleg toe Wolmarans 'n poging aanwend om Spoelstra na die konsulentsgemeente te beroep. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 30 Maart 1898 het die Kerkraad van Pretoria (Witfontein) 'n beswaarskrif teen Wolmarans ingedien, omdat hy:

> ...door lijsten en door brieven, namens zijnen kerkeraad, gemeente leden en kerkeraden oproept om eene beroeping uit te brengen op een Predikant tegen wien twee bezwaarschriten bij de Algemeene Commissie hangende zijn: en die voor goed met de N H Kerk gebroken heeft.
>
> (NHKA 1898)

Dit was met die Algemene Vergadering van 1898 dat die Spoelstra-saak 'n hoogtepunt bereik het. Die vergadering moes 'n klag van ds Goddefroy behandel, so ook die beswaarskrif van Pretoria gemeente teen A D W Wolmarans en die brief van Spoelstra. Op Vrydag, 1 April, lees Van Belkum die notule van die vergadering van die Kommissie van die Algmene Kerkvergadering voor. Reeds by die voorlees van die notule, wat as verslag moes dien, het die verskil tussen Van Belkum, Wolmarans en Goddefroy duidelik geword. Veral tussen Goddefroy en Van Belkum het 'n vertrouensbreuk geheers. Op Goddefroy se versoek, het Van Belkum die brief wat Spoelstra op 20 Januarie 1898 geskryf het, voorgelees. Goddefroy het hierop versoek: '*...dat de woorden van den brief zuiver zullen worden weergegeven*' (NHKA 1898:10). Van Belkum het hierteen beswaar aangeteken, omdat dit volgens hom 'n verandering van die notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beteken het. Wolmarans het Van Belkum hierin ondersteun en merk op:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...dat in gearresteerde notulen geene veranderingen mogen gebracht worden, maar dat een verslag door een vergadering kan worden gewijzigd, wat sommige artikelen betreft.
>
> (NHKA 1898:11)

Goddefroy het daarop aangedring dat Van Belkum 'n verslag indien en dat alle tersake stukke letterlik in die notule oorgeneem word. Van Belkum se optrede is dus deur Goddefroy nie in goeder trou gereken nie. Goddefroy het selfs die toepaslikheid van sekere dokumente, wat Van Belkum as ter sake gereken het, betwyfel. Vir Goddefroy was sy naam en eer in die gedrang en hy wou ten alle koste verhoed dat hy en Spoelstra op gelyke voet voor die vergadering sou staan, daarom het Goddefroy gevra of dit nie beter is om te notuleer dat die:

> ... Alg. Commissie was saamgeroepen om het bezwaarschrift van ds. Goddefroy te behandelen, opdat het niet zou schijnen, alsof de zaak eenvoudig was een geschil tusschen twee predikanten.

Van Belkum het gereageer en gestel:

> ... wij hebben met feiten te doen, daar de stukken toch vóór de zitting waren ingeleverd en er geschil is tusschen twee predikanten.
>
> (NHKA 1898:12)

Nadat C J Joubert kommentaar ten opsigte van die kommissievergaderings gelewer het, het die vergadering Goddefroy se klag teen Spoelstra behandel. Voor die klag egter behandel kon word het Van Belkum, gesekondeer deur ouderling Klerck, voorgestel dat die vergadering hom moet uitspreek of Spoelstra lidmaat al dan nie, van die Hervormde Kerk was. Ten spyte van die verskille tussen Van Belkum en Goddefroy, was hy dit met Goddefroy eens dat Spoelstra nie lidmaat van die Hervormde Kerk was nie. Dit het vir die vergaderingprosedure gevolge gehad. Uit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die bespreking het dit geblyk dat daar onduidelikheid oor Spoelstra se brief van 20 Januarie 1898 heers en daarom stel C J Joubert voor dat Spoelstra geleentheid gegee word om voor die vergadering te verskyn. Die aanvaarding van die voorstel impliseer dat die vergadering Spoelstra wel as lidmaat van die kerk beskou en dat hy dus op 'n getuigskrif van die kerk aanspraak kon maak. Van Belkum het ingesien dat dit 'n presedent skep en het direk na Joubert se voorstel verklaar:

> ...hij is bevreesd, dat men denkt, dat hij partijdig is voor Ds. Spoelstra, maar verklaart, dat het ook zijne meening is, dat Spoelstra voor goed met de kerk had gebroken en dus geen aanspraak kan maken op de gevraagde getuigschriften;
>
> (NHKA 1898:14)

Die vergadering het nogtans toegelaat dat Spoelstra ter vergadering kan kom, maar tydens die ondervraging het dit vir Van Belkum duidelik geword dat Spoelstra nie in goeder trou optree nie en verklaar Van Belkum:

> ...dat Ds. Spoelstra zijns inziens niet berouw heeft betoond: dat Ds Spoelstra, op een brief door hem zelven aan ZEw. begin januari geschreven, wel den brief van 20 Janauri aan de Commissie heeft gezonden, maar dat de brief hem (Scriba) zeer heeft teleurgesteld; aangezien zijne terugroeping met allerlei condities gepaard ging; Ds Spoelstra geweigerd heeft eerlijk en rond te antwoord op zijn tweede vraag, en dat hij (Scriba) daarom meent, dat Ds spoelstra als welopgevoed en beschaafd man niet voldoende heeft geantwoord en dat hij (Scriba) dus niet kan toestemmen, dat ds spoelstra wederom als lidmaat der kerk wordt aangenomen, aangezien de Scriba verlangt dat de voorgangers der Gemeente mannen van karakter zijn.
>
> (NHKA 1898:22)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum bevestig opnuut dat Spoelstra nie lidmaat van die kerk is nie en dus geen reg het om deur die vergaderings van die kerk in gelyk gestel te word nie. Hy het sy pos verlaat en kan dus nie, nadat hy sy verbintenis verbreek het, die kerkvergaderings om 'n regspraak vra nie. Die klag van Goddefroy teen Spoelstra kon daarna behandel word. Die vergadering het aan die verskeie stukke aandag gegee onder andere Spoelstra se uiteensetting van griewe en alle korrespondensie. Die vergadering het sy vertroue in Goddefroy bevestig met 'n mosie van vertroue.

Dit kan nie ontken word dat Van Belkum 'n renons in Goddefroy se 'outokratiese' optrede gehad het nie (vgl. Botha 1981:139,171), maar dit is ook duidelik dat Van Belkum nie noodwendig 'n simpatiseerder was met Spoelstra nie.

Reeds vroeg het Van Belkum die verbintenis tussen Bosman en Spoelstra raakgesien. Dit het ook gestalte gekry met Spoelstra se betrokkenheid by die Vereniging van Predikante in Pretoria, Bosman se pleidooi namens Spoelstra aan die Konsulentsgemeente en Bosman se aanhalings in *De Vereeniging* uit *Van Zoeterwoude naar Pretoria*. Botha het van Bosman se optrede gestel:

> In die troebel waters wat rondom die Goddefroy-Spoelstra twis ontstaan het, het iemand soos ds H S Bosman probeer vis en getrag om die Prokurasie-gemeente om te haal om met die Ned. Herv of Ger. Gemeente Pretoria te verenig. Natuurlik sonder sukses.
>
> (Botha 1981:172)

Van Belkum het veral teen Spoelstra se werk, *Van Zoeterwoude naar Pretoria* te velde getrek. Hy plaas egter sy reaksie, *De Ned Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*, in die Nederlandse tydskrif *Stemmen voor Waarheid en Vrede*. Nadat hy die feitelikhede rondom Spoelstra se beroep uiteengesit het, onder andere dat Spoelstra beslis as hulppredikant beroep is, gaan Van Belkum daartoe oor om kommentaar op Spoelstra se uitlatings te lewer. Uit die kommentaar op Spoelstra se optrede blyk dat die beeld van die Hervormde Kerk in Nederland vir Van Belkum belangrik is. Van Belkum wou deur sy kommentaar die onrus wat in Nederland geheers het, veral onder die kommissie wat vir die beroep verantwoordelik was, besweer. Om dit te bewerk,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bied hy 'n uitgebreide verklaring aan van die vergaderingsprosedures en die status van Spoelstra in die Hervormde Kerk. Ten opsigte van Spoelstra se opmerkings stel Van Belkum die volgende:

> Dat de Ned Herv. kerk in de Z. Afrik. Republiek nu moet worden afgebroken, is treurig en pleit niet voor Ds. S. te beweren, dat de Ned. Herv kerk aldaar niet is de Nationale kerk is onwaar; te pleiten voor kerklijke eenheid is eenvoudig dwaasheid, waar in de Z. Afrik. Republiek niet twee, maar wel drie Hollandsch-protestantsche kerken zijn. Wij hebben daar de Kaapsch of Ned. Hervormde of Gereformeerde kerk, de Gereformeerde overeenkomende met de kerke der Gereformeerden in Nederland) en de Ned. Hervormde,...De tijd der ééne nationale kerken is voorbij en het is niet noodig, dat Ds. S. zich opwerpt als bestrijder der Hervormde kerk in de Transvaal en als voorvechter voor de Kaapsche kerk. Ik waardeer het goede in de Kaapsche kerk, maar meen dat de Ned. Hervormde in de Z. Afrik. Republiek iets anders verdient dan 'verguizing'.
>
> (Van Belkum 1898:930)

Van Belkum het sowel Goddefroy as Spoelstra se optrede as bedreiging vir die Hervormde Kerk gesien en hy wou voorkom dat die Goddefroy-Spoelstra stryd deur Bosman gebruik word omdat dit nie net die Hervormde Kerk nie, maar ook die Afrikanervolk skade sou berokken.

Spoelstra se tweede werk, *Het Kerkelijk en godsdienstig Leven der Boeren Na Den Grooten Trek Historisch Kritisch Onderzocht* het ook groot aanhang gekry. Dié werk is veral ruim deur kerkhistorici van die Nederduits Gereformeerde Kerk gebruik. Botha (1981:139) voer aan dat daar van 'n Spoelstraskool sprake was en selfs N P van Wyk Louw het sedert 1955 Spoelstra se werk, *Het Kerkelijk en Godsdienstig Leven Der Boeren na den Grooten Trek Historisch Kritisch Onderzocht*, gebruik toe hy lesings oor die stand van die intellektuele lewe in Suid-Afrika gelewer het (Steyn 1998:754). Van Belkum het nie net teen die twee publikasies nie, maar ook teen 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

derde publikasie, *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*, kritiek gelewer. In *De Hervormer* van 15 Junie, 15 Julie, 15 Augustus en 15 September 1917 en die *Almanak* van 1918 het hy Spoelstra se publikasies bespreek. Van Belkum het sy evaluering van laasgenoemde publikasie in die inleidende paragrawe so gestel:

> Zelden heb ik mij in mijn veertijgarigen loopbaan als leeraar een onaangenamer taak zien opgelegd dan de bespreking van bovenstaand boek.
>
> (*De Almanak* 1918:95)

Van Belkum het sy waardering teenoor Spoelstra se werk '*Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*' uitgespreek, veral die bronne wat Spoelstra oorgeskryf en versamel het, het betekenis vir die geskiedenis van die kerk in Suid Afrika. Maar dit was Spoelstra se hantering van die bronne wat nie Van Belkum se goedkeuring weggedra het nie:

> Maar, in het beoordelen van die bronnen, in het ziften van gegevens schiet hij [Spoelstra-CP] deerlijk te kort. Reeds is mij gebleken in zijn opschriften boven de brieven in zijn Bouwstoffen, maar in dit boek is het verbazend...Erger echter maakt Spoelstra het met zijn onpartijdigheid. Hij laat alleen, die menschen spreken, die het met zijne beschouwingen eens zijn: wanneer zijne tegenstanders iets anders zeggen, dan noemt hij dat legenden (stories) of hij scheldt de zegsman uit voor onbetrouwbaar, leugenachtig.
> In het beoordelen van zijn tegenstanders is hij eenvoudig hatelijk, hartstochtelijk, onchristelijk.
>
> (*De Almanak* 1918:96)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het 'n besondere liefde vir die Afrikanergeskiedenis en in die besonder die Hervormde Kerk se geskiedenis, gehad en daarom was die navorsing en aanbieding van dié geskiedenis 'n saak wat met integriteit en eerlikheid aangebied moet word. Vir hom moes die kerkgeskiedskrywer aan besondere kwaliteite beantwoord:

> Niet alle schrijvers kunne historieboeken schrijven. Wie dit wil doen moet de gave bezitten om alles, wat op de geschiedenis of een deel er van betrekking heeft, op te kunnen sporen, te kunnen beoordeelen en te kunnen ziften: niet minder moet hij onpartijdig zijn in het hooren en onderzoeken van hetgeen voor- en tegenstander zegt, en eindelijk moet hij symphatiek staan tegenover vriend en vijand, en zich nergens door haat of hartstocht laten verleiden.
>
> (*De Almanak* 1918:95)

In sy verdere bespreking van Spoelstra se werk het Van Belkum op enkele wanvoorstellings gewys. Vir Van Belkum was dit duidelik dat Spoelstra nie op hoogte was van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, in besonder nie die Voortrekkersgeskiedenis nie en dat die bronne so ingerig was, om die Kaapse kerk se aansprake te steun. Ten slotte het Van Belkum gestel:

> Het is mij leed dit te hebben moeten bespreken. Eén ding hoop ik, dat mijn geschrijf geen bitterheid bij de Broeders der Nederdutisch Gereformeerde kerk heeft verwek. Ik heb dit niet gewild noch gezocht.
>
> Alleen mijn kerk, die ik sedert 26 jaren dien, en wier geschiedenis ik vrij goed ken, heb ik willen verdedigen tegen een onwaardige aanval, van een hartstochtelijk, door haat verblinden renegaat.
>
> (*De Almanak* 1918:109)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.2.3 Sending

Van Belkum se ywer in Nederland vir sending het in Suid-Afrika aansienlik afgekoel. Enersyds het die gevolge van die 'mislukte'- kerkvereniging al sy aandag vereis en andersyds het hy van die Hervormde Kerk se beleid en die landsomstandighede kennis geneem. Die beleid is veral gevorm deur die pioniersomstandighede waarin die Hervormde Kerk hom bevind het. Die Algemene Kerkvergadering besluit in 1879 dat die apostolaat aandag behoort te kry, maar dat die omstandighede van die Hervormde Kerk dit nog nie toelaat nie (Van der Westhuizen 1990:21). In die Algemene Kerkvergadering van 1890 het die gemeente Pretoria 'n beskrywingspunt ingedien waarin 'n uitspraak ten opsigte van sending versoek word (NHKA 1890:21). Goddefroy het die beskrywingspunt gemotiveer en gestel dat dit:

> ...een oude klacht tegen onze oude voortrekkers is dat zij tegen de Zending zijn. Dat deze de zwarten als slaven zouden willen gebruiken en hun het Evangelie willen onthouden. Het doet mij leed dat er zulke klachten nog rondgaan, en daarom achte ik het wenschelijk dat deze Vergadering zich hierover uitspreek.
>
> (NHKA 1890:22)

A B Wolmarans van Standerton het hierby aangesluit, maar beklemtoon: '*Wij gunnen het hun van harte, maar ieder blijft zelfstandig en geeft onderhoud voor zijn kerk*' (NHKA 1890:22). Die skriba van die vergadering, C J Joubert, het die verhouding ten opsigte van die sending, maar ook die vrese van die vergadering, verwoord:

> Welnu, onze verhouding rust op Gods Woord. Dat bleek toen wij eens op dit punt werden aangevallen, er een zendeling voor ons in de bres sprong.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Doch onze Kerk heeft niet de vrijmoedigheid van de Kaapkolonie, want de Kaapsche Kerk wenscht dat de bekeerde heidenen bij onze Kerk worden ingelijfd.
>
> (NHKA 1890:22)

Tydens die daaropvolgende gesprek word dit duidelik dat die sending en gelykstelling groot onrus veroorsaak. Die kerklike selfstandigheid word verbind met nasionale onafhanklikheid. Goddefroy merk ten slotte op:

> Onze kerk wenscht geen zendingwerk te drijven, maar wenscht het wel te bevorderen. Zij wenscht afgezonderd te blijven. Wij moeten ons uitspreken opdat onze menschen weten wat het onderscheid is, en dat wij niet willen binden wat door God gescheiden is, en scheiden wat door God gebonden is. Verder weten wij uit gods woord wat onze verhouding is, en leezen wij van de verschillende oordeelen welke gekomen waren over Israël omdat zij hunne dochteren hadden doen afhoereeren met der heidenen. Van daar de vreeze onzer voorvaderen om zich met de heidenen te vermengen. Maar toch bereid de heidenen te doen onderwijzen.
>
> (NHKA 1890:23)

Die vergadering het na die uitleg van Goddefroy, die voorstel van C J Joubert algemeen aanvaar:

> De vergadering spreekt als hare verhouding uit tegenover de zendingszaak dat zij het standpunt blijft handhaven steeds ingenomen door de oude Ned. Herv. Kerk der Z. A. R., en zal hare plichten blijven betrachten zooals steeds door de oude Ned. Herv. Kerk is geschied.
>
> (NHKA 1890:23)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aanvanklike vraag deur die kerkraad van Pretoria en die antwoord van die Algemene Kerkvergadering is enersyds gerig teen die beskuldigings vanuit die geledere van die verenigde kerk dat sending en politiek gelykgestel word, andersyds gryp die Algemene Kerkvergadering terug na die standpunt van die *oude Ned. Herv. Kerk.* Hiermee word bedoel die gedagtes van die Voortrekkerkerk en volgens Pont (1991:324) het nie net die Bybel nie, maar het ook die geskrifte van Willem Teellinck, Jodocus van Lodenstein en veral Wilhelmus à Brakel uit die Nadere Reformasie 'n groot invloed uitgeoefen. Dit was veral Wilhelmus à Brakel wat deur sy werk *Redelyke Godsdienst* (1700) die gedagtes van die Voortrekkers beïnvloed het en stel Pont: '...dat à Brakel se calvinisties-teokratiese siening van die verhouding God-mens en mens-medemens, 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die Voortrekkers...' (1991:324). Die invloed van à Brakel en die gedagtes van die Voortrekkerkkerk kom weer na vore met die Algemene Kerkvergadering van 1893 toe die Pretoriase kerkraad versoek dat die Kerk hom sal uitspreek: *'...over der verhouding die er volgens Gods woord moet bestaan tusschen mensch en mensch, Christen en Christen, Kerkgenootskap en Kerkgenootskap* (NHKA 1893:56). Deur hierdie beskrywingspunt is die sending weer aan die orde. Van Belkum het sy standpunt so verwoord:

> Predikt het Evangelie aan alle creaturen, is het bevel. Het moet dus verkondigd worden. Maar hoe? Men moet niet vergeten, dat hier op aarde onderscheid is tusschen witten en zwarten. Gelijk er onderscheid is tusschen rijken en armen, geleerden en ongeleerden. Het is een vloek voor ons wanneer wij alle onderscheid uitwisschen en allen gelijk willen maken.
>
> (NHKA 1893:58)

Van Belkum het hom die eerste keer op 'n amptelike vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgespreek en hom dus ten volle met die heersende siening, naamlik volkskerklike sending, in die Hervormde Kerk aangesluit. Tussen Van Belkum en Goddefroy was daar dus ten opsigte van die sendingbeleid van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hervormde Kerk geen verskil nie. Ten spyte van die bespreking deur die vergadering van sowel Goddefroy as Van Belkum se standpunte, het die vergadering nogtans besluit om 'n kommissie te benoem wat die saak uiteen moet sit. Goddefroy wys die volgende kommissielede aan: C J Joubert, G P Roetz, D P J van Schalkwyk, J H Vorster en Van Belkum. Onder voorsitterskap van Goddefroy het die kommissie 'n verslag (NHKA 1893:61-62) opgestel waarin na die verhouding tussen mens en mens, Christen en Christen en kerkgenootskap teenoor kerkgenootskap uiteengesit is:

> De verhouding tusschen mensch en mensch wordt in de H. Schriften duidelijk voorgeschreven in de gelijkenis van den barmhartigen Samaritaan (Luc.10:30-37) wordende daardoor nochtans het onderskeid tusschen witten en zwarten als door God gesteld niet weggenomen:
>
> Tusschen Christen en Christen in Johannes 13:34-35. Een nieuw gebod geef ik u dat gij elkander liefhebt, gelijk ik u heb liefgehad, dat gij ook elkander liefhebt. Hieraan zullen zij allen bekennen dat gij mijne discipelen zijt zoo gij liefde hebt onder elkander.
>
> Romeinen 12:10, Hebt elkander hartelijk lief met broederlijke liefde, met eere de een den ander voorgaande.
>
> Romeine 13:8. Zijt niemand iets schuldig dan elkander lief te hebben; want die den ander liefheeft, die heeft de wet vervuld, en in de Nederlandsche Geloofbelijdenis art. 29b.
>
> En aangaande degenen, die van de Kerk zijn, deze kan men kennen uit de merkteekenen der Christenen te weten uit het geloof, en wanneer zij aangenomen hebbende den eenigen Zaligmaker Jezus Christus de zonde vlieden en de gerechtigheid najagen en den waren God, en hunne naaste liefhebben niet afwijken noch ter rechter noch ter linker hand, in hun vleesch kruizigen met zijne werken.
>
> Tusschen Kerkgenootschappen en Kerkgenootschappen is die verhouding uitgedrukt in de Nederlandsche Geloofsbelijdenis, art. 29a. Wij gelooven dat men wel naarstigtelijk en met goede voorzichtigheid uit het Woord van God behoort te onderscheiden,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> welke de ware Kerk zij; aangezien dat alle sekten die hedendaags in de wereld zijn zich met den naam der Kerk bedekken. Wij spreken hier niet van het gezelschap der geveinsden, welke in de Kerk onder de goede vermengd zijn, hoewel zij naar het lichaam onder dezelve zijn, maar wij zeggen, dat men het lichaam en de gemeenschap der ware Kerk onderscheiden zal van alle zekten, welke zeggen dat zij de Kerk zijn. De merkteekenen om der ware Kerk te kennen zijn deze, zoo de Kerk de reine prediking des Evangelies oefent. Zoo zij gebruikt de reine bediening der Sacrementen, gelijk Christus dezelve ingesteld heeft; zoo de Kerkelijke tucht gebruikt word om de zonden te straffen. Kortelijk zoo men zich aanstelt naar het zuivere Woord van God, verwerpende alle dinge die daartegen zijn houdende Christus voor het eenige Hoofd.
>
> Tegenover alle Kerken, die deze merkteekenen van de ware Kerk dragen staat de Nederduitsch Hervormde Kerk, sinds den aanleg van de Zuid-Afrikaansche Republiek in broederlijke betrekking zooals nader omschreven in de wetten en bepalingen der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en erkent deze derhalwe als zuster Kerken met welke wij gemeenschap des Geloofs, des gebeds en der liefde kunnen oefenen.
>
> (NHKA 1893:61)

Van Belkum het met die uiteensetting saamgestem en het hom dus ten volle met die volkskerklike beskouing vereenselwig. In Januarie 1899 herhaal Van Belkum weer eens sy standpunt ten opsigte van die sending, maar dui aan dat die vermoë om sending te doen deur die omstandighede aan bande gelê word:

> Mijn standpunt is de Heer heeft gezegd: Gij zult mijn getuigen zijn en predikt het Evangelie aan alle creaturen. Ik moet aan dit bevel getrouw zijn. Echter heeft hij geen tijd aan de heidenen het Evangelie te verkondigen, omdat onze eigene gemeenten nog te veel zijn arbeid en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zijn krachten noodig hebben. De kerk moet de zending bevorderen, maar wij kunnen het niet.
>
> (NHKA 1899:8)

Van Belkum se antwoord het op die kommentaar van M W Vorster gevolg:

> Laat ons trachten uit alle drie Protestantsche kerken een genootschap te vormen, dat controle kan oefenen op de zending.
>
> (NHKA 1899:8)

In die daaropvolgende debat het dit duidelik geword dat Van Belkum, soos in Nederland (vgl. Hoofstuk 2), sy beskouing dat die sending die Kerk se taak is en daarom nie aan 'n sendinggenootskap opgedra kan word nie, gehandhaaf het. Hierop het verskeie ouderlinge, ondermeer A D W Wolmarans gereageer en beklemtoon: '*Het is niet recht als onze leeraaren de heidenen prediken; zij zijn geroepen voor de blanken*' (NHKA 1899:8). Van Belkum het vervolgens gestel:

> Ik ben dienaar der gemeente bij gratie Gods en niet der menschen en hoewel ik als herder en leeraar der Ned. Herv. Kerk geen plan heb zelf zendingswerk te doen, wil ik mij in mijn geweten niet laten binden.
>
> (NHKA 1899:8)

Van Belkum het egter met Wolmarans se beskouing van die sending verskil. Vir Wolmarans was dit belangrik dat die predikante van die Hervormde Kerk se diens tot die lidmate van die Hervormde Kerk beperk word. Wolmarans se kommentaar het daarop neergekom dat die sending buite die Kerk se opdrag, gestalte moes kry. Dit was vir Van Belkum nie aanvaarbaar nie. Die sending was deel van die Kerk se taak en daarom het hy hom teen enige poging om dié taak te verskraal, uitgespreek. Goddefroy het met Van Belkum se oproep ingestem, maar terselfdertyd het hy ook op die besondere omstandighede van die land gewys en vanweë die talle rassebotsings

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beperk die predikante hulle dienswerk tot die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHKA 1899:8).

### 3.2.4 Onderwys en opvoeding

Van Belkum het reeds in die Nederlandse gemeentes Varik en Zierikzee standpunt teen neutrale onderwys ingeneem en het hom beywer vir 'n skool met die Bybel as grondslag. In sy kritiek op die godsdiensonderwys in die burgerweeshuise het hy aangedring op wat hy as deurleefde Bybelkennis beskou het. Leer en lewe was vir Van Belkum in 'n onlosmaaklike verhouding en dit het so vroeg as 26 Januarie 1874 met sy proefpreek te Utrecht deurgeskemer toe hy Johannes 21:17 uitlê. Reeds in die eerste paragrawe van sy preek stel hy dat beklemtoon moet word: '*...het Christendom is, geen leer maar een levenskracht*' (NHKA:Sarkady L VI/24/3). Die lewenskrag grond hy in die persoon en werk van Jesus Christus en:

> Waar men toch den hoofdpersoon van de een of andere stichting niet lief heeft, zal men ook niet voor zoo iets of in zoo iets leven; en het is alsof een kouden adem des doods over het Evangelie is heengevaren, wanneer men J. Chr niet kan liefhebben, zoodat men het dan als leer kan behandeld met het hoofd, maar waarbij het hart koud blijf als een marmersteen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 24/3)

Voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die onderwys in die Transvaalse Republiek ten spyte van die 'Kaapse bedreiging', Engelse handelstaal en kerklike twis, stelselmatig gegroei. In dieselfde jaar van Van Belkum se koms het dr Nicolaas Mansvelt, in Oktober 1891, in die *Zuid Afrikaansche Republiek* aangekom as Superintendent van Onderwys. Mansvelt is in 1852 in die dorpie *Wassenaar*, naby *Den Haag*, gebore. Nadat hy in 1871 sy onderwyserseksamen afgelê het, het hy as onderwyser aan 'n Christelike skool in *Harlingen* klas gegee (Ploeger 1952:68). Alhoewel Van Belkum en Mansvelt veral na die Tweede

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerkblad van die verenigde kerk het Bosman by meer as een geleentheid 'n aanval op Mansvelt se onderwysbeleid geloods. In Augustus 1893 het hy ondermeer geskryf:

> Wij teekenen ook protest aan tegen de krachtige pogingen die er aangewend worden om van de Transvaal een klein of zoo men wil, een groot Hollandje te maken. Wij willen niet dat onze kinderen Hollanders, maar wel dat zij Zuid-Afrikaners zullen worden. Nu echter worden zij naar Roomsch en Engelsche scholen gedreven, omdat de schoolwet hun geen gelegenheid geeft opgevoed te worden als burgers van een toekomstig vereenigd en onafhankelijk Zuid-Afrika.
>
> (Ploeger 1952:112)

Bosman het veral in sy kommentaar teen die Staatsgimnasium te velde getrek. Volgens hom het sy lidmate lank gevrees: '*dat men de Gereformeerde Kerk alhier maken wil tot de voornaamste kerk*', daarom waarsku hy lidmate om nie langer die Staatsgimnasium te ondersteun nie (Ploeger 1952:112). Hierteenoor was Van Belkum uit die staanspoor 'n ondersteuner van Mansvelt se onderwysbeleid en het hom reeds vroeg ten gunste van die Staatsgimnasium uitgespreek. Mansvelt het op sy beurt Van Belkum se steun waardeer en 'n sterk vertrouensverhouding het tussen hulle ontstaan. Dit blyk onder andere uit die volgende gebeure. Mansvelt was sensitief vir Bosman se kritiek soos blyk uit sy brief op 10 Maart 1894 aan Frank van Lennep:

> Er wordt nl. door de quasi-kerklijke courant ‚De Vereeniging' zoo stelselmatig tegen mij en mijn departement en alles wat daarmee in verband staat geageerd, dat we de grootst mogelijke omzigtigheid in acht moeten nemen om aan de nog welgezind Afrikaners (en hun getal is gelukkig nog groot) geen billijke grond tot klacht of aanstoot geven.
>
> (Ploeger 1952:117)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vryheidsoorlog vennote sou wees in die stryd om 'n opleiding van predikante en in die Ruysch van Dugteren saak in die Transvaalse kolonie, was hulle kontak in die dekade voor die oorlog – veral met die opstel van die 1896 Onderwyswet – die van mede-stryders. 'n Vergelyking tussen Van Belkum en Mansvelt se opmerkings rakende Christelike Nasionale Onderwys, dui aan dat hulle geesgenote was. Mansvelt wou veral Hollands as spreek– en onderrigtaal bevorder en Ploeger het in die verband gestel: 'Sy strewe was om Nederlands as versterkende element vir die opkomende Afrikaanse taal te gebruik' (Ploeger 1952:68). Maar Mansvelt het die onderrig ook gesien as gegrond op die Bybel en het dit as teenvoeter teen die gees van materialisme gesien. Volgens hom kon die morele verval soos drankmisbruik en Sabbatsontheiliging deur: *'een onderwijs, gegrond op Gods Woord, op de geschiedenis en de overlevering van ons volk, op den aard en de zeden onzer natie' as teenwig dien* (Ploeger 1952:71). Die onderwys moes egter nie net dien as fondament van deug nie, maar moes ook die belange van die Afrikanervolk dien en in die besonder die bevordering van Afrikaans. Om dit te doen stel Mansvelt in samewerking met G A Odé (Sekretaris van die Departement van Onderwys) en W Louis die Onderwyswet van 1896 op. Mansvelt het duidelik gestel dat hy nie in wese afwyk van die Du Toit-onderwyswet nie, maar die 1896-Onderwyswet het nogtans verhoed dat die onderwys veral misbruik word om Engels as voertaal te bevorder. Verskeie groepe in die ZAR het teen die Mansvelt-Onderwyswet 'n polemiek gevoer. Behalwe die uitlandergroep aan die rand, die *Transvaal commercial Union*, was van die ander groepe die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het tydens sy 1897 Algemene Kerkvergadering besluit het om nie die Staatskole te ondersteun nie en het selfs vroeër *Vereenigde Kerkschole* opgerig. In Rustenburg onder andere, was ds J C Hefer voorsitter van die *Vereenigde Kerkschool* se beheerraad. Hefer het op 18 Maart 1893 versoek dat meer Engels toegelaat word. Mansvelt het sy versoek afgekeur en gemeld dat die skool selfs die Du-Toit wet oortree het (Ploeger 1952:118). Van die antagoniste uit die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk was ds H S Bosman die prominentste. Reeds in 1892 het Bosman in samewerking met C L Neethling, D C Neethling, Wynand Maré, I van Alphen, J S Marais en F C Ziervogel die blad '*De Vereeniging*' opgerig. In dié

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mansvelt se brief het gevolg op 'n onderhoud wat hy en Bosman enkele dae van te vore gevoer het. Volgens hom het hulle in die gesprek verskeie sake vriendskaplik bespreek. Bosman het na die onderhoud egter weer 'n aanval op die onderwysbeleid geloods. Juis hier blyk dan Mansvelt se vertroue in Van Belkum as hy aan Van Belkum vertroulik op 19 Maart 1894 skryf: '*...dat er tengevolge de toenadering van de zijde van Ds. Bosman een verzoening tusschen Z. Ew. en mij heeft plaatsgevonden*' en dat hy '*...in het belang der zaak die tegenover de groote macht v.d. vijand geen noodeloze tweedracht en verbrokkeling van krachten duldt*' ( Ploeger 1952:117). Van Belkum word dus as vertroueling gereken en heeltemal tereg. In die polemiek tussen J van Brugghen, ds P G J Meiring en Van Belkum, het Van Belkum hom openlik as 'n strydgenoot van Mansvelt se beleid verklaar. Van Belkum het sy gesprek met Meiring in 1898 oor drankmisbuik en later onderwyssake met Van Brugghen bespreek. Van Brugghen het oorhaastig opgetree en Meiring se kommentaar in '*Het Christelijk Schoolblad*' van 19 Oktober 1898 gepubliseer. Meiring het vervolgens gestel dat Van Brugghen sy uitlatings verdraai het en versoek Van Belkum om die ware toedrag van sake te stel. Van Belkum het 'n oorsig van die gesprek gegee, maar stel ten slotte:

> Bij mij heengaan hebt gij mij gevraagd: Wilt ge ons helpen dat stelsel te bestrijden, waarop ik U lachende toevoegde: neen in dat opzicht zal ik U tegenstaan en U bestrijden met open vizier.
>
> (Ploeger 1952:253)

Van Belkum was dus 'n lojale ondersteuner van die onderwysbeleid en sou dit ook binne sy gemeentegrense laat geld. In die omgewing van Rustenburg en Marico het Van Belkum gereeld met die Sekretaris van onderwys oor uiteenlopende sake, soos die afneem van eksamens, die inspeksie van skole en die gebrek aan handboeke en subsidies wat nie gereeld uitbetaal word nie, gekorrespondeer. In Rustenburg het hy in die jare saam met die onderwysers H Visscher en J Kamp nou saamgewerk en op Marico, Rhenosterfontein-skool, met A Stafleu. Sy invloed was van so aard dat die inspekteur van skole, T C Stoffberg, in 1895 Van Belkum versoek om die skool op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Driefontein te besoek en later aan hom verslag te lewer (Transvaalse Argiefbewaarplek= TAB: OD 60).
Van Belkum het egter nie net in sy omgewing die onderwys bevorder nie, maar het ook die Kerk se betrokkenheid by die onderwys beïnvloed. Toe die verbintenis aan die Staatsgimnasium tydens die 1897 Buitengewone Algemene Kerkvergadering ter sprake was, het die onderwys ook aandag geniet. J van Brugghen van die gemeente Johannesburg het die vergadering ook op die belang van primêre en sekondêre onderwys gewys. Van Belkum het hom met Van Brugghen se opmerkings vereenselwig en verklaar:

> Wij moeten ook het lager onderwijs aanmoedigen opdat onze Staat een godsdienstige zij, gelijk zij is aangelegd met de Staatskerk. Wordt ons volk godsdienstig opgeleid, dan zal God ons zegenen tot in het verre nageslacht. Maar dan moet ook van onze kerk kracht uitgaan en moeten wij het onderwijs bevorderen door daden.
>
> (NHKA 1897:14)

Die belang vir christelike-nasionaal onderwys het na die Tweede-Vryheidsoorlog akuut geword en Van Belkum het toe veral onder die skuilnaam 'Oom Sarel' gereeld die christelike-nasionale onderwys gepropageer. Sy korrespondensie met N Mansvelt na die Tweede Vryheidsoorlog sou ook rekenskap van sy standpunt gee, maar soos in die geval van die gemeentelike dienswerk, het die Tweede Vryheidsoorlog die onderwys en as verlengstuk hiervan - die opleiding van predikante, versteur.

### 3.2.5 Gesinslewe

Die jare wat die koms van ds Van Belkum voorafgegaan het, is gekenmerk deur die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), die onrus en twis wat die 'mislukte kerkvereniging' van 1885 meegebring het en die gevolglike stryd om kerklike eiendomme. Uit sy verslag aan die 1898 Algemene Kerkvergadering blyk dat Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Belkum se arbeid gekenmerk is deur diensreise in die uitgestrekte gemeentes, kommunikasie was moeilik en lidmate het verspreid gewoon. Die pioniersomstandighede van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* het hoë eise aan Van Belkum en sy gesin gestel. In 1897 het Van Belkum na Nederland gereis. Mev van Belkum het in haar brief van 3 Januarie 1897 iets van die gesin se omstandighede laat blyk. Veral Gellius het in daardie jare, 1897-1898, sy ouers hoofbrekens besorg. Onder invloed van dr U G Breyer het Gellius die uitlating gemaak dat God nie bestaan nie. Die inspekteur van skole J L Moerdijk, het hierop 'n verslag geskryf oor die student Van Belkum en: '*...zijne overtuiging van [het nie]t bestaan van Een God*' (TAB: SS 6788/OR 1614/97) en selfs die rektor dr Reinink het hierop gereageer. Mev van Belkum se kommer, nie net oor Gellius nie, maar die ander kinders het veral in haar brief van 3 Januarie 1898 aan Van Belkum geblyk:

> Wat moet er van hem (Gellius-CP) worden, als je in April hier komt en in het geheel geen toezicht heeft. Waarom begrepen zij niet beter, dat wij alles gedaan hebben voor hem. Hebben wij in die jaren in Transvaal veel genoten. Wat een opofferingen hebben wij ons moeten getroosten. Wat hebben wij aan het huiselijke leven gehad, het is in Transvaal veroovert. De kinderen acheruit en helaas wij hebben weinig vruchten van onze opofferingen gezien. God geve dat de toekoms nog eens zal beter...
> Zoo zie je alweer Koos, dat zelfs een zoon van een Hollandse predikant die zich opofferd voor het land zelfs niet eens in aanmerking komt voor een geschikte betrekking.
>
> Laten wij eens en almal met elkaar overleggen wat wij moeten doen, met het oog op Gellius.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/1/5)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum se dienstyd in die Zuid-Afrikaansche Republiek het van hom en sy gesin groot opoffering geëis. In die daaropvolgende jare het die arbeid die diens aan kerk en volk nog meer geëis. Dit het veral deurgeskemer toe Jameson, onder Cecil John Rhodes se aanvoering, die Transvaal op 2 Januarie 1896 ingeval het. Die Jameson-inval was nie net 'n voorsetting van die Britse imperialisme nie, maar dit het ook een van die donkerste tye in kerk en volk se geskiedenis ingelui, naamlik die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899. Van Belkum en sy gesin het vanweë hulle verbondenheid met kerk en volk, aan die lyding deelgekry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## LITERATUURVERWYSINGS BY HOOFSTUK 3

Appelgryn, M S 1979. *Thomas Francois Burgers- Staatspresident 1872-1877.* Kaapstad: HAUM.

Botha, S J 1961. Ontleding van die kerksaak van Trichardsfontein. *HTS* 17/1, bl 1-18.

-1969. Kerkregtelike posisie van die prokurasiekommissie in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25/2, bl 106-131.

- 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy- sy lewe en betekenis.* Pretoria: Kital.

- (vert) 1991. *Die Kerkkwessie: Nie 'n leer-, maar 'n lewenskwessie* deur M J Goddefroy. Pretoria: Kital.

Breytenbach, J H & Pretorius, H S 1949. *Suid-Afrikaanse argiefstukke: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek.* Deel 1 1844-1850. Kaapstad: Cape Times.

-1950 Deel 2 1851-1853. Kaapstad: Cape Times.

De Jongh, C 1993. Die volksraadsvergadering op Derdepoort 1849. *Pretoriana* nr.102, bl 50-56.

Engelbrecht, S P 1933. *Thomas Francois Burgers- 'n Lewenskets.* Kaapstad: HAUM.

-1950. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg 1850-1950.* Die Kerkraad: Rustenburg.

Gerdener, G B A 1930. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep.* Kaapstad: Nasionale Pers.

De Almanak 1918. Bijdrage tot de Geschiedenis der Hervormde Kerk, bl 95-110.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kerkraadsvergadering Gemeente Rustenburg. Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gemeente Rustenburg NHKA G 2/1/2/3. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1890. Notule van die Algemene kerkvergadering 1890. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

- Algemene Kerkvergadering 1893. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1893. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Algemene Kerkvergadering 1897. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1897. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

- Algemene Kerkvergadering 1898. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1898. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

- Algemene Kerkvergadering 1899. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1899. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Pont, A D 1991. *Die Historiese agtergronde van ons kerklike reg.* Pretoria: Kital.

Ploeger, J 1952. *Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds S J du Toit en dr N Mansvelt, 1881-1900.* Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jrg 15, deel 1. Staatsdrukker: Pretoria.

Pretorius, H S & Kruger, D W 1937. *Voortrekker-argiefstukke (1829-1849).* Staatsdrukker: Pretoria.

Pretorius, S P 1986. Die Kerkvereniging van 1885– sy aanloop en mislukking. Ongepubliseerde DD-proefskrif: Universiteit van Petoria.

Sarkady, N 1997. Ongepubliseerde Inventaris: Jac van Belkum versameling L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Schoch, W A 1910. *Transvaal, 34 Jahren im Lander der Buren, Errinerungen von W August Schoch.* Brieg: Kubisch.

Spies, F J du Toit, 1969. Nogmaals die Staatsgimnasium. *Pretoriana* 61, bl 1-3.

Steyn, J C 1998. *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal.* Kaapstad: Tafelberg.

Transvaalse Argiefbewaarplek. OD/60/OR 3520/95. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

- SS 6788/OR 1614/97. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

Van Belkum, J 1891. Ingezonden stukken. *Zierikzeesche Nieuwsbode* 17 Oktober 1891.

- 1891 Ingezonden stukken. *Zierikzeesche Nieuwsbode* 22 Desember 1891.

- 1898. De Ned. Herv. Kerk in Z. Afrika. *SVW* (1898), bl 921-932.

Van der Westhuizen, H G 1990. *Kerk en Kerstening.* Pretoria: Kital.

Van Niekerk, L E 1985. *Kruger se Regterhand: Biografie van Dr W J Leyds.* Pretoria: J L van Schaik.

Webb, F (vert) 1997. *Adulphe Delegorgue's Travels in Southern Africa.* Pietermaritzburg: Universiteit Natal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wulfsohn, L 1992. *Rustenburg at War: The story of Rustenburg and its citizens in the First and Second Anglo-Boer wars*. Kaapstad: CTP Drukkers.

# 4 HOOFSTUK 4: OORLOG EN HEROPBOU

## 4.1 Voorspel

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het sy aanloop reeds met die Jameson-inval in Januarie 1896 gehad. Van sowel die inval as die waarskynlike bedoeling daarmee het van Belkum wel deeglik kennis gehad. Die invallers wat onder leiding van dr Leander Starr Jameson gestaan het, het in hulle tog vanaf *Pitsani* aan die Bechuanaland-grens (=Botswana) oppad na Doornkop, wes van Johannesburg, ook deur die gebied beweeg wat deur gemeente Rustenburg omvat is. Die invalsmag wat bestaan het uit 400 Rhodesiese polisiemanne van Cecil John Rhodes se *Chartered Company (British South African Company)* ondersteun deur die mynhuise van Alfred Beit en Julius Werner, het egter nie die eindpunt bereik nie omdat hulle deur die burgers van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* gestuit is. Sowel Van Belkum as sy familie en vriende in Nederland was dankbaar dat die inval gestuit is, maar het dadelik besef dat die eintlike bedoeling van Engeland daar slegs 'voorlopig' afgeweer is. Dit blyk duidelik uit 'n brief uit Nederland aan Van Belkum gedateer 9 April 1896 waarin soos volg na die inval verwys word: '*...goddank dat het gevaar voorlopig gesaeken es*' (NHKA:Sarkady L VI/1/5). Die mislukking van die Jameson-inval het egter die Britse imperialiste, Joseph Chamberlain (minister van Kolonies) en Alfred Milner (Britse Hoë Kommissaris in Suid Afrika) genoop om deur middel van diplomatieke instrumente 'n klimaat vir oorlog te skep. In vennootskap met die uitlanderelement aan die Rand, die mynbase en die pers het Chamberlain die Britse Parlement en bevolking tot oorlog oorreed. Breytenbach (1978:114) stel:

> Nie alleen het hy van die kwessie van skadevergoeding wat die Republiek moes kry vanweë die Jameson-inval 'n twisappel gemaak nie, maar tewens van elke optrede van die Republiek kragtens die Perswet en die Vreemdelingewet, asook klagtes van Britse onderdane...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die uitbreek van oorlog het ook gevare vir die Oranje-Vrystaatse Republiek beteken en op aandrang van president M T Steyn, met die steun van die Kaaplandse eerste minister, W P Schreiner, het die Britse regering en die volksraad van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* in Mei 1899 te Bloemfontein onderhandelinge aangeknoop. Die onderhandelingspoging was uit die staanspoor gedoem, omdat Milner van plan was om dit te laat misluk (Breytenbach 1978:119). Vir die regering van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* was dit duidelik dat Brittanje op oorlog voorberei. Op 8 September 1899 het Milner die Britse regering versoek om die Britse mag in Suid-Afrika met 10 000 man te versterk (Pretorius 1998:13). Die goedkeuring van die versoek deur die Britse regering het die aantal soldate in Suid-Afrika op 22 000 te staan gebring. Twee weke later het die Britse regering 'n ultimatum opgestel, maar dit teruggehou totdat die Britse magte in posisie was. Die regering van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* het egter op 9 Oktober 1899 'n ultimatum aan die Britse regering gestuur. Deur die ultimatum het die *Z.A.R* regering in die hande van Chamberlain en Milner gespeel. Chamberlain kon sy vreugde nie bedwing nie en het selfs uitgeroep: '*They've done it!*' (Pretorius 1998:113). Op 11 Oktober 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) amptelik uitgebreek. Van die Nederduitsch Hervormde Kerk het di M J Goddefroy (Pretoria), C W du Toit (Potchefstroom), Jac van Belkum (Rustenburg), A Murray (Ventersdorp) en J Beyer (Standerton) onderskeidelik in al die fases van die oorlog deelgeneem. Ds Goddefroy was deurlopend by die stellingkrygsfase aan die Natalse front betrokke en het ook die lotgevalle van krygsgevangenes in *Trichinopoly* gedeel, terwyl ds van Belkum in 'n mindere mate by die stellingkrygsfase, aan die wesfront betrokke was, maar getuie van die konsentrasiekamplewe in Merebank was. C W du Toit het nie aan die stellingkrygsfase deelgeneem nie, waarskynlik vanweë sy ouderdom en ds A Murray het in Ventersdorp diens verrig; tydens die oorlog kon die kerkraad selfs op 9 Oktober 1900 vergader. Ds J Beyer, wat kort na die uitbreek van die oorlog na Nederland teruggekeer het, het die Boere krygsgevangenes in Portugal bygestaan en versorg.

Reeds op 27 September 1899 het generaal Piet Joubert, die Kommandant-Generaal van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* die verskillende kommandante van die Republiek opdrag gegee om die burgers vir krygsdiens op te roep.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4.2 Stellingkrygsfase

In Rustenburg was W A Schoch, landmeter, getuie van die oproepinstruksies. Schoch was 'n afstammeling van 'n Sweedse familie wat sedert 1723 in die Kaap-kolonie gewoon het. Aanvanklik was hy Boerekryger maar later sterk antagonisties teenoor die Boeremagte. Hy beskryf die gebeure in Rustenburg so:

> Alle waren mit Mausergewehren bewaffnet und sahen in ihren mannigfaltigen Trachten nicht gerade malerisch, aber recht eigenartig und kriechstüchtig aus... Bald wurde zum allgemeinen Gottesdienst gerufen; denn der Bur kann sich keine wichtige Handlung auf politischem oder auf sozialem Gebiet ohne diesen denken, allein weil er in Religionssachen ebenso Konservativ als starrköpfig ist, so haben wir in unserem kleinen Dörfchen; nich weniger als drei protestantische holländische Kirchen; welche obwohl in der Lehre übereinstimmend ; in Nebersachen streng von einander geschieden sind. Um nun allen Parteien gerecht zu werden; versammelten sich die Bürger in der grössten der drei Kirchen und alle drei Pfarrer hielten nacheinander patriotische Predigten. Die Texte hierzu mussten aus dem Alten Testament gewählt werden, denn es wäre gewiss keine leichte Aufgaben gewesen, die Berechtigung zum Kriege und seinen blutigen Greueln den ausziehenden Kriegem auf Grund de Evangeliums Jesus Christi zu beweisen und sie zum Kampf zu ermutigen!
>
> (Schoch 1910:204)

In sy dagboekaantekeninge dui hy die drie predikante, wat die eredienste lei aan as Van Belkum, Postma en Rudolph (A 839, A M Cunningham-aanwins).
Die lidmate van die gemeentes Rustenburg en Marico het onder die bevel van generaal Pieter Arnoldus Cronjé deel uitgemaak van die Marico kommando en die Rustenburg kommando. Die Marico kommando, onder bevel van kommandant J D L Botha, het op die plaas Bultfontein stelling ingeneem terwyl die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rustenburg kommando onder kommandant P S Snyman se bevel, noordwaarts langs die Bechuanaland-grens ontplooi is. Die krygsraad het reeds op 3 Oktober 1899 besluit dat die kommandos van Marico, Rustenburg, Potchefstroom, Lichtenburg, Wolmaransstad en Bloemhof, Mafeking moes isoleer (Breytenbach 1978:387). Die eerste gevegsituasie waaraan die kommandos deelgeneem het, was die slag van Kraaipan op 11 Oktober 1899 toe veldkornet J C Coetzee, ouderling van die Hervormde gemeente Marico, die eerste skote van die Tweede Vryheidsoorlog geskiet het. Die aanleiding tot die slag was die ontsporing van die pantsertrein, *Mosquito*, wat onder Luitenant H R Nesbitt se bevel met twee kanonne na Mafeking oppad was. Ná die naggeveg het die Boeremagte se artillerie die Britse mag gedurende die oggend tot oorgawe gedwing. Hierdeur het die kommandos geslaag om hulle opdrag uit te voer en Mafeking van die suidekant te isoleer. Die Boeremagte het Mafeking tussen 12 en 13 Oktober omsingel en met 'n lang beleëring begin.
In die tyd bied Van Belkum se doopregister insae in sy bewegings.
Op 16 Oktober 1899 het hy in Rustenburg doop bedien. Op 19 Desember word doop op Rhenosterfontein bedien, drie dae later op Besterhoek, daarna Rietfontein en met Nuwejaar was hy terug in Rustenburg. Gedurende Februarie bedien Van Belkum doop op Buffelsfontein en Middelfontein en op 11 Maart 1900 is hy terug in Rustenburg. In die maande wat volg, tot in Mei, reis Van Belkum na Vergenoeg, Roodekopjes, Rietvlei, Rhenosterfonten en Zeerust, maar vanaf 31 Maart 1900 is sy bewegings beperk. Vanaf Mei bedien hy feitlik net op Rustenburg doop en by twee geleenthede, op 27 Mei te Elandsdrift en 30 November te Naauwpoort. Dit was voorlopig die laaste keer dat Van Belkum in die Transvaal doop bedien het, want die volgende aantekening is op 1 Desember 1901 in die Merebank kamp in Natal geskryf. Van Belkum het dus in die eerste maande van die oorlog, toe die Boeremagte nog beheer uitgeoefen het, die uitgestrekte gebiede van sy gemeente besoek en doop op verskillende plekke bedien. In die tyd was hy op hoogte van die beleg van Mafeking en die moord op Derdepoort. Dit was veral die Rustenburgse kommando wat aan die begin van die beleëring die grens by Derdepoort moes beskerm. Die Marico kommando het op 23 Oktober op MacMullen se plaas, oos van Mafeking, stelling ingeneem terwyl die Rustenburgse kommando noord van Mafeking, op *Signall Hill*, en wes van Mafeking ingegrawe het (Breytenbach 1996:11,14). Dat generaal Cronje

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se uitgerekte beleëring en sy vertroue in 'n artillerie aanval ondoeltreffend was, het gou geblyk. Die Britse magte het die Boeremagte in skaak gehou terwyl die Britse offensief in momentum toegeneem het, soseer dat Cronje met sy mag na Kimberley moes gaan en aan die Modderrivier stelling deelneem. Cronje se opvolger, generaal J P Snyman, was nie opgewasse vir die bevelsposisie nie en het die beleëring voortgesit sonder enige sukses. Abraham Stafleu het van die beleg dagboek gehou en op 13 Desember 1899 meld hy Van Belkum se betrokkenheid:

> Het Roode kruis werd ook goed bedacht. Door den Weleerw. Heer J Van Belkum werd eene koe, op de vendutie gekocht, in gebruik afgestaan. -De melk, die zij leverde kwam den zieken goed van pas. De oppassing van dat dier gaf echter meer moeite, dan de melk waard was. Meer dan eens liepen de kaffers weg, die voor de koe moesten zorgen.
>
> (Smit, A P & Maré, L 1985:154)

Aan die einde van November 1899 het die republikeinse magte aan die Wesfront, veral die Rustenburgse kommando, met 'n verdere bedreiging te doen gekry. Op 25 November 1899 het die Bakathtla stam tot die oorlog toegetree deur die aanval op Derdepoort. Breytenbach dui aan dat die Resident-kommissaris in Bechuana-land, majoor H Goold-Adams, die Afrika-volke teen die Boeremagte opgerui het (Breytenbach 1996:16). Van die ywerige ondersteuners van die oorlog was Segale en Linchwe en hulle was te vinde vir 'n aanval op Boeremagte op die grens. Te Derdepoort en Gaberonestasie het veldkornet Piet Kruger opdrag gehad om die grens te beskerm. Volgens Wessels het:

> ...sowat 500 (deur die Britte) gewapende krygsmanne van opperhoof Linchwe se Bakathla-stam die blanke (Boere) pos te Derdepoort in Wes-Transvaal, naby die grens met Betsjoeanaland aangeval, sewe mans en twee vrouens vermoor en sewentien vrouens en kinders as gevangenes weggevoer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Wessels 1998:28,29)

Die Boeremag het geensins 'n aanval verwag nie en op 25 November het hulle slagoffer geword van uiterste baarbaarsheid. Op 26 November het veldlkornet T C Stoffberg aan die Regering die volgende verslag gestuur:

> Heden met dagbreek aangevallen. Nog in gevecht. Eenige gewond, onbekend hoeveel. Gesneuveld is ook eenigen, onbekend hoeveel. Jan Barnard, L. E. V. is gesneuveld. Zend hulp en zend dadelijk een dokter. Onze dokter is weg. Hulp dringend noodig. Help spoedig met een versterking en een dokter. Vijand valt ons met kaffers en een Maxim aan, ook een sterk paarden commando. Vijand geretireerd doch maak schijnbaar gereed voor nieuwen aanval.
>
> (Breytenbach 1996:20)

In Rustenburg het die aanval groot onrus veroorsaak en gerugte het die ronde gedoen dat die Bakgatlas Rustenburg-distrik op groot skaal sou binneval. Van die gerugte het beweer dat die Bakgatlas teen 28 November tot by Mabieskraal gevorder het en dat die kapteins van die Bakgatlas te Saulspoort ook tot die oorlog toegetree het en van plan was om Rustenburg aan te val. Die gerugte en die opdrag van kommandant Kirsten, dat inwoners van die distrik in Rustenburg moet saamtrek het groot paniek veroorsaak. Van Belkum en sy gesin is aan die paniek en gerugte blootgestel. Volgens sy doopregister het Van Belkum in die maande hom in Rustenburg bevind, maar kort na die gerugte weerlê is en die Boeremagte op 22 Desember, Lenchwe se magte by Derdepoort verdryf het, het hy in Desember weer in die distrik – Rhenosterfontein, Bestershoek en Rietfontein- sy dienswerk voortgesit.
Aan die beleg van Mafeking sou daar ook 'n einde kom. Die leër van kolonel B T Mahon het op 4 Mei 1900 Barkley-Wes met 1149 man verlaat. Ook Mahon se troepe het groot onrus en terreur ingelei; swart stamme het geplunder en wandade gepleeg en op 17 Mei 1900 het Mahon se troepe Mafeking ontset. Enkele dae van te vore het generaal De la Rey Mafeking, op14 Mei bereik. Hy het die Boeremagte dadelik gereed gemaak vir Mahon se aankoms. Die Maricoburgers het aan die noordelike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rivier-oewer van die Molopo stelling ingeneem, terwyl die Rustenburgers op die rante, parallel aan die rivier, stelling ingeneem het. Die eerste aanval van die Britte is afgeslaan en selfs 'n tweede stormloop deur die *Imperial Light Horse* is afgeslaan, maar met die laaste stormloop het twee verskrikte perde losgeruk terwyl 'n enkele burger agterna gehardloop het. Faul skryf in sy dagboek:

> Toen de Rustenburg burgers dit zagen, begonnen zij allen met de meesten spoed rittereeren en te vergeefs trachten wij hen stuiten. Zij wilden naar niets luisteren maar was zeer dapper om te rittereeren, de kannonnen achterlatende waarop kapt. Van Dalwig verplicht was de kanonnen aan te hakken en ook maar terug te komen.
>
> (Faul, in Breytenbach 1996:57)

Beide die kommandos het egter nie hulle posisie tydens die slag verdedig nie, maar hulle posisie verlaat en 'n haastige vlugtog ingelei. Die ontsetting van Mafeking het die burgers gedemoraliseerd gelaat en dié gees sou mettertyd toeneem veral nadat die Britse offensief te Paardeberg geslaag het. Volgens Rex (1971:254) het Van Belkum in die maande as veldprediker in die kommando van generaal Cronje aan die Modderrivier opgetree. Uit Van Belkum se doopregister is dit egter onwaarskynlik dat hy voortdurend saam met die kommando's beweeg het, want toe generaal Cronje se kommando op 14 Februarie 1900 duskant Bossiepan, langs die Modderrivier verbybeweeg het, dui Van Belkum aan dat hy die doop op Buffelsfontein bedien het. Op 16 Februarie 1900 was die Cronje kommando by Drieputsdrif en daardie nag het Cronje 'n vinnige trek na Paardebergsdrif uitgevoer, wat teen middernag bereik is. Na 'n vier uur rustyd is die Burgers aangesê om na Wolwekraal te trek en die voorpunt het 8 vm op Wolwekraal aangekom en rustig uitgespan. Cronje was so oortuig dat hy sy aanvallers afgeskud het, dat hy toegelaat het dat Jacobus Kleynhans, een van die gewondes wat tydens die nag se trek oorlede is, plegtig begrawe word. Generaal French se vinnige besetting van die rante by Kameelfontein en die gevolglike bombardement, het Cronje egter so vasgepen dat hy nie sy laer kon verskuif nie. Dit het die slag van Perdeberg op 18 Februarie ingelei en Van Belkum

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dui aan dat hy 19 Februarie die doop by Middelfontein bedien het. Indien Van Belkum se doopregister te velde as vertrekpunt geneem word, kon hy dus nie by die slag van Paardeberg betrokke gewees het nie. Sy betrokkenheid was hoogstens beperk tot die besoek van Boerekrygstellings, hulpverlening deur middel van die Rooi Kruis en later by die versoek van Paul Kruger, wat op aanvoering van A D W Wolmarans, alle predikante telegrafies versoek het om op 25 Februarie ' ... *een nacht gebed den geheele nacht te doen onze God te vragen Generaal Cronjé te verlossen*' (Breytenbach 1983:415). Die terugslae van die Boeremagte het sy tol geëis. Nog voor die ontsetting van Mafeking en die toepassing van die verskroeide aarde beleid, het Van Belkum in die *Hervormer* van 15 Mei 1900 die lewensverlies onder Britse en Boeremagte veroordeel. Die oorlog was 'n oorlog tussen christene – 'n broederoorlog en 'n beroep word op alle christelike volke gedoen om deur hulle invloed die oorlog te beëindig (Pretorius 1992). Dit sou egter nie binne die volgende jare realiseer nie. Na die ontsetting van Mafeking het Baden-Powell sy hoofkwartier na Rustenburg verskuif en dit het saam met die herlewing van die stryd in die Wes-Transvaal geval. Veg-generaal H R Lemmer het opdrag ontvang om na Rustenburg te vertrek:

> '...en aldaar het Rustenburg-commando, met behulp van officieren, landdrosten en Volkrsraadsleden bijeen te krijgen en op te trekken in richting Pretoria, zoodat de vijand belet wordt het vee en het graan van onze burgers in handen te krijgen'
>
> (Breytenbach 1996:241)

Volgens Wulfsohn (1992:85) was Rustenburg sedert 14 Junie 1900 in Britse hand en die magte onder Lemmer se bevel het op 19 Junie 1900 vanaf Balmoral vertrek. Die opkommandeer van die burgers op die plase in die Rustenburg distrik het aanvanklik nie groot aftrek gekry nie. Om die weerbarstigheid en moedelose gees die hoof te bied, het Lemmer besluit om die Rustenburgse garnisoen te ontset. Die aanval op 5 Julie 1900 was egter nie geslaag nie en toe Baden-Powell op 8 Julie 1900 met 450 man en 8 kanonne terugkeer, was Rustenburg weer in Britse hande (Wulfsohn 1992:89). Dit was tydens die skermutselings tussen Lemmer en Baden-Powell dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rustenburg ongekende aktwiteite leer ken het, veral toe Baden-Powell verneem dat Generaal De la Rey in die omgewing van Silkaatsnek was. Orals in die dorp is voorbereidings getref en volgens Wulfsohn (1992:93) is kanonne in die dorp geposisioneer, strate is toegekamp met doringdraad en myne is aan die rand van die dorp geplant. Hendrik van Noorden en Willem Lategan, twee prokureurs, is gearresteer en di Postma en Van Belkum is, volgens W A Schoch, onder observasie geplaas omdat hulle prominent was in die woordewisseling met die Britse magte. Waarskynlik het Van Belkum se kritiek teen die optrede van die Britse magte by Derdepoort en die behandeling van wapenneerlêers in Rustenburg aanleiding tot sy huisarres gegee. Van Belkum wat sedert Maart 1900 in Rustenburg gebly het, was van dit alles toeskouer tot Kitchener se proklamasie op 20 Desember 1900 'n einde hieraan gemaak het. Die Kitchener-proklamasie het bepaal dat families wie se vaders, broers of seuns op kommando was, binne 8 dae hulle huise moet verlaat en na konsentrasiekampe geneem sal word. Wulfsohn haal in die verband weer eens Schoch se herrineringe aan. Volgens hom (Wulfsohn 1992:118) het Schoch veral di Postma en Van Belkum jammer gekry toe die leraars met hulle gesinne uit die dorp vertrek het. Bykans nege maande sou verloop voordat die Van Belkum gesin in die Merebank kamp te lande sou kom.

## 4.3 Konsentrasiekampe

Die Merebank-kamp was een van 47 gevestigde en tydelike konsentrasiekampe in Natal, die Oranjerivier kolonie en die Transvaal. In Natal het die Britse owerhede kampe te Colenso, Eshowe, Howick, Jacobs, Ladysmith, Mooirivier, Pietermaritzburg, Pinetown, Wentworth en Isipingo opgerig. Die beleid en gevolge van die konsentrasiekampe is deur verskeie navorsers ondersoek. Skrywers, soos A C Martin en G Russel meen dat die konsentrasiekampbeleid 'n humanitêre oplossing was vir die gesinne van wapenneerlêers en '*Joiners*', wat deur die kommandos geterroriseer is. Pretorius (1998:56-57, vgl ook Spies 1978:184-185) meld egter:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met Kitchener se groot dryfjagte wat sedert Januarie 1901 van stapel gestuur is, is duisende Boerevroue en –kinders, die ongewenstes, van die plase verwyder en na die bestaande of nuut-opgerigte konsentrasiekampe vervoer. Volgens 'n verklaring van Chamberlain in die House of Commons was dit om 'humane' (menslike) redes. Maar juis die feit dat duisende plaashuise afgebrand en die vroue en kinders daarop onder dwang na die kampe vervoer is, en die openbaring dat Kitchener self op verskillende behandeling vir wapenneerleêrs (refugees) en ongewenstes aangedring het, bewys dat die kampe om militêre redes opgerig is. Dit moes inderdaad die Boereweerstand beëindig. Kitchener het gevoel dat, indien die Boerevroue en hul kinders eers in kampe byeengebring is, die burgers op kommando nie meer op die plase voedsel sou kon kry nie. Hy het geglo dat die burgers bowendien dan die wapens sou neerlê om met hulle gesinne te verenig.

### 4.3.1 Merebank

Van Belkum en sy gesin is, soos talle ander gevangenes, in 'n oop koletrok na die Merebank kamp vervoer en volgens die kampregister het *familie 1076* bestaande uit Anna Hermina (46), Aartje Catharina (18), Catharina Aartje (16), Jeanne (11), Jacobus Hermanus (9), Anna Jacoba (8) en Jac Van Belkum (50) op 29 November 1901 in die kamp aangekom (TAB:T 262). Dié kamp is twee maande van tevore, 19 September, op aanbeveling van Majoor Mc Cormack, mediese hoof-offisier van Natal, opgerig en volgens Otto het die kamp:

> ...aan die voet van 'n lae koppie gelê en water het uit die koppie tot in die kamp deurgesyfer. Die plat, vleierige grond waar die kamp opgerig was, het aan albei kante geleidelik na 'n klein waterstroompie afgehel. Aan die Durbankant van die kamp was daar 'n moeras wat na die kamp gedreineer het. Om die kamp te bereik, moes gevange vroue

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> en kinders, en soms besoekers, deur 'n modderseë voortsukkel. Grafte kon nouliks dieper as 4 en 'n half voet gegrawe word, omdat die water eenvoudig daarna uitgeborrel het.
>
> (Otto 1954:67)

A C Martin het in sy werk, *Facts, Figures & Fables: The Concentration camps* (1957), gestel dat die kamp op 13 September 1901 aangelê is. Alhoewel Martin verskeie verslae aanhaal om die geskiktheid van die kamp te bevestig, blyk dit tog dat die kamp gedeeltelik op 'n moeras gevestig was en dat die hoë vogtigheid tot siektes en ongemak bygedra het. Die Fawcett dames-kommissie wat die kamp drie maande na sy stigting besoek het, het volgens Martin (1957:66-67) gestel:

> ...the ground was low-lying and damp. [Three] out of the four blocks of the camp consisted of tents, and they had been pitched too close to one another. The huts housed six to eight people in a room and sometimes as many as nine. The Commission considered that no more than six people should be housed in a room. Though blankets and waterproofs sheets were supplied and tarpaulins for the floor, there were cases in which there were no floor coverings and no katels (wooden beds). Ground water were stated to be within 4½ feet of the surface.
>
> (Martin 1957:69)

In sy verdere beskrywing van die kamp, betoog Martin vanuit verskeie bronne dat die kamp nie so ongeskik was soos wat die Dameskommissie beweer het nie. In sy betoog het hy verskillende lede van die Mediese Raad, soos Kol Mc Cormack en E L Acutt, se menings ter stawing hiervan aangehaal. Die kamp het oor 'n skool beskik en volgens Martin het 394 kinders die skool gebruik. Dit was 'n baie klein getal indien die kamp se inwonertal in Desember 1901 in aanmerking geneem word: 216 mans, 267 seuns tussen 12 en sestien, 2230 vroue en 2552 kinders (Martin 1957:68). Indien die kamp te veel gevangenes moes huisves kon die kamp na die Jacobs-sylyn

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitgebrei word. Dat dit wel gedoen is, is duidelik uit Van Belkum se dooppregister. Hy het ondermeer op 15 Junie 1902 doop by die kampafdeling bedien. Die kamp te Jacob was suid van die vlei geleë.

Van die daaglikse gebeure in die kamp bied Miem Fischer en Janie Kriegler in hulle onderskeie dagboeke 'n beeld. Op 8 Januarie 1902 maak Miem Fischer melding van 'n byeenkoms in die kamp waarby Van Belkum ook betrokke was:

> Vanmôre om nege-uur moes al die mans in die kamp kantoor toe kom. Om nege-uur was daar dan ook 'n hele kommando stokkiesdraers teenwoordig (tot selfs die twee predikante). Toe die geroktes en geskoktes dink dat daar nou iets heel gewigtigs aan die gang is word daar 'n Kaffer in die kring gebring wat deur al die helde goed bekyk moes word; hy het 'n litteken aan sy arm en een op sy kop. Nadat die bevel uitgevoer was, word vir hulle gesê dat, as een van hulle of almal tesame of 'n deel van hulle genoemde Kaffer in die nabyheid van een van die tente sien, hulle hom moet vang en na die kommandant moet bring, en in geval van verset het hulle die reg om te skiet. 'n Vrou wat die grappige toneel aanskou het, vra toe: 'Kommandant –waarmee?'
>
> (Coetzee 2000:72)

Die teenwoordigheid van wapenneerlêers in die kampe het tot groot bitterheid bygedra en Grundlingh meld dat nie net die dubbele rantsoenverdeling nie, maar ook die wapenneerlêers se optrede teenoor vroue in die kampe daartoe bygedra het. Die wapenneerlêers was onder andere bereid om teen betaling sekere take in die kampe te doen soos die opslaan van die tente, herstel van kamptoerusting en die maak van doodskiste en kampmeubels (Grundlingh 1999:176). Die onsimpatieke en selfs brutale optrede van wapeneerlêers teen vroue en ook die voortgesette verraad deur die kamppolisie het die reeds troebele verhouding verder versleg. Wapenneerlêers in die kamp is bespot en in sekere gevalle het die manne weer by kommandos aangesluit. Miem Fischer se melding van die byeenkoms bied nie genoeg inligting om Van Belkum se optrede in die kamp te tipeer nie. Sy maak wel melding van 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

doopbediening deur Van Belkum op 26 Januarie 1902 en 'n kort diens op 30 Maart 1902. Iets van haar sinisisme blyk uit die aantekening van 13 April 1902: ' 'n Kort diens deur ds. Van Belkum: 'Hy het O, so innig om vrede en vryheid gebid' (Coetzee 2000:72). 'n Week later het Van Belkum 42 lidmate belydenis laat aflê en op 27 April 1902 meld Fischer: ' 'n Diens deur ds. Van Belkum uit Fillipense 4:7 oor sielsvrede – en ons, o ons dink altoos aan vrede vir land en volk' (Coetzee 2000:110). Uit die aanhalings blyk dat Miem Fischer se waardering van Van Belkum ongunstig was. Dit werp egter nie lig op sy posisie in die kamp nie. Hoogstens kan gestel word dat Van Belkum nie te vinde was vir 'n voortsetting van die oorlog nie en wou sien dat vrede gesluit word. Die omstandighede wat hy in Rustenburg en in Merebank ervaar het, het daartoe bygedra.

Janie Kriegler, dogter van kommandant Kriegler van Heidelberg, wat sedert November 1901 in die Merebankkamp was, beskryf ook van die omstandighede in haar dagboek. Op 18 Desember het sy 'n begrafnisdiens bygewoon en ofskoon sy reeds eenmaal in die begraafplaas was, het dit haar geskok om die hoë dodetal te sien. Die vorige keer was daar maar slegs 23 grafte en op 18 Desember 120 of selfs meer. Uys haal aan:

> Nege dooies is vandag begrawe en mnr Van Belkum het die diens gelei. Ag wat 'n onbeskryflike hartseer en patetiese toneel en watter herrineringe word nie gewek nie. Dit is verskriklik om te dink dat een van my geliefdes daar kan lê. Nee, ek lê liewer self daar, voor ek weer sien dat een soontoe gedra word
>
> (Uys 1981:200)

Behalwe die daaglikse begrafnisse het Van Belkum in samewerking met veral ds Enslin, van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk, die eredienste gelei. Op 25 Desember 1901 het Van Belkum in die plek van Enslin in kamp 2 die Kersdiens gelei (Coetzee 2000:69). Die samewerking tussen Enslin en Van Belkum het ook op geordende wyse plaasgevind soos blyk uit die notule van 'n vergadering in die kamp.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum kon soos van die ander gevangenes met toestemming die kamp verlaat en na Durban reis. Preller (1943:49) maak melding van een van die uitstappies deur Van Belkum waartydens hy die krygsgevangenes in Durban besoek het. Voordat die krygsgevangenes, onder andere Preller, na die onderskeie krygsgevangekampe verskeep is, is hulle die nag van 21 Januarie 1901 in Durban op die skip *Manila* gevange gehou. Preller skryf: 'My moeder, in Merebank se kamp, het dit op een of ander wyse te hore gekom dat ek onder die gevangenes was en het my met ds Van Belkum 'n Bybel toegestuur'.

Van Belkum het behalwe sy besoek aan die kamp te Jacobs en krygsgevangenes in Durban ook die konsentrasiekamp te Howick besoek. Volgens Russel (1988:41) was Howick die tweede kamp wat in Natal gevestig was en deur die Fawcett kommissie op 2 en 3 Desember 1901 besoek is. Volgens die verslag was die kamp weerskante van 'n moeras-vallei geleë en in Desember 1901 het die kamp 281 man, 1371 vroue en 1862 kinders gevange gehou. Volgens Russel (1988:56) het ds Van der Horst van Stellenbosch die gevangenes versorg en ook die skool bestuur. Van Belkum het egter ook die kamp besoek, want op 27 April 1902 en 25 Mei 1902 het hy, volgens sy doopregister, in die kamp die doop bedien.

Enkele dae later, op 31 Mei 1902, het die Boeremagte en Britse afgevaardigdes die Vrede van Vereeniging gesluit. Die groot taak om krygsgevangenes en burgerlikes te repatrieer het opnuut hoë eise gestel. Vir die Van Belkum gesin was dit 'n tyd van gemengde vreugde. Gellius, toe 20 jaar oud, het op 28 Junie 1902 in Merebank aangekom en saam met sy familie die kamp op 16 Augustus 1902 verlaat. Twee maande later, op 17 Oktober 1902, het Van Belkum die kamp verlaat, tot op Krugersdorp gereis en vandaar na Rustenburg waar die familie herenig is. Die groot taak van heropbou en herorganiseer het voorgelê.

## 4.4 Na die oorlog

Van Belkum moes soos talle ander na die oorlog weer opbou en bymekaarmaak. Dit blyk veral uit 'n eis teen die Britse regering. Die eis spruit voort uit die kommandering van '*... 1 gesoute blauw paard voor Commandant Derdepoort zynde*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*de waarde waarop gemeld paard wordt geta[neer] op vyf en dertig pond stlg*' (TAB:CJC 781). Die eis op die kommandering van die perd deur Veldkornet S J Roos op 2 Maart 1900 kon volgens Van Belkum eers op 27 Oktober 1902 ingedien word. Hy stel:

> ... I could not bring in that claim before this 27th day of October as I was absent and the papers were not in my posession during my stay in Merebank Camp, which I left on the 10 th day of October 1902.
> That I cannot carry on my work as a minister without horses also that I am not able to buy horses for that work.
>
> (TAB:CJC 781)

Sy eis word op 11 September 1903 toegestaan en die magistraat merk ten slotte op: '*A very bitter parson now has left Rustenburg for Rustenburg's good*'. Die oorlog het nie net vernietiging teweeg gebring nie, maar ook tot verdeeldheid en verbittering aanleiding gegee. Nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Maart 1902 gesluit is, het Van Belkum na Rustenburg teruggekeer. Hier het Van Belkum in sy gemeente met die verskynsel van verraad en verbittering te doen gekry. Grundling het in sy werk die rol van wapenneerlêers en burgers in Britse militêre diens uitvoerig beskryf. Hy beskryf ook die totstandkoming van die 'Scoutskerk' in die geledere van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die standpunt van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal (Grundlingh 1999:379 ev). Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het op 10 Oktober 1902 by wyse van 'n herderlike brief die verdeeldheid onder Afrikaner geledere aangespreek. In die skrywe het die Sinodale kommissie die bitterheid en verdeeldheid in gemeentes betreur, maar nogtans gestel:

> ...wij die leden der gemeenten die oorzaak gegeven hebben tot de verbittering, diegenen naamlijk, die zich zchuldig gemaakt hebben aan ontrouw en verraad, met alle ernst te vermanen tot boete en bekeering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Zij hebben zich bezondigd tegen God en mensch, en tenzij zij tot waar berouw en betering des levens komen,... kunnen zij onmogelijk met een goed geweten de Sacramenten gebruiken.
>
> (Grundlingh 1999:383)

Die debat rondom die *National Scouts* het in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk nog enkele jare na die vredesluiting voortgeduur.
In die Hervormde Kerk is die posisie van die *National Scouts* tydens die eerste Algemene Kerkvergadering na die oorlog, 8 Junie 1903, deur die afgevaardigdes van die gemeente Zoutpansberg ter sprake gebring. Maar reeds in 'n brief van C W du Toit aan Van Belkum op 19 Mei 1903 is die eerste tekens van onrus merkbaar.
Du Toit skryf na aanleiding van 'n berig deur ouderling Rykaardt van Ventersdorp dat:

> ...onze Broeder M [Murray-CP] aan het einde van den oorlog de onvoorzichtigheid beging om aan een en ander der zusters te zeggen, dat zij maar liewer hunne mannen moeten laten terug komen. Dit beschouwen sommigen als Engelsch gezindheid en maakt hen afvallig.
>
> (NHKA:L VI/2)

Tydens die Vergadering, wat op Van Belkum se inisiatief byeengeroep is, was J van der Westhuizen (Heidelberg), J N Roetz (Pretoria), F Boshoff (Waterberg), A P Roos (Klerksdorp) en R J de Beer( Rustenburg) as kommissielede benoem wat die saak van die *Nationale Verkenners* moes behandel en hulle het voorgestel:

> Na zeer ernstige en rijpelijke besprekingen, waaraan alle leden deelnamen besloot uwe Commissie aan de Algemeene Vergadering der Ned. Herv Kerk, nu zitting houdende te Pretoria voor te stellen, dat de besluiten door verschillende kerkeraden genoem n.l. al degenen, die direct of indirect tegen ons volk gewerkt hebben in den oorlog zullen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> niet toegelaten worden tot het gebruik de H. Sacramenten tenzij zij schuldbelijdenis doen en daartoe aanzoek doen bij den kerkeraad, goed te keuren en opdracht te geven aan de kerkeraden genoemde leden onzer gemeenten te bezoeken en te bearbeiden en hen op die wijze van broederlijkheid te trachten tot inkeer te brengen.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1903= NHKA 1903)

Die bespreking wat op die voorstel gevolg het, het wyduiteenlopende standpunte verteenwoordig. Enersyds was daar die reaksie van onder andere ouderling Van der Merwe: '*... deze menschen mogen niet in de kerk komen*'. Daarteenoor is die verdere bespreking deur 'n gees van vergewensgesindheid en broederlikheid gekenmerk. A D W Wolmarans en Van Belkum se opmerkings het hiertoe bygedra. Van Belkum het ondermeer gewys op '...op de heiligheid des Avondmaals en den plicht om daarvoor te waken, maar tevens op den plicht der liefde en der vergewensgezindheid' (NHKA 1903). Na die bespreking het A D W Wolmarans en J A du Toit voorgestel:

> De vergadering dankt de Commissie voor haar rapport en besluit aan de gemeente Zoutpansberg te antwoorden, dat zij van oordeel is, dat dit eene misdaad is tegen God en ons volk: doch beveelt de verschillende kerkeraden aan, de Nationale Verkenners, die leden zijn onzer kerk te bezoeken en hen op broederlijke wijze te overtuigen van het verkeerde en hen op die wijze te trachten tot inkeer te brengen.
>
> (NHKA 1903)

Die voorstel het egter die teenstem van ouderling F Boshoff (Waterberg) en J van der Westhuizen gehad. Vir die eerste keer was daar sprake van skeuring toe Boshoff stel:

> Omdat geene genoegzame voorziening gemaak is om den vrede binne huis te bewaren, en dat de kerkeraad van Waterberg verplicht zal zijn door het nemen van het besluit om buiten het lichaam der Algemene

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Vergadering der Ned. Herv. Kerk om, zijne eigene huishoudelijke bepalingen te maken omtrent de Nationale Verkenners.
>
> (NHKA 1903)

Boshoff se dreigement het egter nie gerealiseer nie. Tydens die eerste kerkraadsvergadering van die gemeente Waterberg na die Algemene Kerkvergadering in 1903, het die vergadering onder ds M J Goddefroy se voorsitterskap, besluit:

> ... aan de leden der Gemeente die zich gedurende de laaste oorlog aan de zijde van de vijand hebben geschaard, kennis te geven voor de Kerkeraad te komen ten einde zich te verantwoorden.
>
> (Pont 1965:77)

Die besluit van die Algemene Kerkvergadering en die optrede wat hieruit gevolg het, het grotendeels die ontstaan van 'n *Scoutskerk* in die Hervormde Kerk in die kiem gesmoor. Alhoewel die ontstaan van 'n *Scoutskerk* in die Hervormde Kerk verhoed is, het enkele lidmate tog by die *Scoutskerk* aangesluit, soos die twee lidmate van Ventersdorp waarna C W du Toit in sy skrywe van 14 Maart 1904 aan Van Belkum berig het (NHKA:Sarkady L VI /2). Dit kan egter aan Wolmarans en Van Belkum se invloed toegeskryf word dat die verwydering tussen Bittereinders en Wapenneerlêers/ Joiners nie verdere onrus veroorsaak het nie. Van Belkum het egter reeds voor die Algemene Kerkvergadering in Junie, nadat hy na Rustenburg teruggekeer het, die gedagtes van Wolmarans in hierdie verband gedeel. So het Van Belkum in 1904, toe hy in Heidelberg was, die optrede gevolg:

> W J J Botha, die wenscht te worden aangenomen, maar als National Schout in het Engelsche leger heeft gedien is ter vergadering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De kerkeraad spreekt ernstig met hem en nadat hij heeft schulde beleden, wordt hij aangenomen.
>
> (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Kerkraadsnotule Gemeente Heidelberg= NHKA:G 7/2)

Die terugkeer van wapenneerlêers na die gemeente Heidelberg het die kerkraad genoop om 'n beginselbesluit te neem en na aanleiding van Petrus Bouwer se versoek om van die *Scoutskerk* na die Hervormde Kerk terug te keer het die vergadering van 26 Desember 1904:

> ...besloten hem weder aan te nemen als lidmaat, en daarvan afkondiging te geschieden van den Kansel, hetgeen ook bij alle verdere dergelijke gevallen geschieden zal zoodat de Gemeente bekend gesteld worden.
>
> (NHKA:G 7/2)

Van Belkum het 'n simpatieke houding teenoor die wapenneerlêers gehandhaaf. Dit het veral geblyk uit sy publikasie *Uit ons volksleven: Schetsen uit Zuid-Afrika* (1907). In die publikasie het hy nie die dade van die wapenneerlêers gekondoneer nie, maar het gepoog om die verskeurdheid wat daar in die Afrikanerlewe veral ten opsigte van die kerk geheers het, te herstel.
In Rustenburg het die verraad onder die geledere van Hervormers egter verwydering tussen Van Belkum en enkele kerkraadslede gebring. In Rustenburg distrik het 'n besondere hoë persentasie burgers die eed van neutraliteit onderteken en mettertyd saam met die Britse magte geveg. Volgens Wulfsohn (1992:77) het Generaal J C Smuts vroeg in Junie 1902 verklaar:

> The Rustenburg Commando with its 2000 men almost entirely dissapeared, and it was a pleasant surprise to us afterward to hear that some 130 Burghers under Assistent-Commandant Caspar du Plessis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> had refused to surrender, and were marching eastward in order to effect a junction with the Main boer forces under General Louis Botha.

Dieselfde verskynsel het by die ander wesfront kommando, naamlik die Marico kommando, voorgekom. Sedert die beleg van Mafeking, toe die Marico kommando uit 1250 man bestaan het, het die krygertal met 1140 verminder. Teen 29 Mei 1900 was slegs 110 krygers nog deel van die Marico kommando (Wulfsohn 192:80). Die verlies aan krygers kan egter nie net aan die aflê van die eed van neutraliteit of verraad toegeskryf word nie, maar daar moet ook in aggeneem word, dat genl Piet Cronje 'n gedeelte van die Rustenburg en Marico kommandos na die suide oorgeplaas het. Die frekwensie van verraad was nogtans hoog in die Rustenburg kommando en Van Belkum se invloed het by twee geleenthede duidelik geword. Van die eerste geleentheid haal Wulfsohn (1992:197) die herrineringe van Majoor E H M Legett aan. Legett was die offissier in beheer van die Nasionale Verkenners, en het vertel:

> It was a pleasure to return to the western Tansvaal. At the last Nachtmaal at Rustenburg, old John (Petrus Stefanus) Steenekamp, the District Commandant who surrendered with de la Rey, stood at the church door and welcomed every man, National Scout or hendsopper.
>
> (Wulfsohn 1992:197)

Dit was egter nie dieselfde gees wat Van Belkum met sy voorstel van 8 Desember 1902 voorgehou het nie. Sy standpunt het veroorsaak dat hy deur die Britse owerheid gearresteer is omdat hy nie die *National Scouts*, tot die nagmaal wou toelaat alvorens hulle nie skuld bely het nie. Milner, toe Goewerneur, skryf op 24 Julie 1903 aan Joseph Chamberlain in die *Colonial Office*:

> ...I have the honour to state that the Reverend Jacobus van Belkum, Minister of the Dutch Reformed Church at Rustenburg was arrested on the 10 th January last on the order of the District Commandant of the South African Constabulary under section 10 of the "Indemnity and

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Peace Preservation No. 38 of 1902", the charges against him being those defined in Sub-sections (5) and (6) of Section 18 of that Ordinance, namely; the intention to raise discontent and disaffection amongst His Majesty's subjects 'and to promote feelings of ill-will and hostility between different classes of His Majesty's subjects". The arrest was made on four affidavits lodged by an Elder and three members of the congregation. Mr J S Esterhuyze, an Elder in the Reformed Church at Rustenburg stated that he was present at the Vestry meeting held on the 8 th December, 1902., when a proposal was read by the Reverend J. van Belkum to the effect that "everyone who worked against his nation either directly or indirectly will not be allowed to partake of the Lord's Supper until he has asked pardon in writing of the Vestry". On a question by Mr Esterhuyze, Mr van Belkum stated that this resolution was handed in by himself. The resolution was carried by a majority of 8 in a vestry of 11, Mr Esterhuyze voting in the minority. The other three affidavits by members of Mr van Belkum's congregation were to the effect that after Church Service held by Mr van Belkum at Roodekopjes in the District of Rustenburg on the 20 th December, 1902, Mr van Belkum read a letter which he said was a resolution of the Vestry of the Reformed Congregation of Rustenburg and which was to the effect that every person who worked for the English against the Boers could not be allowed to partake of the Lord's Supper unless they sent in a request to the Vestry to ask pardon for what they have done and those persons who confess their guilt and who have not done too much evil will again be allowed to partake of the Lord's Supper. One of the deponents states that this resolution caused great discord and discontent amongst the people.

Ex-Commandant Steenkamp was prepared to give evidence that on or about the 6 th January last the Reverend Mr van Belkum came to Naauwpoort and commenced to talk about those who had worked for the British not being allowed to partake of the Lord's Supper (7c),

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> when he was stopped by Steenkamp who said that he would not allow any nonsense of that kind.
>
> Johannes Botha and Theodorus Pistorius, both Elders in Mr van Belkum's Church and who together with Mr Esterhuyse voted against the resolution taken in the Vestry, were also prepared to give evidence as to this resolution.
>
> The papers in the case reached the Acting Attorney General on the 14th January last. The Acting Attorney General declined to prosecute and on the same day a telegram was sent to the Resident Magistrate, Rustenburg, authorizing Mr Van Belkum's release. The Magistrate was further instructed to inform the Reverend Mr van Belkum that because in this case the Acting Attorney General had not seen fit to prosecute he must not assume that this action was not viewed in the gravest light and that if he continued to pursue the line of conduct disclosed in the affidavits it would be the duty of the Government in the interest of the Country to relieve it of his presence.
>
> (TAB:GOV 138)

Op 6 Julie 1903 stuur die Goewerneur aan die *State Secretary* die volgende telegram:

> Referring you despatch no. 618 of 30th May, arrest took place 10th January this year on warrant of District Commandant, S. A. C. Charge was contravention of Peace Preservation Ordinance for seditious intent to raise discontent and disaffection among H. M. subjects and to promote ill will and hostility. Warrant issued on four affidavits made by an Elder and members of Minister's congregation. Facts were that Minister proposed at Vestry Meeting that everyone who worked [against] his nation (?) should not be allowed to partake of Sacrament till pardon asked of Vestry. Other affidavits showed that Minister referred to National Scouts and any Dutch who helped British during War, further evidence that the resolution caused discord

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> amongst people. Papers reached Attorney General on 14th January who declined to prosecute and Minister released by telegram same day. Magistrate instructed to inform Minister that although no proceedings taken it was not because law not contravened and that if conduct pursued proceedings would be taken under same law to remove him from country. Minister's name Jacobus van Belkum. Arrest in Attorney General's opinion quite justified. Despatch follows mail.
>
> (TAB:LTG 7)

Die ouderlinge se optrede, veral J S Esterhuyzen, was teleurstellend vir Van Belkum en dit verbaas nie dat die goeie verhouding wat tydens die eiendom– en erwekwessies gesmee is, skipbreuk gelei het nie.

Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1904 het die gemeente Zoutpansberg die rol van die predikante se diens tydens die oorlog aan die orde gestel. Die gemeente Zoutpansberg se beskrywingspunt het soos volg gelui:

> Den Kerkeraad wordt opgedragen om met de zitting van de Algemeene Vergadering der Nederd. Herv. Kerk in de Transvaal, zitting houdende op 10 Februari 1904 e.k. een onderzoek in te stellen naar het gedrag der predikanten van de Nederd. Hervormde kerk in Transvaal gedurende den laatsten oorlog tegenover ons volk.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1904= NHKA 1904)

A D W Wolmarans het hierop gereageer: '*...als wij dit beschrijvingspunt aannemen, ondermijnen wij de waardigheid der leeraren. Indien er klachten zijn, waarom klaagt men dan niet*?' (NHKA 1904) en diaken F D Conradie van Potchefstroom stel voor: '...dat, aangezien er geene klachten zijn ingesteld tegen leeraars, wij besluiten van deze saak af te stappen ' (NHKA 1904).

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die Hervormde Kerk groot skade berokken. Nie net die verlies aan stoflike goedere nie, maar ook die verlies aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewens het die Hervormde Kerk mank gelaat. Armoede en geestelike verval was aan die orde en in die jare wat hierop gevolg het, was Van Belkum een van die kragte wat die Kerk moes heropbou en herorganiseer. Nadat die Boereleiers en Britse owerhede die Vrede van Vereniging op 31 Mei 1902 gesluit het, het Van Belkum se arbeid grotendeels op herorganisasie neergekom. In 'n sekere sin het hy die rol wat Goddefroy na die 'mislukte' kerkvereniging gespeel het, oorgeneem. Die afwesigheid van veral Goddefroy direk na die oorlog het die Hervormde Kerk sonder leiding gelaat en op aandrang van ds C W du Toit het Van Belkum die Algemene Kerkvergadering opgeroep. Nie net Goddefroy se afwesigheid nie, maar ook die ontredderde toestand waarin die Hervormde Kerk en Afrikanervolk verkeer het, het Van Belkum se invloed laat toeneem. Die algehele armoede waarin die Afrikanervolk verkeer het en die bitterheid tussen 'Wapenneerlêers', 'Oorlopers' en 'Bittereinders' was dringende sake waaraan aandag gegee moes word. Van die armoede wat kerk en volk verduur het, het in die korrespondensie wat Van Belkum met die Britse owerheid gevoer het, duidelik geword. Die skadevergoeding wat deur die Britse owerheid aangebied is, was heeltemal onvoldoende. Op 25 Junie 1903 het die Koloniale sekretaris aan Van Belkum berig dat die bedrae van £100, £100 en £500 onderskeidelik aan gemeentes Ventersdorp, Chrissiesmeer en Dullstroom oorbetaal is *'...in respect of compensation for damage done to churches and parsonage during the late war* (Pretorius 1992:8). Slegs vyf gemeentes naamlik Wolmaransstad, Trichardsfontein, Ventersdorp, Chrissiesmeer en Dullstroom het vir skadevergoeding aansoek gedoen en toe Van Belkum op die ontoereikendheid van die skadevergoeding wys en meer ondersteuning vra, het die Koloniale sekretaris geantwoord: '*...in reply I have to express regret that the sum of £ 20 000 which was set aside last year for the payment of compensation for damages done to churches and church property has been exhausted'* (Pretorius 1992:8). Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1904 het gemeente Middelburg op die onvoldoende kompenasie gewys (NHKA 1904). A D W Wolmarans het voorgestel dat Van Belkum as Skriba, alle sake in verband met die kompensasie behartig. Dié besluit van die vergadering om aan Van Belkum hierdie verantwoordelikheid op te dra, het aan hom die geleentheid gebied om meer intensief met ook individuele lidmate se nood in aanraking te kom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontoereikendheid van die Britse vergoeding het veral op ander terreine, soos die versorging van weduwees en wese, geblyk en Van Belkum moes noodgedwonge ook daar die leiding neem. 'n Enkele geval kan as voorbeeld dien: die gemeenteskriba van Pretoria het op 13 April 1903 van mev A M Pieterse, van die plaas *Onverwacht*, berig. Haar toestand was tipies van die deursnee slagoffer. Haar man se afwesigheid, die gesloerdery met sy terugkoms en die gebrek aan lewensnoodsaaklike middele noodsaak haar om 'n bedelbestaan te voer. Dat die Afrikaner so tot die bedelstaf verarm is het Van Belkum aan die hart geraak en as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hy sy mede-kommissielede tot aksie opgeroep. Van Belkum en ouderlinge Roets en G Boshoff, lede van die Kommissie, het onder indruk van die ellendige toestand, in 'n petisie aan die Luitenant-Goewerneur versoek dat die versorging van oorlogslagoffers verbeter word en tydens die Kommissie se vergadering van 9 September 1903, aanbevelings ter verbetering van die versorging aan die Britse owerheid voorgestel. Dié petisie, wat Generaals Louis Botha en Jan Smuts namens die Kerk aan die Britse owerheid oorhandig het, het nie goeie ontvangs geniet nie. Op 25 Junie 1903 het die Luitenant-Goewerneur op die petisie gereageer:

> Repeated assurances have been given that this Government undertook the responsibility of the maintenance of destitute Widows and Orphans in the Transvaal, and so far as I am aware not a single case have been brought forward in which the Government has neglected to fulfill its obligations in respect of these persons...I cannot but think you were in ignorance of the provisions which have been made by this government.
>
> (Pretorius 1992:22)

Die voorsiening waarna die Luitenant-Goewerneur verwys het, was ondermeer gratis rantsoene, gratis bou-materiaal, melkkoeie, pluimvee en komberse. Waar moontlik het die Britse owerheid gesorg dat 10 akkers saaigrond vir weduwees bewerk word, terwyl wese te Potchefstroom, Irene en Pietersburg in weeshuise versorg is. Van Belkum se versoek aan die Britse regering het egter geen gevolg gehad nie en tydens die Kommissie se vergadering op 12 Julie 1904 is besluit:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Aangezien het gouvernement bericht, dat er geen geld meer is, en dat aan alle gemeente vergoeding is gegeven, voorzoverre daarom is gevraagd, wordt besloten van deze zaak af te stappen.
>
> (Notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering= NHKA:K 1/2)

Die dood van geliefdes het egter die reeds platgeslane Afrikaner nog meer geraak. Veral die pastorale versorging van gemeentelede was nodig en daarom was die behoefte aan predikante soveel dringender. Dit verklaar ook die antagonisme wat teen Goddefroy ontstaan het, toe hy versuim het om spoedig na sy gemeente terug te keer. In Heidelberg het Van Belkum volgens die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, sedert 1 Desember 1902 as konsulent opgetree (NHKA 1903). Die eerste kerkviering na die oorlog het op 3 Augustus 1902 plaasgevind en Van Belkum het, volgens Pont (1965:53), die kerkviering bygewoon. Dit is egter onwaarskynlik dat Van Belkum wel die kerkviering bygewoon het, aangesien hy eers in Oktober 1902 uit Merebank vertrek het. Dit word deur Van Belkum ook gestel in 1920 toe hy om hulp vir Duitse wesies gevra het en inleidend stel:

> De Redacteur van "De Hervormer" denkt terug aan de tijd doorgebracht in het kamp te Merebank van November 1901 – Oktober 1902, toen ook daar zoveel arme kindertjes stierven door gebrek, verwaarloozing en aan zovelen in andere kampen en kort na de Britse oorlog.
>
> (*De Hervormer* 1920:10)

Van Belkum het dus eers later in die gemeente gekom, maar was beslis teen 7 Maart 1903 in die gemeente toe die kerkraad verkies is en daardeur die herorganisering van die gemeente ter hand geneem het. Van Belkum se verbintenis met Heidelberg het egter reeds tydens sy Merebank gevangeneskap beslag gekry. Daar het Van Belkum

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te doen gekry met onder meer die Krieglers. Later jare was sy dogter, Jeanne verloof aan die jongste seun van die Krieglers. Hy is egter enkele dae voor hulle huweliksdag tragies oorlede. Ook die familie Mangold, oud-inwoners van Heidelberg, se verbintenis met die Van Belkum-gesin is met 'n huwelik verdiep. As konsulent van Heidelberg het Van Belkum dadelik aan die werk gespring om die gemeente te herorganiseer. Op 5 Maart 1903, het hy 'n nuwe notuleboek aangelê en mettertyd het sy arbeid as konsulent in die gemeente daartoe gelei dat hy op 24 April 1904 as predikant van die gemeente beroep is.

### 4.5 Gemeente Heidelberg (1904-1910)

Die beroep deur die gemeente Heidelberg was tereg, soos Pont (1965:55) aangedui het, 'n geloofsdaad, omdat die gemeente nie net deur die oorlog verarm was nie, maar ook verder met kerkskuld belas was en dit het vir eers die herorganisasie van die gemeente verhinder. Die herorganisasie van die gemeente is verder deur die voortslepende Goddefroy-twis belemmer. Op 4 Julie 1904, toe Van Belkum nog as konsulent die kerkraadsvergadering gelei het, verneem die kerkraad van ouderling C J Joubert se skuldeis teen die kerkraad. Dié eis was gerig teen skuld wat ds Lagerwey, predikant van Heidelberg, gemaak het en volgens ouderling Joubert het Goddefroy op 23 November 1898 bevestig dat die kerkraad van die gemeente Heidelberg die skuld sou aflos. Tydens die kerkraadsvergadering van 4 Julie 1904 het die kerkraad ontken dat hulle van so 'n reëling bewus was. 'n Week nadat Van Belkum deur ds C W du Toit, op 1 Augustus 1904 bevestig is, het Goddefroy versoek dat 'n buitengewone kerkraadsvergadering belê word, sodat die saak in verband met die skuld bespreek kon word. Tydens die buitengewone kerkraadsvergadering op 9 Augustus 1904 het Goddefroy sy versoek gemotiveer:

> Ds Goddefroy deelt aan de vergadering mede dat hij gekomen is om de zaak [v]an Boedel Boshoff, die betaling van zekere gelde, vraagt in behandeling te nemen, omdat die zaak nu zoover gevorderd is, dat wanneer de Kerkeraad of de Gemeente van Heidelberg hem niet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> steunen in de afdoening daarvan, hij persoonlijk de zaak binnen een maand op hem heeft genomen te vereffenen, en hij niet instaat is om dit alleen te kunnen doen.
>
> (NHKA:G 7/2)

Die kerkraad het hierop gestel dat die saak van die Boshoff-boedel, saam met die van C J Joubert tydens 'n gemeentevergadering behandel moes word. Goddefroy het tydens die vergadering ook die handelinge rondom:

> ...zijn Consulentschap dezer Gemeente, den duur, tijd zijner bedanking en de afrekening, met verzoek dat de Kerkeraad deze zaak in behandeling zal nemen.
>
> (NHKA:G 7/2)

Die Kerkraad het aan Goddefroy se eerste versoek voldoen en tydens die gemeentevergadering van 9 Augustus 1904 het die gemeente besluit:

> Nadat de zaak opgehelderd is aan de Gemeente, wordt gecollecteerd en staande de vergadering bijeengebracht een somme van £ 10:1/2:0, om Ds. Goddefroy te steunen in het afbetalen van het bewijs van Boedel Boshoff.
>
> (NHKA:G 7/2)

Nadat hierdie sake aandag geniet het, kon Van Belkum aan die gemeente aandag gee. Hy het op 30 September 1904 voorgestel: '*...een buitenkerk te houden in de wijk te Kliprivier met het doel die wijk behoorlik te organizeeren op 17 October 1904*' (NHKA:G 7/2 ). Tydens dieselfde vergadering het die kerkraad ook van sy konsulentskappe in die gemeentes Volksrust, Chrissiesmeer en Standerton kennis geneem. Die jare 1903 tot 1906 was ten opsigte van die gemeentes se finansies,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

krisisjare. Verskeie eise teen die gemeentes, veral teen die gemeente Heidelberg, soos die Weilbach boedel en die borg van £ 250 vir die *Kerkbode* het die toestand sodanig laat versleg, dat die gemeente se oortrokke limiet by die *Nationale Bank* verhoog moes word. Op die kerkraadsvergadering van 12 Augustus 1907:

> ...wordt medegedeeld dat de finansieële positie der gemeente zeer zwak is en dat er aan het einde van deze maand geen geld genoeg zal wezen om de renten op de bank te betalen, dat de mynpacht op *Tulipvale* betaald worden, de renten aan J H Jacobs en dat het salaris van den leeraar ver achter is.
>
> (NHKA:G 7/2)

Die gemeente se swak finansiële posisie het ook tot ongerief vir Van Belkum gelei. Ten spyte van die konsulentsbydraes deur die konsulentgemeentes (£360) en selfs die verdere vermindering daarvan in 1910, toe Trichardsfontein (Standerton) 'n predikant beroep het, moes Van Belkum die kerkraad op 4 April 1910 versoek om as borg te dien by die *Nationale Bank.* Hy het 'n oortrokke limiet van £150 aangevra en die kerkraad het verder onderneem om, indien hy nie die oortrokke rekening kan aflos nie, dit namens hom oor te neem. Ten spyte van die haglike omstandighede waarin die gemeente en Van Belkum self verkeer het, het hy voortgegaan om die opleiding van predikante, die oprigting van 'n kerkblad en ondersteuning van die volkskool te Heidelberg te bevorder. Van Belkum se invloed op die kerkraad en die gemeente was beslissend. Ten opsigte van die volkskool het die kerkraad op 8 April 1907 kennis geneem van:

> ...een brief de Commissie der Volkschool bedankende voor het gebruik van de kerk als school van 1 Augustus 1903 tot 1 Januarie 1907 en voor de kwytschelding van de huur over de maanden Juli tot December 1906.
>
> (NHKA:G 7/2)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belang wat hy op sinodale vlak vir die opleiding van predikante gekoester het, het ook in die gemeente neerslag gevind, tot so 'n mate dat daar selfs tussen hom en lede van die kerkraad 'n meningsverskil ontstaan het. Ten spyte van die finansiële moeilikhede het die gemeentevergadering van 24 Desember 1908, onder Van Belkum se aansporing, besluit:

> Dat ook in de Gemeente Heidelberg lijsten ter inteekening voor dat doel zullen rondgezenden worden en dat de leden der Gemeente dringend verzocht worden de zaak te steunen en mild in te teekenen.
>
> (NHKA:G 7/2)

Van Belkum se voortdurende propagering vir die opleiding lei uiteindelik tot 'n botsing met die kassier van die gemeente, ouderling Bongers. Op die kerkraads-vergadering van 5 April 1909 het ouderling Bongers voorgestel:

> De Kerkraad alhoewel in principe voor het oprichten van een kweekschool zijnde, zooals ook de Gemeente is, vindt het tot zijn groot leedwezen onmogelijk eenig geld voor dit doel bij te dragen voor en aleer de Gemeente van haar vaste eiendommen heeft verkocht, en althans het grootste deel heeft afbetaald van de zware schuldenlast, die haar nu drukt en die al haast boven haar krachten gaat. De kerkeraad draagt aan zijn afgevaardigde naar de Hoog Eerw Algemene Kerkvergadering op dit besluit aan de vergadering mede te deelen en toe te lichten.
>
> Br Bongers meent dat het invorderen van geld voor het oprichten van een kweekschool onder de Gemeente voor en aleer het grootste deel der Kerkschuld is afbetaald, een groot mistap zou zijn en een onrecht tegenover de Gemeente die reeds te zwaar belast is, tegenover der crediteuren de Gemeente die recht hebben te verwachte dat de Gemeente geen nieuwe schuld maakt waar de bestaande schuld de Gemeente alreeds zoo zwaar valt, tegenover de Broeders die de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> overdraft de Gemeente in de Nationale Bank persoonlijk hebben gewaarborgd, en die opgeroepen zouden worden om te betalen als de Gemeente eens hare verplichtingen niet kon nakomen
>
> (NHKA:G 7/2)

Teen die voorstel van ouderlinge Bongers en de Klerk het Van Belkum en ouderling Basson standpunt ingeneem. Hulle het voorgestel dat die saak eers met die gemeente bespreek word, alvorens 'n besluit geneem word. Op 3 Julie 1909 het Van Belkum die saak in die gemeentevergadering behandel:

> Op voorstel van den Voorzitter gesecondeerd door Br J A Venter wordt met algemene stemmen het volgende besluit aangenomen. Deze vergadering met groote instemming en belangstelling vernomen hebbende, dat de Algemeene vergadering besloten heeft een school tot opleiding van leeraren op te richten besluit voorloopig zoveel mogelijk bij te zullen dragen om later wanneer de finantieele moeilijkhede der Gemeente voorbij zijn bij te drag 2 /6 per jaar per lidmaat.
>
> (NHKA:G 7/2)

Van Belkum het, ten spyte van die gemeente se swak finansiële toestand, die oprigting van die opleiding vir predikante, die kerkblad en selfs die skool onwrikbaar standpunt ingeneem. Om onder veeleisende omstandighede nog steeds in belang van die kerk en ten koste van persoonlike sekerheid die kerk te dien, getuig van Van Belkum se gelowige toewyding aan die kerk en 'n idealistiese lewensperspektief. Dit is vanuit dieselfde bronne dat Van Belkum ook tot die kerk se herorgansisasie op sinodale vlak bygedra het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4.6 Van Belkum se arbeid op sinodale vlak

Tydens die Algemene Kerkvergadering van Junie 1903 berig Van Belkum ondermeer oor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se werksaamhede. Die Kommissie kon sedert 12 Julie 1899 nie vergader nie en kon eers weer op 2 Maart 1903 vergader. Die vergadering was volgens Van Belkum dringend noodsaaklik vanweë die buitengewone omstandighede waarin die kerk verkeer het. Dit is duidelik dat Van Belkum se oproep rigtinggewend was en alhoewel sommige lede van die Algemene Kerkvergadering van Junie 1903 die oproep deur die Skriba as onwettig beskou het, het die Vergadering sonder veel bespreking die oproep goedgekeur (NHKA 1903). Die optrede bevestig die invloed wat Van Belkum gehad het. 'n Invloed wat deurslaggewend sou wees wanneer Goddefroy se posisie in die Kerk aan die orde kom. Die lang afwesigheid van Goddefroy, wat voorsitter van die Algemene Kerkvergadering was, het die gemeentes geraak en tydens die Algemene Kerkvergadering van Junie 1903 was dit van die eerste sake wat die vergadering se aandag geniet het.

### 4.6.1 Die Goddefroy-twis

Die verhouding tussen Van Belkum, A D W Wolmarans en Goddefroy was een van die sake wat reeds voor die oorlog tot onrus in Hervormde Kerk gelei het (vgl Botha 1981:124-136). Na die oorlog het die vertraging met Goddefroy se terugkoms en bepaalde onreëlmatighede in die Gemeente Johannesburg aan Wolmarans en Van Belkum die geleentheid gebied om Goddefroy se invloed te beperk. Wolmarans het in die verband Van Belkum en C W du Toit se invloed gebruik. Van Belkum se optrede teenoor Goddefroy strek hom ongelukkig egter nie tot eer nie. Botha (1981: 154) toon aan dat Goddefroy met sy terugkoms 'n veranderde gesindheid aangetref het. Nie net is die kombinasie tussen Pretoria-Standerton en Middelburg opgehef nie, maar vanuit die kerkraadsgeledere van gemeente Pretoria is daar 'n klag van pligsversuim by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering teen hom ingedien. Botha argumenteer ook dat dit '...wil voorkom of ADW Wolmarans self

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir 'n baie groot deel verantwoordelik gehou moet word vir die veranderde gesindheid van die kerkraad van die Pretoria kombinasie' (Botha 1981:154). Ten opsigte van Goddefroy se terugkoms het M J Pos tydens die Algemene Kerkvergadering op Dinsdag 9 Junie 1903 voorgestel: '*De Algemeene Vergadering benoeme eene deputatie om den Lieutenant-Gouverneur te vragen of en waarom Ds. Goddefroy niet word toegelaten*' (NHKA 1903). Op hierdie stadium het daar verwarring rondom Goddefroy se terugkoms geheers. J van Ginkel het op 17 April 1903 aan Van Belkum berig dat sy broer in s'Gravenhage aan hom geskryf het:

> Ik ben heden nog even bij Ds G aangewist doch trof ZW Eerw niet thuis, wel zijne kinderen waarvan de oudste zoon 'Edmond'. Ik heb nog een half uurtje met hen gepraat en vernam dat de Dominé op 28 April a. s. alléén naar Transvaal vertrekt (de kinderen blijven hier in den Haag) Wellicht? is dit een aangename mededeling voor den Kerkraad?
>
> (NHKA:Sarkady: L VI/7)

Volgens van Ginkel is dit 'n ander berig en stel hy aan Van Belkum: '*Enfin de tijd zal't leeren maar intusschen gaat het niet aan de belangen de kerk tot eventueele komst van Ds G te laten liggen*' (NHKA:Sarkady L VI/7). Uit Van Ginkel se korrespondensie met Van Belkum word dit duidelik dat Goddefroy se versuim om die kerkraad in kennis te stel, nie net tot ontevredenheid aanleiding gegee het nie, maar ook aan Goddefroy se teenstanders geleentheid gebied het om sy invloed te beperk. Van Ginkel het in die verband Goddefroy se versuim om terug te keer met 'n voorbedagte agenda in verband gebring:

> Zoo 'n onverwacht uit de lucht vallen van een banneling zal dan ook gemakkelijker zijner alreeds gesmeede plannen kunnen doorzetten en niet gesteld worden tegenover een commissie die hem ontvangt en hem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> tevens een tyd van te volgen werkzaamheden voorhoudt.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/7)

Aan Van Belkum het die vergadering opdrag gegee om per telegram, Goddefroy te vra: '*...of Z. Eerw. permit heeft gevraagd en of het hem is geweigerd*' (NHKA 1903). Tydens die vergadering het Van Belkum Goddefroy se antwoord op die telegram ontvang en aan die vergadering voorgelees:

> De Scriba leest een telegram van Ds M J Goddefroy, waarin Z. Eerw, mededeelt, dat hij permit heeft gevraag, maar dat hem dit nòch geweigerd nòch gegeven is.
>
> (NHKA 1903)

'n Tweede telegram van ds Goddefroy het die vergadering om hulp versoek. Die vergadering het hierop F Boshoff, G P Roetz en J van Brugghen benoem om die saak te bespreek en die vergadering te adviseer. Die vergadering het egter deurlopend die gevolge van Goddefroy se vertraging bespreek. Goddefroy se afwesigheid moet gesien word teen die agtergrond van die toestand van nood waarin die kerk verkeer het:

> De commissie besprak ook den treurigen toestand der kerk. Daarbij deelde Br Wolmarans mede, dat voor Pretoria, als tijdelijk hulp-prediker benoemd was de Eerw P Roux, hulp-prediker van Ned. Gereformeerde Kerk te Bloemfontein: Ds J Van Belkum, dat hij vele gemeenten had bezocht, maar de arbeid te zwaar was.
>
> (NHKA 1903)

Hierop het die vergadering besluit dat Van Belkum so gou as moontlik aan Goddefroy kennis van die besluite aangaande Pretoria-Standerton-Middelburg moes gee. Dit was

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veral Van Belkum wat aanbeveel het dat die kombinasie opgehef moet word, en uit die bespreking van die kerkraadsvergadering, 14 Maart 1903, van die Trichardsfonteingemeente (Standerton) het dit geblyk dat, ten spyte van voorbehoude, daar genoegsame steun vir die opheffing van die kombinasie in die gemeente bestaan: '*Verder wordt besloten aan de gemeente machtiging te vragen de combinatie met Pretoria en Middelburg te verbreken*' (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Kerkraadsnotule gemeente Trichardtsfontein (Standerton) - NHKA:G 12). In die daaropvolgende gemeentevergadering van 26 September 1903 het Van Belkum saam met ouderlinge G P Roetz en D P J van Schalkwyk op vrae van die gemeente gereageer en die noodsaaklikheid van die opheffing toegelig.

Van Belkum se optrede gedurende Goddefroy se afwesiheid en veral sy aanbeveling tydens die gemeentevergadering van 26 September 1903 kan egter nie sondermeer as 'n wraaktog teen Goddefroy beskou word nie. Van Belkum het vanweë sy voortdurende korrespondensie en besoeke aan gemeentes, diep onder die indruk van die nood waarin die Kerk verkeer, gekom. 'n Nood wat ten spyte van Goddefroy se afwesigheid, verlig moes word. Sy optrede kan dus nie aan dié van Wolmarans gelykgestel word nie. Vir Van Belkum was die nood van die Kerk akuut en Goddefroy se afwesigheid het dit vererger. Ten spyte van Wolmarans en Van Belkum se ontevredenheid met Goddefroy se optrede, heersug en eiereg, soos hulle sy afwesigheid vertolk het, het hulle nogtans voorgestel dat Goddefroy teenwoordig moes wees, wanneer die klag van H H van Rooyen en A H H Saussenthaler van Pretoria teen Goddefroy behandel word (NHKA 1903). Na Goddefroy se terugkoms het Van Belkum met ouderling H H van Rooyen gekorrespondeer en op 18 Oktober 1904 het Van Rooyen aan Van Belkum van die kerkraadsvergadering met Goddefroy verslag gegee:

> Van's middags 2 tot bijna 6 uur heeft hy obstructie gevoerd, zodat we na de verdaging tot 8 ure eerst goedschiks aan de zaken konden beginnen. Zijn houding was in één woord treurig. Hij stond als een briesende leeuw.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Woorden als laag, gemeen, complot, bende, moordenaars, beulen waren...
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3/5)

Wolmarans, Van Belkum en C W du Toit het na Goddefroy se terugkoms in toenemende mate as sterk teestanders van hom na vore getree. Dit kan egter tereg aan Goddefroy se eie optrede voor en na die oorlog toegeskryf word. Van Belkum was onder die indruk dat dit tot die kerk se beswil sou dien as Goddefroy se invloed verminder kon word. Wanneer Van Belkum se beskouing tydens sy studentetyd oor eersug en heersugtigheid (vgl 1.2.2) ook in aggeneem word, is dit duidelik dat Goddefroy vir hom hiervan die verpersoonliking was en ten alle koste teengestaan moes word.

Goddefroy het op sy beurt, soos Botha tereg opmerk, deur sy optrede 'n geleentheid aan Van Belkum en Wolmarans gebied (Botha 1981:124-136). Goddefroy se optrede was nie net in die Hervormde Kerk bekend nie, maar ook Van Gheel Gildemeester, Goddefroy se studentevriend en predikant in Nederland, was met sy tekortkominge bekend. In sy brief, 22 September 1903, het Van Gheel Gildemeester op Van Belkum se uitlatings gereageer:

> Gij schrijft mij dat coll Goddefroy zijne gemeente verwaarloos heef; dat hij alles offer aan zij persoonlijke eer- en heerszucht, en dat hij gehaat en gevreest is, maar niet bemind.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/4)

Op 22 Oktober 1903 verklaar Van Gheel Gildemeester:

> Dat G. nu nooit wijs worde, en niet inziet dat hij met het hoofde tegen de muur loop! We heb aan de Academie al dikwijls last gehad van zijn querelleuse natuur, en van zijn morsen met tyd (en tot op zekere hoogte) ook met geld. Maar die dingen worden uitgewisde uit hart en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gedanken. Nu was hij weer een Kleinjaar hier. In allerlei opzichten bleek hoe die eigenschappen en hebbelijkheden er erger op geworden waren. Hij denkt dat hij leef voor anderen en heef veel te zeggen op menschen die 'alleen maar voor zich zelf zorgen'; maar hij vindt dat anderen verplicht zijn om voor hem te zorgen. En hij doet én zichzelf én der goede zaak onnoemelijk viel schade met zijne groote slordigheid op financieel gebied. Want dit word kortweg oneerlijkheid.

Van Belkum het nog dieselfde dag op Van Gheel Gildemeester se brief geantwoord:

> Wat zijt gel. Toch gelukkige menschen. Als ge krank zijt kunt ge rust nemen. Wij moeten maar voort en als we nog eens rusten dan moeten wij twisten. Waarlijk Paulus woord: 'het is mij beter ontbonden en met Christus te zij' komt mij dikwels als een ideaal voor. Niet dat ik levende ben, maar ik ben der twisten zat.
>
> Voor het overige was uw brief mij eene verkwikking en ik dank er u voor. Ja mijn broeder, ik het veel geleden en gestreden in de laatste jaren, want helaas, onze kerk bloeit niet en waarom niet? Och, omdat ja, omdat G[oddefroy] altijd wil twisten en altijd roept om geld en wij dus niets kunnen doen.
>
> Het klinkt hard, maar het is zoo!
>
> In vele opzichten ga ik met u mee in uwen brief. G[oddefroy] heeft nog vrienden. Velen (waaronder ik zelf) weten te waardeeren wat hij voor de natie gedaan heeft: kunnen niet vergeten hoe hij de kerk weer op de been gebracht heeft: Ik heb oog voor zijn goede zijden en zou niets liever dan hen sparen, helpen en zijne eer redden. Maar de man wil niet, hij blijft twisten, tweedracht zaaien, verdeelen – Enfin wat de mensch zaait – zal hij maaijen. God heeft die we[reld] gemaakt.
>
> Ik geef u geheel toe, dat G[oddefroy] niet vlug werkt en dat men niets van hem gedaan krijgt. Was dat voor hem niet een reden te meer geweest, om hulp te zoeken door meer leeraar te krijgen? Was het voor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hem niet eene reden om mijne hulp te zoeken en mij niet af te stooten, te prikkelen, te beleedigen. Zie, indien hij met mij de Scriba de kerk had willen samenwerken, ik zou al het werk gedaan hebben want ik wil en kan dat doen en wij zouden de kerk hebben doen bloeien onder Gods zegen. Maar neen, v.B (zoo zegt hij tegen mijn vrouw, als zij uit liefde na den dood zijner vrouw, vier weken zijn huishouden waarneemt) jou man bederft de Boeren. Hij moet ze laten betalen, dan is hij baas. Ik lach om zulk dingen: mij hinderen ze niet: ik draag hem daarom geen kwaad hart toe, maar werk eers samen met zulk een man. Maar, ik wil niet uitwijden over personalia. Peccatur et intra et extra muros! Wat mij hindert is dat G[oddefroy] van zijn ambt een geldzaak maakt. Zie eens M. pos hij maakte 's jaars ±£1000 stlg: de gemeente gaf hem in 1897 £550 als present bij 20 jarige Evangeliebediening, betaalde in 95 zijne reis naar Holland en nog is de man dood arm en vol schuld. Daarin is de oorzaak van zijn tegenwerken van het beroepen. Luister nog eens een oogenblik.

Gij weet G[oddefroy] is beroepen voor Pretoria, Middelburg en Standerton. De laatste gemeente vraagt in 1895 een eigen leeraar te mogen beroepen, aan de Algemene vergadering. Als dat voorkomt word G[oddefroy] woedend en beleedigt den ouderling dier gemeente, zeggend, niet de gemeente wil maar gij.

De storm bedaart, me besluit langs vredelievenden en zedelijke weg zal de combinatie verbroken worden. Vijf volle jaren wordt daarover gewerk. G[oddefroy] houdt alles tegen, ja maakt de boedel nog meer ingewikkeld door het doordringen tegen den zin van den kerkeraad van de beroeping van Ds B[eyer] – en na den oorlog verset het natuurlijk.

Zoutpansberg wil beroepen in 1898. In Junie van dat jaar zendt de gemeente £400 voor reiskosten aan G. wat van dat geld geworden is weet niemand, beroepen is er niet – maar m.i. geen wonder, de man hebt jaarlijks uit de gemeente £150 – is dat te verdedigen. Hoewel de gemeenten klaagden over verwaarloozing neemt G. voor den oorlog

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog op zich ook voor de Z. A. S. M. ambtenaren te prediken, en krijgt daarvoor £150 per jaar – en nog meer verwarring het gevolg.

Gij vraagt: waarom klaagde men niet? Antwoord: dat ligt niet zoo in den aard van de Afrikaners. Men ontziet de predikanten te veel en bovendien wat baat het. G[oddefroy] is voorzitter, regelt de dingen zoo hij 't wil, stopt klachten in den doofpot, of weet aan alles zulk een thema te geven, dat de onkundige man zegt: 'hij heeft gelijk'. Denk aan Spoelstra: de man had recht in zijne klachten, maar G weet heel handig van alles te maken een persoonlijke twist over een ellendige £10 – en S[poelstra] is van de baan. Hij probeer om ook weer er een persoonlijke twist van te maken, maar dat zal hem niet gelukken. Over de persoonlijke dingen zal ik zwijgen.

Nu ná den oorlog. Ik schreef u reeds, dat G[oddefroy] naar Holland is gegaan zonder verlof van den kerkeraad op eigen autoriteit; geen voorziening maak in den dienst; geen pogingen doen om terug te komen en op een vraag van den kerkeraad; wanneer komt gij, eenvoudig antwoord: wacht maar tot ik kom. De kerkeraad vraagt Lord Milner aan G[oddefroy] een permit te geven: antwoord: voor het tegenwoordige kan geen permit gegeven worden,... Wij wachten tot Juni v. schrijft: ik vertek 14 April van zijne komst in Kaapstad niets: alleen wacht tot ik kom. Wanneer? Er zijn gewachten in Pretoria: hij zal niet komen. Nu word de combinatie verbroken en daarmede vervalt de beroepsbrief – maar de kerkraad besluit G[oddefroy] £600 per jaar te geven totdat hij een beroep krijgt. Pietersburg beroept hem, hij weigert: Pretoria ziende dat er een fout is begaan beroept hem op zijn eigen voorwaarden. Hij maakt alweer uitvluchten! Kom nu eers klaar met zulk een man. Inmiddels stuurt hij alles in de war, en agiteert en agiteert. De uitslag is, laat ons in Godsnaam maar weer ingeven!

Wilt gij in zulk een gemeente dienen! Ik niet, liever ben ik straatveger of schoenpoetser!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Peccatur et intra et extra muros! Ik werp niet alle schuld op G[oddefroy] de kerkeraden hebben ook groote schuld. Zij hebben alles toegegeven, toegelaten, alleen om der vrede willen. Zelfs in de quastie der pastorie gronden. Men wilde dat niet, men mocht dat niet. Geen kerk mag eigendommen vervreemden voor private doeleinden: dit weten geef men toch toe. Weet ge waarom de Rechtbank in de zaak G[oddefroy] in het ongelijk stelde, omdat hij als Voorzitter eener vergadering in zijne tegenwoordigheid toeliet, dat kerkgoed werd vervreemd ten zijnen bate. Moest niet reeds om zulke dingen de Algemeene Vergadering zulk een man straffen –

En nu G wil zijne zaak voor de Algemeene Vergadering brengen. Wel nu het zij zoo. Ik heb hem willen redden en spaar – maar nu ik gedwongen word zal ik spreken. 't Doet mij zeer, ik wil liever niet, maar het moet. God helpe mij .

O, ik lijd bitter, de zaak vervolgt mij dag en nag.

En nu Beyer! Men heeft niets tegen hem. Maar Standerton kan hem niet beroepen? Er is geen pastorie en ook as gevolg van G[oddefroy] wanbeheer £4500 schuld. De gemeente is verarmd: hoe kan nu zulk eene gemeente £700 per jaar opbrengen. Bovendien Beyer heeft zelf veel bedorven. In Juni stelt de kerkeraad van Pretoria hem aan als hulp tegen £50 per maand in te gaan 8 Juni. B[eyer] heeft 7 Juni een middag-dienst gepreekt en vraagt: en wat wordt dan betaald voor de preek van gisteren? Ik vraag U, hoe smaakt dat. Indien ik de vraag had kunne voorzien zou ik voorgesteld hebben het salaris te doen ingaan met 1 juni – maar waarlijk, aan zoo iets dachten wij nooit. B[eyer] is beroepen naar Pietersburg maar wil dat niet aanemen. Och is dat liefde voor Christus toonen.

Mischien zegt ge: gij zijt een idealist. Ja in zeker opzicht. Hoe maakt Beyer het met de vraag van Jezus: 'Heeft u iets ontbroken?' Met zijne belofte Matt 25:40.

Maar genoeg !

(NHKA:Sarkady L VI/2/4/5)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die brief van Van Belkum blyk dat hy Goddefroy se optrede as predikant in twee verbande beoordeel, naamlik Goddefroy se misbruik van finansies en sy 'outokratiese' optrede in die kerk. Goddefroy se swak finansiële dissipline, soos die reiskoste deur gemeente Zoutpansberg, was onder andere een van die aanleidende oorsake wat tot konflik met Van Belkum gelei het. Dit verbaas nie dat Van Belkum met Goddefroy gebots het nie, veral wanneer in aggeneem word dat Van Belkum in sy persoon pligsgetrou was en in sy arbeid deeglik en sistematies gewerk het.
Van Belkum se beroep na die gemeente Heidelberg het tot verdere konflik gelei toe Goddefroy teen die beroep, protes aangeteken het. Tydens die kerkraadsvergadering van Saterdag 1 Augustus, 1903 het die kerkraad egter Goddefroy se protes eenparig afgewys. Dit alreeds is 'n aanduiding van die invloed wat Van Belkum onder die kerkraad gehad het. Maar, soos Van Belkum aan Van Gheel Gildemeester geskryf het, het Goddefroy die saak nie daar gelaat nie, maar weer protes aangeteken. Op 2 Oktober 1903 is genotuleer:

> Ter behandeling schrijven dan Ds M J Goddefroy aan de Scriba dd 8 Augustus en 28 September – en verder schrijven van ds Goddefroy aan den Kerkeraad dd 17 September 1903 – Aangezien deze brieven betrekking hebben op het beroep van ds van Belkum door de Kerkeraad en het gedrag van ds van Belkum, treedt Br J H Jacobs op als wd Voorzitter, en ds van Belkum verwijder zich tijdens de behandeling der zaak.
>
> De Kerkeraad besluit met algemeene stemmen den Scriba op te dragen ds M J Goddefroy mededeelen in antwoord op diens brief aan den Scriba dd 8 Augustus 1903 dat zoodanig besluit als door Ds J (sic) M Goddefroy bedoeld, niet door den Kerkeraad genoem is, maar dat Ds J Van Belkum aangesteld is door de Algemeene Commissie als Consulent der Gemeente Heidelberg tijdens Ds Goddefroy's afwezigheid in het belang onzer gemeente. De Kerkeraad vermeent Ds Goddefroy geen onrecht aan gedaan te hebben en is ook niet bewust Ds Goddefroy onbeleefd te hebben behandeld.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> En verder in antwoord op Ds Goddefroy's brief aan den Kerkeraad den 17 September 1903 dat de Kerkeraad zich niet gerechtigd acht ds van Belkum te beletten of deze tegen te gaan indien hij in andere Gemeente, die zonder leeraar zijn, dienst houd vooral niet waar door geen enkele Gemeente of Gemeentelid klachten in gebracht zijn bij de Kerkeraad tegen het dienst houden van ds van Belkum en de Kerkreraad geen bericht hoegenaamd ontvengen heeft dat over het optrede van ds van Belkum geklaagd wordt. De kerkeraad geeft verder beleefdelijk te kennen dat hij de zaken hiermede geeindigd beschouwd en geene verdere correspondentie over deze zaak wenscht.
>
> (NHKA:G 7/2)

Vir Van Belkum was die kerkraad se antwoord 'n mosie van vertroue en het sy posisie teenoor dié van Goddefroy nog meer versterk. Die vertroue was nie misplaas nie, want vir Van Belkum was die herorganisasie van die kerk, en daardeur ook die volkslewe, prioriteit. Goddefroy se voortdurende korrespondensie met die kerkraad, het Van Belkum – soos wat aan Van Gheel Gildemeester berig is, as belemmerend vir die rus en orde in die kerk ervaar.

Nie net Van Gheel Gildemeester en Van Belkum nie, maar ook C W du Toit het in sy korrespondensie met Van Belkum, hom meermale ongunstig oor Goddefroy uitgelaat. In sy skrywe van 24 Oktober 1904 word dit duidelik hoe sake tussen Du Toit en Goddefroy gesteld was. Du Toit wat iemand nodig gehad het om met die prediking uit te help, stel vertroulik aan Van Belkum: '*Ds G* [Goddefroy-CP] *durf ik niet vragen!*'. Die uitlating is veral gerig teen Goddefroy se nalatigheid, want enkele maande later, op 18 Januarie 1905, skryf Du Toit: *'Ds G moest gisteren nog eens te Pretoria prediken; maar ik geloof niet dat hij het gedoen heeft, en van een afscheid zal wel niets komen'* (NHKA:Sarkady L VI/2).

Dit is egter Wolmarans se korrespondensie met Van Belkum wat laat blyk hoe fel die twis tussen Wolmarans en Goddefroy gewoed het. Op 15 Januarie 1904 skryf Wolmarans aan Van Belkum:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Ik hoop dat u predikanten zullen zorgen dat uwe afgevaardigden goed opkomen en goed voorbereid zijn opdat wij niet constitueerenden Algem. Vergadering niet verloren, want nu moeten een einde komen aan eer- en heerszucht ten koste van ons Kerk en gemeenten.
>
> (NHKA:Sarkady L VI 3/2)

Goddefroy het hom op die Algemene Kerkvergadering beroep, veral rondom die behandeling van die konsulentskap te Johannesburg en die finansiële bestuur. Alhoewel die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvanklik teen die oproep van die Algemene Kerkvergadering besluit het, het druk vanuit gemeentes tog die Kommissie genoop om aan Goddefroy se versoek uitvoering te gee. Toe Wolmarans van die Kommissie se besluit om tog die Algemene Kerkvergadering byeen te roep verneem, het hy dadelik van Van Belkum 'n verduideliking geëis. Dit dui weer eens op Wolmarans se invloed op Van Belkum. Van Belkum het geantwoord:

> ...dat met het oog op de besluiten in sommige gemeente genomen en uit vrees voor groter beroering de Commissie door middel van correspondentie besloten had de Algemene Vergadering op een vroegeren datum dan was bepaald bijeen te roepen.
>
> (NHKA:K 1/ 2)

Van Belkum se antwoord dui eerder daarop dat hy voor die druk deur Wolmarans geswig het, as wat dit uit vrees vir onrus was. Die korrespondensie wat na die besluit, tussen Van Belkum en Wolmarans gevolg het, gee nie net 'n beeld van die monstering teen Goddefroy nie, maar dui ook op die kerkordelike posisie wat Van Belkum aan die Kommissie van die Algemene Kervergadering toegeken het. Van Belkum het die funksionering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Algemene Kerkvergadering geskei, met die gevolg dat hy aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n funksie toegeskryf het wat tot *ultra vires* besluite gelei

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het. Van Belkum het die dienskarakter, grondliggend aan die amp en amptelike vergaderings misken en hierdeur het hy die kerkordelike gesag in die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering laat opgaan. Dit was egter nie vir Van Belkum die reël nie, maar moet aan die omstandighede van sy tyd toegeskryf word. Die tekort aan predikante, die uitgestrekte gemeentes en die nood van die Kerk na die oorlog het buitengewone en koersgewende optrede vereis. Nie net was sy optrede in Johannesburg, tydens die Goddefroy-Van Brugghen saak(vgl Botha 1981:156 ev), 'n voorbeeld nie, maar ook sy optrede in die Johannesburgse tugsaak teen ouderling Van Tonder in 1907 was eweneens 'n voorbeeld van sy eieregtige gebruik van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Laasgenoemde geval het selfs tot 'n botsing tusen hom en die voorsitter, professor P J Muller, gelei:

> Prof Mulder(sic) verlangt aangeteeken te zien, dat de Commissie, die opgeroepen was, om de zaak Pretoria- Johannesburg te behandelen niet bevoegd was om kennis te nemen van de zaak tegen Van Tonder.
>
> (NHKA:G 7/2)

Van Belkum het ten opsigte van die Goddefroy-kontrovers in Johannesburg, heelhartig met Wolmarans se aanbeveling ingestem. Wolmarans en Van Belkum het reeds voor die vergadering Goddefroy se argumente vir die vergadering bespreek en volgens Wolmarans het Goddefroy op twee sake gesteun:

> Het niet zijn van leden de klaagden dat de kerkraad en gemeente hare eigen Consulenten kiezen volgens wet.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3)

Aan Van Belkum het Wolmarans die verdere versoek gerig:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Als daar iets anders te vinden is om onze zaak te steun zorg er voor, want nu moet hij voor goed neergezet worden anders kan zijne handelingen ernstige gevolgen voor ons Kerk opleveren.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3)

Dit blyk dat Van Belkum hom deur Wolmarans laat voorskryf het. Hy was egter nie ongeneë om die raad te volg nie en in sy korrespondensie met kollegas en vriende het Van Belkum tot die agitasie bygedra. Hy het egter ook in die *Transvaalsche Kerkbode* op Goddefroy kritiek gelewer en het gereeld van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se handelinge met Goddefroy berig gegee, soos op 17 Augustus 1905. Goddefroy se beroep na Middelburg het 'n einde gebring aan die onrus in die kerk. Van die beroep het Wolmarans op 28 Maart 1905 geskryf:

> Ik versta Goddefroi; (verschoon mij dat ik niet Domenie zeggen want die man is als Evangeliedienaar zoo laag gezonken, dat ik hem niet meer als Ds mag eeren) voorstelling is goed afgeloopen, en dat hy binnen een paar weken naar Middelburg ga.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/3)

In sy brief aan N Mansvelt op 9 April 1905 het Van Belkum verslag gegee van die sake aangaande Johannesburg gemeente:

> Wij hebben weer een ringetjie met collega Goddefroy bijgestaan nu door den Heer J van Brugghen, die aspiraties heeft om predikant te worden van Johannesburg en nu knoeit en woelt. Zoolang de invloed van den eersten niet wordt bedwongen, zullen we nooit rustig kunnen arbeiden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5)

Alhoewel Van Belkum ook ontevrede was met Goddefroy se optrede, was dit vir hom duidelik dat 'n reeds platgeslane kerk deur die twiste nog meer vermoei word. Dit was al vroeër die vrees van ouderling N M Prinsloo. Hy het reeds in 1903 aan Van Belkum geskryf dat Goddefroy teen die kerkviering te Renosterpoort protesteer, omdat hy steeds predikant van die gemeente is en daar nie 'n ander predikant kan dien nie. Ouderling Prinsloo berig verder aan Van Belkum: '*...ik vrees dat Ds G scheuring in de gemeente maak*'. In reaksie op Van Belkum se brief aan ds du Toit, stem laasgenoemde op 7 September 1905 in: '*...ik verlang dan ook zeer dat alles tot rust kom in onze kerk*'( NHKA:Sarkady L VI/2). Met die stryd vir eers agter die rug kon Van Belkum sy aandag aan ander sake bestee. Die oprigting van 'n eie opleiding het vir Van Belkum swaar geweeg, veral in die veranderde politieke klimaat.

### 4.6.2 Teologiese opleiding

Van Belkum het hom na die oorlog opnuut vir die oprigting van 'n kweekskool beywer. Een van die grootste struikelblokke was egter die koste wat aan die oprigting van 'n kweekskool verbonde was. Om dié struikelblok te oorkom, het Van Belkum tydens die Algemene Kerkvergadering in 1903, voorgestel:

> De vergadering drage aan haren Commissie op in den geest van het Commissie rapport stappen te nemen tot de oprichting van een theologisch studiefonds en hiervoor te vragen de collecte bij de dankzegging en andere bijdragen en aan de Algemeene Vergadering voorstellen te doen tot stijving van dit fonds.
>
> (NHKA 1903)

Van Belkum se ywer vir 'n kweekskool wortel in sy vrees vir die Engelse invloed wat via die Kaapse predikante kan insluip. Van hierdie vrees het hy veral aan Wolmarans in sy brief van 4 April 1905 laat blyk:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ik behoef u niet te zeggen: dat ik én onze kerk én onze volk liefhet en reeds te goed Afrikaner ben om ook niet te mogen medespreken. Nu is er één ding, dat mij met vrees vervult en dat is de verengelsching van ons volk en dan als gevolg van de ondergang van de Afrikaners als een eigenaardige volk.

Wanneer ik op de teekenen den tijden let, dan is er groot gevaar dat wij hoe langer zoo meer in Engelsche wateren komen en ik wijs u daarvoor op drie dingen:

1$^{e}$: de onderwijswet in de kolonie is aangenomen, waar alle macht aan de ouders wordt ontnomen, godsdienstloos onderwijs ingevoerd en de Engelsche taal oppermachtig wordt.

2$^{e}$ het compromis in de Vrijstaat, gesloten tusschen het gouvernment en de Kerk, in welke laatste de predikanten, in Stellenbosch grootgeword oppermachtig zijn, en waarbij dit land binnen 10 jaar geheel en al Engelsch zal zijn.

3 $^{e}$ het streven ook in ons land om alles Engelsch te doen zijn en door te zeggen: wij wilde geen Engelschen, geen Nederlanders maar Afrikaner zijn, dus eigenlijk allen steun aan het oud-Hollandsch in Transvaal te doen ontvallen.

Wanneer nu in onze kerk nog meer leeraars uit Stellenbosch worden ingevoerd, zal dan de weerstand die wij aan al dit Engelsch kunnen bieden niet verzwakt worden?

(NHKA:Sarkady L VI/3/2/5)

Van Belkum het hom teenoor Wolmarans teen Du Toit en Murray se pogings, om Stellenbosse predikante te beroep, uitgelaat. Veral Murray se invloed het by Van Belkum kommer gewek:

Reeds heeft Ds Murray in Marico weten door te drijven dat er Zondagsmorgens om 7 uur bidstond is gehouden, en waardoor groot

> ontevredenheid is ontstaan en u weet hoe Ds du Toit over deze dingen denkt.
> Nu geef ik toe dat het Evangelie eveneens in het Engelsch als in het Hollandsch kan gepredikt worden, maar ik vroeg moet ons volk geheel met zijn traditie breken en ophouden een Hollandsch-Afrikaansch volk te zijn. Het is daarom, dat ik mij zelfven het afgevraagd, hoe kunne wij dit onheil afweerden...
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3/2/5)

Vir Van Belkum was die onmiddellike maatreël wat getref moes word: die oprigting van 'n kweekskool. Die doel daarvan was om kerk en volk van enersyds Engelse invloed en andersyds Kaapse teologiese invloede te bewaar. Om sy doel te bereik het hy die leidingewende ouderlinge in die Kerk ingelig. Nie net aan Wolmarans nie, maar enkele dae later het hy ook aan ouderling J C Coetzee van Marico sy mening bekendgemaak. Hy het op 24 April 1905 aan Coetzee geskryf:

> Gij en de gansche kerkraad van Marico en Lichtenburg kent mijn gevoelen in dit opzicht. Ik wensch ook, dat Afrikaners de leeraren onze gemeente zijn, en daar streef ik er naar, ons eigene jonge menschen opgeleid te krijgen voor leeraars.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/3)

Die verarmde toestand van die Afrikaner en gevolglik die Kerk het egter nie die oprigting van 'n kweekskool bevorder nie. Intussen het Van Belkum hom weer na Nederland gerig vir geskikte predikante. Hy rig hom veral tot dr N Mansvelt, wat hom ná die oorlog in Amsterdam gevestig het, en Van Gheel Gildemeester. In sy korrespondensie met beide beskryf Van Belkum by meer as een geleentheid die kenmerke waaraan die predikante moet voldoen. Dié kenmerke het hy, bewus van die Engelse invloed en teologiese klimaat in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, geformuleer. Maar behalwe dié invloede, was Van Belkum op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoogte van die eise wat die pioniersomstandighede aan predikante kon stel en die eiesoortigheid van die plattelandse Afrikaner. Teenoor Van Gheel Gildemeester het hy gestel:

> Ze moet Gereformeerd zijn, d. w. z niet typen Kuyper maar van het soort als Gispen, Bronsveld en geen psalmzingers alleen, terwijl het vanzelf spreekt dat wij liefs geloovige mannen hebben, wier eerste kracht is 'Christus'.
>
> Zij moeten vrij zijn van methodistische halfheden waarvan bv Spoelstra niet vrij was.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5/4)

Op 14 Januarie 1905 het hy aan Mansvelt gestel:

> Zij moeten gezond zijn en niet lui: zij moeten niet altijd gemakkelijk zijn, maar ook kunnen dragen dat ze wat veel van huis moeten en hard werken hen wachte...Ik zou de voorkeur geven aan ongetrouwde jonge mannen, die of hier kunnen trouwen of later een vrouw kunnen laten uitkomen als ze hier wat gewoon zijn. (Dat is mijne opinie en niet die van alle collega's)...Goed populair spreken is noodig en ze moeten niet denken dat alles is zooals in Holland en dat we hier een grooter Holland willen maken. Ze moeten de Afrikaners een Afrikaner willen worden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5)

Die reaksie vanuit Holland was vir Van Belkum teleurstellend en dit het die pogings van Murray en Du Toit om Kaapse predikante te beroep soveel gevaarliker gemaak. Aan Mansvelt deel hy sy teleurstelling en kommer op 10 Junie 1905 mee:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



...Ds du Toit en Ds Murray doen hun best Afrikaners te krijgen en zij arbeiden toevallig juist in twee gemeente, Klerksdorp en Marico, die klaar zijn voor beroepen.

(NHKA:Sarkady L VI/5/4)

Van Belkum se teleurstelling het sedert sy vorige skrywes in Januarie 1905 toegeneem, soseer dat hy die Nederlanders verwyt het:

Het is mij leed, dat er zoo weinig ondernemingsgeest is bij jong Holland. Wanneer dit zoo blijk zal Afrika voor het Hollandsche element verlooren gaat. U weet niet hoe én Engeland en de Kaap. kolonie (niettegenstaande al het geschreven der laatste) alles doet om ons tegen te werken. De eersten bewust en opzettelijk: de laatste onbewust en uit, ja ik weet niet wat, karakterloosheid, toegewendheid, onkunde of Engelsche invloed? De Heer Hofmeier houdt prachtige speeches over de vraag ' is't ons ernst? met de taal en toch geeft en Kaapkolonie en Vrijstaat alle macht op onderwijs-gebied in handen der regeering? Is de houding der Vrijstaters (van de Unie zelfs de Wet !!!) niet allerbedroefst, dat alleen om geld en niet te behouen te betalen.

(NHKA:Sarkady L VI/5/4)

Die poging om proponente W Reuss en D Muller te beroep het misluk en op 7 Julie 1905 het Van Belkum aan Mansvelt sy teleurstelling oor die mislukte poging te kenne gegee. Van Belkum het op die tydstip selfs die Nederlanders van kortsigtigheid beskuldig en stel:

Zie toen ik uw brief kreeg, kwam mij terstond in de gedachte, wat ik niet lang geleden in de couranten heb gelezen, n.l. dat de Premier-diamantmyn, naby Pretoria, die de grootste diamant heeft opgeleverd, even voor den oorlog aan Hollanders is te koop geboden voor £ 12,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> 000. Daar men geen zekerheid genoeg had, naar men meende, is dezen nu in handen van Engelschen en dus voor Holland en de Hollandsche diamantindustrie verloren. Ik vrees voor hetzelfde op kerkelijk gebied. Omdat deze jonge mannen geen zekerheid genoeg hebben, gaat onze kerk verloren en komen er gedurig meer Kapenaars in. En wat er dan worden moet van de Hollandsch-Afrikaanssche traditie, ik weet het niet-
>
> Ik kan me wel begrijpen, wat deze jonge mannen beweegt, maar wat weten de heeren predikanten in Amsterdam van Afrikaansche toestanden, dat zij dezen raad geven en wanneer de Hollanders geld sturen, dat is wel heel mooi maar wanneer de mannetjies thuis blijven, dan is dat geld in het water geworpen. Wij hebben beide noodig én geld én mannen en eerder nog mannen dan geld.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5/4)

Van Belkum het daagliks kennis geneem van die toenemende invloed van die Kaapse en Engelse element. Die samewerking wat tussen die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Vrystaat, die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die Transvaal en die Engelse owerheid geheers het, was vir hom 'n bedreiging vir die Hervormde belydenis onder die Afrikanerbevolking. Daarvan het hy so aan Mansvelt berig:

> U kent de mannen in Afrika genoeg, maar verbeeldt, dat zij, zooals Boshoff predikant van Bloemfontien en Bosman van Pretoria begeeren dat het onderwijs zal wezen undenominational, unsectarial, dat alleen bij het begin't Onze Vader gebeden zal worden, en bijbelsche geschiedenis onderwezen uit een historisch handboek, goedgekeur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> door't Gouvernment. 't Is wat moois! 't Is de traditie des volks in het aangezicht slaan, de verlooching van de belijdenis en dat door de voormannen der kerk!
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5/4)

Dit word uit dié opmerkings van Van Belkum duidelik hoe nou kerk, skool en volk in sy gedagtes aan mekaar verbind was. Die verbinding was vir hom gerig op die handhawing van die gereformeerde belydenis, 'n belydenis wat nie deur die Engelse metodisme en die Stellenbosse predikante onder die Hervormde Kerk en volk versprei is nie.

> Onze kerk neemt toe maar we moeten hulp hebben: de ontevredenheid met het methodistisch geknoei wordt erger en wanneer men eenmaal ziet, wat er van de scholen wordt, zal het niet beter worden.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/5)

Van Belkum het in sy stryd teen die Engelse invloed en Kaapse teologiese strominge die Gereformeerde Kerke as bondgenote beskou en skryf onder andere: '*...,maar onze kerk en die den Doppers zullen hoop ik blijven een bolwerk van Afrikaansche, taal, geest. zeden en nationaliteit*' (NHKA:Sarkady L VI/5).

Dieselfde gedagtes het hy teenoor Van Gheel Gildemeester uitgespreek. Op 8 September 1905 het hy uitvoerig die noodsaaklikheid van 'n predikante vanuit Nederland beklemtoon. Hy het hom in sy brief veral teen 'n negatiewe verslag van die kerklike toestande in die Transvaal wat professor Muller aan Van Gheel Gildemeester gestuur het, gerig. Dit kon verhoed dat predikante vanuit Holland 'n beroep sou oorweeg. Muller was van mening dat die kerk te stadig beweeg en die Hollander element verloor. Van Belkum het dadelik op Muller se kommentaar gereageer en in sy kommentaar het Van Belkum sy beskouing van die kerklike toestande weergegee:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat de Hollanders de kerk de rug toekeeren is gedeeltelijk waar, althans in Pretoria, waar ±3000 Hollanders wonen. Deze zijn nooit kerkvast geweest meest uit moderne kringen afkomstig, voor zoveel ze niet doleerend of Gereformeerd zijn. Ook Goddefroy klaagt daarover, ook Spoelstra. Buiten is dit anders. Ik heb op Heidelberg 20 Hollandsche gesinnen, daarvan behooren [getal onleesbaar-CP] de Gereformeerde kerk, 2 tot de Kaapsche kerk,de rest is in onze kerk. Zij konden beter ter kerk komen, maar ik heb niet te klagen. Ook behooren in de buiten-districten de meeste Hollanders tot onze of to de Gereformeerde kerk.

Dat de Afrikaners tot de Vereenigde kerk behooren is waar in zooverre als men onder Afrikaners alleen Kapenaars verstaat. Wat de oude Transvalers de Voortrekkers aangaat is dit beslist onwaar. Zij zijn of Hervormd of Doppers en onze kerk heeft 20 gemeenten en 8000 lidmate ongeveer. Wanneer ik het aantal Hollanders, dat bij de kerk is aangesloten op 500 stel, dan blijven er toch nog 7500 over, die Afrikaners zijn. Stel dat de Vereenigde kerk 30,000 lidmaten heeft, dan is de verhouding 1:4 dus nogal tamelijk gunstig. De Gereformeerden tellen ±5000 lidmaten in Transvaal.

Muller en Spoelstra bezien alles in Transvaal door twee brillen: de eerste is de Hollandsche, de ander de Pretoriaansche. Muller beoordeelt de toestanden te veel van Hollandsch standpunt. Dat is eenerzijds een deugd, maar anderzijds belet het hem goed te oordeelen over Transvaal. Deze fout heeft hij gemeen met Spoelstra en vele ander Hollanders: daarbij is hij te haastig in het oordelen, wat ook de fout van vele Hollanders is. Als hij wat langer hier is, zal het wel beter verstaan. De Pretoriaansche bril belet hem goed te zien. Men moet eerst evenals ik dagen, soms weken, onder de oude Transvalers rond gaan, en dan oordeelen. Pretoria is een slechte plek om Transvaal te kennen. Muller zelf klaag, dat de menschen Pretoria zoo onkerksch zijn. Louis Botha, Smuts en bijna alle beroemde Transvalers gaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> nooit naar de kerk, alleen A D W Wolmarans komt trouw en is een kerkelijk vroom man.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/4)

Nadat Van Belkum hom teen die moontlikheid van kerkvereniging uitgespreek het, stel hy:

> Wanneer geene jonge mannen willen kom, dan zal onze kerk kwijnen niet alleen, maar ook de oud hollandsche geest, degelijkheid verloren gaan in Afrika, en plaats maken voor oppervlakkig methodisme, Engelsche show en Amerikaansche humbug.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/2/4)

Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1909 het Van Belkum namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die oprigting van 'n kweekskool verslag gelewer. Nadat Van Belkum 'n historiese oorsig gebied het, het hy die *Reglement voor de Theologische Kweekschool der Nederduitsch Hervormde Kerk* voorgehou.

Ofskoon Van Belkum en Goddefroy saamgestem het oor die wenslikheid van 'n eie opleiding het hulle verskil oor die uitvoering. Goddefroy wat 'n universitêre opleiding as voorwaarde gestel het, het Nederland as voedingbodem gehandhaaf. Van Belkum wou egter 'n kweekskool in samewerking met 'n gimnasium hê. Vir Van Belkum was dit belangrik dat die Afrikaner gesterk word, die kweekskool in die *Zuid Afrikaansche Republiek* was dus 'n noodmaatreël om die Engelse invloed wat via die Kaapse predikante kon insypel, te verhoed. Van Belkum was in dié geval meer op hoogte van die stemming wat onder die Hervormde Kerk geheers het, terwyl Goddefroy tydens die oorlog daarvan ietwat vervreemd geraak het. Toe Goddefroy tydens die Algemene Kerkvergadering van 1909 na die moontlikheid van Uniewording verwys en die samewerking met die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk het, het Van Belkum dadelik gevra: '*...moeten wij van U verstaan, dat wij moet vereenigen*?' (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1909= NHKA 1909:19).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dié vraag van Van Belkum het Goddefroy dadelik onder verdenking geplaas (vgl Botha1981:187,188). Van Belkum het die teologiese invloed van die Kaapse predikante, die invloed van die engelse metodisme in die Nederduits Hervormde of Gerformeerde Kerk en die oproepe tot vereniging gesien as instrumente wat die Afrikaner se Calvinistiese godsdiens en nasionaliteit op die altaar van Britse imperialisme wil offer. Daarom het hy ook Goddefroy se gedagtes bevraagteken en die opleiding van predikante in kerklike verband onder ouderlinge gepropageer. Van die verskil in mening het Botha (1981:191) gestel:

> Die wesenlike verskil tussen Goddefroy en die meerderheidsiening in die Nederduitsch Hervormde Kerk kom na vore in verband met Goddefroy se gedagtes oor die verhouding tussen die Afrikaans-Hollandse kerke. Goddefroy se siening was dat daar 'n totaal nuwe situasie na die oorlog ontstaan het, wat toenadering tussen die kerke noodsaaklik gemaak het. Die kerke moes nie langer teenoor mekaar staan nie. Hy gebruik die woord 'unifikasie', hoewel dit nie duidelik is wat hy presies daarmee bedoel het nie. Hierdie nader-aan-mekaar-beweeg van die kerke moes dan sigbare gestalte kry in 'n gemeenskaplike teologiese opleiding aan 'n teologiese fakulteit van die aanstaande universiteit. Goddefroy het begrip daarvoor gehad dat die Nederduitsch Hervormde Kerk, om finansiële redes, nie alleen 'n opleiding aan 'n universiteit sou kon in stand hou nie. Daarom wou hy in samewerking met die ander twee kerke hierdie ideaal verwesenlik.

Van Belkum het nie net die gedagte van Goddefroy nie, maar ook alle pogings om predikante uit die Kaapkolonie te beroep, teengestaan. Professor P J Muller se koms na Pretoria het die ideaal van 'n eie opleiding, soos Van Belkum dit gekoester het, nader aan vervulling gebring, want tydens die sitting van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 1907 het Muller ondermeer berig:

> ...dat een paar flinke, degelijke jonge menschen van onze kerk zich bereid verklaard hebben zich onder zijne leiding te bekwamen voor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> den dienst van predik – en herderambt in onze kerk en vraagt wat de opinie is van de Commietie. Hij wenscht tegen 20 Julie daarmede een aanvang te nemen.
>
> (Mans 1967:99)

Volgens Mans het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarop besluit:

> De Commietie van de Algemene Kerkvergadering acht het van het grootste belang dat onze kerk begint met de opleiding van de zonen onzen kerk voor het leerambt.
> Zij zal trachten voor dit doel voor dit jaar £200 ...te vinden en daartoe vragen aan de kerkraden van Pretoria, Potchefstroom, Heidelberg, Rustenburg, Standerton, Middelburg en Zoutpansberg bij te dragen elk £17-10 en van de gemeenten Marico, Lichtenburg, Ventersdorp, Makwastjie, Klerksdorp, Krugersdorp,Volksrust, Ermelo, Leydenburg, Ventersdorp, Johannesburg, Waterberg, elk £10...totdat de Algemene Kerkvergadering andere bepalingen zal maken.
> ...dat Prof. Dr P J Muller zoo spoedig mogelijk beginnen zal met de leszen en daarvoor £200 ...voor dit jaar zal genieten...
>
> (Mans 1967:99)

Die twee kandidate wat aangemeld het was J J Kühn en J J Prinsloo en nadat die studie in die teologie afgehandel is, het Kühn en Prinsloo onderskeidelik op 14 Oktober 1908 en 18 November 1908 hulle proefpreke voor die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering afgelê. In 1909 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Kühn op 14 April en Prinsloo op 19 Julie ondervra. Van Belkum het die ondervraging in die dissiplines, '*Nieuwe Testament*' en '*Bijbelse Theologie*' waargeneem (NHKA: K 1/ 2). In sy brief aan dr H C M Fourie op 11 Oktober 1909 het Van Belkum aangedui dat die belangrike bronne tydens die eksamen veral J J van Oosterzee (1870/2), *Christelijke dogmatiek, een handboek voor academisch onderwijs*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*en eigen oefening*; H Martensen (1870), *Die christliche Dogmatik dargestellt* en T Zahn vir die Bybelse geskiedenis was. Nadat Kühn en Prinsloo met sukses die proponentseksamen afgelê het, het Van Belkum hulle op 30 Oktober 1909 bevestig. Kritiek teen die opleiding van Kühn en Prinsloo het vanuit die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk gevolg. J N Martins, predikant van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Johannesburg het in *De Vereeniging* (10 Desember 1908) na hulle verwys as '...*kwakzalvers op geestelik gebied*' (Mans 1967:109) en volgens Martins sou die opleiding 'n struikelblok vir vereniging wees. Van Belkum het in 'n brief van 21 Desember 1908 hierop gereageer:

> Gij meent, dat eene Vereeniging...met Uwe kerk onmogelijk is...wanneer jonge mannen zoo maar predikanten worden door de eene of andere predikanten eener gemeente. Laat mij U zeggen, dat in onze kerk de begeerte naar vereeniging niet gevonden wordt: integendeel, wij hebben genoeg van de vrucht der zoogenaamde vereeniging van 1883-1888 zoodat wij ons wel eens goed zullen bedenken voor wij eenig voorstel daartoe zullen overwegen. Uwe vrees dus om opgezadeld te zullen worden in Uw 'reinen kerk' met...onbekwamen predikanten is dus op zijn minst genomen voorbarig en geheel overbodig...Wat weet gij van de bekwaamhede van de Heeren Prinsloo en Kuhn. Hebt gij ze al hooren prediken? Hebt gij ze geexamineerd? Hebt gij ze al eens ontmoeten? Weet gij wat ze gedurende drie jaren hebben gelezen, gehoorsaam bestudeerd?
>
> (NHKA:Sarkady L VI/ 9/9; vgl Mans 1967:109)

Van Belkum het in die brief verder Martins se oordeel oor Kühn en Prinsloo se vermoëns weerlê en het Martins daarop gewys dat die Stellenbosse kweekskool ook 'n nederige begin gehad het:

> Sta mij toe Uw geheugen een weinig op te frischen, door U het ontstaan en de geschiedenis van het Stellenbosche Seminarie te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vertellen. Gij moet dan weten, dat in 1858 (juist 50 jaren nu geleden) na een sukkelen en moeite van 34 jaren het theologisch seminarie te Stellenbosch is tot stand gekomen en begon met 2 Professoren en 4 leerlingen. Nadat de Synode Uwer Kerk eerst Dr N Beets gevraagd had uit Holland over te komen en nog meer Theologicae doctores, uit dat land der wetenschap en beschaving te vergeefsch had geroepen, heeft zij, en terecht, zij verdient nog den dank over haar moed en geloof, twee hare eigene leeraren, die hunne opleiding als Theoloog in Utrecht (Holland) hadden genoten als professoren benoemd.
Wat hebben wij nu gedaan? Wij hebben aan een Professor uit Holland, een leeraar onzer Kerk opgedragen, de jonge mannen, die in Transvaal opgeleid wil worden tot het leeraarsambt te onderwijzen.
Dr P J Muller thans predikant der Kerk te Pretoria, vroeger Professor in de Theologie te Amsterdam heeft dit gedaan.
Wat is nu de verschil tusschen uwe Stellenbosch Seminarie en onze opleiding? Dat gij, begonnen zijt met twee Professoren, een leeraar die tegelijk Theologicae Doctor was en een gewoon leeraar en met vier studenten? en wij met een Professor die leeraar en ook Theologicae Doctor is? Dat gij vier studenten had en wij maar twee? Is om dit verschil Uwe opleiding zoo veel beter dat gij en Uwe broeder volle geleerde theologen zijn en onze jongelieden kwakken? Vind gij dit niet zelf wel een beetje al te bespottelijk?

(NHKA:Sarkady L VI/9/9; vgl Mans 1967:110)

Alhoewel die opleiding van Kühn en Prinsloo en die koms van di K T van den Heever en Ruysch van Dugteren die predikantetal aangevul het (NHKA 1909), het dit nog nie aan die behoefte van meerdere kragte en dan ook gerig teen die Engelse, Kaapse-koloniale invloed, voldoen nie. Van Belkum se ideaal was steeds 'n eie opleiding en in sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering van 1909 het hy namens die studiekommissie so voorgestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



I. dat er worde daargesteld een Theologiscche kweekschool, waar jonge mannen kunnen worden opgeleid tot herder en leeraar voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika.

II. Dat het worde voorgesteld dat elke kerkraad jaarlijks voor dat doel storte 2/6 (twee shillings en zes dubbeltjies) voor elk lidmaat.

III. Dat elke kerkeraad bij de Bank zal openen een rekening waarop te beginnen met 1 Julie 1909 gestort worde een bedrag geheel of gedeeltelijk gerekend tegen 2/6 voor elk lidmaat per jaar, op welke bedrag door het Curatorium kan worden getrokken. De Kerkeraad regele het zoo met de Bank, dat hij, wanneer niet het geheel bedrag per kwartaal is gestort, eene overtrekking kan krijgen, tot het bedrag, hetwelk hij per jaar moet betalen.

IV. Dat de opleiding zal geschieden in termen van het Reglement en het programma...

(NHKA 1909)

Veral ten opsigte van die voorgestelde heffing het daar tussen Goddefroy en Van Belkum opnuut 'n botsing gedreig. Goddefroy het hom teen die voorgestelde heffing uitgespreek, alhoewel hy nie teen die oprigting van 'n kweekskool was nie. Van Belkum het teenoor Goddefroy standpunt ingeneem en gestel:

> ...dat reeds in 1889 Roossenekal gevraagd heeft om opleiding, en nu bezwaar maakt over de 2/6. Hij (Van Belkum-CP) meent dat als de Algemeente Vergadering een besluit neem dit dan geldt voor de gehele Kerk. De Kweekschool is nodig niet om vijandig te staan tegenover andere Kerken maar om onafhankelijk te worden van eenige Kerk. Er zijn vele aanvragen van jonge mannen om opgeleid te worden. In de Synode der Ned. Herv of Gerformeerde Kerk is gezegd de raddraaiers gaan in de Hervormde Kerk een school oprichten om vereeniging te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> voorkomen. Laat hun dat zeggen. Ik zeg wij moeten de school hebben. Zonder haar gaan wij dood...
>
> (NHKA 1909)

Uit die uitspraak van Van Belkum word enkele sake duidelik. Ten opsigte van die regsgeldigheid van die besluite deur die Algemene Kerkvergadering was Van Belkum reg. Besluite van die Algemene Kerkvergadering wat nie met die Skrif of die geldende kerkwet in stryd was nie, moes deur gemeentes gehoorsaam word. Die vraag was egter of so 'n bindende besluit in die omstandighede prakties uitvoerbaar was. Goddefroy het Van Belkum se interpretasie daarvan betwyfel en het daarop aangedring dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die fout moet regstel. Van Belkum het teenoor Goddefroy en oudl Bodensteyn na artikel 3 van die Algemene bepalings verwys en gestel dat:

> ...de Algemeene Vergadering de Hoogste wetgevende en besturende macht is en wijst nog eens op de noodzakelijkheid van de Kweekschool.
>
> (NHKA 1909)

Nadat Van Belkum weer op die dringende behoefte van predikante gewys het, het hy voorgestel dat punt II van die voorstel aangeneem word. Goddefroy het onmiddellik protes aangeteken:

> Ik ontken het recht dezer vergadering om eenig Reglement voor te stellen.
>
> De Kweekschool is noodig maar niet nu. Wij verkeerde in een tijdperk van overgang. Er is Unificatie der Kolonien. Unificatie van Kerken en straks krijgen wij een universiteit, met Theologische leerstoel. Daarvoor moeten wij wachten op de Universiteit. Universiteit is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> verkieselijk boven kweekschool, op dat zij een ruimer blik geeft en meer omgang met jongmannen van andere vakken.
>
> (NHKA 1909)

Van Belkum se reaksie op Goddefroy se betoog dui eerder op 'n nasionale vooronderstelling, terwyl Goddefroy die teologie as wetenskaplike studie wou handhaaf. Van Belkum het anders as Goddefroy die Britse invloed as onmiddellike gevaar gesien; veral die skoolonderwys sonder belydenis, het Van Belkum beskou as voorloper vir 'n universiteit sonder teologie en daarom vra hy:

> Waar die Universiteit. Wie zegt aan den predikant van Middelburg dat aan zulk eene Universiteit plaats is voor Theologie. De tijdsgeest is niet in de richting, zie maar de onderwijswet der Kolonie.
>
> (NHKA 1909)

'n Eie opleiding was dus volgens Van Belkum absoluut noodsaaklik en hy het voortgegaan om die saak te ondersteun en te bevorder. In die verband was sy reaksie op H C M Fourie se brief van 17 Augustus 1909 veelseggend. Fourie het inligting aangaande die kerklike eksamen ingewin en wou weet of dit moontlik was om in Suid-Afrika te promoveer. Van Belkum het in die verband gestel:

> Indien mogelijk Promoveer! Een D. D. titel doet opgeld hier: 't spijt mij dat ik wel doctoraal deed en niet promoveerde. Het kan later van dienste wezen met het oog op onze kweekschool: daarom PROMOVEER en laat het Kerkelijk examen staan. Dat hebben wij hier niet.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/6/4)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het reeds in Fourie 'n moontlikheid gesien om die oprigting van 'n eie opleiding te vestig. Die koms van 'n gedoktoreerde, soos Fourie, kon lei tot die moontlike aanstelling van 'n hoogleeraar.
Goddefroy en ouderling Bongers, die afgevaardigde van die gemeente Heidelberg, het egter besef dat die maatskaplike toestand van kerk en volk nie die oprigting van 'n eie opleiding dien nie, teenoor hulle het Van Belkum 'n te idealistiese verwagting gekoester. Mettertyd het Goddefroy en Bongers se realisme, Van Belkum se idealisme getemper.
Die onmiddellike gevaar wat Van Belkum vanuit die Britse kringe verwag het, het hom aan skoolonderwys laat aandag gee.

### 4.6.3 Onderwys

Die Algemene Kerkvergadering van 1903 het die dringendheid van onderwys beklemtoon en het Van Belkum, A D W Wolmarans, D P J van Schalkwijk en H H van Rooyen aangewys om die vergadering oor die onderwys te adviseer. Van Belkum het as voorsitter van die komitee opgetree en in die verslag is die volgende rigtinggewende opmerkings gemaak:

> 1e Niet te spreken – zooals het eersgenoemde beschrijvingspunt – van de opvoeding en het onderwijs van de kinderen onzer kerk, doch in het algemeen van de kinderen onzes Volks.
> 2e Beslist uit te spreken de noodzaaklijkheid, dat de kinderen van ons volk worden opgevoed in Christelijk Nationale geest, en in hoofdzaak door middel der Hollandsche taal worden onderwezen.
> 3e Tevens uit te spreken de noodzaakelijkheid dat, met het oog op de toekomst onzer kinderen, ook de Engelsche taal grondig worde geleerd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4e Den Broeders Kerkeraadsleden op te dragen, om, zoveel mogelijk in overleg met Broeders Kerkeraadsleden der beide zusterskerken, private Hollandsche scholen op te richten.

5e Te bepalen, dat het onderwijs op deze scholen worde gegeven door bevoegde onderwijzers, zoveel mogelijk gecertificeerd, onbesproken van levensgedrag en lidmaat van een Protestantsche kerk.

6e De wenschlijkheid uit te spreken, om in de zaak van opvoeding en onderwijs samen te werken met de beide zusterskerken, en aan hare Kerklijke Commissie op te dragen daartoe met deze kerken in correspondentie te treden.

7e Het gevoel van de verantwoordelijkhid voor de opvoeding hunner kinderen, bij de ouders op te wekken, op grond van de belofte, door de ouders afgelegd bij de bediening van den Heilige Doop.

8e Den Kerkeraden aan te bevelen, toezicht te houden op het onderwijs.

(NHKA 1903)

In reaksie op ouderling Roos se kommentaar, wat eerder skoolbesture bo privaatskole verkies het, het Van Belkum gestel: '*...dat de kerk werken moet in de richting van Nationale en Christelijke opvoeding*' (NHKA 1903). Ouderling Roos se voorkeur vir skoolbesture het by die onderwystoestande in 1903 aangesluit. Symington (1948:91) het aangedui dat Milner se Direkteur van Onderwys, Sargant, met sy onderwysbeleid misluk het. Die outokratiese onderwysstelsel van Sargant is onder andere deur ouers teëgewerk en in 1903 is 'n klousule in die onderwyswet gevoeg wat vir skoolkommissies voorsiening gemaak het (vgl Symington 1948:93 ev.) Van Belkum het egter deur sy steun vir die christelik-nasionale onderwysbeginsel, hom nie net van staatskole, maar ook van kerkskole gedistansieer.

Van Belkum het sy standpunt vir christelik-nasionale onderwys in die gemeente Heidelberg verdedig en dit was vanweë sy invloed dat die kerkraad besluit het om die oprigting van 'n volkskool daar deur te voer. Onder sy voorsitterskap, het die kerkraad op 9 Maart 1903 besluit:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Nadat de Kerkeraad nog de commissie van beheer der Kerkeigendommen opgedragen heeft kennis te geven aan het Departement van publieke werken, dat zij het kerkgebouw thans als school gebruik...
>
> (NHKA:G 7/2)

Die uitbreiding van die skool na Julie 1903 het so toegeneem dat die kerkraad op 1 Augustus 1903 toestemming moes gee dat die konsistorie as klaskamers gebruik word:

> De voorzitter deelt mede, dat er een verzoek is ingekomen van de commissie der op te richten 'volksschool' om de Kerk als school te kunnen gebruiken.
>
> (NHKA:G 7/2)

Die Heidelbergse volkskool is veral opgerig om 22 weeskinders op te voed. Die kinders se ouers het in die Tweede Vryheidsoorlog gesterf en om hulle te versorg het Cornelis Meyer 'n huis vir hulle verblyf voorsien, die weduwee van Ockert Spruyt het as huismoeder opgetree en die kinders het hulle skoolopleiding, in die kerkgebou se kelderverdieping, van mej Anna Basson ontvang. Volgens Symington (1948:319) was daar dadelik 'n toename in die getalle. Tot hierdie kinders sou ook S P Engelbrecht gevoeg word, want op 17 Julie 1904 het sy moeder, J E Engelbrecht aan Van Belkum geskryf:

> Vergun mij een weinige regelen te schrijven. Ik ben nieuwsgierig te weten hoe dat het met de weesschool gesteld is op Heidelberg, en schrijft mij als het u belief als mijn zoontje daar in school kan komen hoeveel geld het mij zal uitkomen in een maand. Ik hoop tog dat het mij beter zal uitkomen dan op Middelburg. Ik moet heelwat betalen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voor treinkosten als hij vacantie krijgt en ook nog de schoolgeld zoo dus kunt gij begrijpen dat ik blijde zal wezen als hij op Heidelberg in school kan komen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/6/12)

Die stygende getal inskrywings het die bestuur daartoe gedwing om in Julie 1903 'n vergadering te belê en tydens die vergadering het die bestuur besluit om 'n groter C N O–skool op te rig om: '*...een stem te hebben in het benoemen van de onderwijzers...zodat aan het Hollands zoals aan het Engels gelijke rechten zal gegeven worden*' (Symington 1948:319). Van Belkum is onder andere saam met di Louw (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk) en De Klerk (Gereformeerde Kerk), brs A J S du Preez, S J Bronkhorst, F J Bezuidenhout, Adv Stockenstroom, J Freislich en J C Bosman as komissielede gekies. T A Dönges, het as hoof van die skool opgetree en onder sy leiding en die goeie bestuur van die skoolkommissie het die skool van krag tot krag gegaan, soseer dat Symington opmerk:

> Hierdie skool was finansieël seker een van die sterkste C. N. O. skole want die kerke en die publiek het pragtig saamgewerk. In September 1904 was daar 5 onderwysers en nadat 'n aansienlike hoeveelheid meubels reeds aangekoop was, was daar nog £ 170 in die kas. Op 'n vergadering is 'n verdere £ 600 vir die skool beloof...in Augustus 1906 het die skool 190 leerlinge gehad, terwyl die inkomste oor die jaar £ 1. 184 en die uitgawes £ 1. 177 was latende 'n batig balans van £ 7.
>
> (Symington 1948:319,320)

Maar dit was veral in die *Transvaalsche Kerkbode* dat Van Belkum hom as kampvegter vir die christelike-nasionale onderwys bewys het. Behalwe in die *Brieven van Oom Sarel*, het Van Belkum ook na ander leesstof verwys, soos die publikasie van P Kat jr, *Wat is het Christelijk Nationaal Onderwijs*? en *Het Christelijk*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Schoolblad* 'n publikasie van die *Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Z. Afrika*. Ook op nasionale vlak het Van Belkum die christelike en volksgerigte onderwys met krag bevorder. Hy het reeds in 1904 by die *Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Z. Afrika* en later by *De Vereeniging voor Christelijk Nationaal Onderwijs* aangesluit. Die *Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Z. Afrika* is reeds in 1893 gestig en het veral Dr N Mansvelt se onderwysbeleid gesteun (Symington 1948:269). Na die oorlog, op 31 Desember 1903 het die verwoestende gevolge van die oorlog ook op die onderwys geblyk: voor die oorlog het die vereniging 300 lede gehad en daarna slegs 17 lede, boonop moes die konstitusie verander word om by die nuwe landsomstandighede aan te pas, maar die vereniging het die beginsel gehandhaaf van:

> Gods woord is de grondslag van alle opvoeding en onderwijs. Dat ideaal: de opbouw van een stelsel van vrij, Kristelik en Nationaal onderwijs, vasthoudend aan taal, godsdienst en historie.
>
> (Symington 1948:270)

Die konstitusie van die *De Vereeniging voor Christelijk Nationaal Onderwijs* het Van Belkum ook heelhartig ondersteun, wat in Artikel 2 Christelik Nasionaal soos volg gedefinieer het:

> Onder Christelijk onderwijs wordt verstaan: onderwijs, overeenkomstig de H. Schrift, in overeenstemming met de Belijdenisschriften der drie Hollandsche Kerken. Onder nationaal wordt verstaan: Onderwijs dat, met het oog op de leidingen Gods in de geschiedenis van ons volk, den Godsdienst de taal en traditieën onzer vadere in eere houdt en voortplant.
>
> (De Beer 1968:77)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ouers van die kerk het hy deur 'Oom Sarel' opgeroep om vir die onderwys van hulle kinders op te offer en skryf hy in die *Transvaalsche Kerkbode*, 23 Mei 1905:

> Zullen ons ouders nog blind blijfen voor een stand van zake als deze? Zullen onze ouders nog hunne zakken dicht houden en zeggen: 't doet er niet toe. O als mijn droom toch een waarheid macht worden. Er kan meer gedaan worden, er moet meer gedaan worden: zoo mag het niet langer gaan. Ons volk gaan verloren onze kinderen moeten zoodoende de houthakkers en waterdragers worden. De kinderen van de voortrekkers, van Retief, Maritz, Uys, Pretorius, Potgieter en waarom? Omdat men niet geven wil, noch verstaan wil: de kinderen zijn de toekomst.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:81)

Dit was egter vir hom duidelik dat die christelike-nasionale onderwys vanuit 'n gemeenskaplike poging deur die drie Afrikaanse susterskerke bevorder moet word en tydens die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 9 September 1903 berig hy:

> ...dat hij op verzoek en uitnoodiging van Ds M[seachlan] van Germiston eene vergadering heeft bygewoon van Commissien uit de Ned Hervormde of Gereformeerde Kerk en van de Gereformeerde Kerk in Z. Afrika op Woensdag 9 September 1903. Daar is een leerplan vastgesteld en heeft een onderhoudt plaats gevonden meet den Heer Fabian Ware, Directeur van het onderwijs. Bij dit onderhoud is gesproken over de medewekring van de kerk tot bevordering van het onderwijs.
>
> (NHKA:K 1 /2)

Hy het van die vergadering ook aan die Algemene Kerkvergadering in 1904 berig:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> In zake onderwijs, deelde de Scriba mede, dat hij eene vergadering had bijgewoond van Commissieën uit de drie kerken op 2 September, waar een leerplan was vastgestelden en waar een onderhoud had plaats gevonden met den heer Ware, Superintendent van Onderwijs.
>
> (NHKA 1904)

Maar vir Van Belkum was dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke veral as bondgenoot van die Hervormde Kerk dien. In die Gereformeerde Kerkkringe was J D du Toit 'n sterk voorstander van die Christelike-Nasionale onderwys en het tydens 'n onderwyskongres in Pretoria met die rede: '*Christelike Onderwys met of sonder dogma*' selfs reaksie van *De Volksstem* ontlok. Van die rede het d'Assonville (1977:55) opgemerk:

> Oor die onderwys bestaan daar eenvoudig vir dr. du Toit geen kompromie met 'n 'neutrale' beginsel nie, en hy dwing elkeen tot 'n posisiekeuse: 'O, hoe bitter sal die ontnugtering wees, ten minste solank ons ons heil verwag van 'n skool wat van sy sentrum losgeruk is, en met geen ander doel nie as om 'n nasie stoflik vooruit te help. Geen *utilisme*, geen *modefilosofie* of *modeteorie* nie maar alleen *geregtigheid* kan 'n volk verhoog'.

Van Belkum het eerder al gemeld dat hy die 'Doppers' as bondgenote beskou om Engelse metodistiese invloede af te weer. Ten opsigte van die onderwys blyk dat ook tussen Du Toit en Van Belkum gedeelde ideale bestaan het, want in die *De Transvaalsche Kerkbode* van 10 Augustus 1905, skryf hy van 'n onderrig sonder belydenis:

> Jammer dat ik zoo 'n bekrompen mensch ben en dat ik niet houd van zulk een smakeloos christendom, dat allen voldoen moet en niemand voldoen kan. Ik geloof er niet aan en ik ben zeker dat zulk een

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> christendom de wereld niet overwint en voor het bederf bewaart.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:79)

Die afwesigheid van godsdiens in die onderwys het die Kommissie belas met onderwyssake daartoe gedwing om reeds tydens die Algemene Kerkvergadering van 1904 die vergadering te vra:

> Nu de Transvaalsche Schoolwet in werking is en geen dogma op de scholen mag onderwezen worden, welke maatregelen zal de Vergadering nemen om bij de Hoog Edele Regering aan te dringen op ondersteuning voor vrije scholen?
> Welke maatregelen de Algemeene Vergadering zal nemen om te voorkomen, dat onze kindere zullen worden opgeleid door onderwijzers, welke niet tot een Christelijke Kerkgenootschap behooren?
> Nu er geen Bijbel onderwijs op de scholen gegeven wordt welke maatregelen de Algemeene Vergadering zal nemen, om onze kinderen behoorlijk Bijbelonderwijs te geven en eene betere regeling zal treffen voor Catechisatie klassen?
>
> (NHKA 1904)

Van Belkum se standpunt en ideaal het hom ook na die regte onderwysers laat vra. Daarom het hy by die Nederduitsch Hervormde Kerk gepleit dat die kinders aangemoedig moet word om hulle as onderwysers te bekwaam en het verwytend verwys na die swak ondersteuning wat die Hervormde Kerk in die verband gegee het:

> ...op de pas opgerichte Normaalschool te Heidelberg van de 67 leerlingen slecht twee zijn van onze Kerk. Ook deelt hij mede, dat voor het Bijbelonderwijs is aanbevolen in die nieuwe Code voor het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> onderwijs, het systeem gevolgd door de Londensche district Schoolraad op aanbeveling van Ds H S Bosman, van de Vereenigde Kerk, diaken Furse van de Engelsche Kerk en de Eerw. Grey van die Presbyteriaansche kerk.
>
> (NHKA 1909)

Terwyl die verengelsingsbeleid op die onderwysgebied en maatskaplike terrein gewoed het, het Van Belkum die kerklike blaaie ook ingespan om kerk en volk vanuit die Bybelse waarhede op te voed en vir die stryd te staal.

## 4.7 Kerklike joernalistiek

Van Belkum se bydrae tot die kerklike joernalistiek is nie net in volume omvattend nie, maar dek ook verskeie terreine en onderwerpe. Die invloed en gerigtheid van Van Belkum as kerklike joernalis verdien opsigself 'n selfstandige studie. Hy het gereeld oor 'n tydperk van 34 jaar bydraes in *De Hervormer*, *De Vrije Opmerker*, *De Transvaalsche Kerkbode*, *De Almanak* en *De Hervormer* gelewer. Die bydraes wat hy gelewer het, sluit amptelike nuus vanuit die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en van die Algemene Kerkvergaderings, Gemeentenuus, Oordenkings, Bybelstudiestukke, Kerkhistoriese onderwerpe, Boekresensies, Kortverhale, Volksgebeure en Geskiedenisonderwerpe uit die volkslewe in. Behalwe dié bydraes het S J de Beer met sy navorsing, *'n Bespreking van die inhoud van Ds Jac Van Belkum se 'Brieven van Oom Sarel soos gepubliseer in ' De Transvaalsche Kerkbode' 1904-1906, en 'De Hervormer' 1909-1930* (1968) en J D Gericke met *Ds Jacobus Van Belkum (Oom Sarel) in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* sy kultuurhistoriese invloed uitgewys. Van Belkum kan met reg die vader van die kerklike joernalistiek in die Hervormde Kerk genoem word. Reeds in 1893, twee jaar na sy koms in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* het hy die oprigting van 'n kerklike koerant ondersoek. Op 15 September 1893 skryf hy aan die heer Teves:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ik heb reden om te gelooven dat collega G[oddefroy–CP] U zal gesproken hebben over de oprichting en uitgawe van een courant voor onze kerk. De wijze waarop mijn geachte ambtgenoot dit wil doen schijnt mij toe onuitvoerbaar te zijn, omdat hij vóór alles een fonds van ±£ 500 bijeen wil hebben. Mijne overtuiging is, dat hij dit nooit sal krijgen omdat onze boere voor zulke dingen vooral nog geen geld hebben, en al hadden zij het, het daarvoor niet zullen geven.
> Toch gevoel ik dat iets gedaan moet worden in deze richting vooral nu Ds Bosman *De Vereeniging* uitgeeft, welke courant, m.i. meer ons volk vergiftigt dan opbouwt.
> Ik zouden gaarne helpen, krachtig helpen willen bij de uitgave van een kerkelijk week of maandblad, maar hoewel geen vreemdeling in Holland op dit gebied, hier erken ik gaarne ben ik geheel onbekend met de administratieve eischen voor zulk een blad…Op den voorgrond staat bij mij dit: ' ik wensch mede te helpen aan den opbouw van dit volk, zonder daarbij eenig financieel voordeel te hebben, zoolang de zaak in wording is.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/9/2)

Hy het verder voorgestel dat die kerkblad aandag sal gee aan Skrifverklaring, sketse uit die geskiedenis, nuusberigte van ander kerke en van belangrike maatskaplike sake, kerklike berigte soos preekbeurte en nagmaalsgeleenthede en advertensies. Veral ten opsigte van die eerste deel, die Skrifverklaring en die sketse uit die geskiedenis sou hy behartig. Van Belkum het reeds in die brief sy verwagtinge van die kerklike koerant laat deurskemer. Enersyds wou hy die invloed van *De Vereeniging* beperk en grondliggend hieraan moes die koerant dien tot opvoeding van die kerkvolk. Die eerste poging om 'n kerkblad te vestig, het voor die Tweede Vryheidsoorlog in *De Hervormer* gestalte gekry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.7.1 'De Hervormer'

Die gevolge van die mislukte kerkvereniging, onder andere die stryd om die kerklike eiendomme, het die oprigting van die kerkblad op die langebaan geskuif, maar op 26 April 1899 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die oprigting van 'n kerkblad verder bespreek. Van Belkum het tydens die vergadering die verslag voorgehou en hierop het die kommissie besluit:

> De Redactie zal niet tegenover de wet verantwoordelik zijn, maar als verantwoordelijk Uitgever zal optreden Br M J Pos, die het recht heeft die opname te weigeren van stukke die z.i. tegen de wet zijn
> De drie eerste maanden zullen 1500 Exemplaren worden verspreid.
> De Redactie zal bestaan uit Di M J Goddefroy, Jac Van Belkum, C W du Toit.
>
> (NHKA:K 1 / 2 )

Die eerste uitgawe van *De Hervormer*, op 15 September 1899, het nie sonder terugslae verskyn nie. Die Redaksionele kommentaar lui ondermeer:

> Door ziekte van den heer M J Pos verantw. Uitgever en andere omstandigheden buiten ons, verschijnt de eerste uitgave van dit ons kerkblad eerst heden en moeten wij met een half blad volstaan.
> Wij hopen dat bij de volgend uitgaven dezen hindernissen zullen zijn opgeheven.
>
> (*De Hervormer* 1899:1)

Die rubrieke wat die redaksie voorgestel het naamlik: *Uit het Woord*, *Uit de geschiedenis*, *Uit de gemeente*, *Uit de Zusterskerken* en *Uit de School* het met Van Belkum se voorstel in 1893, toe hy die oprig van 'n blad ondersoek het, ooreengekom. Die volgende uitgawe het op 15 Mei 1900 verskyn. Die Tweede Vryheidsoorlog was

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toe reeds in volle swang en ten spyte van die vernietigende invloed van die oorlog het Van Belkum die insluiting van die rubriek, '*Uit de school*' gemotiveer. Dit was bedoel om:

> Mede te werken tot het verspreiden en vestigen van goede, gezonden begrippen daarnaast, wat, in ooreenstemming met die beproefde beginselen noodig is omtrent onderwijs en voor eene gezonde, degelijke volksopvoeding in deze door Gods gunst nog vrije Republiek van Zuid-Afrika.
>
> (*De Hervormer* 1900:2)

In die daaropvolgende artikel *Een wenschelijk zaak* het Van Belkum voortgegaan om te pleit vir die instandhouding van skole ten spyte van die oorlogsomstandighede. Hieroor het hy gestel:

> Toen in October van het vorige jaar de oorlog uitbrak, werden velen scholen gesloten. De onderwijzers gingen op commando. De ouder leerlingen trokken dikwijls met vaders of broeders mee. Die achterbleven, moesten in vele gevallen helpen om de plaats of in het huis, dat nu alleen op de vrouwen of oudden van dagen rustte. Zo bleek het moeielijk, om de school aan den gang te houden.
>
> (*De Hervormer* 1900:2)

Van Belkum se oproep dat die skole instand gehou word, word veral gerig teen die oprig van privaat skole waarin Van Belkum dadelik 'n gevaar gemerk het, omdat die privaat skole volgens hom 'n Engelse inslag het. Die Tweede Vryheidsoorlog het egter ook *De Hervormer* vernietig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.7.2 'De Transvaalsche Kerkbode'

Na die oorlog het die Algemene Kerkvergadering in 1904 opnuut besluit dat 'n kerkblad opgerig moet word. Die doel van die kerkblad sou, soos *De Hervormer*: '*Krachtig medehelpen onze kerk te bouwen, de liefde voor haar te versterken en de band tusschen haar leden nouwer toehalen...*' (Pretorius 1992:12). Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hieraan uitvoering gegee en besluit:

> ...gelet op het feit dat de heer Pos geen voorstel heeft gedaan voor de oprichting van een blad, in termen van het besluit der laatste Algemeene Vergadering wat blijk uit de correspondentie met den Scriba overwegende de noodzakelijkheid van het oprichten van een kerkblad en lettende op de opdracht van de Algemeente Vergadering:
> besluit het voorstel van den Heer L L Steen aan te nemen, doch met het oog op het feit dat het Algemeene fonds niet bij machte is hem het gevraagde voorschot te geven, verklaart de Comissie van de Algemeene Vergadering namens die vergadering zich bereid als borg voor den Heer L L Steen te teekene, indien hij het geld zelf kan vinden in termijnen, zooals door hem voorgesteld en machtigt de Scriba Ds Jac Van Belkum in dat geval voor en namens de Commissie der Algemene Kerkvergadering te teekenen.
>
> (NHKA:K 1/ 2)

Die eerste uitgawe van *De Transvaalsche Kerkbode* is in die *Volksblad* bekend gemaak en onder redaksie van Prof P J Muller en met medewerking van die predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk het die redaksie gestel dat die *Transvaalsche Kerkbode* enersyds: '*...in dienst is van de Kerk, en wel van de Nederduitsch Hervormde Kerk*' en andersins hom rig tot die Transvaalse volk.
Van Belkum het in 'n omsendskrywe van Augustus 1904 ook op die noodsaaklikheid van die Kerkbode gewys en het veral twee sake beklemtoon:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...wij weten niet, wat er in onze Kerk alzoo gebeurt. De gemeenten leven te veel op zich zelven. Daarom zal er eene groote ruimte afgezonderd worden voor officieele berichten...De tweede reden is, dat er over het algemeen genomen weinig kennis is aangaande geschiedenis der Kerk, leer en gewoonten der kerk, en wat elders voorvalt.
>
> (*De Transvaalse Kerkbode* 1904:16)

Die verskyning van die Transvaalse Kerkbode, het weer eens aan Van Belkum die geleentheid gebied om sy gedagtes en waarnemings aan die kerk en die volk weer te gee. Veral van belang was Van Belkum se menings wat hy in '*De Brieven van Oom Sarel*' verwoord het. Van Belkum het buiten sy kommentaar oor kerklike aangeleenthede in Suid-Afrika- soos die ampte, barmhartigheid, vereenigingstrewe, kerklouheid en so meer– ook internasionale en ekumeniese tendense uitgewys. Maar die '*Brieven van Oom Sarel*' het veral kultuurhistoriese waarde. Hy het in sy kommentaar sy insig oor en verbondenheid met die Afrikanervolk se taal, gebruike en geskiedenis geïllustreer. Hy het 'n deeglike beeld van die Afrikaner voor die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) en die Afrikaner na die oorlog gehad. Dit was vir hom opmerklik dat die eens landelike en relatief welvarende Afrikaner, ná die oorlog tot mynwerker en daglonerstand verander het. Die sosiale verandering van die Afrikanervolk het nuwe vraagstukke en nuwe bedreigings ingelei soos die verarming van die Afrikaner en die geestelike vervlakking in die kerk. De Beer (1968) het in sy studie, Van Belkum se menings oor die kerk, maatskaplike lewe, politiek, onderwys, en taal behandel. Ten opsigte van die kerk het De Beer die volgende temas geïdentifiseer: die kerk in die algemeen, die invloed van die Engelse en metodistiese strominge, die invloed van Amerika, die Roomskatolieke kerk, die kerk se aktiwiteite, geestesbewegings en –verenigings, uiterlike organisasie van die kerk, verwêreldliking en geestelike louheid van die kerk , armsorg en bydraes, amp en posisie van die predikant, amp van die ouderling, amp van die diaken, calvinisme, sending, opleiding van predikante en die verhouding van die Hervormde Kerk tot die ander kerke. Gericke het in aansluiting by De Beer die volgende temas onderskei:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vraagstukke in en rondom die kerk (93 briewe)
Die maatskaplike en sedelike welstand van die volk (52 briewe)
Politiek en alledaagse sake (84 briewe)
Onderwys (28 briewe)
Taal ( 8 briewe)

(Gericke 1989:118)

De Beer het in sy waardering van Van Belkum se invloed gestel:

> Op die terrein van die kerk het hy, soos ons glo dit uit die bespreking geblyk het, voortdurend op verskeie vlakke en aangeleenthede van die kerk eerlik, openhartig en sonder omhaal van woorde sy standpunt gestel. Maar die belangrike is dat hy juis in hierdie standpunt wat hy gehuldig het, steeds gedra is deur sy ruime Christelike gesindheid en suiwere verstaan van die Evangelie...Maar ook op die gebied van die maatskaplike lewe en in tye van verdrukking, was dit steeds hy wat die volk aangemoedig het om op te staan en te veg. Male sonder tal het hy die siektes van 'n siek maatskappy gediagnoseer, die euwels uitgewys en die regte pad aangedui...Op die politieke vlak was Jac Van Belkum, soos dit blyk uit sy 'Brieven van Oom Sarel,' 'n groot krag vir die volk en ook vir ons kerk. Dit word heel duidelik uit ons bespreking dat hy hom een met die Afrikanervolk gevoel het en ook geglo het in die voortbestaan van die volk. Hy het ook op die vlak die handhawing van die volk se beginsels bepleit en die volk bemoedig om hulle nasionaliteit te bewaar.
>
> (De Beer 1968:87)

Alhoewel Gericke nie die temas rondom die kerk behandel het nie, het hy gestel dat Van Belkum:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...ook op hierdie gebied sy standpunt eerlik, openhartig en sonder 'n omhaal van woorde gestel.
> Op sedelik, maatskaplike en ekonomiese gebied was dit hy wat voortdurend die Boerevolk in tye van armoede en verdrukking bygestaan en bemoedig het. Male sonder tal het hy die volk in sterk woorde aangespreek met die doel om hulle weer op die regte pad te bring.
> Op politieke gebied was ds. Van Belkum 'n groot bron van inspirasie vir die volk en die kerk. In sy briewe het hy geen geheim daarvan gemaak nie dat hy hom met die Afrikanervolk vereenselwig en dat hy hom vir die voortbestaan van die Afrikanervolk beywer. Soos reeds aangetoon is, het hy geglo dat die handhawing van die Afrikanervolk se taal, identiteit en nasionaliteit in die handhawing van sy beginsels geleë is.
>
> (Gericke 1989:125)

De Beer (1968) het aangetoon dat Van Belkum in sy eerste brief, onder die skuilnaam 'Oom Sarel', die rede vir die korrespondensie gegee het:

> Tot nog toe was er voor mij geene gelegenheid om te schrijven. 'De Volksstem' is toch een politieke Courant en aan de politiek waag ik my niet... de andere couranten kan ik niet gebruiken, want ik ben te veel een 'Hervormer' en ik zou misschien wel eens wat schrijven wat de Redactie van andere couranten niet willen plaatsen en dan was mijn tijd en werk verloren. Maar nu de 'Transvaalsche Kerkbode gekomen is, wil ik zien, of hij mijne boodschap ook wil oorbrengen. Mischien is die boodskap een enkele maal niet aangenaam voor anderen, maar dat is niets. We mogen wel eens gezelsen in de courant over en weer; dat geeft wat leven en opwekken. Voor één ding hoop ik mij te wachten, dat is voor hatelijke persoonlijkhede, maar overigens hoop ik te zeggen en te schrijven over dingen, zoaals ik ze ziet en ken, en wanneer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> iemand dat niet goed vindt, dan mag hij mij maar tegenspreken of tegen mij schrijven...Ik bedoel dan mijne brieven ook niets anders dan licht te laten vallen op kerklijke, op godsdienstige en zedelijke vragen van onze tijd en daarover zal nu en dan wel eens verschil van meening wezen.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:9)

Dat Van Belkum hom van skrywes in *De Volksstem* weerhou het, omdat dit volgens hom 'n polities gemotiveerde koerant is, het hy ook aan P R Pretorius, agent vir *De Volksstem* te kenne gegee. Hierop het die redakteur, G S Preller, gereageer:

> Het speet mij oprecht daaruit te zien dat U ons blad niet volmondig bij uwe zoons hebt kunnen aanbevelen omdat het uws inziens 'als politiek blad zich teveel inlaat met kerkzaken, en zeer eenzijdig en partijdig is in die zaken'...Biezonder onaangenaam heeft mij deze verdere verklaring in uwe genoemde brief aangedaan: 'Ook weet ik dat de Redaksie (van de 'Volksstem') bijna niet te bewegen is nieuws uit de Ned. Herv. Kerk of uit de Geref. Kerk te plaatsen. '
>
> (NHKA:Sarkady L VI /7)

Preller het voortgegaan en gestel dat daar wel nuusberigte aan *De Volksstem* gestuur is, maar dat hy dit nie as nuus beskou het nie, maar as binnegevegte in die Hervormde Kerk en daarom dit nie geplaas het nie. Van Belkum was oortuig dat *De Volksstem* die 'Vereenigde Kerk' bevoordeel het en dus was die verskyning van die Kerkbode 'n instrument om sy standpunte te bevorder.

Ook die Kerkbode se bestaan het egter reeds baie gou weer in gedrang gekom. Een jaar na die verskyning van die eerste uitgawe, het die Kerkbode al 'n verlies van £ 80 getoon. Teen Maart 1906 was die uitgawes £ 90. 8. 4 teenoor 'n inkomste £ 15. 15. 0 (Pretorius 1992:14). Op 13 Julie 1906 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat die Kerkbode vanweë die gebrek aan finansies gestaak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Aan Van Belkum het die vergadering opgedra om voortaan inligting van die Kerk in *De Vrije Opmerker* deur te gee. *De Vrije Opmerker* het in 1905 vir die eerste keer verskyn en is deur prof dr P J Muller versorg. In *De Vrije Opmerker* het Van Belkum met sy *'Brieven van Oom Sarel'* voortgegaan. In die enkele uitgawes het hy steeds vir 'n teologiese opleiding gepleit en voortvloeiend hieruit het hy in die uitgawe van 15 Augustus 1906 die roeping tot die amp beskryf:

> Een predikant zonder roeping al komt hij ook door de examens en al betaald hij ook zijn studie, is als een papegaai, die napraat wat hem geleerd is. God beware ons voor papegaaien maar geve ons mannen vol des geloofs en des Geestes
>
> (*De Vrije Opmerker* 1906)

Van Belkum publiseer ook 'n kortverhaal die *'Speculant'* waarin die stryd en armoede van die Afrikanervolk uitgebeeld word.
Vir Van Belkum was die *Transvaalsche Kerkbode* se kortstondige bestaan 'n terugslag, omdat dit vir hom 'n instrument was waarmee hy die eiesoortige etos van die Hervormde Kerk en die Afrikanervolk kon beskerm. Dit was dringend noodsaaklik dat die Hervormde Kerk weer 'n spreekbuis kry en daarom het Van Belkum op eie inisiatief *De Almanak* gevestig.

### 4.7.3 'De Almanak'

Op 5 September 1905 het Van Belkum aan dr F W van Engelenberg, redakteur van *De Volksstem*, die uitleg vir die *Almanak* voorgestel. Van Belkum se aanvanklike voorstel het gelui:

> ...groot 48 paginas, waarvan 12 zijn almanak met Bijbel-teksten, 2 of 3 met Statistiek, en overigens gewoon boekwerk, met een portret van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ds van Warmelo; daar bij titel, omslag, innaaien enz met e.w. geheele afwerking tot een boekje en aankondiging in de Volkstem…
>
> (NHKA:Sarkady L VI/9/9)

Van die eerste eksemplare is op Van Belkum se versoek, aan ds L E Brandt, M van Tijen en die drukkers Höveker en Wormser te Pretoria gestuur (NHKA:Sarkady L VI/9/9). M van Tijen, 'n vriend en vertroueling van Van Belkum, het veral belang gehad by die oprigting van die *Almanak* en Van Belkum het hom selfs genader om as mede-redakteur op te tree. Hy het Van Belkum se versoek egter van die hand gewys en die drukte van sy kantoorure in die posdiens as rede aangevoer. Die eerste uitgawe van die *Almanak* het in 1907 verskyn en in die bekendstelling het Van Belkum gestel:

> Sedert jaren is mij gevraagd of onze kerk geen Almanak uitgaf en al lang heb ik er over gedacht dit te doen.
> Eerst de oorlog, daarna de drukkende tijden verhinderde mij dit plan uit te voeren.
> Nu er meer rust is, nu ik meer tijd heb, is dit boekje verschenen.
> Aan de kerk zal het liggen of dit een proef is, die tot voortgaan aanmoedigt, dan of het bij dit jaar zal blijven.
> Ik hoop dat deze Almanak nie de laatste zal zijn en door velen gevolgd worde.
> De Heer zegene deze poging, om onzer kerk sterker te maken en de gemeenten meer saam te binden.
> Dit is mijn doel.
>
> (*De Almanak* 1907:3)

Van Belkum was vir feitlik al die artikels in die eerste uitgawe, behalwe die historiese skets deur L E Brandt oor N J van Warmelo verantwoordelik. Hy het reeds in die eerste artikel, *Mengelwerk: Noch koud, noch heet*, hom teen 'n neutrale posisie in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaner se kerklike en maatskaplike lewe uitgespreek. Die aanleiding hiertoe het Van Belkum aan die verkiesingstryd toegeskryf:

> Het is in den tijd van politieke verkiezingen. Geheel het land is in twee partijen verdeeld. De een is voor progressie, de ander voor stilstand. Men strijd aan beide kante dapper, men is heet voor de ene partij en koud voor de andere. Niet allen nemen aan dien strijd deel. Een groote groep van personen staan in de midden. Ze zijn noch progressief, noch conservatief...Daar is een strijd in de kerk. Een deel der leden is koud voor het nieuwe, haat het, bestrijd het. Een ander deel is heet voor de vreemde, vind het prachtig, ijvert er voor. Men ontmoet een onverschillige...Gij ijvert voor de Engelsche of de Hollandsche taal, gij wilt, dat of de een of de andere de overhand krijgt. Welke van de twee verkiest gij?
>
> (*De Almanak* 1907:39,40)

Van Belkum het die onbeslistheid wat onder kerk en volk heers, afgewys en eis van diegene wat so optree 'n besliste keuse. Volgens hom dien die neutrale gees nie die waarheid nie en vloei die grense tussen medestander en teenstander ineen ten koste van goed beredeneerde standpunte. Sy belang by die Afrikaner se maatskaplike en kultuurhistoriese identiteit het ook in die kortverhaal, *Hoe Jaapie Predikant zou worden en het niet werd*, geblyk.

Tydens die Algemene Kerkvergadering in April 1907 het die vergadering besluit om die *Almanak* amptelik uit te gee en daarop het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 29 Mei 1907 besluit:

> De Algemeene Vergadering spreke haren dank uit aan Ds Jac Van Belkum voor de uitgave van zijn Almanak voor de Ned. Hervormde kerk en benoeme eene Commissie ten einde met hem over een te komen aangaande de permante uitgave van eene kerkelijke Almanak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> onder verantwoordelijkheid der Commissie van Redactie of van de Algemeene Commissie.
> Het Commissie rapport strekkende tot aanbeveling van dit punt, en tot benoeming van de Commissie van Redactie met Ds Jac Van Belkum als Hoofredacteur wordt aangenomen en prof Dr P J Muller en Ds P W Ennis als mederedacteuren benoem.
>
> (NHKA:K 1/ 2)

Van Belkum was enersyds dankbaar oor hierdie gebeure, maar was ook teleurgestel. Die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het wel die finansiële las verlig, maar Van Belkum het nogtans gevoel dat hy nie erkenning vir sy werk gekry het nie. Hiervan het vertroulik in Januarie 1907 aan sy vriend Van Tijen geskryf:

> Het gaat U evenals mij: de paarden die de haver verdienen krijgen ze niet altijd. Toen Goddefroy 20 jaar predikant was kreeg hij £500; toen Muller nog geen jaar hier was, maar 25 jaar leeraar was kreeg hij £125 en toen hij 25 jaar getrouwd was nog een £100, en toen ik 25 jaar predikant was en 25 jaar gehuwd dacht niemand aan mij en nu ik in Februari 30 jaar leeraar en gehuwd zal zijn, zal er wel weer niemand zijn, die er zich voorspant. Toch meen ik geen luie dienaar der kerk geweest te zijn: maar ik heb een betere HEER, die wel weet zijne dienstknechten te beloonen, al zijn ze oog ook niet altijd getrouw. Zijn genade zij U en mij genoeg!
>
> (NHKA:Sarkady L VI /7)

Van Belkum het waarskynlik tereg verontreg gevoel. Dit spreek egter boekdele dat hy daaroor geswyg het en gewoon met sy werk voortgegaan het. Nog verdere teleurstellings het op hom rondom die *Almanak* gewag. Ten spyte van die besluite deur die Algemene Kerkvergadering, was daar nie genoegsame steun vir die *Almanak*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Die gebrek aan ondersteuning het onder andere veroorsaak dat Van Belkum nie 'n historiese skets van ds Dirk van der Hoff kon publiseer nie. Hy het reeds die vorige jaar, op 8 Mei 1907, in *De Volksstem* versoek dat lidmate gegewens aangaande ds van der Hoff aan hom moet stuur. Van Belkum het in die kennisgewing gestel dat hy 'n biografie van Van der Hoff wil opstel. Die teleurstellende reaksie het ook die publikasie van die lewenskets in die *Almanak* van 1908 en 1909 verhinder en in '*Mengelwerk: Wijlen Ds D van der Hoff*', het Van Belkum gestel:

> Het was de doel der Redactie geweest om eene min of meer volledige levesbeschrijving te geven van dezen ouden voortrekker der Ned. Hervormde Kerk, maar herhaalde navraag en oproeping in couranten om brieven, boeken en andere stukken op hem betrekking hebbende, zijn onbeantwoord gebleven. Het schijnt alsof de oorlog alle geschriften van dien tijd heef doen verloren gaan... Het doet mij zeer leed, dat ik zoo teleurgesteld ben. Gaarne had ik eenig licht verspreid over gebeurtenissen nu 50 jaren geleden, die de wording der Hervormde Kerk in Transvaal vergezelden.
>
> (*De Almanak* 1909:41)

Die *Almanak* het egter anders as die *Transvaalsche Kerkbode*, finansieël oorleef en in 1910 het Van Belkum berig dat al die Almanakke van 1909 verkoop is en dat 'n groter oplaag vir 1910 gedruk is.

Van Belkum se bydraes in die Almanak voor 1910 laat duidelik blyk dat hy op hoogte was van die kerk en die volk se toestand. Die gevolge van die Tweede Vryheidsoorlog het kerk en volk aan materialisme en sedeloosheid uitgelewer en het aan die teenstanders van die Hervormde Kerk en Afrikanervolk die geleentheid gebied om nog meer verwarring te saai. Onder die Afrikaner, in die algemeen, het daar 'n gees van moedeloosheid geheers. Van Belkum het getrou vanuit die Bybel die Kerk en Afrikanervolk gedien en het met die verskyning van *De Hervormer* die taak voortgesit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.7.4 'De Hervormer'

Die *Almanak* se verskyning het bygedra tot die publisering van *De Hervormer* en in die eerste uitgawe van 15 Mei 1909 het Van Belkum ook op *De Hervormer* se rol gewys en dat dit die belange van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes dien. Die inhoud het ooreengekom met dié van *De Transvaalsche Kerkbode* en Van Belkum het die volgende rubrieke in die vooruitsig gestel:

a. Officieel Nieuws van de Kerk; besluiten van de Algemeene Conferentie, kerkvieringen, en verslag van de gelden ontvangen door den kassier der kerk.
b. Een Stichtelijk stuk.
c. Een brief van Oom Sarel
d. Stukken van belang voor onze kerk.
e. Eene verklaringen van de gelijkenissen van onzen Zaligmaker.
f. Eene verklaring van het Kort Begrip.
g. Een kroniek van belangrijk gebeurtenissen uit alle kerken en landen.
h. Een stukje voor kinderen.
i. Een feuilleton of verhaal oor oud en jong
j. Advertentien

(*De Hervormer* 1909:1)

Dat Van Belkum ook die verskyning van *De Hervormer* in geloof aangepak het, word duidelik in die slotparagrawe. Hy was deeglik bewus van die swak toestande waarin kerk en volk verkeer het, ook van die gebrek aan finansies en die vorige mislukking van *De Transvaalsche Kerkbode*, maar het ten spyte hiervan voortgegaan om *De Hervormer* te vestig. Die geloofsidealisme waarmee Van Belkum die kerklike publikasies gevestig het, moet toegeskryf word aan sy eerlike omgang met die Bybel. Hy was egter nie blind vir die realiteit waarin die kerk en volk verkeer het nie, inteendeel hy was bewus van die gevaar van die Britse kultuurimperialisme, soos dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in Milner se onderwysbeleid gestalte gevind het en die Engelse metodisme, soos wat hy dit in die verenigde- en Kaapse kerk waargeneem het. Teen die twee fronte het hy die kerklike publikasies ingespan, sodat die eiesoortigheid van die Hervormde Kerk en die Afrikaner bewaar kon word. Dit verbaas dus nie dat Van Belkum in *De Hervormer* ruimte aan die resensering van Afrikaanse publikasies afgestaan het nie. Reeds in die eerste uitgawe van *De Hervormer* het Van Belkum, J G Engela se *Afrikaansche verhale* geresenseer. Hy het ter aanvang gestel:

> De vraag tegenwoordig: hoe wekken we de leeslust op bij de Afrikaners, die Hollands lezen? Aan goedkoope en dus ook niets waardige Engelsche lectuur is geen behoefte, en om nu te voorkomen dat ons volk, wanneer het lezen wil, die Engelsche novellen gaat nemen, moeten we Hollandsche boeken hebben, die door ons volk gelezen en verstaan kunnen worden.
>
> (*De Hervormer* 1909:8)

Ander publikasie wat Van Belkum in die tyd geresenseer het was dié van Jan Lion Cachet (1907), *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het*; J D du Toit (1908) *Verse van Potgieters Trek*, Willem Postma (Dr O'Kulis) (1908), *Die Eselskakebeen*; Carolina A Mason, *De Lelie van ons vorstenhuis*; A Dreijer, *Het Christelijk Huisgezin*; Dr S O Los, *Dingaansdag* en; Ds W Postma se maandblad, *De Jonge Calvinist*. Veral ten opsigte van Totius en Dr O'Kulis se publikasies het Van Belkum se doel met die resensies duidelik geword. Hy het gestel:

> Ik beveel beide boekjes aan de leeslustige jonge Afrikaners aan. Het eerste zal hen opheffen, het tweede hen opwekken medestrijders te worden voor een beter onderwijs.
>
> (*De Hervormer* 1909:12)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4.8 Teologiese temas

### 4.8.1 Skrifbeskouing en Christusverkondiging

Van Belkum het in sy oordenkings, Bybelstudies en preeksketse die organiese inspirasieleer gehandhaaf. Daarmee saam het hy wel deeglik kennis geneem van die eiesoortigheid van die Bybel en het die eiesoortigheid van die Bybel van die sekulêre literatuur onderskei. In die oordenking, '*Hagar*', het hy ondermeer gestel:

> Het allereerste, wat ons in deze geschiedenis treft is wel dit, dat de H. Schrift ons de menschen teekent, zooals zij zijn, met al hunne goede eigenschappen zoowel als met hunne zonden. De Schrift geeft ons niet, zooals de romanschrijvers of schrijfsters van onzen tijd, deugdzame menschen zonder fouten en gebreken te zien of vergoeilikt de zonde, evenmin als zij ons de goddeloozen leert kennen, van de godvreezenden geene engelen, van de goddeloozen geene duivels.
>
> (*De Almanak* 1909:42,43)

Volgens Van Belkum het die Bybel te alle tye, onder alle volke en oor alle volksterreine, veral die skool, 'n onmisbare funksie ten opsigte van leer en lewe. Die verkondiging van die Skrif het egter nie in die eerste plek die moraliteit of sedelikheid gedien nie, maar vir Van Belkum het die woorde van Paulus in 2 Kor 5:18 die sentrale boodskap van die Bybel opgesom:

> Welke is nu die boodschap? Paulus de groote Apostel heeft haar genoemd 2 Cor 5:18: 'de bediening der verzoening'. Dit wil nu niet zeggen, dat wij altijd maar over de verzoening elken Zondag te spreken hebben, maar de verzoening in Christus moet als het ware het middelpunt zijn, vanwaar elke prediking uitgaat. Bij haar licht hebben, wij de zonde te bezien en voor te stellen aan de gemeente als kwaad voor God. Van haar uitgaande hebben wij Jezus Christus te prediken

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> als den eenigen algenoegzamen Zaligmaker. En op het standpunt der verzoening staande, hebben wij de gemeente te wijzen op hare roeping, om als verzoenden met God te leven. Wij kunnen dit niet anders dan door bijbelsch te prediken.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:131)

Van Belkum was egter deeglik daarvan bewus dat die prediking van die Woord veral deur die werking van die Heilige Gees geskied en dat deur die gepredikte woord, geloof en bekering gewek word. Vanuit hierdie basis het hy hom teen die invloed van die Engelse metodisme gerig.

### 4.8.2 Metodisme

Een van die dominerende temas in Van Belkum se bydraes is die invloed van die Engelse metodisme. In 1903 het J D du Toit (Totius) se proefskrif *'Het Methodisme'* in druk verskyn. Alhoewel daar geen formele verbintenis tussen Van Belkum en Du Toit aangewys kan word nie, moet tog aanvaar word dat Van Belkum van Du Toit se gedagtes in *De Kerkblad* kennis geneem het en veral van Du Toit se publikasie, *De Strevers vereeniging beoordeeld van Gereformeerd standpunt*, wat in die *Transvaalsche Kerkbode* (14 Desember 1905) geresenseer is. In sy *'Brieven van Oom Sarel'*, maar ook in ander rubrieke het hy hom teen die Engelse Metodisme uitgespreek. Kritiek teen sy uitlatings het van binne die Hervormde Kerk, maar ook vanuit die kringe van die Nederduits Gereformeerde Kerk gevolg en selfs tot 'n debat met ds H S Bosman in *De Vereeniging* gelei. Dat Van Belkum soveel aandag aan die tema bestee het, moet binne die nuwe politieke/staatkundige inrigting na die oorlog gesoek word. Van Belkum het die Engelse Metodisme nie net as 'n godsdienstige beweging nie, maar as 'n instrument van Britse imperialisme beskou. Reeds in die eerste uitgawe van 1 September 1904 van die *Transvaalsche Kerkbode* het Van Belkum, na aanleiding van kritiek deur die *South African Congregational Magazine* op die toesprake deur Louis Botha en A D W Wolmarans, gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Zij [Botha en ADW Wolmarans- CP] zien met mij en vele anderen in Gipsy Smith's komst niet maar eene godsdienstige beweging, die de oppervlakte van het water beweegt en spoedig ophoudt, maar eene politieke, n.l. om door hunne methodistische Evangelieprediking één der bolwerken van onze nationaliteit weg te nemen en daartegen waarschuwen wij.
>
> (*De Transvaalse Kerkbode* 1904:5)

Die verbintenis tussen godsdiens en nasionale identiteit het hy, met verwysing na die Duitse en Franse kerkgeskiedenis, ook op die Suid-Afrikaanse milieu van toepassing gemaak. Hy het ondermeer hiervan gesê:

> Het is belachelijk Afrikaner Engelsch te zien worden in alles tot in den godsdienst toe de Engelschen te willen naäpen...Reeds genoeg wordt op school aan het engelsch toegegeven: Engelsche taal, Engelsche historie, Engelsch rekenen, Engelsche aardrijkskunde. Te veel zien wij der Engelschen gees in de kerk. Biduren, koorgezangen, Sankey-liederen, lijkdiensten in de kerk, bazaars, speciale diensten. Op zich zelven mogen deze dingen iets uiterlijks zijn en tot de onverschilligheden behooren: in verband met onze nationaliteit zijn ze *verderflijk* en slepen zij ons mede om ons Afrikaansch karakter te verliezen.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1905:155)

Die verbintenis tussen nasionale identiteit en godsdiens het Van Belkum by K R Hagenbach, *Het wezen en de geschiedenis der Hervorming, voornamelijk in Duitschland en Zwitserland, in verband beschouwd met de verschijnselen van onzen tijd* (1836) afgelei:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Wie uit blote zucht tot navolging, uit ijdelheid, uit zwakheid zijne nationaliteit opoffert, die verkeert ook in groot gevaar, zijn geloof en zijn godsdient op te offeren.
>
> (Hagenbach 1836:121)

In sy waardering van die Hugenote invloed in die geskiedenis van die Transvaalse volk, *Uit de kerkgeschiedenis: De Hugenoten* (*De Transvaalsche Kerkbode* 1905:184) het Van Belkum gestel:

> Ook aan hen [Hugenote-CP] is misschien te danken, dat ons volk een calvinistisch karakter bleef behouden.
> Laat ons hopen, dat het nu niet door het Engelsche methodisme worde uitgeroeid.

Van Belkum se veroordeling van die Engelse metodisme het hy egter nie net op 'n politieke basis gegrond nie, maar hy het vanuit sy skrifbeskouing die beweging veroordeel. Volgens hom vind strominge, soos die metodisme, inslag omdat die prediking van Godswoord agterweë gelaat word:

> Zelfs de krachtige taal des Bijbel nie meer, en er wordt veel meer gelezen in vrome boeken dan in de Heilige Schrift zelve. Gevolg daarvan is, dat vele Christenen leven op hun gevoel, bij indrukken van het oogenblik: elk oogenblik zich laten medeslepen door methodistsiche opwekkinge, aan allerlei nieuwigheden mededoen, om straks weer, wanneer de eerste indrukken voorbij zijn, weer terug te vallen en de wereld gelegenheid geven, om te spotten met die vromen,...Wanneer wij dan ook moeten zien, dat de vroomheid in Afrika oppervlakkigheid wordt; dat de meer ontwikkelden zich aan de godsdienstoefeningen ontrekken en dat men door biduren, koorzangen, opwekkings-diensten weer wat leven in de gemeente moet brengen, dan wordt het tijd, dat de predikanten zich zelven herzien en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> terugkeeren tot hun ambt – om te zijn dienaren des Goddelijken Woords.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:130)

Die oortuiging dat die grondige verkondiging van die Woord as teenwig vir die metodisme moes dien het hy voortgesit in die opvolgartikel, *De dienst des Woords*:

> Evenmin kan ik mij vereenigen met de methodisthische prediking onzer dagen. Ik vind deze niet in de prediking van Christus, nóch in die van Paulus of de andere Apostelen. Zij allen hebben den raad Gods verkondigd en voorts geduldig gewacht op de werking daarvan. Nu evenwel in onze dagen van stoom, moet ook de prediking met stoom gaan, en is bij vele leeraarrs geen geduld om het Woord Gods zijne werking te laten doen. Men vergeet, dat de Heer heeft gezeg: 'Predikt het Evangelie' en niet' Bekeert de menschen'. De prediking van onze dagen in Afrika is ongereformeerd, want men vergeet dat de *Heilige Geest* en niet de leeraar door middel van Gods Woord en wel door middel van het *gehoor des gepredikten Woords* het geloof en dus ook de bekeering werkt. Daarom wordt ook de prediking van het Woord Gods opzij gezet en moet vervangen worden door allerlei speciale opwekkings-diensten, koorzangen, bidstonden, vereenigingen. 't Is of velen geen geloof hebben in die kracht Gods *Woord.*
>
> (*Transvaalsche Kerkbode* 1904:146-147)

Die rol wat Van Belkum aan die Woord van God toegeken het, hou verband met sy geloofsoortuiging dat die openbaring van God geloof wek, en dat dit slegs 'n daad vanuit, deur en tot God is. Hy het dus, sedert sy Nederlandse periode, sy teologiese inhoud ten opsigte van die openbaringsbegrip, konsekwent gehandhaaf. Maar ten spyte van sy uitsprake teen die Engelse metodisme het Van Belkum nogtans elemente daarvan waardeer. De Beer (1968:21) het gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Dit is nie alleen die Heilsleer wat by Oom Sarel goedkeuring wegdra nie, maar ook die Christelike Studentevereniging en die Oxfordgroep. So skryf Oom Sarel dat hy hom verbly dat 'er onder het jongere geslacht zoals de Christen Studenten Vereeniging ontstaan zijn ook in Suid-Afrika die zeer veel tot opwekking en geestelijke voortuigang hebben gedaan.

De Beer dui ook Van Belkum se waardering vir die prediking van John Wesley, bewegings soos die CSV en die Oxfordgroep aan en stel vervolgens:

> Hierdie lofprysinge van Oom Sarel vir dié genoemde metodistiese geïnspireerde bewegings vind ons ietwat koddig veral as 'n mens sy eie woorde in herrinering roep wat hy geskryf het toe hy in 1905 deur die 'Vereniging' hewig aangeval is oor sy siening van die metodisme.
>
> (De Beer 1968:21)

Dit moet aan die kritiek van sowel binne die Hervormde Kerk as van buite, uit die oord van Bosman toegeskyf word dat Van Belkum in 'n reeks artikels (*De Transvaalsche Kerkbode* jaargang 1 nommers 36-40) uitvoerig oor die lewe en leer van John Wesley gehandel het. Ouderlinge N J Campher (Klerksdorp) en R Preller (Pretoria) se kritiek het Van Belkum se bydraes deur 'Oom Sarel' as kerkskeurend veroordeel en in stryd met die doelstellings waarmee *De Transvaalsche Kerkbode* verskyn het, naamlik: '*...steeds gemeenschap zoeken en den vriendschapsband versterken met de andere kerken in Transvaal* (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:1). Van Belkum het in sy beskrywing van John Wesley 'n meer simpatieke standpunt ingeneem as wat hy onder die skuilnaam van Oom Sarel gehandhaaf het. Hy stel:

> Aan het einde van het overzicht van Wesley's leven gekomen, wil ik aan de lezers van dit tijdschrift mededeelen, welke mijne gedachten over hem en zijn werk zijn. Ik begin dan met deur te verklaren, dat ik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> met een zekere vooringenomendheid en vooroordeel deze studie ben begonnen. Wat ik zag van het Methodisme trok mij niet aan en trekt mij nog niet aan. Ik zie geen heil in al die uiterlijke dingen, in dat bidden, die vrome oefeningen, die wij bij velen vinden; ik zie geen heil in dat dwingen tot bekeering, dat opwekken van zenuwachtige aandoening, dikwijls veroorzaakt door eene prediking die met veel beweging des lichaams en met huilende stem, en onder het veelvuldig gebruik van woorden als zondaar, dood en hel en verdoemenis, een tijdelijke voorbijgaande zielsbeweging wekt zonder werkelijke vrucht des levens achter te laten; in eene opwekking welke geene liefde, geene zachtmoedigheid, geene ootmoed bring.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1905:320)

Van Belkum onderskei dan tussen dié kenmerke van metodisme en die lewe van John Wesley. Volgens hom het ook Wesley die uiterlike verskynsels nie as wesenlik beskou nie, maar was sy prediking gerig op berou, bekering en heiligmaking. Van Belkum waardeer veral die gemeenskap van heiliges wat deur Wesley bevorder is:

> Eindelijk, een groote les kan Wesley ons leeren. Zij is deze: Er is geen godsdienst zonder gemeenschap. Dit wordt in onze Hervormde Kerk te veel vergeten.

Van Belkum het dus vanweë die kritiek 'n minder skerp standpunt ingeneem. Hy het waarskynlik besef dat dit waarteen hy kerk en volk juis wou saamsnoer, besig was om meer verdeling te veroorsaak. Teen 'n eenheid sonder waarheid het Van Belkum egter sy standpunt deurgaans gepropageer. Dit het veral in sy standpunt ten opsigte van kerkvereniging duidelik geword.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.8.3 Kerkvereniging

Van Belkum het hom teen enige kerkverenigingpoging sterk uitgelaat. Reeds in die tweede uitgawe van die *Transvaalsche Kerkbode* (8 September 1904), reageer hy op die *Vereeniging* (11 Augustus 1904) se kommentaar op die mislukte kerkvereniging in Skotland. Hy stel teenoor die negatiewe kommentaar:

> Wie de geschiedenis studeert en kent, moet opmerken, dat al die pogingen tot vereeniging beginnen, wanneer er slapheid is op geestelijk levensterrein. Men is tevrede met een vage, oppervlakkige belijdenis van het geloof. Men schermt en speelt met groote woorden liefde, éénheid en vergeet de menigvuldige openbaringen van het geestelijk werk van Christus, die vele eigenaardigheden van het in elk mensch zich vertoonende geestelijk leven. Allen moet gelijk en gelijkvormig zijn, verscheidenheid moeten worden weggenomen, het karakteristieke van elke ding mag niet meer openbaar worden verschillen moeten worden uitgevlakt. Eéne kerk, ééne belijdenis, ééne kerkorde, ja, maar ook een vervelend, doodsch eenerlei moet in de kerk komen. Uiterlijke éénheid moet er komen in plaats van innerlijke éénheid bij uiterlijke verscheidenheid.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:14)

Van Belkum het die kerkgeskiedenis en die handhawing van die belydenis as wesenlik vir die etos van die Hervormde Kerk beskou. Dit het neerslag gevind in die artikels wat hy in die *Transvaalsche Kerkbode*, *De Vrije Opmerker*, *De Almanak* en *De Hervormer* gepubliseer het. In die *Transvaalsche Kerkbode* onder die rubriek '*Beelden uit de Kerkgeschiedenis*' (later *Uit de geschiedenis van de Kerk*) het Van Belkum agtereenvolgens artikels oor Johann Friedrich Oberlin, Martin Luther, Die Hugenote, O G Heldring, John Wesley, Aloys Henhöfer, Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Marteldood van Guido de Bres, die koms van Alva,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Willem van Oranje, Sinodale vergaderings in Nederland, die verhouding tussen Staat en Kerk in Nederland en die Heidelbergse Kategismus laat verskyn. In die *Almanak* het Van Belkum op die Suider-Afrikaanse kerkgeskiedenis en veral op die Hervormde Kerk se geskiedenis gefokus. Veral na 1910 het sy werksaamheid op die gebied toegeneem. In *De Hervormer* het hy veral van die Hervormde kerkgeskiedenis rekenskap gegee toe hy met H S Bosman onder die titel '*Klare Wijn*' in debat getree het. Die aanleiding tot die debat was die verskyning van 'n publikasie deur H S Bosman, D P Ackerman, A J Louw en Paul Nel, waarin (a) die naam van die kerk, (b) die eed van getrouheid (c) verwaarlosing van die Voortrekkers deur die Kaapse predikante en (d) gelykstellingskwessie, aldus Van Belkum, deur die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk toegelig is. Veral in die artikel het Van Belkum vanuit die Hervormde kerkgeskiedenis hom teen enige verenigingspoging uitgelaat. Hy het onder andere gestel:

> Ik schreef boven dit verweer 'Klare wijn'. Waarom? Omdat het tijd is, voor goed en duidelik te doen verstaan aan allen, die het horen willen: wij willen niet vereenigen.
>
> (*De Hervormer* 1909:7)

Van Belkum het in sy betoog oor die naam van die Kerk na die wisselende gebruik van die begrippe 'hervormd' en 'gereformeerd' tydens die 17 eeu in Nederland, maar ook die wisselterme wat deur die Voortrekkers gebruik is, verwys. In die betoog het hy duidelik laat blyk dat hy op hoogte was met die verskeie primêre bronne en sekondêre bronne. Van die primêre bronne waarna hy verwys is die toesprake deur Piet Retief en Erasmus Smit, die notules van die Koloniale kerk in 1843, 1848, 1849,1850 en 1851, die Kerkorde van 1842 en die Grondwet van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* in 1857. Bosman het in die *Vereeniging* op Van Belkum se stuk gereageer. Van Belkum het egter op 15 November 1909, *Nog eens 'Klare Wijn'* op Bosman se kommentaar gereageer. Teen Bosman se beskuldiging dat hy die politieke kloof vergroot en verwydering tussen die Afrikaanse kerke veroorsaak het Van Belkum gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Eindelijk verzeker ik u, dat ik, volstrekt geen lust gevoel om mij met politiek in te laten. God beware mij daarvoor. Dat terrein is mij te glibberig en vallen doet maar zeer. Als Christen zal ik ewenwel protesteren tegen alles, wat, op welk gebied ook, ingaat tegen het Evangelie, zoo als ik het ken. Dus ook tegen leugen op politiek en kerkelijk gebied.
>
> (*De Hervormer* 1909:11)

Sy artikels in *De Hervormer* gedurende 1909, *Nachtmaal op Kerstmis of niet op Kerstmis* (Februarie) en die in 1910, *Kerk en School* (Maart) en *De Psalmen in de Oude Kerk* (Mei) het hy ook vanuit 'n historiese perspektief gemotiveer. In *Nachtmaal op Kerstmis of niet op Kerstmis* het Van Belkum eers die besluite van die sinodale vergaderings van die Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1563 tot 1618 nagegaan. Hier het hy veral gebruik gemaak van C Hooijer (1865), *Oude kerkordeninge der Nederlandsche Hervormde Gemeenten (1563-1638), en het concept-reglement en de organisatie van het hervormd kerkgenootschap in het koninkrijk Holland.* Van Belkum het vanuit die geskiedenis beklemtoon dat die kerkvadere geen reël neergelê het nie, maar die reëling van nagmaal op die kerklike feesdae aan die kerkrade oorgelaat het. Ook ten opsigte van die handhawing van die kerkorde het Van Belkum met Hoedemaker se gedagtes ooreengekom. In die artikel, *De Psalmen in de Oude Kerk*, (*De Hervormer* 1910:8) het Van Belkum hom teen 'n verdagmakery teen die (enkel) Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika gerig, veral omdat laasgenoemde verkies om die Dordtse Kerkorde te handhaaf:

> Zij houdt zich nu eenmaal aan die kerk-orde, aan die traditie en dit is meer te prijzen, dan dat men maar zoo elke nieuwigheid invoert en volgt zonder te denken aan de gevolgen van al de nieuwtjes.
>
> (*De Hervormer* 1910:8)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy kommentaar op die funksie van die kerkorde, veral met verwysing na die sing van gesange, het Van Belkum gestel:

> De kerk-orde is toch maar een tijdelijke vorm van kerk regeering, die ook met den loop der tijden, als nieuwe toestanden voorkomen, gewijzigd kan, ja moet worden. Het Calvinisme zit toch niet alleen en uitsluitend in de kerken-ordening.
>
> (*De Hervormer* 1910:9)

Van Belkum het dus in sy beskouing van die kerkorde die onderskeid tussen die *jus constituendum* en die *jus constitum* gehandhaaf (vgl Coertzen 1991:158).
Die bronne wat Van Belkum vir die artikels gebruik het, was onder andere die werke van B ter Haar, *De historiographie der kerkgeschiedenis, geschets* (1870-1873); N Beets, *Geschiedenis der Christelijke kerk in tafereelen* (1852/1859); K Hase, *Geschiedenis der kerk, een leerboek inzonderheid ten gebruike bij akademische lessen*(1861); K R Hagenbach, *Het wezen en de geschiedenis der Hervorming, voornamelijk in Duitschland en Zwitserland, in verband beschouwd met de verschijnselen van onzen tijd* (1836) en H Schmid, *Handboek der kerkgeschiedenis* (1881/3). Maar Van Belkum het, soos reeds teenoor Spoelstra gestel, veral aan die ondersoek van die bronne self waarde geheg (vgl Hoofstuk 3.2.2). Ter wille van die volledigheid word sy gedagtes weer aangehaal:

> Niet alle schrijvers kunne historieboeken schrijven. Wie dit wil doen moet de gave bezitten om alles, wat op de geschiedenis of een deel er van betrekking heeft, op te kunnen sporen, te kunnen beoordeelen en te kunnen ziften: niet minder moet hij onpartijdig Zijn in het hooren en onderzoeken van hetgeen voor- en tegenstander zegt, en eindelijk moet hij symphatiek staan tegenover vriend en vijand, en zich nergens door haat of hartstocht laten verleiden.
>
> (*De Almanak* 1918:95)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met sy artikels van kerkhistoriese inslag het Van Belkum enersyds 'n didaktiese doelwit beoog naamlik die vestiging van 'n historiese bewussyn by die deursneë lidmaat en andersyds het dit 'n polemiese funksie gehad, soos sy reaksie teen onder andere die kerkverenigingstrewe. Die didaktiese funksie van geskiedenis het hy nie net in nasionale of kerklike verband gestel nie, maar ook in 'n ruimer sin op die geskiedenis van die mensdom betrek: *'Men wete: de geschiedenis der volken is de beste leermeesteresse en hare lessen veronachtsamen is erger dan dwaasheid'* (*De Transvaalsche Kerkbode* 1905:155).
Dit word veral duidelik in sy *'Brieven van Oom Sarel'*. De Beer het in Van Belkum se eie woorde aangetoon dat sy teenkanting teen kerkvereniging nie net vanweë middelmatige sake was nie:

> Het is het grote verschil tussen de oude Hollandsche geest en de Schotse geest sedert 1827 ingevoerd welke in die scheiding uitdrukking vindt...Het zijn niet de raddraaiers de eigenbelang zoekende, Hollanders die de vereniging beletten, het is het verschil in geestelike opvattingen dat hier werkt.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:43)

Van Belkum het telkemale enige pogings tot kerkvereniging afgewys. Hy het egter nie die moontlikheid om saam te werk op gemeenskaplike gebiede, soos bv die taal en onderwys, afgewys nie. Maar die uniekheid van die Hervormde Kerk het hy gekoester en verdedig en dit was duidelik dat die uniekheid van die Hervormde Kerk vir hom nou aan die Afrikanervolk verbind was.

### 4.8.4 Kerk, volk en staat

Die geskiedenis van die Afrikanervolk, sy aangenome volk, was vir Van Belkum eweneens 'n kosbare pand, daarom het hy op 1 Maart 1906, in 'n kort skets van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slag van Majuba (27 Februarie 1880) en die slag van Paardeberg (27 Februarie 1900) onder andere gestel:

> Onder den drukt hebben wij besloten: wij willen de geschiedenis herdenken. Laat ons trachten een volk te blijven. Zuid-Afrika – vergeet uwe geschiedenis niet.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1906:2)

Van Belkum het in sy publikasies meermale verwys na die posisie van die kerk in die volkslewe. In een van sy '*Brieven van Oom Sarel*' spreek hy sy kommer uit oor die geestelike en sedelike agteruitgang van die Afrikanervolk en vra:

> Waar moet het heen op den duur met ons volk? Vraag ik dikwijls, als ik aan de onkerkelijkheid denk. Een volk geheel aan den dienst des Woords ontwend, gaat langzamerhand achteruit. Het heeft geen smaak meer voor hoogere dingen en vraagt alleen naar 'brood en spelen'.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1904:39)

In sy beskouing oor die verweefdheid van Kerk en volk rondom die Woord van God, het Van Belkum hom met die gedagtes van Hoedemaker vereenselwig. Sy Suid-Afrikaanse periode, veral die maatskaplike en politieke bedreigings, het die konfessionele aksente in Van Belkum se teologiese raamwerk versterk. Die kerk moes dien om die lewensterreine van die volk soos taal, onderwys en moraliteit vanuit die belydende Christusverkondiging te hervorm. Hy het dus nie die skeiding van kerk en staat voorgestaan nie, maar eerder die skeiding bestry. In die artikel, *Kerk en School* (*De Hervormer* 1910:8) het Van Belkum onder meer op die kerk se funksie ten opsigte van die staat en volk uitgebrei:

> 't Is tegenwoordig overal in de wereld een tijd, waarin men met minachting op de kerk neerziet. Zij wordt al meer en meer in een hoek

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gejaagd, en zo al geduld, niet toegelaten eenigen invloed meer uit te oefenen in de maatschappij en de school...De leidslieden in de kerk worden gerekend, de onruststoker in de maatschappij te zijn en niet lang geleden werd in een van de couranten duidelijk gezegd, dat de questie van kerk in de politieke samenleving van geene beteekenis was, of mocht zijn.
>
> (*De Hervormer* 1910:8)

Die kerk het veral ten opsigte van die onderwys die belydenis laat geld en bygedra tot die vorming van die maatskaplike lewe. Wanneer die kerk se invloed op staatkundige en nasionale gebied beperk word, dan lei dit tot vervlakking van die volk. Daarom moes die Afrikaanse kerke nie die verskille in middelmatige sake, soos onder andere die Gesangekwessie, beklemtoon nie:

> Laat ons wel liever op andere dingen acht geven op de ontkerstening van ons volk in school en huis en staat: op de toenemende zonde in *alle* volks klassen; op den afval van het Evangelie en het daardoor opkomen van allerlei secten en valsche leeringen.
>
> (*De Hervormer* 1910:9)

Vir Van Belkum was dit belangrik dat die kerk en volk gedien moet word. Teenoor die tydsgees wat die individu se reg en bestaan hoër ag as die gemeenskap, het Van Belkum beklemtoon dat die individu tot diens van kerk, volk en staat moet wees, soos Christus die sondaarmens tot diens was. Van Belkum het dus die priesterskap van Christus ook deurgetrek na die maatskaplike terrein, maar omdat die kruis van Christus voorop was het hy die verbinding tussen Christus se heerskappy en die maatskaplike sfeer gehandhaaf. Ook hierin het Van Belkum konsekwent sy teologiese inhoud, gehandhaaf: Leer en lewe kry vanuit die verkondiging van Christus en gehoorsaamheid aan Christus, gestalte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.9 Oostelike ring

Die behoefte aan nouer skakeling tussen kerkrade in 'n bepaalde geografiese gebied het met verloop van tyd aan die orde gekom. In '*Brieven van Oom Sarel'* het Van Belkum in die *Transvaalsche Kerkbode* van 13 Julie 1905 daarvan geskryf:

> Nu verwonder ik er mij over, dat wij in onze kerk zoo geheel op ons zelven staan. Onze algemeene vergadering kwam vroeger om de vijf jaren bijeen nu om de twee jaren, maar tot nog toe is van de vergaderiing weinig kracht uitgegaan. Ik weet niet, en mijn leeraar weet het ook niet, of misschien wel, hij wil het niet zeggen. Daardoor schijnt het nu, alsof in onze kerk alles dood is. Wij krijgen geene verslagen, wij hebben geen Voorzitter of Scriba om te bedanken. Nu is sedert de kerkbode gekomen is, wel wat verbetering want wij lezen daarin verslagen van de Nachtmalen en wij hebben opgaven van predikbeurten, maar en hierin komt weer duidelijk aan het licht, dat we allen brandende stompen zijn, ver van elkaar, niet alle leeraren doen verslag en niet alle kerkeraden laten van zich hooren. Zoo is er geen samenwerking, geen kracht, en het schijnt alsof alles dood is, wat toch niet zoo is, want voor wie goed ziet, gloeit en gloort op vele plaatsen het stompje vuur nog wel.
>
> (*De Transvaalsche Kerkbode* 1905:371)

Van Belkum het by monde van 'Oom Sarel' voorgestel dat die kerkrade in kleiner vergaderings as die Algemene Kerkvergadering byeenkom:

> B.v. er kon eene gehouden worden te Pretoria, voor Pretoria, Middelburg, Zoutpansberg en Waterberg. Te Heidelberg voor Heidelberg, Standerton, Volksrust en Johannesburg en Krugersdorp. Te Potchefstroom voor Potchefstroom, Klerksdorp, Ventersdorp, Makwassie. Te Rustenburg voor Rustenburg, Zeerust en Lichtenburg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die *Reglement op de Ringen* is tydens die Algemene Kerkvergadering van 1909 goedgekeur en volgens artikel 1 is gemeentes in die ringe saamgevoeg: '*...tot onderlinge hulp en tot beter toezicht op de werkzaamheden*' (NHKA 1909). Tydens die vergadering van die kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 18 Januarie 1910 het die Kommissie besluit dat die eerste Ringsvergadering van die Oostelike ring op 11 Mei 1910 te Heidelberg sou vergader, terwyl die Noordelike ring en die Westelike ring onderskeidelik te Pretoria en Potchefstroom op 18 Mei en 25 Mei vergader het. Tot die Oostelike ring het die gemeentes Heidelberg, Krugersdorp, Standerton, Volksrust, Ermelo, Vrede en Johannesburg behoort en tydens die vergadering het die afgevaardigdes Van Belkum tot voorsitter en J J Prinsloo tot skriba verkies. Van Belkum het die vergadering met die lees van Psalm 119:105-120 geopen en Prinsloo het sy rede soos volg genotuleer:

> De Voorzitter drukt zijn blijdschap er over uit dat deze ringsvergadering gehouden wordt. In 1903 werd het eerste voorstel gedaan op de Algemene vergadering om de kerk in Ringen te verdelen, maar het is altijd afgestemd en uitgesteld. Vanaf 1907 is men het belang er van meer gaan inzien, want de Algem. Vergadering werd zo dikwijls opgehouden door zaken, die niet het belang der hele kerk raakten. - Vroeger zou de verdeling moeiliker geweest zijn wegens het gebrek aan predikanten. Nu is het beter geworden en zijn er drie Ringen gevormd. De Voorzitter zegt blijde te zijn dat onse Ring zo samengesteld is, uit vier leeraren waaronder de twee hier opgevoed en gestudeerd. Wij zijn hier dus in eendracht en daar word dus samenspraakt verwacht. Het begin is altijd moeilijk, maar een volgende keer zal het beter gaan. Laat onse Ringsvergadering zijn tot bevordering van onze Ned. Herv. Kerk. We worden op vele gevallen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> op de achtergrond gedrongen, op kerkelijk en ook op schoolgebied, maar we moeten waster worden, waster worden ook in het geloof in Christus onse Heer.
>
> (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:Ringsvergaderingnotule Oostelike Ring = NHKA:R2)

In sy slotwoord het Van Belkum weer eens die onderlinge band tussen die gemeentes beklemtoon en die afgevaardigdes ondermeer gewys op die een instrument wat dié band versterk, naamlik die kerklike koerant. Met die bevordering en die vestiging van die kerklike publikasies, ten spyte van swak maatskaplike toestande, innerlike stryd en dreigende verengelsing, het Van Belkum gepoog om die Hervormde Kerk saam te snoer. Vanuit die kerk het hy hom gerig tot die Afrikaner en die maatskaplike sedes, sodat die leer en lewe van die Afrikanervolk ook gekersten kon word. Die invloed wat hy deur die publikasies gehad het, het mettertyd in die kerk vrug gedra en tot die vorming van die eerste ringe in die Hervormde Kerk bygedra en met die oorgang na die Unie-bestel in 1910 sou die kerklike publikasies weer eens dien as mondstuk van die Hervormde Kerk onder die Afrikaner.
Van Belkum het in die jare met sy koms tot in 1910 op verskeie terreine van die kerk intensief gewerk. Een van die terreine, die opleiding van predikante, het begin vrug dra. Die arbeid wat Van Belkum soms alleen en onder groot druk op hom geneem het, het op ander se skouers begin neerkom. Die tyd wat voorgelê het tot met sy emeritaat het eweneens uitdagings aan die kerk en die volk gestel, maar Van Belkum het getrou vanuit sy oortuigings bly waak teen die bedreigings wat die kerk en volk van die verkondiging van Christus sou vervreem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## LITERATUURVERWYINGS BY HOOFSTUK 4

Botha, S J 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy: Sy lewe en betekenis.* Pretoria: Kital.

Breytenbach, J H 1978. *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902.* Deel I. Pretoria: Staatsdrukker.

- 1983. *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902. Deel V.* Pretoria: Staatsdrukker.

- 1996. *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902. Deel VI.* Pretoria: Staatsdrukker.

Coetzee, M A 2000. *Tant Miem Fischer se Kampdagboek, Mei 1901-Augustus 1902.* Pretoria: Protea.

Coertzen, P 1991. *Gepas en Ordelik: 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk.* Pretoria: RGN.

D'Assonville, V E 1977. *Totius - Profeet van die Mooirivier'n Lewenskets van prof J D du Toit.* Kaapstad: Tafelberg.

De Beer, S J 1968. 'n Bespreking van die inhoud van ds. Jac Van Belkum se 'Brieven van Oom Sarel'. Ongepubliseerde BD-skripsie. Universiteit van Pretoria.

*De Hervormer* September 1899. Redaksionele kommentaar, bl 1.

Du Toit, J D 1903. *Het Methodisme.* Amsterdam: Höveker & Wormser.

Gericke, J D 1989. Ds Jacobus Van Belkum (Oom Sarel) in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* volume 3(2), bl 116-127.

Grundlingh, A 1999. *Die "Hendsoppers" en die "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad.* Pretoria: Protea.

Mans, C J 1967. Die lewe en werk van die dogmatikus, P J Muller. Ongepubliseerde D D-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Martin, A C 1957. *The Concentration Camps, 1900-1902: facts, Figures and Tables.* Kaapstad: Howard Timmins.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1903. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1903. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Algemene Kerkvergadering 1904. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1904. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, K 1 / 2:1/1/2. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- Notule van die Kerkraadsvergadering, Gemeente Heidelberg: G 7/2 vol 1/1/2. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- Notule van die Kerkraadsvergadering, Gemeente Trichardtsfontein (Standerton): G 12/1/1/1. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- Algemene Kerkvergadering 1909. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1909. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria

Pont, A D 1965. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg 1865-1965.* Krugersdorp: NHW pers.

- 1965. *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Heidelberg 1865-1965.* Pretoria: NHW pers.

Ploeger, J 1994. *Nederlanders in Transvaal 1850-1950.* Pretoria: Van Schaik.

Pretorius, C 1992. Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1899-1902): Kerkorganisasie deur ds. Jac Van Belkum. Ongepubliseerde BD-Skripsie: Universiteit van Pretoria.

Pakenham, T 1997. *The Boer War.* London: Abacus.

Preller, G S 1943. *Ons Parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Russel, A B 1988. A-B War Concentraton Camps in Natal, Aug 1900-Jan 1903. Ongepubliseerde inligtingstuk, Durban Museum.

Sarkady, N 1997. Ongepubliseerde Inventaris: Jac van Belkum versameling L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Smit, A P & Maré L 1985. *Die beleg van Mafeking: Dagboek van Abraham Stafleu.* Pretoria: RGN.

Spies, S B 1978. *Methods of Barbarism: Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics January 1900-May 1902.* Kaapstad: Human& Rousseau.

Symington, F C 1948. Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode 1900-1907. Ongepubliseerde D. Ed-proefskrif: Universiteit Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Transvaalse Argief bewaarplek. SS 6788/OR 1614/97. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

- T 262. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

- CJC/781/1059. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

- GOV/138/GEN 538/03. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

- LTG/165/TEL 575. Nasionale Staatsargief, Pretoria.

Uys, I 1981. *Heidelbergers of the Boer War.* Heidelberg: Ian S Uys.

Van Belkum, J 1900. Uit de school, *De Hervormer* 15 Mei 1900, bl 2.

- 1904. 'Waar het om gaat', *De Transvaalsche Kerkbode* 1 September 1904, bl 4 en 5.

- 1904. Circulaire, *De Transvaalsche Kerkbode* 1 September 1904, bl 16.

- 1904. De kerkelijke moeilijkheden in Schotland, *De Transvaalsche Kerkbode* 8 September 1904, bl 14.

- 1904. Brieven van Oom Sarel, *De Transvaalsche Kerkbode* 29 September 1904, bl 36.

- 1904. De dienst des Woords, *De Transvaalsche Kerkbode* 15 Desember 1904, bl 130.

- 1904. De dienst des Woords, *De Transvaalsche Kerkbode* 29 Desember 1904, bl 146 en 147.

- 1905. Uit de geschiedenis der Kerk: Is dit niet ook op Zuid-Afrika van toepassing?, *De Transvaalsche Kerkbode* 5 Januarie 1905, bl 154 en 155.

- 1905. Uit de kerkgeschiedenis: De Hugenoten, *De Transvaalsche Kerkbode* 2 Februarie 1905, bl 184.

- 1905. Beelden uit de kerkgeschiedenis, *De Transvaalsche Kerkbode*, 1 Junie 1905, bl 320.

- 1905. Brieven van Oom Sarel, *De Transvaalsche Kerkbode* 13 Julie 1905, bl 371.

- 1906. 27 Februari 1899 en 1900, *De Transvaalsche Kerkbode* 1 Maart 1906, bl 2.

- 1906. Brieven van Oom Sarel, *De Vrije Opmerker* 15 Augustus 1906, jrg 2 nr 71.

- 1907. *Uit ons volksleven: Schetsen uit Zuid-Afrika.* Hilversum: Höveker en Wormser.

- 1907. Voorwoord, *De Almanak* 1907, bl 3.

- 1907. Mengelwerk: Noch koud, noch heet, *De Almanak* 1907, bl 39 en 40.

- 1909. Mengelwerk: Wijlen Ds D van der Hoff, *De Almanak* 1909, bl 41.

- 1909. Hagar, *De Almanak* 1909, bl 42 en 43.

- 1909. Redaksioneel, *De Hervormer* 15 Mei 1909, bl 1.

- 1909. Boekbeoordeling, *De Hervormer* 15 Mei 1909, bl 8.

- 1909. Klare Wijn, *De Hervormer* 15 September 1909, bl 7.

- 1909. Boekbeoordeling, *De Hervormer* 15 September 1909, bl 12.

- 1909. Nog eens Klare wijn, *De Hervormer* 15 November 1909, bl 11.

- 1910. Kerk en School. *De Hervormer* 15 Maart 1910, bl 8.

- 1910. De Psalmen in de Oude Kerk. *De Hervormer* 15 Mei 1910, bl 8 en 9.

- 1918. Bijdrage tot de Geschiedenis der Hervormde Kerk in Z. A. *De Almanak* 1918, bl 95.

Wessels, A 1998. *Die Militêre rol van Swart mense, Bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Wulfsohn, L 1992. *Rustenburg at war: The story of Rustenburg and its Citizens in the First and Second Anglo-Boer Wars.* Kaapstad: CTP.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 5 HOOFSTUK 5: VERDERE GANG (1910-1933)

Die eise wat aan die Nederduitsch Hervormde Kerk en Afrikanervolk gedurende die eerste dekade van die twintigste eeu gestel is, het ook Van Belkum se dienswerk beïnvloed. Dié dekade was krisisjare en Van Belkum as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, was geroepe om onder moeilke omstandighede te help koers aandui, raad te gee en die Kerk te verdedig. Die daaropvolgende twee dekades was vir die Kerk en sy lidmate net sulke moeilike en spanningsvolle jare wat dieselfde hoë eise aan Van Belkum gestel het, wat steeds, behalwe as gemeentepredikant, as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedien het. Die heropbou van die Kerk en volk, na die Oorlog (1899-1902), was nog nie afgehandel nie en is verder vertraag deur onrusskeppende gebeure op sowel die kerklike as die volksterrein. Binne die Kerk het die sake rondom ds C J L Ruysch van Dugteren en dr H D van Broekhuizen onrus gewek en op die volksakker het die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die gepaardgaande Rebellie van 1914 tot 'n skeuring in Afrikaner-geledere aanleiding gegee. Boonop was die tydperk gekenmerk deur die Groot-griep epidemie van 1918, waartydens van Belkum se dogter, Tine, oorlede is en die 1922 stakings, wat tot verdere onrus aanleiding gegee het (vgl Pont 1965:59). Van Belkum se dienswerk is egter ook deur volgehoue bouwerk gekenmerk. Die vestiging van 'n eie teologiese opleiding, die eerste sendingpogings, die oprigting van die Weeshuis te Krugersdorp en Van Belkum se voortgaande invloed deur die kerklike publikasies het sy rol as bouer in die kerk bo alle twyfel bevestig. Sy dienswerk in die jare 1910-1933 kan dus in kort opgesom word as raadgewer, verdediger en bouer van Kerk en volk en meermale het jonger kollegas na hom as die 'gewete van die kerk' of '*Nestor* van die kerk' verwys.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.1 Verdediger van die Nederduitsch Hervormde Kerk

### 5.1.1 Ds C J L Ruysch van Dugteren en leervryheid

Carl Jacobus Lodewijk Ruysch van Dugteren het op 29 November 1880 te Lage-Zwaluwe, Noord-Brabant, die eerste lewenslig aanskou. Reeds as kind het hy die ideaal gekoester om predikant te wees en hy het op 31 Julie 1909 uit Holland na Suid-Afrika vertrek om die ideaal te verwesenlik (vgl Straus 1986:5 ev). Volgens Botha (1981:200) het Ruysch van Dugteren vanaf 8 April 1909, naas prof dr P J Muller as predikant gedien en van 1909 sy opvolger geword. In Julie 1911 het hy 'n brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geskryf, waarin hy gevra het of hy die ondertekening van die formulier, wat elke predikant voor sy indienstreding in die Nederduitsch Hervormde Kerk moes teken, letterlik moes verstaan. Voordat die Kommissie van die Algemene Kervergadering kon reageer het hy op 16 Julie, tydens die oggend-erediens van sy besware teen die belydenisskrifte kennis gegee. Dit het hy ook die daaropvolgende Sondag, 23 Julie 1911, gedoen. Van Dugteren het sy besware nie net in die gemeente bekend gemaak nie, maar 'n *Open Brief* aan die lidmate van die Kerk gerig. In die brief het hy betoog dat die belydenisskrifte bindend vir sy gewete is en daarvan wil hy vry wees. Na dié optrede het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering weer op 7 September vergader. Die Kommissie het tydens die vergadering besluit dat indien Van Dugteren hom nie aan die belydenisskrifte bind nie, hy nie meer predikant in die Kerk kan wees nie. Teen die uitspraak het Van Dugteren hom op die Algemene Kerkvergadering beroep. Die vergadering het op 16 Januarie 1912 byeengekom om die saak te behandel, maar Ruysch van Dugteren het versuim om die vergadering by te woon. Die Algemene Kerkvergadering het die besluit en optrede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur en die beginsel gehandhaaf dat die Kerk nie leervryheid duld nie (Engelbrecht 1953:371 ev). Die saak van ds C J L Ruysch van Dugteren (1880-1918) is veral deur Botha (1981:200 ev), Strauss (1986) en Botes (1989:328 ev) nagevors. Botha het veral Goddefroy se rol tydens die saak aangedui, terwyl Botes na die rol van L E Brandt verwys het. Strauss se navorsing het heeltemal korrek gekonsentreer op die prosedurehandeling van die kerkraad van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria, die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Kerkvergadering van 1912. Van Belkum se rol moet egter in die verband nog aangedui word. Dit kan nie ontken word dat Van Dugteren voor die ondertekening van die formulier sy besware aan Van Belkum bekend gemaak het nie. Volgens Strauss (1986:9) het Van Dugteren die ondertekeningsformule eers enkele maande na sy bevestiging onderteken en in sy *Open Brief* in Julie 1911 het hy aangedui dat die Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering – ds C W du Toit – en die skriba, Jac van Belkum van sy besware bewus was, maar hom nogtans toegelaat het om die formule te onderteken omdat, na hulle mening, hy met die grondbeginsel van die werklike geestelike inhoud ooreengestem het (Strauss 1986:10). Tydens die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op 7 September 1911, het dit ook duidelik geword dat Van Belkum tog toegelaat het dat Ruysch van Dugteren eers na sy bevestiging die formule onderteken het. Strauss stel (1986:29):

> Uit artikel 116 blyk dat ds Ruysch van Dugteren die formule by die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes onderteken, alvorens hy bevestig sou word. Ds Jac Van Belkum het nou aan die vergadering verduidelik waarom dit nie voor die bevestiging gedoen is nie. Hy het verklaar dat ds. Ruysch van Dugteren haastig in Pretoria bevestig is. Die skriba het geweet dat ds. Ruysch bekend was met die inhoud van die formule en dat hy dit moes onderteken, maar dat ds Ruysch nie gesê het, dat hy besware het nie. By sy ondertekening van die formule het hy wel gepraat van besware, maar hy het tog die formule vrywillig onderteken.

Die ondertekeningsformule waarna Van Belkum verwys het, was die formule wat sedert 1866 in die Nederduitsch Hervormde Kerk gegeld het en wat deur di Van der Hoff en Begemann opgestel is en in Februarie 1866 deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is (Botha 1981:217, vgl ook Botha 2001:885-904). Die ondertekeningsformule het so gelui:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Wij ondergeteekenden, predikanten van de Nederduitsch Hervormde Kerk, verklaren in goeden gemoeden, de leer welke overeenkomstig Gods Heilige Woord vervat is in de formulieren van Eenigheid der Nederduitsch Hervormde Kerk, naamlijk de Nederlandsche Geloofsbelijdenis, den Heidelbergschen Catechismus en de Dordtsche Leerregelen, hartelijk te omhelzen en getrouw te zullen leeren, beloovende ons in alles overeenkomstig onze kerkelijke reglemente stiptelijk te zullen gedragen, ons onderwerpende aan het oordeel der bevoegde kerkelijke besturen alhier, indien daartegen door ons mogt gehandeld worden. De onderteekenaar van dit reglement verklaart door zijne handteekening, dat hij de leer, die in bovengenoemde formuliere vervat is, gelooft overeenkomstig Gods heilig woord te zijn.
>
> (Botha 1981:200)

Ruysch van Dugteren het sy beswaar teen die ondertekeningsformule by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se vergadering van 26 Julie 1911 ingedien. In die brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hy onder andere gestel dat die formule opsigself duidelik genoeg was, maar beweer dat, na sy mening, die historiese toestande die interpretasie van die formule moontlik gemaak het. Dit is nie duidelik wat Ruysch van Dugteren met historiese toestande bedoel het nie. In sy brief van 23 September 1911 (*De Hervormer* 1911:3-6) het hy weer verwys na die '*historics geworden toestanden en art. 57 onzer Kerkwet, dat alleen spreekt van **grove** afwijkingen*'. Van Dugteren het hierop na die sing van die Evangeliese gesange verwys en verklaar:

> ...die niet alleen volgens mijn mening afwijken van de leer onzer belijdenisschriften, maar ook door de Gereformeerde Kerk, bovenal om die reden, niet gebruikt worden.

Die verwysing na die sing van die gesange moet dus as een van die sogenaamde historiese toestande opgeneem word. Hy het egter geen verdere verwysings in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verband aangehaal nie. Blykbaar wou Ruysch van Dugteren impliseer dat die sing van gesange, wat nie in lyn was met die leer van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, nou aan hom die opening gebied het om die kerkleer na eie goeddunke te verwerp en sy ondertekening daarom nie as letterlik te beskou nie.
Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 7 September 1911 die Ruysch van Dugteren saak behandel. Nadat Van Belkum die ter sake dokumente voorgelees het, het hy verduidelik waarom Ruysch van Dugteren die formule eers 'n geruime tyd na sy bevestiging onderteken het:

> Die verklaring komt hierop neer dat Ds Ruysch wat haastig in Pretoria is bevestigd: dat de Scriba wist dat Zeerw bekend was met den inhoud der formule en wist dat hij die moest teekenen en dat Zeerw niet had bekend gesteld, dat hij bezwaren had. Bij het teekenen heeft Zeerw wel gesproken van bezwaren, maar toch vrijwillig geteekend.
>
> (NHKA:K 1 / 2)

Ruysch van Dugteren het in sy brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en sy brief in *De Hervormer* (1911:3-6) ook na die tydsverloop tussen die bevestiging en die ondertekening verwys en in sy antwoord het hy Van Belkum se optrede as instemming vertolk. Hy het selfs gestel dat Van Belkum heeltemal op hoogte van sy beswaar was:

> De moderator kende mijn standpunt bij de bevestiging: de Scriba wist het bij de onderteekening.
>
> (NHKA:K 1 / 2; vgl *De Hervormer* 1911:3-6)

Van Belkum het egter, na Ruysch van Dugteren se optrede op 16 en 23 Julie aan hom die opdrag gegee om nie verder oor die saak vanaf die kansel te praat nie. Toe hy op Trichardtsfontein op 30 Julie 1911 gaan preek het, het Van Belkum uitdruklik die voorwaarde gestel, maar tog toegelaat dat Van Dugteren preek. Ten spyte van Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Belkum se versuim om deeglik van Ruysch van Dugteren se besware kennis te neem, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nogtans die ondertekening van die formule as bindend beskou. Daarom is gestel:

> Dat hoewel tengevolge van een onvoorzien verzuim van den Scriba der Algemeene Kerkvergadering de formule niet door U is geteeken voor de bevestiging, gij nocthans wist voor die bevestiging, dat die formule moest geteekend worden, en dit verzuim U geen recht geeft de hoogste kerkbesturen beschuldigen [wettig] gewicht te hechten aan die onderteekening welke niet een bloote formaliteit maar wel degelijk een plechtige verklaring door een predikant afgelegd is, en een bindend contract waaraan een predikant zich niet mag onttrekken.
>
> (NHKA:K 1 /2 )

Die Kommissie het wel deeglik van Van Belkum se optrede kennis geneem, en dit kan nie ontken word dat dié optrede van Van Belkum tydens die ondertekening van die formule en Ruysch van Dugteren se prediking te Trichardtsfontein, tot Ruysch van Dugteren se handelinge bygedra het nie. Die vraag is of Van Belkum deur sy optrede met Ruysch van Dugteren se bevestiging en prediking te Trichardtsfontein, laat blyk het dat hy ook besware teen die belydenisskrifte gehad het of dalk vanweë die kerklike behoefte aan predikante besluit het dat die saak middelmatig is en dus verdra kan word.

Aan Van Belkum het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die opdrag gegee om sy besluite in die *Hervormer* te publiseer:

> ...dat Ds. Ruysch van Dugteren door het terugnemen van zijne handtekening zich buiten de kerk heeft gesloten, en daardoor heeft opgehouden dienstdoende predikant der Nederduits Hervormde Kerk te zijn;
>
> te handhaven dat deel van het besluit van de Kerkeraad van Pretoria d.d. 4 Augustus, dat Ds. Ruysch het verrichten van zijn diensten belet;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> en dat met betrekking tot punt 2, de Kommissie beslist, dat het salaris tot op 7 September zal worden uitbetaald.
> De Kommissie vindt het prijzenswaard, dat de Kerkeraad Ds. Ruysch het bewonen der pastorie heeft toegestaan en vertrouwt, dat hangende hoger beroep, wanneer daarvan gebruikt moch worden gemaakt, hem dit zal blijven vergund, en dat de Kerkeraad hem naar de aard der Christelike liefde zal behandelen.
>
> (NHKA:K 1/ 2; *De Hervormer* 1911:3-4)

Ruysch van Dugteren het reeds in sy brief van 23 September 1911 van sy beroep op die Algemene Kerkvergadering melding gemaak. Die Algemene Kerkvergadering het op 30 April en 1 Mei 1912 byeengekom en tydens die vergadering het Van Belkum onder andere die brief wat Ruysch van Dugteren voor die Algemene Kerkvergadering geskryf het, voorgelees:

> Wel Eerwaarde Heer, In antwoord op u schrijven van den 23 dezer deel ik u mede dat ik mijne opinie handhaven dat de handelswijse van den Algemene Kommissie geheel onwettig is geweest, niet van plan ben voorlopig enige stap in deze saak te doen. 't Is de plicht van den Algemene Kommissie deze zaak voor de Algemene Kerkvergadering te brengen. 't Is mij onmogelijk mij neer te leggen bij de handelswijze van den Algemene Kommissie, omdat mijns insiens deze onwettig is. Ik ben op onwettige wijze uit de kerk gezet en daardoor in de onmogelijkheid zelf mijn ontslag te nemen, wat ik doen zou als er de kans toe bestond. Mij neerleggen bij't besluit van den Algemene Kommissie doe ik dus niet, maar tevens zie ek af van zelf mijn zaak, die ***even goed uwe zaak*** is, voor de Algemene Vergadering te brengen.
>
> (Strauss 1986:40)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die beklemtoning *'even goed uwe zaak'* het Ruysch van Dugteren dus gesuggureer dat Van Belkum ook soortgelyke besware of bedenkinge teen die belydenisskrifte gehad het. Uit die verdere verloop van die saak het dit geblyk dat Van Belkum nie daaraan skuldig was nie.
Dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ten opsigte van die kerkordelike prosedure korrek opgetree het, het Botha (1981:208) aangetoon:

> As 'n predikant of lidmaat dan nie met die spesifieke formuliere kan instem as in ooreenstemming met Gods Woord nie, dan moes hy eerlikheidshalwe daardie kerkgenootskap verlaat.

Ruysch van Dugteren het vanweë sy beswaar teen die uitverkiesingsleer soos dit in die Dortdse leerreëls geleer word, sy handtekening van die ondertekeningsformule onttrek. Sy optrede en bekendmaking van sy besware in die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria op 16, 18 en 23 Julie 1911 en sy korrespondensie met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Algemene Kerkvergadering bevestig sy verbreking met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
Ruysch van Dugteren se uitsprake, soos dié in sy *Open Brief*, het egter die predikante van die kerk onder verdenking geplaas. In sy *Open Brief* het Ruysch van Dugteren beweer dat daar ook ander predikante was, wat sy gevoelens gedeel het. Die bewerings het ook tydens die Gewone Algemene Kerkvergadering op 3 Desember 1912 onrus veroorsaak. Die kerkaad van Pretoria het 'n beskrywingspunt wat hierna verwys het, ingedien:

> Daar de Kerkeraad van Pretoria, overtuigd is, dat de Nederduits Hervormde Kerk vast houdt aan hare belijdenis, zoals omschreven in Art 1, der Wet, versoekt de Kerkeraad de Algemene Kerkvergadering met de oog op de bewering van Ds Ruysch van Dugteren in zijn bewuste open brief, dat hij wist, dat er nog andere predikante in onze Kerk zijn, die ook bezwaren hebben tegen de belijdenis en toch het Formulier in Art.116 der Wet hebben getekend, alle d. d. predikanten in onze Kerk te verzoeken zich uit te spreken , in hoeverre de blaam

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> door Ds. Ruysch van Dugteren op hen betreft persoonlijk treft, dan of zij zich nog stipt houden aan het door het ondertekende formulier.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1912= NHKA 1912:29)

Daar is nie net van die predikante 'n bevestiging gevra nie, maar die kommissie belas met die verslag oor die belydenis het ook voorgestel dat alle ouderlinge voor hulle bevestiging gevra word of hulle met die belydenisskrifte saamstem. Van Belkum het dadelik tydens die bespreking gereageer:

> De Scriba merkt op, dat dit voorstel van Pretoria zeer pijnlik is voor de predikanten, al begrijpt hij, dat het is door de brief van Ds Ruysch. Maar als iemand iets beweer, moeten daarom mannen die men kent en jaren lang gearbeid hebben, worden gewantrouwd? Voor zich zelven is een verklaring niet nodig; hij staat nog bij zijn handtekening en blijft bij de belijdenis der kerk...Hij hoopt, dat het wantrouwen tegen de leeraars zal worden weggenomen en vertrouwen komen.
>
> (NHKA 1912:17)

In die daaropvolgende bespreking het feitlik alle predikante verklaar dat hulle die belydenis steeds onderskryf, maar ook gewaarsku teen 'n ongegronde verdagmakery (NHKA 1912:17). Van Belkum het dit duidelik gestel dat hy die gebondenheid van predikante as wesenlik beskou het.. In die artikel, *'Art. 116 der wetten van de Nederd. Herv kerk van Zuid-Afrika'*, het Van Belkum, alhoewel hy groot waardering vir Ruysch van Dugteren gekoester het, nogtans sy optrede veroordeel. Dat die Skrif die normerende norm vir die belydenisskrifte is, het Van Belkum ook gehandhaaf en op die basis het hy nie Ruysch van Dugteren se brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, veroordeel nie:

> Dat de predikant bezwaren had, dat die bezwaren voor hem onoverkomelijk waren, mag niemand hem kwalik nemen; dat hij met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> die bezwaren tot de kommissie kwam en van haar uitleg vraagde, was zijn recht. Voordat evenwel de kommissie kon vergaderen, verkondigde hij van de predikstoel af, dat hij de formulieren niet kon ondertekenen en een week daarna, alweer voor de vergadering der Kommissie zette hij van de predikstoel zijn standpunt uiteen.
>
> (*De Hervormer* 1911:6)

Van Belkum het dus Ruysch van Dugteren se propagering van sy besware vanaf die kansel veroordeel. Oor Ruysch van Dugteren se beswaar teen die leer van die uitverkiesing, het Van Belkum duidelik gestel dat die ontkenning daarvan beslis as growwe afwyking, soos in artikel 158, beskou kan word:

> De leeraar van Pretoria is een Christelik man, die Jezus Christus predikt als de Zaligmaker. Zeker, dat betwisten wij niet: we weten dat en erkennen dat met blijdschap. Hij is geen Christus-lochenaar. Maar te beweren: de leer der uitverkiezing is geen hoofdpunt, geen essentieel van de belijdenis der kerken der Hervorming, is toch wat al te dom en bewijst niets anders dan gebrek aan kennis der historie.
>
> (*De Hervormer* 1911:7)

Van Belkum het met sy kommentaar die belydenis in die kerk gehandhaaf en die handhawing moes die kerk beskerm. Indien die belydenis gelaat word het die kerk mettertyd:

> ...verwaterd, afgegleden van haar grondbeginselen en dat straks allerlei leringen waren gekomen, die niet meer bestreden konden worden.
>
> (*De Hervormer* 1911:8)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waarskynlik het Van Belkum toegelaat dat Ruysch van Dugteren die formule teken, omdat die tekort aan predikante, die Nederduitsch Hervormde Kerk in 'n baie swak posisie teen die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk asook die toenemende verengelsingsbeleid vanuit politieke kringe, geplaas het. Teen die agtergrond moet Van Belkum se optrede verklaar word en deur Ruysch van Dugteren se beswaar te verdra, het Van Belkum 'n growwe oordeelsfout begaan.

### 5.1.2 Dr H D van Broekhuizen en die Gemeente Pretoria

Herman Dirk van Broekhuizen is te Rüssen, in Nederland gebore en het saam met sy ouers na Suid-Afrika ge-ëmigreer (vgl Pont 1981:56; Botes 1989:349; Pretoria Kerkraad:3). Nadat hy in 1897 tot die evangeliebediening in die Nederdutis Gereformeerde Kerk in Kaap-kolonie toegelaat is, het hy vir verdere studie na Nederland, Duitsland en Engeland vertrek. Nadat hy na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy deur die land gereis en tydens sy besoek aan Pretoria is hy uitgenooi om te preek. Daarna word hy as hulpprediker van die verenigde Gemeente te Pretoria beroep (Pont 1981:56). Hieroor het Van Broekhuizen tydens sy 25-jarige ampsjubileum gestel:

> Spr. had eigelik 'n Vrystaatse gemeente willen dienen, omdat zyn vader daar ook z(ijn) 25-jarige ambstyd gevierd had. Maar de roeping lag hier, te Pretoria. Dit was de leiding van God, en 't is 'n grote gerustelling voor de prediker: God roept hem; hy kiest niet zelf. God stoot hem uit in Zyn wyngaard en op Zyn plaats. "In die gy het gewillig doet, zo heb t gy loon". God dreef spreker naar Pretoria. In Oktober 1898 kwam spr. reeds hier, maar de bevestiging vond eerst plaats in Febr. 1899,...
>
> (Van Broekhuizen, in Pont 1981:70)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Broekhuizen se beroep na die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria het teen die agtergrond van die 1914-Rebellie geskied. Nadat die Rebellie misluk het, het Van Broekhuizen saam met dr H C M Fourie, predikant van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit, gevangenisstraf uitgedien. In dié tyd het die verenigde gemeente van Pretoria nie Van Broekhuizen se gesin versorg nie en hulle moes selfs die pastorie verlaat (Pont 1981:58). Volgens Pont het dié optrede van die verenigde gemeente daartoe gelei dat Van Broekhuizen, met die hulp van H C M Fourie en ouderling A D W Wolmarans na die Hervormde Gemeente Pretoria op 2 April 1917 beroep is. Oor die beroep het die skriba van die gemeente, C R Frowein, met die skriba van die Algemene Kerkvergadering gekorrespondeer en op Van Belkum se aanbeveling het die gemeenteskriba die beroepsbrief teruggehou. Volgens die kerkraad het Van Belkum geen reg gehad om in die besluite van die kerkraadsvergadering in te gryp nie. Die kerkraad het gestel:

> Door dat te doen heeft Ds. V Belkum, die in de allereerste plaats geroepen is een voorbeeld te zijn voor wetsbetrachting, zich boven de wet gesteld.
>
> (Pretoria Kerkraad:4)

Toe die kerkraad op 28 April 1917 vergader het, het die skrywe van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 18 April 1917 onder meer gedien waarin die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit oor die beroep bekend gemaak is. Op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se vergadering van 18 April 1917 het die kommissie besluit:

> De Algemeene Commissie is van meening dat de kerkeraad van Pretoria gehandel heeft in strijd met Artikel 57 en volgens inlichting aan de Commissie verstrekt, ook in strijd met Art. 116
> en besluit dat zij op grond daarvan de gevraagde goedkeuring niet kan geven; en is bovendien van oordeel, dat de toestand van de kerk, voor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> het tegenwoordige niet vereist om uitzondering op Art. 57 a en b toe te laten.
>
> (NHKA:K1/2)

Die kerkraad van Pretoria het hulle betoog teen die besluit veral op die toepaslikheid en interpretasie van artikel 57 en artikel 116 gebaseer en dit uitvoerig in die publikasie *Het Geschil van de Kommissie der Algemene Kerkvergadering van de Neder. Herv. Kerk van Zuid-Afrika met de Kerkeraad van Pretoria in zake de beroeping van Ds Herman D. van Broekhuizen*, verdedig. In die betoog het die kerkraad na Artikel 57 van die 1914 Kerkwet verwys en hulle in die besonder op die byvoegsel beroep: '*De Alg. kommissie is bevoegd hierop uitzonderingen toe te laten, mits te voren Haar goedkeuring wordt gevraagd*' (Kerkraad Pretoria:7). Die kerkraad het verder onderskei tussen diegene wat tot die predikante-amp toegelaat word en diegene wat reeds predikant was en was van mening dat artikel 57 slegs op die toelating tot die amp betrekking gehad het en dus nie kon geld vir diegene wat reeds tot die evangelie bediening toegelaat was nie. Die verwysing na artikel 116 was gewoon 'n prosedure handeling wat nie uitgevoer kon word nie, omdat artikel 57 die spilpunt was. Die kerkraad van Pretoria het in hulle verdere betoog die gemeente se reg om te beroep aan die orde gestel en in die verband het hulle die werk van N C Kist, *De Christelijke Kerk* op aarde, aangehaal:

> Indien wij dan moeten vasstellen, dat het bestaan van het Herder – en Leeraarambt, voor zoover wij dit bepalen mogen, voor de Christelijke kerk te allen tijde behoefte is, dan wordt het reeds meer dan waarschijnlijk, dat zij ook, in zich zelve, steeds de bevoegdheid en de middelen bezitten moet, om in deze hare behoefte te kunnen voorzien. De handelwijze en de berichten der Apostelen zijn alleszins ingericht, om in dit vermoeden ons te bevestigen. **Bij de verkiezing van Oudsten en Voorgangers voor de Gemeenten, zijn zij duidelijk,**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**van het beginsel uitgegaan, dat het regt tot deze keuze in den boezem der Gemeente zelve berust.**

(Pretoria Kerkraad:8)

Die kerkraad het vanuit die aanhaling betoog dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geen reg gehad het om voorskriftelik aan die gemeente in verband met die beroep te wees nie. Die kerkraad het veral Van Belkum vir sy optrede kwalik geneem. Nie net het hulle Van Belkum se advies nie, maar ook die publikasie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit in *De Hervormer* en sy korrespondensie met die kerkraad bevraagteken.
Op aanbeveling van ds L E Brandt het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die kerkraad op 25 Mei 1917 in 'n buitengewone kerkraadsvergadering byeengekom. Tydens die vergadering het die optrede van L E Brandt onmin gewek. Brandt het onder meer versoek dat die aanwesiges wat nie deel van die kerkraad was nie, die vergadering moet verlaat. Dit het onder meer beteken dat L L Steen en H C M Fourie die vergadering moes verlaat. Na 'n uitgerekte debat het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgestel dat die beroep van ds van Broekhuizen goedgekeur sal word, mits hy sy attestaat indien en aan artikel 24c van die Kerkwet van 1917 voldoen. Indien die vereistes nagekom sou word, kon die beroep en bevestiging goedgekeur word. Die kerkraad van Gemeente Pretoria het op hierdie gronde ingestem en dit het voorgekom of die saak opgelos is. Maar die saak was nie beredder nie. In *Het Geschil* het die kerkraad die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarvan beskuldig dat daar nie aan die besluite van 25 Mei 1917 uitvoering gegee is nie. Veral Van Belkum se optrede is veroordeel. Volgens die kerkraad was Van Belkum nalatig met die korrespondensie tussen die kerkraad en die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hy het opsetlik die proses vertraag omdat, volgens die kerkraad, Van Belkum die kerkraad geminag het en nie die besluite gehandhaaf het nie (Kerkraad Pretoria:21). Wolmarans het aan Van Belkum op 6 Junie 1917 geskryf:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Gereed staande morgen weer naar Kaapstad te vertrekken, ben ik verplicht u eerwaarde te vragen wanneer er een beslissende antwoord zal worden gegeven aan de kerkeraad van Pretoria, op hun schrijven aan Uwe. Com na afloop van de Konferentie. De redenen van deze vraag is omdat ik bij mijn tijdelike terugkomst alhier, vond dat de gemoederen zowel van de Gemeente al de Kerkeraad erg gespannen waren, en ik vrees dat als er niet spoedig een einde aan deze hangende kwestie gebracht wordt, de gevolgen zowel voor de kerk als voor de Gemeente Pretoria noodlottig zal kunnen zijn.
>
> (Pretoria Kerkraad:22)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op die dokument van die kerkraad met die publikasies, Uiteenzetting van het Standpunt van de Commissie der Algemeene Kerkvergadering naar aanleiding van de Brochure van den Kerkeraad van Pretoria over de jongste beroeping aldaar, gereageer. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hierin gestel dat die interpretasie van artikel 57 en ander toepaslike kerkordelike reëls van toepassing is en het, anders as die kerkraad van Pretoria, na artikel 57 in die Kerkwet van 1917 verwys:

> Als predikant in eenige gemeente der Nederduitsch Hervormde Kerk, zullen worden toegelaten alleen zij:
> (a) Die door de kerk zelf tot predikanten zijn opgeleid;
> (b) Die met medeweten en goedvinden der Commissie der Algemene Kerkvergadering elders zijn opgeleid, aan eene wettig erkende Hoogeschool of Kweekschool en door haar zijn bevoegd verlkaar.
>
> De Commissie der Algemeene Kerkvergadering is bevoegd hierop uitzondering toe te laten, indien vooraf hare goedkeuring is gevraag.
>
> (Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Uiteenzetting = Kommissie Uiteenzetting:4)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hul dus op die Kerkwet van 1917 beroep, terwyl die Kerkraad van Pretoria hulle op die Kerkwet van 1914 se ter sake artikels beroep het. Die Kerkwet van 1917 het die diens van kandidate en predikante gereël, terwyl die Kerkwet van 1914 gerig was tot die kandidate in die evangeliebediening. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die verskil raakgesien en het gestel:

> De Kerkeraad van Pretoria beweert, dat dit alleen ziet op proponenten en niet te doen heeft met predikanten, doch de geschiedenis van dit artikel toont ons duidelijk, dat de Kerkeraad van Pretoria verkeerd is met die opvatting.
>
> (Kommissie Uiteenzetting:5)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het nie net vanuit die rubriek-indeling nie, maar ook vanuit die geskiedenis, die artikel korrek geïnterpreteer. Volgens die kommissie het artikel 57 ook gedien om die beroep van predikante uit ander kerkgenootskappe te reguleer:

> Reeds lang bestond de vrees, dat een deel van de Nederduitsch Hervormde Kerk zou verloren gaan, indien men voortging slechts predikanten uit andere kerken te beroepen en niet voor eigen opleiding zorgde.
>
> (Kommissie Uiteenzetting:6)

Dit veral was Van Belkum se standpunt; hy het die beroep van predikante uit veral die verenigde kerk gesien as instrument tot vereniging en het dit ook so tydens die gesamentlike vergadering van 24 Mei 1917 gestel: '*...Afrika voor de Afrikaners, de Hervormde kerk voor Hervormden*' (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1917= NHKA 1917:15). Die beskuldigings teen Van Belkum was ongegrond. Van Belkum het nougeset die opdragte van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering uitgevoer en was op hoogte van die kerkwetlike vereistes. Ten

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opsigte van die vereiste verklaring deur Van Broekhuizen, soos artikel 24 c vereis het, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangedui dat die verklaring aan die skriba van die gemeente gerig was en nie aan die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie. Die kerkraad het dus nie in ooreenstemming met die vergadering van 25 Mei 1917 gehandel nie.

Na die vergadering tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die kerkraad van Pretoria op 25 Mei 1917, het die kerkraad van Pretoria gemeen dat die beroep kan voortgaan. Dit was egter nie die geval by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se vergadering van 28 Junie 1917 nie (Pont 1981:62).

Di L E Brandt, Jac van Belkum en J J Prinsloo was nie tevrede nie en ten spyte van A D W Wolmarans se invloed, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering Brandt en Van Belkum se voorstel aanvaar:

> Overwogen hebbende dat er groot verschil van gevoelen bestaat over de toepassing van Art 2, 24,en 57 der wetten, en verder dat er groot gevaar dreigt voor de kerk als een geheel en de gemeente in het byzonder, besluit, aangezien zy de verantwoordelikheid, in deze moeilike zaak niet op zich wil nemen, eene Algemeene Kerkvergadering op te roepen tegen 30 October 1917 om zich duidelik uit te spreke over de beteekenis en de toepassing van art 24 en 57 der Wet en hiervan aan den Kerkeraad van Pretoria kennis te geven.
>
> (Pont 1981:62)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die onrus in die kerk in 'n ernstige lig beskou en besluit om 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering byeen te roep. Op 29 Junie 1917 het Van Belkum aan die kerkraad geskryf:

> De Scriba van de Algemeene Kerkvergadering heeft de eer ter Uwer kennisse te brengen het onderstaand besluit van die Commissie genomen in hare zitting van den 28en Junie 1917.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> De Commissie der Algemene Kerkvergadering gelezen hebbende al de correspondentie en brieven over de beroeping van Ds van Broekhuizen:
>
> Overwogen hebbende, dat er groot verschil van gevoelen bestaat over de toepassing van Artt. 2, 24, 57 der wetten; in geheel en de gemeente Pretoria in het bijzonder:
>
> Besluit, aangezien zij de verantwoordelikheid in deze moeilike zaak niet op zich wil neme, een algemeene Kerkvergadering op te roepen tegen den 30 Oktober 1917, om zich duidelik over deze zaak uit te spreken, en hiervan aan den Kerkeraad van Pretoria kennis te geven overeenkomstig brief van April 1917.
>
> Het is met het oog op dit besluit, dat de ondergetekende overeenkomstig Art. 11. de Wetten Ueerw. kennis geeft, dat eene buitengewone Algemeene Kerkvergadering zal gehouden worden op Dinsdag de 30 Oktober 1917 in de Kerk te Pretoria aanvangende v.m. 10 uur.
>
> (Pretoria Kerkraad:23)

Die kerkraad was met die toedrag van sake nie tevrede nie en het ten spyte van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se besluit, besluit dat Van Broekhuizen op 5 Augustus 1917 bevestig word. Pont het daarop gewys dat die optrede van die kerkraad van Pretoria buite hulle reg was:

> Hoewel in die dispuut oor die toepassing van art 57 die Kerkraad nog 'n saak kon uitmaak, het die besluit om van Broekhuizen te bevestig 'n reeks van kerklike reëls en gebruike oortree. In die eerste plek was Van Broekhuizen nie gelegitimeer nie en het hy ook nie die proponentsformule onderteken nie. Daarsonder was dit net nie moontlik om hom wettiglik te bevestig nie.
>
> In die tweede plek was daar sowel uit die gemeente as van die kant van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gewigtige besware

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> teen die bevestiging van Van Broekhuizen. So lank daardie besware bestaan het, was daar nie 'n moontlikheid om hom te bevestig nie. In die derde plek het die Kerkraad baie duidelik sy bevoegdhede oortree deur te doen wat nie binne sy bevoegdheidsmoontlikhede gelê het nie.
>
> (Pont 1981:63)

Die bevestiging van Van Broekhuizen was daarom nie geldig nie. Dit het óók duidelik geword uit die advies wat drie regsgeleersdes, J Hoytema, W J van Zyl en Tielman Roos, aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Kerkraad gegee het:

> ...maar het moet duidelik verstaan worden, dat waar in stryd gehandeld werd Art. 57 zodanig leraar niet kan beschouwd worden als bevestigd. De bevestiging is van geen waarde. De Algemeene Kerkvergadering alleen kan de bevestiging bekrachtigen.
>
> (Pont 1981:64)

In die slotwoorde van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se kommentaar het dit duidelik geword, dat die Hervormde Gemeente van Pretoria se beroep en bevestiging as troubreuk teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk beskou is. Pretoria het ná ds Fourie herhaalde male predikante uit die verenigde kerk beroep, by geleentheid sonder toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en volgens die Kommissie:

> Geeft dit den indruk, dat Pretoria zich niet stoort aan de geschiedenis der kerk, aan de besluiten der Algemeene vergadering en der Algemeene Commissie, aan het beginsel van eigen opleiding?
> Wat voor aanmoediging is dit voor jonge studenten, als zij zien, dat de

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voornaamste gemeente in de hoofdstad van Transvaal voortgaat uit de Verenigde kerk te beroepen?
>
> (Kommissie Uiteenzetting:13)

Teen die agtergrond van die vlugskrifte sowel deur die kerkraad van Pretoria as die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die Algemene Kerkvergadering op 20 November 1917 in vergadering byeengekom. Voor die vergadering het dit duidelik geword hoe ernstig Van Belkum die saak beskou het. Die botsing tussen die kerkraad van Pretoria en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het nie net onrus in die Nederduitsch Hervormde Kerk veroorsaak nie, maar ook vrese van kerkskeuring aangewakker. Van Belkum het in sy korrespondensie met J J Prinsloo die moontlikheid van kerkskeuring geopper en laasgenoemde se mening in die verband gevra. Prinsloo was van mening dat die kerkraad van Pretoria 'n onwettige besluit geneem het en indien hulle daarmee volhard was dit die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se verantwoordelikheid om die besluit buite orde te verklaar en die gemeente te help om hulle eiendomme te behou. Prinsloo het verder aan Van Belkum, in 'n brief van 25 Julie 1917, gestel:

> Wat zeker ook onvermijdelijk is, is een hofzaak die begint met een applikatie by t' hof om in bezit gesteld te worden van hun eigendommen...Ik meen om onze rechtspositie niet te verzwakken moet de Alg. Komm dadelijk bijeen komen en voor 5 Augustus protesteren tegen de bevestiging. Wij mogen niet de schijn van stilswijgende goedkeuring op ons nemen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/6/3)

Dit kom dus voor of die voormanne in die gemeente Pretoria die interpretasie van artikel 57 nie as wesenlik beskou het nie, maar dat hulle eerder die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se invloed wou beperk, dit het veral uit die beskuldigings van heersug en eiesinnige optrede geblyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Algemene Kerkvergadering moes die onderskeie partye se standpunte beoordeel. Nadat die Algemene Kerkvergadering onder leiding van ds S Vermooten, as voorsitter en dr H C M Fourie, as skriba, gekonstitueer is, het die Vergadering die optrede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en kerkraad van Pretoria bespreek. Die oproepe tot eensgesindheid deur die voorsitter het gou vergete geraak en uit die bespreking het dit duidelik geword, dat die beroep van predikante uit ander kerkgenootskappe, soos die verenigde kerk, onmin veroorsaak. Reeds voor die vergadering was dit die trant waarin Prinsloo en Van Belkum se korrespondensie geskied het. Prinsloo het onder andere op 10 Augustus 1917 aan Van Belkum geskryf:

> In de koeranten zag ik lange verslagen van de bevestiging te Pretoria, dus men zet door. De komm. en getrouwe leden worden nu verplicht om stappen te nemen. Dit drijven van Pta zal veel onaangenaamheid bezorgen aan kerk- en familieleden. Doch niettegenstaande dit alles hoop ik zal daar veel zegen voor de kerk met hare beginselen uit geboren worden. Ik meen dat men zedert de z.g. vereniging nooit zulk een schone gelegenheid gehad heeft om zich duidelik uit te spreken, niet met het begin van een eigen opleiding, niet met de besluiten 1916 ten opzichte van de Universiteit en ook niet met de benoeming van een eigen professor. Nu kan men doen wat men gedaan heeft gedurende 1885-1887 nl. openlik zich verklaren tegen de Schots Kaaps-stellenbosse gees die ook in de verenigde kerk is. Men moet zich verklaren niet alleen <u>voor</u> zelf opgeleide predikanten en geschikte predikanten maar verder gaan en zich verklaren <u>tegen</u> het langer heulen met hen die met woord en daad tonen niet bij ons te behoren.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/6/3)

Tydens die Algemene Kerkvergadering het dit uit Van Belkum se betoog duidelik geword dat hy die gedagtes van Prinsloo gedeel het. Hy het onder meer gestel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ds. van Belkum is bang dat van onze jonge mannen zal gelden het geschreven in 1 Sam 2:36, als Art. 57 geschrapt wordt. Grote blaam rust veral op de Konsulent, hij had de kerkeraad moeten waarschuwen. Ook bij de bevestiging had de Konsulent fout gemaakt. Zou hij't zelfde gedaan hebben in de kerk waarin hij vroeger was? Dan zou hij gauw onder censuur gekomen zijn.
>
> (NHKA 1917:19)

Van Belkum het reeds voor 1910 ds A Murray jr van Rustenburg en ds C W du Toit se pogings om predikante vanuit die verenigde kerk te beroep, veroordeel. Hy het Murray se optrede vertolk as 'n voortgesette poging om die Hervormde Kerk van binne te kaap. Van Belkum het sy mening toegelig met die optrede van predikante soos Bosman en selfs Goddefroy:

> Wie was de eerste predikant in Transvaal, toen alles nog zwaar ging? Ds v. d. Hoff. En nu wordt hij als een dronkaard voorgesteld. Maar op zijn sterfbed heeft hij geprofeteerd dat na zijn dood zijn werk zou vernietigd worden, 'omdat er vereniging zou komen. Later is Ds. Bosman gekome en heeft het voorstel gemaakt om te verenigen.
> In 1886 is Ds. Goddefroy gekome en deze heeft in 1904 er over gesproken om te verenigen. Spreker is niet als bondeldrager hier gekomen. Hij had een prachtige positie in Holland en stond op de nominatie om professor te worden als kerkelik hoogleraar. Ds. Ennis, Van Drimmelen, F. du Toit en v.d. Hever zijn onder andere bepalingen in de kerk gekome. In die tijd stond een bericht in "De Vereniging" waarin predikanten der Ver. Kerk aangespoord werden "om een beroep in de Herv. Kerk aan te nemen, ten einde een vereniging te kunnen bewerken".
>
> (NHKA 1917:19)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds L E Brandt en ouderling A D W Wolmarans het tydens die Vergadering Goddefroy teen Van Belkum verdedig. Dit is ironies dat eertydse opponente teen Goddefroy, nou teenoor mekaar standpunt ingeneem het en dat Van Belkum beskuldigings van heerssug, eersug en hoogmoed moes aanhoor. Wolmarans het ondermeer gestel:

> Van Ds. van Belkum was het niet recht een man als Ds. Goddefroy hier op zo 'n manier aan te vallen. Hij heeft het niet van Ds. van Belkum verdiend. Op bespottelijke wijze is hij hier voorgesteld. Maar wat Ds. Goddefroy voorgesteld heeft in 1904 heeft hij dan in elk geval gedaan als predikant uit Holland. Ook is het niet billik om het weggaan van Ds. Goddefroy en Spoelstra op de nek van de kerkeraad van Pretoria te schuiven. Spreker was toen geen lid van de vergadering, die met hen te doen had, maar wel Ds. van Belkum zelf heeft meegeholpen in de kombinatie om de daad te plegen. Onredelijk is't dit nu Pretoria alleen te willen aanwijzen.
> Ook is ds van Belkum niet redelik wat betreft het geval met Ds. Ruysch van Dugteren. Hij is medeverantwoordelik dat die predikant hier weg is. Hij heeeft dit gesteund en doet nu of de kerkeraad van Pretoria alleen de oorzaak is.
>
> (NHKA 1917:24)

Die botsing tussen Wolmarans en Van Belkum blyk verder uit die vraag wat Wolmarans aan Van Belkum gerig het:

> Spreker vraagt Ds. Van Belkum of hij gezegd heeft dat het een motie van wantrouwen zou zijn in de Algemeene Commissie als de Algemene Kerkvergadering de beroeping bekrachtigde.

Van Belkum het verklaar dat dit inderdaad sy mening was en Wolmarans het daarop teen Van Belkum gestel dat dit nie 'n mosie van wantroue sal wees nie. Van Belkum

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het op Wolmarans se beskuldigings gereageer en sy ontevredenheid met Wolmarans se beskuldigings van heerssug, eersug en hoogmoed uitgespreek. Gelukkig het die besluit wat aan die einde van die vergadering geneem is, tot rus in die Kerk gelei. Op voorstel van ouderlinge F W C Buitendag en K M de Kock het die vergadering besluit:

> Deze vergadering alle omstandigheden in overweging genomen hebbende, besluit dat niettegenstaande de kerkeraad van Pretoria niet voldaan had aan de vereisten wet in verband met beroepen van predikanten, toch onder omstandigheden het bevestigen van Ds. van Broekhuysen te bekrachtigen en goed te keuren.
>
> (NHKA 1917:36)

Van Belkum se standpunte het dus in die eerste plek die kerkregtelike interpretasie van artikel 57 gehandhaaf en hy het gepoog om deur middel van die artikel die insypeling van verenigde elemente uit die Hervormde Kerk te weer. Pont het aangedui:

> Uit die kerklike praktyk van daardie dae is dit moeilik om vas te stel wat presies die gebruik was. Hoewel dit nie so direk geformuleer was nie, was die kerklike praktyk rondom art 57, *wanneer dit toegepas is,* dat 'n kerkraad éérs onder art 57 toestemming moes verkry om iemand uit 'n ander kerk te beroep. Nadat die toestemming verleen is, kon dan beroep word.
>
> (Pont 1981:60)

Die inkonsekwente toepassing van Artikel 57 het dus tot die verwarring bygedra; die streng handhawing van die artikel deur Van Belkum kan nóg van die oprigting van die teologiese opleiding, nóg van Prinsloo en Van Belkum se standpunt teen die verenigde kerk en 'Stellenbosse-gees' losgemaak word. Ofskoon die nood aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikante, beroepe uit ander kerke vroeër genoodsaak het, het die vestiging van 'n eie opleiding van predikante in 1917 die potensiaal gehad om dit te verander. Vir Van Belkum was die gevolglike besluit van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering teleurstellend en hy was glad nie met die besluit tevrede nie. Hy het in *De Hervormer* oor die besluit kommentaar gelewer:

> Wij betreuren dit besluit en wel op deze gronden:
>
> a. Er is een ding gedaan, dat door andere gemeenten kan worden nagevolgd, en daardoor de deur geopend voor bandeloosheid in de kerk. Immers de Kerkeraad van Pretoria had niet alleen Ds. van Broekhuizen beroepen, maar ook hem laten bevestigen zonder dat Z. Eerw bevoegd was en dit heeft de Algemeene Vergadering goedgekeurd. Elke kerkeraad kan nu maar uit een andere kerk een predikant beroepen, hem bevestigen, al wil de Commissie geen goedkeuring geven en dan weer een Algemeene Kerkvergadering onwettige handelingen doen goedkeuren.
>
> b. De Algemeene Kerkvergadering heeft gehandeld tegen haar eigen wet en besluiten. Zij verklaart, de Commissie heeft gehandeld binnen de perken der wet, maar zij zelf overtreedt de wet. Daardoor word de rechtszekerheid in de kerk in groot gevaar gebracht: de wet kan nu eigenlik niet worden uitgevoerd, want wanneer of Commissie of Ring, of Kerkeraad, de wet stipt wil uitvoeren, dan kan de Algemeene Kerkvergadering dit bij besluit te niet doen en alzoo komt er tuchteloosheid en bandeloosheid in de kerk.
>
> c. De eigen opleiding van predikanten is in groot gevaar gebracht. Immers wanneer de Algemeene Kerkvergadering in elk geval vreemde leeraars laat beroepen in de groote gemeenten, en de kleine kunnen geen leeraars hebben, omdat ze te klein zijn, waarom dan jonge mannen opgeleid. Als zij dan klaar zijn, is er voor hen geen plaats in de kerk en wat dan? Moeten zij dan maar ploegen en graaf vatten, schoolmeester worden of iets anders? Is dat recht

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tegenover hen? Wij meenen, dat de kerk eerst moet zorgen voor haar eigen kinderen en dan voor de vreemden.

d. Indien het er zoo weinig op aankomt, wie als leeraren in de kerk dienen, of wanneer alle leeraars uit een andere kerk zoo maar beroepen kunnen worden, waarom zijn we dan nog een afzonderlijke kerk? Waarom dan nog een kweekschool opgericht: kerken gebouwd, gemeenten gesticht, als we binnenkort de vreemde in de kerk zien en zij hun geest, hun gewoonten, hun zienswijzen in die kerk invoeren? Waarom dan niet vereenigd?

(*De Hervormer* 1917:6)

Die vergadering was egter vir Van Belkum 'n waterskeiding. By die daaropvolgende Gewone Algemene Kerkvergadering in 1919 het dit geblyk dat Van Belkum se invloed afgeneem het en in 1922 het Van Belkum die vergadering versoek om hom nie weer tot skriba te verkies nie. Die vergadering het daarop ds A J Barger tot skriba van die Algemene Kerkvergadering verkies; vir Van Belkum en die Hervormde Kerk het dit die einde van 'n era beteken.

### 5.1.3 Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914

Die Rebellie in 1914 was die direkte gevolg van die Britse oorlogsverklaring teen Duitsland op 4 Augustus 1914. Enkele dae later het Van Belkum in *De Hervormer*, met as teksvers: '*Vertrouwd niet op prinsen op des menschenkind, bij hetwelk geen heil is*' op die oorlogsverklaring gereageer:

Is het wonder dat nu juist aan dit psalmwoord door ons wordt gedacht en dat het zowaar ook nu weer is bevonden!
Weer is der oorlogsvlam in Europa uitgeslagen en wel zo geweldadig dat geheel de oude wereld in brand staat. En wat zien we nu? Contracten zijn verbroken: verbonden geschonden: beloften niet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> nagekomen: berekeningen gefaald: koningen en vorsten zijn weer opnieuw gebleken trouweloos te zijn.
>
> (*De Hervormer* 1914:6)

Die oorlogsgolf waarna Van Belkum verwys, het ook na Suid-Afrika oorgespoel en dit het vanweë Louis Botha en Jan Smuts se optrede tot gewapende protes gelei. Na die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het, het generaal Louis Botha die regering onder die vaandel van die Suid-Afrikaanse Party oorgeneem en sy 'eenstroom-beleid' het op 'n amalgamasie van die Engelse en Afrikaner komponente van die bevolking neergekom. Van Belkum het sy teenstand teen die beleid by monde van 'Oom Sarel' verklaar:

> Wij moet blijven wat wij zijn, ons niet laten absorberen door vreemden, maar liever bewerken dat wij de vreemden opnemen en tot Afrikaners maken...Waar we door het wereldlik zwaard van Groot-Brittanje overwonnen zijn, ten minste hiervoor zorgen dat wij door onz geestelike zwaard onze natie bewaren en de vreemdelingen overwinnen. Maar daarvoor is dit nodig: dat we niet overal en in alles toegeven, niet overal en op alles 'ja' zeggen maar dat we op gevaar af van kleingeestig, lastig, eigenzinnig genoemd te worde, de moed hebben van ene overtuigen er op na te houden, en de vrijmoedigheid om dit uit te spreken.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:68)

Botha se 'versoenings'-beleid het mettertyd weerstand onder die Afrikanerelemente uitgelok en na generaal J B M Hertzog se toespraak te De Wildt, in die Rustenburg-omgewing, het die Nasionale party in Januarie 1914 tot stand gekom. Van Belkum het reeds voor die uniewording in 1910, Hertzog as die aangewese leier beskou en het in sy 'Brieven van Oom Sarel' gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Zuid-Afrika kan alleen eene Unie worden, door mannen als Generaal Hertzog, die beginselvast zijn en daaraan vasthouden hunne tegenstanders weten tot zwijgen te brengen.
>
> (Van Belkum, in De Beer 1968:69)

Met die uitbreek van die Eerste wêreldoorlog het Brittanje op 7 Augustus 1914, die Unie versoek om Duits-Suidwes in te val en die radiostasies aldaar te verower (vgl Raath 1994:117 ev). Louis Botha het egter reeds deur die waarnemende goewerneur-generaal, lord de Villiers op 4 Augustus aan Brittanje berig:

> The Government fully recognizing the obligations of the Union, in the event of hostilities, wishes to ensure you of its preparedness to take all such measures as may be necessary for the defence of the Union. Should His Majesty's Government require the Imperial Troops, now stationed in South Africa and who are connected with the garrison artillery, in any other part of the world, Ministers would gladly employ the Defence Force of the Union, for the performance of the duties entrusted to the Imperial Troops in South Africa.
>
> (Raath 1994:117)

Alhoewel die Unioniste onder leiding van Sir Thomas Smartt, ywerig was om aan die inval deel te neem, het daar onder die Afrikaners, in die besonder die ondersteuners van Generaal J B M Hertzog se Nasionale Party, 'n louheid geheers. Raath (1994:118) dui aan dat Botha hom tot 'n offensief verbind het, voordat hy die Afrikanervolk geraadpleeg het of die Duitse grensoorskryding te Nakob/Engelbrechtsdrift daadwerklik plaasgevind het en so die verdedigingsmag in 'n aanvalsmag omskep het. Die offissiere, veral by monde van genl Kemp, was teen 'n aanval gekant en tydens 'n offisiersvergadering het Smuts teen Kemp se beswaar gereageer en beveel dat daar in die verskillende distrikte met oefeninge begin moes word. Onder generaal J H de la Rey en ander oud-Boeregeneraals se invloed het die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontevredenheid toegeneem namate Botha en Smuts die aanval teen Duits-Suidwes gepropageer het. Tydens die Volksraadsitting op 9 September 1914 het die regering geweier om verslag van die offensief teen Duits-Suidwes te gee. Raath dui aan:

> Genl. Botha het verklaar dat hy deur die 'Empire' dringend versoek is om Duits-Suidwes-Afrika aan te val 'en daarop was slechts één antwoord mogelik'. Dit was 'n leuen omdat die Ryksregering die vryheid om na goeddunke te handel aan die Botha-regering oorgelaat het. Bykomend hierby is die gebeurtenisse met betrekking tot Nakob en Engelbrechtsdrift as voorwendsel gebruik en buite verband geruk om 'n voorwendsel vir 'n aanval op Duits-Suidwes-Afrika te skep.
>
> (Raath 1994:120 ev)

Omdat Van Belkum 'n ondersteuner van Hertzog was, is dit nodig om op Hertzog se standpunte oor die sake te let. Volgens Le Roux (1987:190) was Hertzog van mening dat die Unie neutraal moes staan. Hy was van mening dat Suid-Afrika oor sy eie sake kon besluit en selfs kon weier om steun aan Brittanje te gee. Die verskil tussen Botha en Hertzog het veral tydens die volksraadsitting in September 1914 geblyk. Teenoor Botha se pleidooi het Hertzog:

> ...die inval in Duitswes [nie] as 'n verpligting beskou nie. Suid-Afrika moes beslis of hy, as 'n unie, aan die oorlog sou deelneem. Baie persone sou hulle nie deur die opgewondehied van die oorlog laat meesleep nie en dit was veral waar van die plattelandse bevolking.
>
> (Le Roux 1987:191)

Op 15 September 1914 het generaal C F Beyers as Kommandant-generaal bedank en generaal De la Rey is deur 'n opslagkoeël, by 'n padblokkade vir die Foster-bende, noodlottig getref. Op 10 Oktober het generaal Manie Maritz by die Duitse magte aangesluit en na Upington opgeruk. *De Volkstem* het op 26 Oktober 1914, die rebellie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met opskrifte soos: '*Genls. Beyers en de Wet rebelleren/ Heilbron in handen der rebellen/Trein te Reitz aangehouden/Verdedigingstroepen ontwapend/Overgrote meerderheid der burgers lojaal*' aangekondig (Steyn 1987:53). Die uitbreek en die mislukking van die 1914-Rebellie het ook vir die Hervormde Kerk gevolge gehad en Van Belkum het hom hieroor deeglik in die gemeente uitgespreek. So ernstig het Van Belkum die beleid van Smuts en Botha teengestaan, dat die kerkraad van Heidelberg hom tydens 'n kerkraadsvergadering vermaan het om hom van alle politieke uitsprake te weerhou. H Smits, 'n vriend van Van Belkum, het op 18 Junie 1915 oor die botsing tussen Van Belkum en sy kerkraad uit Johannesburg geskryf:

> Ik zie dat de Kerkraad u (wat de politikiek betreft) het zwygen heeft opgelegd – het is wel waar dat in het verleden onze Hollandsche Predikanten van de Hervormde Kerk zich niet gemengd hebben met de Politiek, maar nu vraag ik, zijn de toestanden dan niet zoo veranderd, dat iedereen hetzij Predikant of nie ook al verplicht is zich te bemoeien met die huidige verwarring waarin het volk verkeert. Of moet ik verstaan dat de Hoofden van de Hollandsche Kerk nu ook door tusschenkomst van Regerings ondersteuners de poot van de Krygswet op de hals gelegd wordt.
>
> Ik ben altijd van opinie dat Predikanten zich buiten de politiek houden, en ik zie het ook hier zoo, en ik denk dat de Hollandsche Predikanten dat ook zoo liever willen hebben, maar het schijnt mij dat de tijd gekomen is dat de geestelijke van onzen kerk ook zijn mond moet open doen om het volk tot inkeer te brengen en dat kun niet altijd met mooie woorden terecht komen.
>
> De engelschen denken nu al dat zij alleen de voorrecht hebben om ons hier uit het land de les voor te lezen, en dit komt zeker dat het voor hen zoo gemakkelijk gemaakt wordt door de prachtige intelligensie van 'Censorships en Intelligence departements', maar ik verzeker de Regeering als het langer zoo voortgaan, dan zal ieder Afrikaner wel weten voor wie zijn zteun bij de volgende electie uittebrengen. Hier op de Witwatersrand, ik spreek van het Hollandsch Afrikaansche

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

element is het gevoel weder diep getroffen over de gebeurtenissen van verleden week, en ik hoop dat de Regeering strenge maatregelen zullen nemen om de boosdoeners te straffen. Ik denk dat de duitsers hier en elders in Afrika nu ook een kans gehad hebben om terug te denken aan een 'eeuw van onrecht' door de beroemde auteur J. S (Jan Smuts –C P) en misschien voor hen ook een les is voor de toekomst om de ridderlijke motto 'British Fairplay' te verstaan.

(NHKA:Sarkady L VI/7)

Smits het op 'n berig in die *Hervormer* van 1915 gereageer. Dat die kerkraad die mening gehuldig het dat 'n predikant hom nie met politiek mag bemoei nie, het voortgevloei uit 'n besluit wat reeds in 1912 deur die Algemene Kerkvergadering geneem is. Die beskrywingspunt van die kerkraad van Marico het ondermeer gelui:

De Synode beschouwt, dat een predikant van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika ophoudt predikant te zijn, als hij Parlementslid wordt of enig ander burgerlik ambt aanvaar. Hij kan alleen langs de weg van een Colloqium doctum harer weer erkend worden als predikant.

(NHKA 1912:24, 30)

Van Belkum het egter hiermee verskil en het reeds in 1910, teen die agtergrond van die uniewording gestel:

Ik begrijpen en versta niet, waarom een leraar geen opinie mag hebben en uitspreken. Ik begrijp niet wat de leeraars dan eigenlik te doen hebben, als zij niet mogen zeggen welke beginselen een natie moeten besturen in haar traditien, taal, school en kerk...En zie nu voor mij is het geweten van den Staat en van de maatschappij de kerk met hare leeraren, die het Woord Gods prediken. Het zal een verschrikkelike dag wezen, als dat geweten het zwijgen wordt opgelegd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Van Belkum, in De Beer 1968:72)

Van Belkum het in 1924 nog steeds dieselfde standpunt gehuldig en selfs gestel:

> M. i. is het goed, dat er in het parlement een of meer leeraars werden geplaatst, vooral wanneer zij waarlik gelovige manne zijn, die de grondbeginselen van het Christendom weten hoog te houden. De Regering en ook de natie kan en mag geen predikant beletten om kandidaat te zijn voor – en zitting te nemen in het Parlement.

(Van Belkum, in De Beer 1968:73)

Van Belkum het egter die stellings in '*Oom Sarel se Brieven*' gestel. In die amptelike vergaderings en dienswerk in die gemeente het hy 'n meer gematigde standpunt ingeneem. Van Belkum het hierdeur die rus en orde van die Kerk gedien. Alhoewel die Rebellie van 1914 nie in omvang groter was as die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) nie, het dit tog die werksaamhede van die Kerk geraak. Tydens die sesde gewone ringsvergadering van die Oostelike Ring op 5 en 6 April 1915, het Van Belkum namens die ringskommissie berig:

> De Persoonlijke kerkvisitatie kon wegens het uitbreken van den oorlog en de rebellie niet gehouden worden, maar wij kunnen ons gelukkig rekenen dat wij hier vergaderen kunnen, daar beide andere ringen dit jaar niet kunnen samen komen.

(NHKA R 2/1/1/1)

Die verdere gevolge van die Rebellie het ook met die Algemene Kerkvergadering in Mei 1916 geblyk toe die vergadering die telegram van generaal Wolmarans, ouderling Bezuidenhout en kommandant Kock vanuit die gevangenis te Johannesburg ontvang het: '*In de gevangenis bidden wij God Uw werk te zegenen tot heil onzer geliefde*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*kerk Psalm 125:1 en 2'* (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1916= NHKA 1916:4). Die vergadering het aan L E Brandt, voorsitter van die vergadering, en Van Belkum, as skriba van die vergadering, opdrag gegee om die telegram te beantwoord. In die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se verslag het die Kommissie sy handelinge rondom die wêreldoorlog en gevolglike rebellie uiteengesit.

> Het was te voorzien, dat onze kerk niet zou blijven bevrijd van de gevolgen van de onlusten en woelinge, die ontstonden in ons land door den Europeeschen oorlog.
> Ten einde te voorkomen, dat er scheuring en groote oneenigheid in de kerk zou komen, heeft de Commissie in Mei 1915 met Broeders leeraars en ouderlinge der verschillende gemeenten eene bijeenkomst gehouden te Johannesburg, waarin de toestanden werden besproken: wat wij daar en toen in Johannesburg hebben gedaan is aan de gemeenten verspreid.
>
> (NHKA 1916:6)

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het met die medewerking van die predikante van die Kerk en ouderlinge uit die gemeentes in 'n broederlike samekoms op 5 Mei 1915 byeengekom en 'n *Open Brief aan de Kerkeraad en Leden der Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika gerig,* waardeur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gepoog het om die onrus vanweë die rebellie te besweer:

> Aan de Eerwaarde Kerkeraden
> En de leden van de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika.
>
> De Commissie der Algemeene Kerkvergadering der Nederduitsch hervormde Kerk, bekend geworden zijnde met het feit, dat er onenigheid en tweedracht ook in onze Kerk is ingeslopen, en dit diep betreurende, heeft bijeen geroepen, al de predikanten onzer kerk, met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgevaardigde kerkeraadsleden om met hen te beraadslagen, om middelen en wegen te vinden ten einde scheuring in onze gemeenten te voorkomen: waar die reeds bestaat, willen wij trachten, die uit den weg te ruimen om de zoo noodige vrede en eensgezindheid in de gemeente te helpen herstellen.
Deze broederlijke samenkomst heeft daarom besloten de onderstaande herderlijke brief aan de kerkeraden en gemeenteleden te richten

GELIEFDE BROEDERS EN ZUSTERS IN DEN HEER!

I. Gods Woord leer ons: "God is geen God van verwarring, maar van vrede," 1 Corinthen 14:33; ook moeden wij nooit vergeten dat het Koninkrijk Gods hooger is dan de Koninkrijken dezer wereld, en dat wij daarom geen wereldsche politiek in de Kerk moeten brengen.

II. Waar het in den laatste tijd openbaar is geworden, dat de geest van den Satan de volkeren verdeeld en de menschen tegen elkaar opzet, moeten wij als Kerk van Jezus Christus den geest van Christus in ons en in de Kerk laten heerschen, waardoor de geloovigen vereenigd worden tot één lichaam zooals Paulus zegt: 1 Corinthen 12:12: "Want gelijk het lichaam één is, en vele leden heeft, en al de leden van dit eene lichaam, vele zijnde; maar één lichaam zijn" vs 14, "want ook het lichaam is niet één lid, maar vele leden" en vs. 25, 26 en 27: 'opdat geen tweedracht in het lichaam zij, maar de leden voor elkander gelijke zorg dragen; en hetzij de één lid lijdt, zoo lijden alle leden mede; hetzij dat een lid verheerlikt wordt, zoo verblijden zich alle leden mede; en gijlieden zijt het lichaam van Christus en lede in het bijzonder.

III. Geliefde Broeders en Zusters! Zoo ooit, dan vooral in dezen tijd is het noodig, dat wij bedenken, dat wij en in huis en in onse godsdienstoefeningen gedurig bidden: "Vergeef ons onze

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

schulden, gelijk ook wij vergeven onze schuldenaren, ' gelijk het aller volmaakste gebed ons leert, en dat de Apostel Paulus ons leert en vermaant in Kolossensen 3:13, "Verdragende elkander en vergevende de een den ander, zoo iemand tegen iemand eenige klacht heeft; gelijkerwijs als Christus U vergeven heeft, doet gij ook alzoo. "

IV. Deze dingen overwegende gevoelen wij ons gedrongen onze schuld gezamentlijk voor God te belijden, daarin dat de Kerk en ook wij perzoonlijk, niet beantwoord hebben aan deze roeping. Laten wij de ellende, waarin wij verkeeren niet wijten de een aan den ander, maar ons persoonlijk voor God verootmoedigen, gelijk wij ook lezen in Jeremia 4:18: "Uw weg en Uwe boosheid, en Uwe handelingen hebben U deze dingen gedaan; dit is dat het zoo bitter is, dat het tot uw hart raakt.

V. Wij wenschen u te wijzen op wat wij lezen, Mattheus 1:15 en volgende verzen: Indien Uw broeder tegen U gezondigd heeft, ga heen, bestraf hem tussen U en hem alleen; indien hij U hoort, zoo hebt gij Uwen broeder gewonnen; maar indien hij U niet hoort zoo neem nog een of twee met U; opdat in den mond van twee of drie getuigen alle woord besta. En indien hij hun geen gehoor geeft, zoo zeg het der gemeente; en indien hij der gemeente geen gehoor geeft zoo zij hij U als de Heiden en de tollenaar". Wanneer wij allen handelen overeenkomstig dit woord van Christus, zou er veel openbare ergernis worden voorkomen, en liefde, vrede, en wederzijdsche achting zou opnieuw gaan heerschen onder ons.

VI. Wat betreft de viering van het Heilig Avondmaal, willen wij de gemeenten en de Kerkeraden met alle nadruk opwekken dit niet te verzuimen, ter wille van politieke verschillen, maar ons te stellen op het hoogere standpunt van het Avondmaal, om daarmede te betuigen, dat wij ons zelven volkomen en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> rechtvaardig zijn; maar integendeel, aangezien wij ons leven buiten ons zelven zoeken, zoo bekennen wij daarmede dat wij ons midden in den dood liggen," en "daarbenevens, dat wij ook door denzelfden geest onder malkander, als lidmaten van één lichaam in waarachtige broederlijke liefde verbonden worde; gelijk de heilige Apostel spreekt: "Eén brood is het, zoo zijn wij velen één lichaam, dewijl wij allen aan één brood deelachtig zijn. Want gelijk uit vele graankorrels één meel gemalen en één brood gebakken wordt, en uit vele beziën, saamgeperst zijnde één wijn en één drank vliet, en zich onder een vermengt: alzoo zullen wij allen, die door het waarachtig geloof Christus ingelijfd zijn, door broederlijke liefde om Christus onzes lieven Zaligmakers wil, die ons te voren zoo uitnemend heef liefgehad, allen samen een lichaam zijn en zulks niet alleen door woorden maak ook met de daad jegens elkander bewijzen!' Daarom dringen wij er in de liefde van Christus op aan, dat wij allen toch trachten, elke verdeeldheid en oorzaak van verwijdering, te weren, van harte samen werkend tot heil der kerk, tot stichting der gemeente en tot opbouwing van elkander en tot verheerlijking van Christus onzen Heer.

Mochten in een of andere gemeente alle middelen en wegen tot herstel van de vrede mislukt zijn, dan is de Commissie der Algemeene Kerkvergadering bereid hare diensten aan te bieden ten einde een bevredigende oplossing te helpen vinden.

Deze vergadering verzoekt aan alle kerklijke vergaderingen met den grootsten aandrang in dezen onzekeren tijd, geene beslissingen te nemen, die een nadeeligen invloed kunnen hebben op het welzijn van zijn kerk en gemeente.

(NHKA 1916:71-73)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk dat die herderlike skrywe nie in alle gemeentes die gewenste uitwerking gehad het nie. In Lichtenburg, Wolmaransstad en Erasmus (Bronkhorstspruit) het tweedrag geheers. Laasgenoemde gemeente het veral vanweë H C M Fourie se aansluiting by die Rebellie-mag onder generaal Chris Muller se bevel, onrus beleef. Na die mislukking van die rebellie moes Fourie twee jaar tronkstraf uitdien en in hierdie tyd het die ontevredenheid onder die gemeente na vore gekom. In 'n brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 34 lidmate verklaar dat Fourie nie meer as predikant van die gemeente welkom is nie (Strydom 1987:39). Met ds Fourie se terugkeer in Desember 1915 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die ontevredenheid aandag gegee. Dit het hulle tydens 'n vergadering van 7 Januarie 1916 gedoen. Van Belkum en C W du Toit het die saak tussen Fourie en van die gemeentelede beredder en het onder andere aanbeveel dat enige lidmaat wat besware teen ds Fourie koester, dit in die gemeente die daaropvolgende Sondag-aand uitspreek. Die Sondag van 7 Januarie 1916 was nagmaalsnaweek en tydens die nagmaalsviering het Van Belkum en Du Toit hulle invloed laat geld om versoening tussen Fourie en die gemeente te bewerk (Strydom 1987:40). Van Belkum se standpunt in die gemeente Heidelberg het in mindere mate tot onrus gelei, maar dat Van Belkum hom by die kerkraad se besluite berus het, het grotendeels verdere onrus verhoed. Van Belkum het vanweë sy sterk nasionale gevoel die optrede van Smuts en Botha veroordeel en het dit selfs in sy gemeente gestel. So ernstig was Van Belkum se veroordeling van die Smuts-Botha optrede dat die Kerkraad van Gemeente Heidelberg hom daaroor vermaan het en tydens die Algemene Kerkvergadering in1916 het die kerkraad voorgestel dat predikante by geen politieke aksies betrokke mag wees nie:

> I. Het betreurenswaardig feit, dat een onzer geliefde predikanten veroordeeld is als gevolg van zich te hebben ingelaten met politiek, zoo is het dat onderstaande kerkeraden zich gedronge gevoelen de Algemeene Vergadering te verzoeken zulk een regeling te treffen, dat in het vervolg predikanten zich dienen te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> onthouden van politiek en aanverwanten, zijnde in strijd met hun ambt.
>
> (NHKA 1916:65)

Verskeie ander versoekskrifte het ook gevra dat predikante nie by politieke sake betrokke mag wees nie. Die vergadering het egter nie die voorstel van die gemeentes goedgekeur nie, naamlik om sodanige besluit in die kerkwet op te neem nie, maar die onderskeie ouderlinge na die herderlike skrywe van 5 Mei 1915 en die besluit van die Algemene Kerkvergadering in 1912, verwys.
Die eise wat as gevolg van die rebellie teen die rebelle ingestel is, het verbittering en verarming onder kerk en volk tot gevolg gehad. Steyn stel:

> In die noord- en oos-Vrystaat is die meeste skade aangerig. Rebelle het goedere wat hulle nodig gehad het, by winkels en op plase opgekommandeer. Na die onderdrukking van die opstand het mense wat skade gelei het, eise ingestel. Die rebelle het meestal kwitansies uitgereik vir goedere wat hulle opgeëis het, juis met die doel om mense later weer te vergoed. Na die opstand het baie lojaliste gevra dat die Regering eiendom van rebelle konfiskeer en dat hulle in spanne op die Vrystaatse paaie moes gaan werk.
>
> (Steyn 1987:54)

Baie van die eise wat teen die rebelle ingedien is, was buitensporig en dikwels sonder gronde. Die Hervormde Kerk was hiervan bewus en tydens die Algemene Kerkvergadering in 1916 word die voorstel van ouderling A P Roos aangeneem:

> De vergadering der Nederduitsch Hervormde Algemeene Kerkvergadering, gelet hebbende op het gevaar, dat de totale ondergang van een deel van ons volk dreigt, door het instellen van indirecte eischen, besluit Generaal L. Botha te vragen, de konsept wet,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> die door hem werd ingediend ter stop zetting van zulke eischen, zoo spoedig mogelijk door het parlement te zetten.
>
> (NHKA 1916:14)

Die vergadering het egter ook van die vrylating van rebelle kennis geneem en het die voorstelle van die kerkraad van Pretoria en L E Brandt, teenoor die regering gestel:

> Deze Algemeene vergadering, als christelijk lichaam spreke uit hare waardering en dank voor de vrijlating van een deel de politieke gevangenen en wende zich tot de regering met het nederig verzoek, om nu het tucht zijn loop heeft gehad clementie te bewijzen aan de politieke gevangenen en aan de ontslagen onderwijzers.
> De Algemene vergadering wende zich tot de Regeering, dank uit sprekende voor de genade verleend aan de losgelaten gevangenen en vragende de nog overgebleven gevangenen 22 ook alle los te laten, speciaal de kwijnende kranken.
>
> (NHKA 1916:43)

Van Belkum se slotwoord oor die Rebellie het hy gedurende Oktober 1916 in *De Hervormer* onder sy skuilnaam, *Oom Sarel*, verwoord. Hy het op die brief van 'n gemeentelid gereageer wat wou weet hoe Deuteronomium 27:17 'Jy mag nie jou naaste se landpale versit nie' met Romeine 13 'Dat jy jou owerste moet gehoorsaam' geïnterpreteer moet word. Strydom (1987:45) het hieroor gestel:

> Van Belkum antwoord tereg dat die lidmaat God meer gehoorsaam moet wees as die mens. As die lidmaat dit doen, sal hy weet hoe om te handel en ook die gevolge wil en kan dra. So het hierdie beginsel gegeld, vir Elia, Daniël, Johannes die Doper, die disssipels van Christus, die martelare van die eerste drie en sestiende eeue, die Hugenote en die afgeskeidenes in Holland.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dié standpunt wat Van Belkum gehuldig het, is 'n voortsetting van die plek wat hy aan die kerk in die sosiaal-maatskaplike lewe van die Afrikaner toegeken het. Die Kerk moes vanuit die evangelie alle terreine kersten en dit geld ook ten opsigte van die politieke terrein. Van Belkum kon die standpunt stel, omdat hy teokraties gerig was en dit veral is 'n aanduiding van 'n konfessionele aksent soos dit ook by Hoedemaker voorgekom het.

## 5.2 Bouer van die Nederduitsch Hervormde Kerk

### 5.2.1 Sending

Van Belkum het reeds in sy Nederlandse tydperk 'n ywer vir sendingwerk en 'n belang vir Afrika geopenbaar. Dit was vanweë dié ywer en sy idealisering van Afrika dat hy die beroep na Suid-Afrika aangeneem het. Die besondere omstandighede waarin die Hervormde Kerk in Afrika verkeer het, het egter ook vir Van Belkum se sendingywer gevolge gehad. Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1912 was die Kerk se sendingbeleid een van die belangrike agendapunte. Gemeente Standerton het voorgestel dat die Hervormde Kerk hom geensins met sending onder die 'kleurlinge' en ander swart volke bemoei nie. Die kommissie wat belas was met die verslag oor sending het die beskrywingpsunt ondersteun. Dr H C M Fourie het egter 'n minderheidsverslag uitgebring en daarop gewys dat die kerk haar opdrag van Christus ontvang het om die evangelie aan alle volke te verkondig. Dr Fourie se sterk standpuntinname het A D W Wolmarans genoop om die gemoedere te bedwing. Van Belkum het Wolmarans hierin ondersteun. Hy het op Wolmarans se verwysing na die pioniersomstandighede waarin die kerk hom bevind het, gewys en daarmee saam na die toestand van die kerk na die Vryheidsoorlog. Van Belkum het hierop gestel: '*Onze kerk kan op dit ogenblik nog niets doen als kerk, maar de leden kunnen en moeten dat doen*' (NHKA 1912:12). Van Belkum het dus die sending onder die Afrikavolke en Kleurlingbevolking ondersteun, maar die ontredderde toestand van die Kerk het nie 'n sendingpoging deur die Hervormde Kerk bevorder nie. Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1916 het die sendingbeleid van die Hervormde Kerk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer aandag gekry. Na aanleiding van die kommissie verslag en die versoek van ds C W du Toit vir die sending in Soedan het 'n uitgebreide gesprek gevolg (vgl Botes 1989:362 ev). Die gelykstelling tussen blank en nie-blank en die praktyk van sending was van die onderwerpe. Van Belkum het veral ten opsigte van die sendingpraktyk 'n onderskeid tussen die evangelie-verkondiging en die aanleer van handvaardighede gemaak en hierdeur het hy die verkondiging van die evangelie teenoor 'n sosiaal-maatskaplik opheffingstaak gestel. Hy het onder andere gestel:

> ...dat wij moeten onderscheid maken tusschen leeren van talen, handwerken enz. En het prediken van het Evangelie aan de Heidenen. Met het eerste heeft de kerk niets te doen, met het laatste wel. Evangelieprediken is een bevel van Christus uitvoeren Matt. 28:19 en Marcus 16:15. Zending wekt belangstelling ook in de kerk, wekt nieuwe leven in de gemeente, waar dit leven kwijnt.
>
> (NHKA 1916:53)

Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1916 het die voorsitter, L E Brandt, vir di C W du Toit, Jac Van Belkum, H C M Fourie en ouderlinge T Beckley en D W Moller as lede van die Sendingkommissie benoem. Dat daar nie genoegsame steun vir die sending was nie, blyk uit die reaksie van die vergadering. Die vergadering het L E Brandt se voorstel van 'n sendingkommissie met 31 teenoor 23 stemme aanvaar. Verskeie afgevaardigdes het versoek dat hulle teenstemme genotuleer word en die verslag vir die sending is met 30 teenoor 25 stemme aanvaar. Dat die sendingbeleid nie met volle oorgawe uitgevoer kon word nie, het tydens die Algemene Kerkvergadering in 1917 duidelik geword. Van Belkum het as voorsitter van die sendingkommissie berig:

> De Commissie besloot voorloopig zich eerst te bepalen op het gebied van de Zondagschool, armenzorg, arme blanke questie; en de leden van onze gemeente op dit gebied voor te lichten en tot werken en helpen aan te sporen...Uwe Commissie betreurt het zeer dat zij geen gunstiger rapport kan geven; uit de beschrijvingspunten blijkt duidelik hoe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> afkeerig sommige leden der kerk zijn van de zending, in welke vorm ook. Of daarom alle pogingen om hieraan te arbeiden moeten worden gestaakt betwijfelt Uwe Commissie.
>
> (NHKA 1917:144)

Van Belkum het in sy verslag aangedui dat die belemmerende faktore vir die uitvoering van die sendingbeleid van die Kerk enersyds aan die swak ekonomiese toestand van die Afrikaner toegeskryf kan word en andersyds aan die antagonisme teen sending. Die antagonisme teen sending moet aan die historiese gang van die Afrikaner en die Hervormde Kerk toegeskryf word. Ouderling J C van der Merwe het onder andere gestel dat alhoewel hulle deeglik bewus was van die inhoud en opdrag van Matteus 28:9 dit vir hulle moelik was omdat hulle voorouers en ook hulle geslag baie leed deur die swart stamme aangedoen is. Ten spyte van die botsing tussen die twee bevolkingsgroepe, het Van Belkum gestel:

> De scriba wijst op het bevel van Christus, Math 28:9, zegt dat de naturel wordt bedorven door vreemde invloeden, die hem tegen ons opstoken.
>
> (NHKA 1917:94)

Dat Van Belkum 'n meer gunstiger houding teenoor die sending onder die Afrika-stamvolke ingeneem het, het al vroeër in sy publikasies duidelik geword. Hy was deeglik daarvan bewus dat die Afrika-stamkultuur deur die Britse imperialisme vir politieke gewin, misbruik word. Van Belkum se belang vir die sending het hy ook in die kerklike publikasies voortgesit. In *De Hervormer* (1910:7 en 8) het hy onder andere die sendingbeleid van die Dordtse kerkvadere bespreek en in *De Almanak*, 1915 het Van Belkum 'n oorsigtelike beeld van die sending-geskiedenis in Suid-Afrika gegee. Dat die kerk vir die aanvanklike sending verantwoordelik was het hy met enkele voorbeelde toegelig. Hy het in sy motivering onder andere na Van Riebeeck se gebed verwys, wat lui:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> O Barmhertige, Goedertieren Godt ende hemelsche Vader, nadien het uwe goddelijkcke Majesteit geliefft heeft ons te beroepen over't bestier der saacken van de Generale vereenighde Nederlantse g'octroijeerde oost Indische Compie. alhier aen Cabo de boä Esperance, ende wij ten dien eijnde met onsen bijhebbenden Raedt in uwe H. name vergadert sijn omme met advijs vande selve sodanige besluijten te maecken waermede den meesten dienst vande op gemelte Compie. gevoirdert, de Justitite gehanthaefft ende onder dese wilde, brutale menschen, mogelijk sijnde uwe ware gereformeerde Christelijcke Leere metter tijt mochte voortgeplant wende verbreijt worden tot uwes H. naems loff ende Eere,...
>
> (Van der Merwe 1964:iv)

Die vertraging van sending het hy egter ook aan die veeleisende omstandighede van die land toegeskryf. Van Belkum was op hoogte van die sendingpogings deur die sieketroosters soos Willem B Wylant en Pieter van der Stael en het van die sending-omstandighede, Wylant se gedagtes aangehaal:

> Voort wat aengaet dese natie hier te lande ofte deese inwoners, is een seer arm, elendich volck na ziel ende na lichaam; beroofd van alle kennisse Godts; leven als het vee zo dat gij niet en kunt bemerken, dat ze eenige maniere van godtsdienst hebben ofte datter iets is, die zij eenige eer oft diens bewisen, maar schint in dat stuck tusschen haar en het onvernuftige vee van religie ofte godsdienst geen onderscheit: want sie leven als beesten, die ook nergens geen werck van hebben, noch van saayen ofte planten ofte dat men haer iets toepraat van Godt, sie hebben der geen werck van, zoodat het haest schint onmogeliyck te zijn om haer tot die kennisse der Waerheit te brengen, want hare sprake niet wel is te leeren.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(*De Almanak* 1915:73 ev)

Uit die staanspoor het Van Belkum beklemtoon dat die sending tot die Hottentotte en die slawe-bevolking in die Kaap gerig was en deur die kerk uitgevoer is. Ander sendingpogings waarvan Van Belkum kennis gehad het, was dié van di Van Arckel en Phillippus Baldaeus en in mindere mate die pogings deur J van Andel, L Terwoldt, H van Loon, Pierre Simond, H Beck, P Kalden en in 1743 die Hernhutter sendeling Schmidt (*De Almanak* 1915:77). Hierdeur wou Van Belkum die Nederduitsch Hervormde Kerk van sy verantwoordelikheid bewus maak. Dat die sending deur die Kerk uitgevoer moes word, was ook 'n veiligheidsmeganisme teen veral Britse sendinggenootskappe en Rooms Katolieke pogings wat hulle eie agenda deur sending en maatskaplike pogings wou bevorder. In 1917 het Van Belkum 'n verdere artikel oor die sending-geskiedenis in die *Almanak* gepubliseer. Daarin het hy veral op George Schmidt en die latere Hernhutterse sendelinge - Marsveld, Schwinn en Kühnel – gekonsentreer. In die slotparagrawe het Van Belkum inleidend na die Londense Sendinggenootskap se sendingpogings sedert 1799 verwys (*De Almanak* 1917:115 tot 118).

Van Belkum het dus deeglik van die omstandighede in Suid-Afrika kennis geneem. Die nood van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes egter voorrang kry en in sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering in 1919 het Van Belkum dit gestel:

> De Commissie besloot voorloopig zich eerst te bepalen bij de nooden van ons eigen volk en vooral op het gebied van de Zondagsschool, armenzorg, arme blanke questie; en de leden van onze gemeenten op dit gebied voor te lichten en tot werken en helpen aan te sporen.

(Notule van die Algemene Kerkvergadering 1919= NHKA 1919:144)

Ten spyte van die omstandighede en ook die antagonisme teen sending, het Van Belkum voorgestel dat dié saak nog steeds aandag moet kry. Die verarming van die Afrikaner na die Tweede Vryheidsoorlog en die volksverhuising na die stede het veral gelei tot die ontstaan van 'n armblanke-klas. Vir Van Belkum moes die sending tot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle gerig word en daarom het hy en dr H D van Broekhuizen, tydens die Algemene Kerkvergadering van 1922, voorgestel:

> Deze Hoogeerw. Vergadering, gehoord hebbende de inlichting van de Zendingskommissie, besluit dat gedurende de lange vakantie Theologiese studenten gevraagd zullen worden om onder toezicht der betrokken predikanten op de verschillende delverijen en kampen te arbeiden. Tot bestrijding der onkosten worden de verschillende gemeenten gevraagd een kollekte voor dat doel af te zonderen.
>
> (*De Hervormer* 1924:20)

Die voorstel is deur die vergadering verwerp, maar dit het tog aanleiding gegee tot 'n verdere bespreking waarin Van Belkum van sy beskouing rekenskap gegee het. Van Belkum het op die voorstel van ouderlinge B J Prinsloo en G Engelbrecht gereageer wat die sending as 'evangelisasie onder blankes' verstaan het. Van Belkum het met die onderskeid verskil. Volgens hom moes '*inwendige zending*' nie met evangelisasie verwar word nie. Van Belkum het verder gestel:

> Evangelisatie is alleen het Evangelie-prediken, terwijl onder inwendige Zending, behalve prediking ook verstaan wordt huisbezoek, aanneming, Doop, Avondmaal, gemeentesticthing, enz.
>
> (*De Hervormer* 1924:20)

Van Belkum het met sy begrip '*inwendige zending*' dus 'n verdere werking as net evangelie-prediking verstaan, dit moes ook lei tot gemeentevorming terwyl evangelisasie uitsluitlik op evangelie-verkondiging gerig is. Van Belkum het met die standpunt die onderskeid tussen sendeling en predikant gehandhaaf.

Van Belkum se invloed ten opsigte van die sending het mettertyd afgeneem. Soos met die kerklike publikasies en die skribaat, het Van Belkum teruggestaan vir jonger kollegas, soos dr H C M Fourie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 5.2.2 Teologiese opleiding

Vóór 1910 en die Ruysch van Dugteren saak daarna, het die oprigting van 'n kweekskool, redelike steun geniet. Die steun wat selfs Goddefroy, wat altyd universitêre opleiding beklemtoon het, daaraan toegeken het, moet veral aan die veranderde politieke/staatkundige bestel toegeskryf word. By Van Belkum veral was die oprigting van 'n eie opleiding enersyds gerig tot die handhawing van die Hervormde Kerk se etos onder die Afrikanervolk en andersyds gerig teen die invloed vanuit die Britse kultuurimperialisme en die Kaaps-koloniale element. Die eenstemmigheid wat eers bestaan het, het egter verflou. Hieroor het Van Belkum enkele maande voor die Algemene Kerkvergadering in 1912 in die *Hervormer* geskryf en die louheid ten opsigte van die eie opleiding skerp veroordeel:

> In 1857 zeide prof. Hofmeyer, dat de kerk een kweekschool moest hebben, om tot algehele zelfstandigheid te geraken. Dit argument heb ik al meerdere malen bijgebracht, maar wil er nog even ook nu de nadruk op leggen. Wat helpt het ons als we zeggen: we zijn als kerk vrij en zelfstandig en mondig, wanneer we altijd voor onze leidslieden moeten gaan bedelen bij Holland, de Kaap of Potchefstroom...Mocht onze kweekschool niet tot stand komen, dan zal het voor mij wezen een *oordeel Gods* over de kerk, een straf over de *tweedracht der leeraars*, over de *lauwheid der ouderlingen*, over de *vrekkigheid der leden*. En als dan over korter of langer tijd de Ned. Hervormde Kerk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> van Z. Afrika weer aan de dood nabij komt, dan zal haar moeten worden toegeroepen: Eigen schuld: gij heb niets anders gewild.
>
> (*De Hervormer* 1912:8)

Die Ruysch van Dugteren saak het egter die oprigting van 'n kweekskool bevraagteken. Tydens die Algemene Kerkvergadering in Desember 1912 het onder meer geblyk dat die kweekskool nie meer prioriteit was nie, maar die opleiding aan 'n universiteit. Dr H C M Fourie het onder meer teenoor ouderling Fleischack, gestel: '*...we hebben de basis van de Kweekschool verlaten; maar we moeten nu zien dat de zaak niet in de doofpot komen*' (NHKA 1912:10). Van Belkum het sedert die besluit van die Algemene Kerkvergadering in 1909 as lid van die kuratorium gedien en is gedurende 1910 genader om saam met H C M Fourie die opleiding van predikante waar te neem. Van Belkum het hom bereid verklaar, maar Fourie het in sy brief aan die vergadering te kenne gegee dat hy teen die benoeming beswaar aanteken. Intussen is studente van die kerk, in die tyd S P Engelbrecht en S Vermooten, aan die Nederlandse universiteite opgelei en in Nederland het veral die Utrechtse hoogleeraars Visscher en Van Leeuwen die Suid-Afrikaanse studente se opleiding waargeneem. Op 27 Julie 1916 het die Kuratorium egter 'n skrywe van dr F V Engelenburg, lid van die Raad van die Transvaalse Universiteits Kollege, ontvang waarin die Kuratorium versoek word om met die Raad te onderhandel ten einde 'n teologiese fakulteit op te rig. Ds van Belkum het namens die Kuratorium die onderhandelinge waargeneem en op 25 Januarie 1917 besluit die Kuratorium na sy verslag:

> Het Kuratorium, gehoord hebbende door ds. Van Belkum, de bespreking van Universiteits Raad op 7 Des. jl. over de mogelike vestiging van een Theol. Fakulteit aan de Transvaalse Universiteit te Pretoria, heeft in z'n sitting van 25 Januarie 1917 na sorgvuldige beraadslaging, gegrond op die mededeling van een Theol. fakulteit aan genoemde Univ. Het Kuratorium heeft dit besloten in het volle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertrouwen, dat de Universiteits Raad van zijn kant zal voldoen aan de de volgende door ons prinsipieel geoordeelde voorwaarden:

1. dat vanwege de Universiteits Raad een of meer professoren zullen worden benoemd waarvan ten minste één Hollandspreken zal zijn,
2. dat bij de aanstelling van zulk 'n professor of professoren rekening worden gehouden met de beginselen der Ned. Herv. Kerk in Z. A.,
3. dat de vanwege onze Kerk benoemde professor in rang en stand gelijkwaardig zal zijn met de professoren van genoemde Universiteit,
4. dat de verdeling der vakken zal geschieden in overleg met de door ons Kuratorium benoemde professor,
5. dat de studenten uit onse Kerk aan de Transvaalse Universiteit als studenten der Universiteit zullen worden ingeschreven.

(Naude 1967:19)

Tydens die Algemene Kerkvergadering in 1919 het die debat rondom die opleiding van predikante opnuut ontbrand. Van Belkum het as voorsitter van die kuratorium verslag van die opleiding gelewer:

I. In opdracht van de Alg. Vergadering heeft het Kuratorium de Regering en de Senaat v. h. TUK geraadpleegd en is ten slotte er in geslaagd een regeling te treffen waarbij de Theol. Studenten der Ned. Herv Kerk aan het TUK kunnen studeren en bekwaam gemaakt worden voor de Ev. bediening in de Ned Herv Kerk.

II. Het Kuratorium heeft als Professor voor de Nederd. Herv Kerk aan genoemde Universiteit benoemd Dr J H Greyvenstein, destijds predikant van Pretoria. De Senaat van de Universiteit heeft benoemd Dr McMillan, en de Regering heeft beloofd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> twee docenten te zullen benoemen, Tevens geven Dr Reinink en Dr Patterson onze studenten kollege in Grieks en Hebreeuws.
>
> III. De Universiteits Raad is het Kuratorium zeer behulpzaam geweest en ons tevens de verzekering gegeven dat er bij de aanstelling van een professor of professoren rekening zal worden gehouden met de beginselen der Ned. Herv Kerk in Z A. onze Professor is in rang en stand gelijkwaardig met de professoren van de Universiteit, en onze studente worden ingeschreven als studenten der Universiteit waardoor zij in dezelfde kans zijn als anderen om zich beursen toegeken te zijn.
>
> (NHKA 1919:137)

Van Belkum se lang gekoesterde ideaal van 'n eie opleiding op Suid-Afrikaanse bodem het gerealiseer (vgl Botes 1989:338 ev). Dit het egter nie sonder aansporing en idealisme plaasgevind nie. Die predikantenood was egter nie opgelos nie en Van Belkum het die bespreking rondom die saak tydens die Algemene Kerkvergadering van 1919 ingelei:

> Hij [Van Belkum – CP] zegt dat de opleiding voor de Kerk, door de Kerk is verwaarloosd in de vroegste dagen.
> Di van der Hoff, Smits, van Warmelo, hadden moeten doen wat Ds Postma gedaan heeft voor de Gereformeerde Kerk. Deze heeft mannen opgeleid, die, zo nodig, met hem op reis gingen om de gemeente te bezoeken en dan 's avonds, na een dag trekkens, bij kaarslicht in de tent onderwijs ontvingen. Had onze Kerk dit ook gedaan, dan zouden we nu geen ellende hebben.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Een andere reden van de nood is dat er niet genoeg voor de stoffelike belangen van de predikante wordt gedaan.
>
> (NHKA 1919:49)

Die twee redes wat Van Belkum voorgehou het naamlik die gebrek aan beplanning en die swak versorging van predikante, het 'n uitgebreide en hewige debat ontlok. Ouderling Prinsloo het ondermeer Van Belkum van ongeregverdigde kritiek beskuldig: '*De Scriba verwijt al te veel. Kritiek is ook goed, maar de leraars hebben ook schuld*' (NHKA 1919:49). Die afgevaardigdes was dit egter eens dat daar dringend in die behoefte van predikante voorsien moes word en hulle steun aan die opleiding van predikante aan die universiteit toegesê. Van Belkum het dus met sy inleidende stellings die nodige reaksie gewek en die belang vir 'n eie opleiding aangevuur. Toe die vergadering die opleiding aan 'n staatsinrigting teenoor 'n kweekskool bespreek het, het Van Belkum duidelik laat blyk dat hy van die 'kweekskool' afgesien het, en hom met 'n opleiding aan die universiteit verbind het: '*Brede wetenschappelike ontwikkeling met geloof kan nie anders dan de kerk tot zegen zijn*' (NHKA 1919:89). Van Belkum het hom hiermee met prof J H J A Greyvensteyn se standpunt vereenselwig. Greyvenstein het op ds S Vermooten se stellings gereageer. Hy het ondermeer gestel dat die opleiding van predikante 'n lewenskwessie is, omdat predikante opgelei word om die Woord te verkondig in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Daarop het Vermooten gevra:

> Is het recht dat de leraren onzer kerk nu worden opgeleid aan een Staatsinrichting? De oude Akademiën werden vroeger opgericht ten behoeve van de Kerk. Later zijn de Akademiën geworden staatscholen en is de opleiding tot leraren aan die scholen dikwels een mislukking, omdat ze neutraal zijn, wat men niet kan zijn. Daarom moeten we nu kiezen of opleiding aan het Transvaalsche Universiteits Kollege of opleiding voor de Kerk door de Kerk zelf op Bijbelse gronden.
>
> (NHKA 1919:79 en 80)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het op Vermooten se betoog gestel:

> Ds Vermooten beriep zich op autoriteiten, maar die zijn alle gereformeerd. Hij gelooft niet dat Ds Vermooten een mislukking is, die toch ook aan de Universiteit te Utrecht studeerde, een staatsinrichting met kerklijke hoogleraren door de Hervormde Kerk betaald, zo als wij nu ook dit hebben. Wat betreft dat jonge mannen aan het twijfelen kunnen geraken, dat is niet zo gevaarlik. Een man, die twijfel overwon, is beter dan een die nooit twijfel en die door twijfelen bezwijk, is niet zooveel waard. Ds Vermooten haalde Dr. Kuyper aan, die te Leiden studeerde en de Hervormde Kerk in Nederland uiteen gescheurd heeft.
>
> (NHKA 1919:81)

Uit die opmerkings van Van Belkum het dit duidelik geword dat sy aanvanklike betoog vir die oprigting van 'n kweekskool as noodmaatreël bedoel was. In rustiger en veiliger omstandighede het Van Belkum egter ook die opleiding aan 'n universiteit, waar die debat tussen die onderskeie dissiplines, meegewerk het tot die akademiese vorming van studente, ondersteun. Hy het sy voorbehoud teen die Doleansie gedagte gehandhaaf, naamlik kweekskool-opleiding, en het dus op dié terrein die Hervormde Kerk teen die gedagtes van Vermooten beskerm. Tydens die 1922 Algemene Kerkvergadering het ds Vermooten weer probeer om die opleiding van predikante op die basis van 'n kweekskool te vestig en voorgestel dat die opleiding na Potchefstroom verskuif word. Hy het in sy betoog selfs Van Belkum aangehaal:

> Zijn Eerw zegt dat ook Ds. van Belkum erkent dat er op de Universiteit gevaar is voor de studenten om hun geloof te verliezen. Mogen wij de studenten aan het gevaar blootstellen?
>
> (*De Hervormer* 1924:16)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het egter hierop gereageer en ook op die gevare van 'n kweekskool gewys: 'Daar zijn gevaren voor een student aan een Universiteit, maar ook aan een Kweekschool, n. l. om een huichelaar te worden' (De Hervormer 1924:17). Van Belkum het 'n ambivalente standpunt rondom die opleiding aan 'n kweekskool of universiteit gehandhaaf. Reeds enkele maande voor die Algemene Kerkvergadering het dit duidelik geword toe hy die voor- en nadele van 'n opleiding aan 'n universiteit of kweekskool in die Hervormer bespreek het. In sy artikel 'Kweekschool of Universiteit?' het Van Belkum onder andere gestel, dat die keuse nou aansluit by die doel van die opleiding:

> Zij (Die Kerk –CP) kan alleen op het oog hebben de praktiese opleiding van hare aanstaande leraren, d.w.z. jonge mannen te vormen die in de dienst van de kerk alleen haar dienen voor hare instandhouding en belangen. Of wel, de kerk kan dit doel najagen, maar tergelijkertijd willen, dat hare leraars niet alleen zullen dienen, maar ook toegerust worden om in de gewone maatschapelike samenleving de kerk te verteenwoordigen en haar invloed op die samenleving te laten gevoelen.
>
> (*De Hervormer* 1922:15)

Van die nadele van 'n opleiding aan 'n kweekskool het Van Belkum die eensydigheid van die opleiding uitgesonder. Die gebrek aan debatvoering met ander wetenskappe en selfs ander teologiese tradisies lei tot 'n vervreemding van die studente. Dit is volgens hom wel waar dat hulle nie sondermeer van die kerkleer afwyk nie, maar die eensydigheid skep 'n onsekerheid wat skakeling met ander gedagtes vrees. Van die universitêre opleiding het Van Belkum gestel:

> Is de basis van opleiding breder, de omgang met ander vrijer, de geestesstroming verscheidener, dit alles kan gemakkelik ook aanleiding geven tot allerlei afdwalingen. Vrijheid is een zeer kostelik goed, maar heeft haar grote gevaren. Vooral wanneer de op te leiden

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> jonge mannen nog betrekkelik jong zijn, kan het gemakkelik gebeuren, dat zij, omdat hun karakter nog niet geheel vast is, zich aan allerlei afwijkingen overgeven.
>
> (*De Hervormer* 1922:16)

Van Belkum wys daarop dat die blootstelling aan universitêre opleiding ook tot voordeel van die akademiese vorming kan dien. Hy het dus nie 'n besliste keuse gemaak nie, maar tog die universitêre opleiding voorgestaan. Die ambivalente houding is vreemd. Enersyds grens hy hom teen die Kuyperiaanse gedagtes, soos dit by Vermooten voorkom, af en tog het hy nie 'n neutrale universitêre opleiding as ideaal beskou nie, maar het hy 'n universiteit op christelike grondslag in die vooruitsig gestel. Dit het veral in 1918 duidelik geword toe hy die Gereformeerde Kerk se besluit om nie by die staatsbeheerde universiteite aan te sluit nie, hoë lof toegeken het. Die besluit van die Gereformeerde Kerke is geneem na aanleiding van:

> ...de bepaling, dat geen professor aan een Universiteit mag worden gevraagd naar zijn geloofsovertuiging. De Synode acht die bepaling voor de kerk onaanneembaar.
> Ofschoon de Synode door dit besluit grote geldelike voordelen prijs geeft, is zij, niettegenstaande de zij dit goed weet, toch blijven staan bij haar beginsel.
>
> (*De Hervormer* 1918:14)

Van Belkum se ondersteuning van 'n universiteit op christelike grondslag het ook in 1927 na vore gekom, toe die Gereformeerde kring in Potchefstoom 'n poging geloods het om Artikel 25 van die *Wet op Universitaire onderwys* te skrap en soos Van Belkum dit stel, sodoende 'n: '*Universiteit op Kristelike grondslag te krijgen in de Unie van Z. -Afrika*' (*De Hervormer* 1927:155). Alhoewel Van Belkum met die beginsel ingestem het, het hy besef dat die finansiële implikasies die ideaal belemmer. Dit is vreemd dat Van Belkum hom enersyds van Vermooten afgegrens het en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nogtans later uitspreek vir 'n oorwegend Kuyperiaanse gedagte. Oberholzer het ten opsigte van die latere Gewetensklousule-stryd gestel:

> Die besware teen die gewetensklousule is van verskillende aard. Baie van die besware het egter hulle oorsprong in die gedagtes van die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper, die stigter van die Gereformeerde Kerke van Nederland en die geestelike vader van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Veral twee motiewe van Kuyper en sy navolgers se neo-Calvinisme is telkens op die voorgrond gebring, naamlik die groepsbeginsel en die eis om Christelike wetenskap. Die groepsbeginsel wil lei tot groepskole en groepsuniversiteite vir die verskillende gesindtes.
>
> (Oberholzer 1975:11)

Van Belkum se standpunt in 1918 en 1927 hou enersyds verband met 'n waardering van Kuyper en andersyds met die stryd rondom 'n teologiese fakulteit aan die universiteit. Engelbrecht het aangedui:

> In die jare 1925 tot 1928 het die fakulteit 'n ernstige krisis beleef toe in die gees van die negentiende eeuse liberalisme gepoog is om die Teologie as wetenskap uit die siklus van wetenskappe te stoot en daarmee die teologiese Fakulteit aan die Universiteit af te skaf.
>
> (Engelbrecht 1953:371)

Van Belkum het in 1927, soos met sy stryd teen die Engelse metodisme en Britse imperialisme, vennote teen 'n gemeenskaplike bedreiging geïdentifiseer, sodat deur samewerking die tydelike krisis afgeweer kon word. Dit kan egter nie ontken word nie, dat Van Belkum ten opsigte van 'n universiteit gegrond op die christelike beginsel sterk aansluiting by die Gereformeerde kringe gevind het. Ofskoon dit as noodmaatreël teen 'n gemeenskaplike vyand beskou word, is dit nogtans 'n afwyking

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Hoedemaker se gedagtes en 'n waardering van Kuyper se gedagtes. Alhoewel Hoedemaker aanvanklik met Kuyper meegewerk het tot die stigting van die *Vrije Universiteit* het hy tog 'n voorbehoud gekoester. Haitjema het hieroor gestel:

> Dat Hoedemaker echter niet kritiekloos wilde meelopen onder de banier van deze 'Vereeniging voor Hoger Onderwijs op Gereformeerde grondslag', die hij nu als hoogleraar diende, bewijs reeds een enkele zinsnede uit deze wijdingsrede, waarin hij zij voorliefde voor 'kerkelijk denken' niet verbergt, maar komt een paar jare later in een openingstoespraak van de universitaire cursus 1885-1886, over *Waarom studeert gij nog theologie aan de Vrije Universiteit* veel duidelijker nog aan de dag, als hij openlijk misprijzen spreekt over een motie, die op de jaarvergadering van de 'Vereeniging voor Hooger Onderwijs op Gereformeerde Grondslag' werd aangenoem, en die hij een 'noodlottige vergissing' noemt, omdat daarin het kerkelijk vraagstuk betreffende de scheur, die de Afscheiding van 1834 reeds in het nationaal-gereformeerde leven was ontstaan, uitgeschakeld werden.
>
> (Haitjema 1964:298)

Van Belkum het die verskil tussen Hoedemaker en Kuyper nie tydens sy Suid-Afrikaanse periode konsekwent gehandhaaf nie. In wisselende mate het hy die gevolge van die Doleansie veroordeel en ten opsigte van die onderwys hom teen kerkskole uitgespreek, maar nogtans Kuyper se beginsel van *'de souvereiniteit Gods'*, gepropageer. Van Belkum se waardering moet veral ten opsigte van die '*Vrije Universiteit*' gestel word. Dit het duidelik geword in 'n historiese skets van Kuyper wat hy in 1920 geskryf het. Van Belkum het in die artikel gemeld dat hy as jong student, 1873-1874, na Kuyper se lesing, *'Het Calvinisme, de oorsprong onzer vrijheid'*, geluister het. Ook op hom het Kuyper 'n groot indruk gemaak en hy het gemeen dat dit vanweë Kuyper se beginsel van God se heerskappy oor alle terreine was wat deur Kuyper gevestig is:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Het is de beginsel dat hij handhaafde op het terrein der Theologiese Wetenschap, in de kerk, in de maatschappij ook in andere wetenschappen hetwelk hem gemaakt heeft, tot 'n groot theoloog, 'n uitnemend geleerde, 'n machtig staatsman.
>
> (*De Hervormer* 1920: 6)

Van Belkum het egter in dieselfde artikel erken dat die Hervormde Kerk nie die teologiese invloed van Kuyper ondergaan het nie, maar nogtans waardering vir sy optrede tydens die Tweede Vryheidsoorlog, toe Kuyper as bemiddelaar tussen die ZAR en Britse ryk opgetree het, gekoester het. Van Belkum se waardering vir Kuyper het dus bepaalde grense gehad. Enersyds was sy waardering gerig op Kuyper se persoon en andersyds vir sy invloed op die Nederlandse- en Suid-Afrikaanse politieke terrein.

Van Belkum het nie net tydens die Algemene Kerkvergaderings nie, maar ook deur middel van die kerklike publikasies die oprigting van 'n eie opleiding bevorder. Hy het ten opsigte van die gedeelde ideale, soos die handhawing van die teologiese fakulteit, van vennote uit verskeie oorde gebruik gemaak, maar wanneer die belange van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die orde was, het hy dit ondubbelsinnig gehandhaaf. Sodoende het Van Belkum 'n onmisbare rol in die oprigting van die teologiese fakulteit gespeel en bygedra tot die opbou van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

### 5.2.3 Kerklike joernalistiek

#### 5.2.3.1 'Die Almanak'

Van Belkum het met die oprigting van *De Almanak* in 1907 verklaar dat dié kerklike publikasie moes dien om die kerk saam te snoer. Dat hy in sy doel geslaag het, het tydens die Algemene Kerkvergadering van 1912 geblyk. Ds P van Drimmelen het as beskrywingspunt voorgestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Deze Synode erkenne met dankbaarheid aan de Hoog. Eerw. Scriba zijn arbeid, voor Almanak en "De Hervormer" hetgeen niet weinig de band tussen de gemeenten heeft versterk ...
>
> (NHKA 1912:30)

Die vergadering het die voorstel aanvaar en aan Van Belkum 'n jaargeld van £50 toegeken. Die finansiële opoffering wat Van Belkum gemaak het is grotendeels deur die vergadering se besluit verlig.

Die *Almanak* se bestaan was op stewige voet soos H J L Th Roorda aan die Algemene Kerkvergadering in 1916 berig het. Dit was een van die meer suksesvolle kerklike publikasies wat jaarliks 'n wins opgelewer het en dit het selfs die *Hervormer* gesubsidieer (NHKA 1919:133). As gevestigde blad het die *Almanak* ook buite die kring van die Hervormde Kerk invloed uitgeoefen en hiervan het Van Belkum aan die Algemene Kerkvergadering in 1922 verslag gegee:

> ...ds van Belkum deelt daarin mee dat de Almanak een groot sukses is, ook bij de Zusterskerken. Een hooggeplaatst Engels predikant rekent het tot het beste jaarboekje dat door de kerken in Zuid-Afrika wordt uitgegeven.
>
> (*De Hervormer* 1924:19)

Van Belkum het egter ook met sy tweede doel vir die *Almanak* geslaag, naamlik om Kerk en volk op te voed. Sy artikels het in die jare na 1910 nie net oordenkings ingesluit nie, maar die geskiedenis van die Hervormde Kerk en algemene kerkgeskiedenis van Suid-Afrika aan die lesers bekendgestel. Van sy bydraes tot die kerkgeskiedenis dien: *De eerste in Zuid-Afrika geboren predikanten der Kaapsche Kerk* (1912), *Het ontstaan van de Luthersche kerk in Zuid-Afrika en hare vestiging* (1914), *Zendings-geschiedenis* (1915 en 1917), *Uit vroegere dagen: Uit de Kerke-orde van den Commissaris-generaal mnr J A de Mist*(1917), *Bijdrage tot de*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*geschiedenis der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* (1918), *Iets over Ds D van der Hoff* (1921), *Martin Luther*(1922), *Iets over het Edict van Nantes* (1930), *Een christelijk minister van Staat* (1930). Van Belkum se belang vir die pastorale arbeid het uit artikels soos *Tiende* (1913), *Voor Zondagscholen* (1918), *Wie moet huisbezoek doen?* (1924) en *Echtscheiding* geblyk en in laaste dekade van sy dienstyd het sy belang vir die kerklied in die artikels *Jodocus van Lodensteijn* (1920), *Onze gezangen* (1921), *Gerhard Tersteegen* (1922), *Gezang 123* (1923) en *Leo Judae* (1931) na vore gekom. Sy bydrae tot die kerkgeskiedenis kan nie net tot die Hervormde kerkgeskiedenis gereken word nie, maar het ook tot die algemene kerkgeskiedenis van Suid-Afrika bygedra. In sy artikel, *De eerste in Zuid-Afrika geboren predikanten der Kaapsche Kerk* (1912), het Van Belkum nie net van sy navorsingmetodiek rekenskap gegee nie, maar ook sy waardering vir die kerkgeskiedenis. Dit was vir Van Belkum belangrik om die bronne wat hy gebruik voorop te stel en van daaruit 'n beeld van die kerkgeskiedenis aan te bied. Die beeld wat die bronne daarstel moet egter ook met ander perspektiewe aangevul word en vir Van Belkum het in die geskiedenis die norm *audi et alterem partem* gegeld (*De Almanak* 1921:157). Die geskiedenis, en in die besonder die kerkgeskiedenis, het 'n besliste funksie. Vir Van Belkum was die geskiedenis enersyds leermeester en andersyds 'n bolwerk wat vreemde gedagtes moes uitweer. Daarmee saam was die geskiedenis vir Van Belkum die maatstok van beskawing en ontwikkeling en het hy die didaktiese en die polemiese funksie van die geskiedenis, met 'n evolusionêre maatskaplike beeld verenig. Die funksie wat hy aan die geskiedenis toegeken het, het veral duidelik geword in die inleidende paragrawe van sy artikel:

> Wanneer wij aannemen, dat tot het begeeren van het leeraarambt een zeker beschaving moet zijn bereikt, niet alleen door één persoon, maar vooral door de maatschappelijke en kerkelijke omgewing; verder dat ook een betrekkelijk hoog geestelijk standpunt moet zijn ingenomen door de omgewing van hen, die dit zoeken, dan staan wij verwonderd, dat reeds binnen een eeuw na de stichting der kolonie, die in haar eerste bestaansjaren zooveel te doorworstelen heeft gehad, en in zulk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> een voortdurende onrust was gehouden, een zoon des lands zich liet opleiden voor het leeraarsambt,...
>
> (*De Almanak* 1912:68 en 69)

Van Belkum se navorsing na die eerste Suid-Afrikaans gebore predikante het 'n volgende vraagstuk ingelei, naamlik die stryd met die Lutherse kerk in die Kaap, *Het ontstaan van de Lutherse Kerk in Zuid-Afrika en hare vestiging* (1914). Ook vir hierdie artikel het Van Belkum sterk op die oorspronklike aanhalings van gesagvolle historici, in die geval G McTheal, gekonsentreer, en met behulp van kommentaar op kontemporêre sake, soos die naasbestaan van kerke, dit verder toegelig. Nadat hy die ontstaan van die Lutherse kerk in Suid-Afrika en die verhouding met die Nederlandse kerk beskryf het, het Van Belkum gestel:

> Het doet goed zulks te weten, en wij zouden wenschen dat de verschillende kerken in Zuid-Afrika, nu nog, in plaats van streven naar een hopelooze vereeniging er zich op gingen toeleggen om door zuiver godsdienstig onderwijs aan hunne lidmaten aan de eene kant liefde voor eigen kerke, aan de andere kant waardering jegens andere kerken wilden bevorderen.
>
> (*De Almanak* 1914:80)

Van Belkum het met sy historiese lewensketse oor Ds Dirk van der Hoff, Martin Luther, W E Gladstone en August Hermann Francke sy historiese raamwerk aangevul. Van Belkum het in die historiese sketse die verband tussen die historiese figuur en sy tyd beklemtoon. Veral ten opsigte van die beskuldiging teen Van der Hoff, dat hy inisieerder was van die breuk met die Kaapse kerk, het Van Belkum teenoor J du Plessis gestel:

> De geschiedenis toch leert dat geen enkel man zulk een invloed op zijn tijd kan uitoefenen, wanneer de tijd daarvoor niet rijp is, dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> gewichtige dingen hun beslag krijgen. B.v. de Hervorming in Engeland onder Wikleff, die in Bohemen tijdens Huss zijn mislukt, zijn op niets uitgelopen, omdat de tijd daarvoor niet rijp was, of liever misschien beter uitgedrukt, omdat het Gods tijd nog niet was. Toen daarentegen Luther een honderd jaar later optrad, is de Hervorming niet alleen gelukt, maar is zij als een geduchte brand door geheel Europa doorgegaan. Indien niet de Transvalers beslist waren geweest in hun begeerte om los te zijn van de Kaapse kerk en een eigen kerk te hebben, onder de naam, die zij had, toen men van 1836-1840 uit de Kaap trok, van der Hoff zou het nooit zijn geluk, om die Hervormde kerk in Transvaal te stichten.
>
> (*De Almanak* 1921:160 en 161)

Van Belkum het die verbintenis tussen die historiese figuur en sy historiese konteks in die daaropvolgende artikels gehandhaaf, maar in die lewensskets van Martin Luther het Van Belkum ook die rol van die kerk in die geskiedenis beklemtoon:

> De kerk van Christus was in Luthers dagen het middelpunt van waar elke hervorming uitging. Men mag in onze dagen menen de maatschappij te kunnen hervormen zonder de kerk, zonder de Christendom, dit zal zeker mislukken. Alleen op zedelik, geestelike grondslag kan de maatskappij hervormd worden, en die vinde wij alleen in de christelike kerk.
>
> (*De Almanak* 1922:131)

Van Belkum het deurlopend getrou gebly aan sy historiese bakens, naamlik: 'n historiese konstruk wat deeglik van alle ter sake bronne kennis geneem het, maar wat didakties en polemies kerk en volk dien, sonder om kerk- en sekulêre geskiedenis en individu en gemeenskap te skei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel Van Belkum selfs in 1931, twee jaar voor sy dood, 'n bydrae gelewer het, het sy werksaamheid afgeneem. In meerdere mate het sy jonger kollega, S P Engelbrecht, sy rol oorgeneem. Van sy bydrae tot die *Almanak* het S P Engelbrecht in 1927, die jaar van Van Belkum se ampsjubileum, geskryf:

> Vandaag worden er meer dan vijfmaal zo veel eksemplaren gedrukt en verkocht als bij de eerste uitgave, en de vraag er naar wordt nog steeds groter. De tijd is voor goed voorbij, dat een predikant bij gebrek aan liefde voor de Hervormde Kerk, de Almanak van een andere Kerk onder onze mensen zou trachten verspreiden. Onze Almanak heeft zich een plaats veroverd, en de belangstelling daarin, ook buiten de grenzen van onze Kerk, neemt steeds toe.
>
> (*De Almanak* 1927:101)

### 5.2.3.2 'Die Hervormer'

Die sukses wat die *Almanak* geniet het, het egter nie vir die *Hervormer* gegeld nie. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1916, het Van Belkum as redakteur, van die stand van sake aangaande die *Hervormer* verslag gegee. In sy verslag aan die Algemene Kerkvergadering het hy melding gemaak van kritiek teen die *Hervormer* en oor die algemeen 'n gebrek aan ondersteuning. Goddefroy het voorgestel dat die algemene bespreking rondom die *Hervormer* vir eers gestaak moet word en dat die vergadering moet besluit of die bestaan van 'n amptelike orgaan nodig is al dan nie. Die bestaan van die *Hervormer* was vir die soveelste maal weer in gedrang en die Kerk moes besluit oor die voortbestaan daarvan. Die ernstige toestand waarin die *Hervormer* verkeer het, het veral uit die verslag van die kommissie van administrasie oor die *Hervormer* duidelik geword:

> De Commissie van Administratie heeft nu het plan opgevat door uitbreiding van de advertenties de inkomste te vermeerderen en heeft

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> alreeds voorloopige besprekingen daarover gevoerd. De schitterende uitkomsten in dit opzicht met den Almanak verkregen, geven ons recht tot de verwachting dat ook "De Hervormer" binnen korten tijd een winst in plaats van een verlies zal opleveren.
> Het is nu onze hoop en verwachting dat alle lidmaten der Kerk, maar vooral de agenten van "De Hervormer", zullen trachten nieuwe inteekenaars te verkrijgen, want waarlijk er is geen redelijke verhouding tusschen een aantal van 439 inteekenaars op een lidmatental van omtrent 16 000.
>
> (NHKA 1919:147)

Die kommissie wat opdrag gekry het om die saak te ondersoek het die uitgee van die kerkblad aanbeveel (NHKA 1916:48) en as kommissie van die redaksie het die algemene vergadering di Jac Van Belkum, L E Brandt en J H J A Greyvensteyn benoem (NHKA 1916:50). Die kritiek teen die *Hervormer* het voortgeduur en tydens die Algemene Kerkvergadering van 1926 het die afgevaardigdes van die kritiek verwoord. Sommige, soos ds J J Prinsloo, was van mening dat die verspreiding van die *Hervormer* swak georganiseer was terwyl ander, soos Koomans opgemerk het dat:

> ...de inhoud van de "Hervormer" nie aan de behoefte van de Kerk voldoet. De Hervormde Kerk is in 'n strijd en in de "Hervormer" merkt men er niets van. Het blad moet meer aan de tijd aanpassen. Men leest de "Hervormer" buiten de Kerk. Hij moet de Kerk adverteren.
>
> (*De Hervormer* 1926:34)

Dat die vergadering Van Belkum se bydrae tot die totstandkoming en voortgang van die *Hervormer* waardeer het, blyk duidelik, maar dit word eweneens in die vergadering duidelik dat S P Engelbrecht as Van Belkum se opvolger sterker op die voorgrond tree. Dit het nie net duidelik geword in die handelinge en besluite van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Algemene Kerkvergadering nie, maar ook in die gepubliseerde artikels. Die historiese rol wat Van Belkum gespeel het, het S P Engelbrecht oorgeneem. Van Belkum se publikasies in die Hervormer gedurende 1910 tot 1931 was eweneens omvangryk en in die blad het hy deur middel van die oordenkings, historiese temas, pastorale en maatskaplike - , sowel as liturgiese onderwerpe as bouer en verdediger opgetree. Van die historiese temas wat Van Belkum behandel het, dien die volgende: *Ds Ruardus van Cloppenburg en zijn tijd* (Februarie 1913), *Beroeringen in de Kerk van Stellenbosch in het jaar 1707* (Junie 1913), *De Kerkbouw te Swellendam, Kaapkolonie* (Oktober 1913), *Onderwijs in de Kerkgeschiedenis* (Julie 1915), *Luther en die Duitse Bybel* (Oktober 1917), *Ds A Kuyper* (1920), *Ds Dirk van der Hoff en die Afscheiding* (Julie 1924 en Augustus 1924) *en De vergadering voor Kerkvereniging in Augustus 1891* (Augustus 1928).

Van Belkum se waardering en funksie van die kerkgeskiedenis het veral geblyk in die antwoord aan W P Opperman, *Onderwijs in de Kerkgeschiedenis.* Dat die geskiedenis van die Hervormde Kerk in die besonder, geboekstaaf moet word, was vir hom 'n noodsaaklikheid en daarom het hy verklaar:

> ...als wij de geschiedenis der kerk niet kennen, dan kunnen we haar ook niet liefhebben; maar om te kennen, hebben we nodig, dat ze geschreven wordt.
>
> (*De Hervormer* 1915:6)

Een metode om 'n liefde vir die kerk se geskiedenis aan te kweek, het Van Belkum in die prediking gesien en het aan sy kollegas die raad gegee:

> ...als ze voorbeelden en vergelijkingen nodig hebben bij hun preken, die te nemen uit de kerkgeschiedenis. B.v. sprekend over de liefde tot Christus, verhaal ik bijna altijd de geschiedenis van de Bisschop Polycarpus, die in 189 veroordeeld werd tot de brandstapel. Toen hem gevraagd werd Jezus te verlochenen, was zijn antwoord: 86 jaren heb ik dien Meester gediend en Hij is altijd een goede Meester voor mij

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> geweest. Waarom zal ik Hem nu verlochenen? Zulke geschiedenissen trekken.
>
> (*De Hervormer* 1915:6)

Vir sy eie optrede het Van Belkum besieling geput uit die Bybelse verkondiging en uit die lewe en handeling van kerkhistoriese en politieke figure. Hy het egter die kerkgeskiedenis in diens van die Hervormde Kerk gestel. Die verskyning van die eerste deel van S P Engelbrecht se werk, *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid Afrika* (1920), het gelei tot Van Belkum se bespreking daarvan in die *Hervormer* van 15 Januarie 1921. In sy resensie het Van Belkum veral gewys op die invloed van politieke strominge op die kerkgeskiedenis. Dit het hy veral beklemtoon, omdat die Kaapse kerk, Van der Hoff as skeurmaker getipeer het. Van Belkum het reeds met die oprigting van die *Almanak* vir Van der Hoff in die bres getree en het, in medewerking met S P Engelbrecht, ook in die Julie en Augustus 1924 artikels in die Hervormer, *Ds Dirk van der Hoff en die Afscheiding*, voortgegaan om dit te doen.
H H Kuyper se besoek aan Suid-Afrika en sy uitlatings oor die Hervormde Kerk het as aanleiding vir die artikels gedien (*De Hervormer* 1924:9 tot 13). In die artikels het Van Belkum en Engelbrecht beklemtoon dat die beskuldigings teen Van der Hoff se teologie, nie tot die afskeiding van die Gereformeerde Kerk gelei het nie, maar wel die gesangekwessie en het die stelling met Van der Hoff en Andries Pretorius se korrespondensie gestaaf.
Buiten die historiese temas het Van Belkum veral aandag aan die herkoms en inhoud van die Gesange geskenk. Dat Van Belkum 'n besonder liefde vir die kerklied gehad het, het ook tydens sy Kaapse reiservaringe geblyk toe hy die orrelspel van die Kaapse orrelis beoordeel het:

> ...tegenover de kansel een pijporgel, dat door een jonge dame bespeeld werd, die wel de kracht, maar niet de lieflikheid er van te horen gaf. Over het geheel vind ik, dat de orgelisten in Zuid-Afrika

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zeer goed het fortissime verstaan, maar van 't pianissme krijgen we weinig te horen.
>
> (*De Hervormer* 1917:6-7)

In die Hervormers van Januarie, Februarie, April en Mei 1920 het hy die kerkliedere onder die rubriek *'Ons Gezangboek'* bespreek en sedert Desember 1920 het hy reëlmatig in die rubriek *'Onze Gezangen'* daarmee voortgegaan.
Van Belkum se bydrae tot die kerklike joernalistiek kan nie genoeg beklemtoon word nie en met sy vyftigjarige-ampsjubileum in 1927 het die redaksie in die *Almanak* en die *Hervormer* aan Van Belkum erkenning gegee.

> Ds. van Belkum heeft heel veel voor onze geliefde Ned. Hervormde Kerk gedaan, en waar hij soms in die Kerk een strijd te voeren had, was het niet om dat hij zich zelve gezocht heeft, maar het belang van de Hervormde Kerk, en de uitkomst heeft getoond dat hij gelijk had. Zijn grootste strijd was om een eigen opleiding voor Predikanten in het leven te roepen. Veel is in de Hervormde Kerk door Ds. van Belkum tot stand gebracht. Ook De Hervormer is door hem nu bijna achtien jaar geleden opgericht. In de Hervormde Kerk is menig blijvend monument voor Ds. van Belkum te vinden, dat van zijn liefde voor het Koninkrijk Gods in de Hervormde Kerk getuigt.
>
> (*De Hervormer* 1927:1)

L E Brandt het ook in sy bydrae Van Belkum se dienswerk op die verskillende terreine in die kerk gewaardeer en het ten opsigte van die kerklike joernalistiek gestel:

> ...ds van Belkum heeft op eigen risico de uitgave van den Almanak op zich genomen en toen die een sukses was gebleken, heeft de Kerk die overgenomen; hetzelfde is gebeurd met ons kerkblad, De Hervormer, nadat de vroegere Transvaalse Kerkbode een mislukking geweest was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Almanak en Kerkblad zijn ontegenzeggelik beide voor de Kerk een onberekenbaar voordeel geweest.
>
> (*De Hervormer* 1927:193)

Van Belkum se bydraes in die Hervormer het gereeld tot in 1923 verskyn, waarna die bydraes verminder het. Dit was enersyds die gevolg van meer predikante in die kerk wat ook bydraes kon lewer en andersyds die afneem van sy kragte. Vanaf 1927 het Van Belkum se bydraes aansienlik verminder en vanaf 1931 het hy nie meer as Redakteur nie, maar as erelid, op die redaksie gedien. Dit het hom egter nie verhoed om die *Weeshuisblad* op te rig nie en hierin het Van Belkum verskeie artikels gepubliseer. Op die lange duur het die *Weeshuisblad* egter nie geslaag nie en daarmee het ook Van Belkum se arbeid op die terrein van die kerklike joernalistiek tot 'n einde gekom. Hy het in die laaste dekade van sy lewe nog 'n diens aan die kerk gelewer naamlik die oprigting van die Krugersdorp weeshuis.

### 5.2.4 Krugersdorp weeshuis(1923)

Met die inwyding van die Hervormde Kerk se weeshuis te Krugersdorp op 13 Oktober 1923, het Van Belkum se lewe 'n volle siklus voltooi. Die weeshuiskind van Leeuwarden het in die laaste jare van sy dienstyd gedien as vader van die Hervormde Kerk se weeshuis. Dit was op aandrang van ds A J Barger dat die Hervormde Kerk tydens die Algemene Kerkvergadering van 1922 besluit het:

> De Algemene Kerkvergadering erkent de noodzaakelikheid van het oprichten en onderhouden van een Hervormd Weeshuis door de Ned. Hervormde Kerk van Zuid-Afrika en benoemt een Kommissie om de mogelijkheid van uitvoering van deze zaak te onderzoeken.
>
> (*De Hervormer* 1924:20)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum het as voorsitter, saam met di P S Grobler, A J Barger en Krige van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, as Kommissie vir die Weeshuis gedien. Tydens die inwyding van die weeshuis het Van Belkum gestel dat hy oor ds Barger se voorstel in 1922 verheug was omdat,

> ...hij't gevoel had gehad, dat onze kerk sonder smid was en wij dus alles moesten krijgen uit de vreemde: o.a. onze leraars, onze meesters, onze kosters, en op de zusterkerk onze wezen en verwaarloosden afladen.
>
> Hierin komt nu, God zij dank, verandering. Wij hebben nu reeds onze kweekschool, waar onze jonge mannen worden opgeleid voor de Evangeliebediening: wij krijgen meesters van onze kerk, ook kosters: wij openen vandaag ons eigen Weeshuis. Van den Heer is dit geschied: 't is wonderlijk in onze ogen.
>
> (*De Hervormer* 1923:10-11)

Die Hervormde Kerk se weeskinders is tot op 13 Oktober 1923 deur die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk se weeshuis te Langlaagte versorg. Tydens die eerste verjaardagviering van die Hervormde Weeshuis het die nood en versorging van wese duidelik geblyk. Van Belkum het verwys na die toename in getalle: in een jaar het die getal weeskinders van 9 tot 25 gestyg (vgl Papp 1991:36 en 37). In dié jaar het daar ook 'n gesonde verhouding tussen die Weeshuis en die Afrikaans Medium skool te Krugersdorp tot stand gekom en volgens Van Belkum was die arbeid van die Kerk op die terrein die gevolg van meer predikante (*De Hervormer* 1924:16 en 17). In die volgende jare het die kinders hulle skoolonderrig ook aan die Hoërskool Monument ontvang. Vier jaar later het die getal weeskinders gegroei tot 77 kinders en in 1929 het die Weeshuis, met ds en Mev S J Strydom as eerste huisouers, reeds 106 kinders versorg. Teen 1931 het Van Belkum berig dat die Weeshuis 122 kinders versorg. Die geweldige groei het reeds in die vorige jare nuwe eise gestel, sodat die Weeshuis-kommissie erwe moes aankoop en nuwe geboue moes oprig. Die groei van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die weeshuis het die Kommissie van die Weeshuis genoodsaak om 'n gebou vir meisies op te rig.

In 1930 het die Hervormde Kerk die weeshuis amptelik oorgeneem. Tot in 1930 het die weeshuis die status van 'n maatskappy beklee waarvan di Van Belkum, A J Barger (in sy plek vanaf 1928 -L E Brandt) en P S Grobler die direkteure was. Die Algemene Kerkvergadering van 1928 het egter opdrag gegee dat die Weeshuis amptelik onder die Hervormde Kerk moes resorteer en in 1929 is die aandele van die maatskappy na die Hervormde Kerk oorgeplaas.

Van Belkum het egter ook deur middel van die kerklike publikasies die oprigting en instandhouding van die Weeshuis bevorder. Op 15 Oktober 1929, verskyn as bylaag tot *De Hervormer*, die *Weeshuisblad: Orgaan van het Weeshuis te Krugersdorp*. Van Belkum het met die oprigting van die *Weeshuisblad*, anders as met die *Almanak* en in mindere mate *De Hervormer*, nie dieselfde sukses met die *Weeshuisblad* behaal nie. Die grootste probleem vir Van Belkum was die kroniese geldtekort. Op 29 September 1930 skryf Van Belkum:

> Vergun my u te schryven en om hulp te vragen.
>
> Ik ben verleden jaar begonnen met het schryven van 'n paar bladzyden in "De Hervormer" over Weeshuis en Voor de jeugd. Ik heb erop gerekend, dat de Kerk my helpen zou om te betalen. Tweemaal heb ik om hulp gevraagd maar niemand heeft geantwoord of geholpen.
>
> Nu kom ik tot u om hulp in de Naam des Heeren. Voor 't Weeshuis heb ik betaald, omdat de Kommissie my het geld gaf. Voor de Jeugd kreeg ik niet. Ik heb £25 nodig om het recht te maken. Als alle broeders £1 sturen ben ik klaar. Ik vraag het niet van u persoonlik, maar neem aan dat gy of de kerkraad of goedgezinde mensen het geven.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Vanavond lees ik; 'Wentel Uwen weg op den Heer, Hy zal het maken' Misschien zegt gy; "Waarom hebt gy het gedaan als gy geen geld had, Welnu, ik doe het in de naam des Heeren om de Jeugd tot hem te brengen.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/7)

Van sy teleurstelling en moeite het hy aan sy jonger kollega, S P Engelbrecht, geskryf, want op 17 Junie 1931, antwoord Engelbrecht:

> Ik vind het 'n schande van de Weeshuis-kommissie om U niet met de nodige gelden te helpen om het blad uit te geven. Het is 'n schande dat U er voor kollekteren moet. Velen denken er net zo over als ik. De Kommissie is verplicht de onkosten van het blad zelf te dragen, en ik heb in die geest aan de kommissie geschreven. U hebt veel voor onze Kerk gedaan, om nog met het kollekteren van gelden belast te worden. U mag niets uit Uw eigen zak betalen, de Kommissie moet zelf de lasten dragen. De hele zaak maakt 'n slechte indruk in de Kerk voor zoover bekend, en de Kommissie word daardoor geblameerd, en het Weeshuis wordt er geen goed mee gedaan. U wordt te hoog geacht en het spreekt van te weining eerbied voor Uw ouderdom, om U met zoiets als het inzamelen van geld voor het Weeshuisblad te belasten of anders het uit U eigen zak te laten betalen. Ik hoop, dat de Kommissie het zal inzien. Wat ik ecther wel vind, en U mermalen gezeg heb, is dat 'n Weeshuisblad en 'n blad voor de jeugd niet te kombineren is.
>
> (NHKA:Sarkady L VI/7)

Van Belkum het egter voortgegaan om die *Weeshuisblad* uit te gee en het daarin die lidmate van die kerk nie net op die Ou en Nuwe Testamentiese opdrag om die wese te versorg te wys nie, maar ook aan te moedig om by te dra tot die kerkpoging. Trou aan sy metodiek het Van Belkum ook die versorging van wese in die kerk se geskiedenis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nagegaan en ondermeer na Konstantyn die Grote se geskenke aan wese verwys en verder het hy die versorging van wese in die reformatoriese en na-reformatoriese geskiedenis beskryf. Dat die oprigting van die weeshuis tog uit die kerk goeie steun geniet het, het veral uit die oorsig wat Van Belkum in 1929 gegee het, geblyk. Hy het ondermeer die offers en belangstelling van lidmate beklemtoon en het veral na Mev Hoogterp en mnr J Groeneveld se bydraes verwys:

> In het midden van het jaar 1923 overnachte Ds. van Belkum te Germiston bij de familie Hoogterp: Mevr. was een zeer sterke voorstandster van het Weeshuis en had van het begin af haar best gedaan, om het tot stand te brengen. Dienzelfden avond was daar ook Mnr J Groeneveld, een oud inwoner van Pretoria, een welaf man, lid onzer kerk, en bekend ook om zijn hulpvaardigheid; hij wilde naar Holland zijn geboorteland gaan om daar rust en gezondheid te vinden. Het gesprek kwam op de Weeshuis, dat de kerk wilde oprichten, en Mevr Hoogterp vroeg haren gast, of hij ook niet iets voor de zaak wilde doen. Mnr. Groeneveld gaf geen antwoord op dat verzoek, maar toen wij hem op de statie vaarwel zeiden, en goede reis wensten, beloofd hij de zaak te zullen overwegen.
> De Commissie zette onderwijl haar werk voort, en tot haar blijdschap werd zij door de kerk goed gesteund. Maar iets anders, onvoorziens gebeurde! Op den 2 en Januarie 1924 kreeg ds van Belkum door middel van den telephoon van een agent in Pretoria een bericht, dat de Heer J Groeneveld aan het Weeshuis een som van £500 (vijfhonderd pond) had gegeven, welke tot ons beschikking was.
>
> (*Weeshuisblad* 1929:1)

Ds P S Grobler het deur sy arbeid 'n huis, wat eers as hotel gedien het, in Krugersdorp bekom. Van Belkum het van die huis in die Weeshuisblad verslag gelewer. Dit was vir Van Belkum 'n stuk ironie dat die weeshuis eers as hotel gedien het, en hy het dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadelik met die weeshuis van August Hermann Francke in Halle, Duitsland in verband gebring. Van die huis self het hy geskryf:

> Toen de regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek, aan de Voortrekkers in elke District Burgerrechten in elke dorp, grond en erven had gegeven, waren zulke gronden ook aan de Krugersdorpsche bewoners toegeken rondom het monument in 1891 opgericht. Tegenover dat Monument nu aan de Zuidekant, was een hotel gebouwd, dat na de Tweede Vrijheidsoorlog, niet meer goed betaalde, en voor een gewoon huis later was gebruikt. Dit gebouw met grond en als was nu aangekocht.
>
> (*Weeshuisblad* 1930:1)

Die *Weeshuisblad* het egter nie groot aanhang gekry nie. Na bykans ses maande het Van Belkum, in September 1930 Jaargang 2 nommer 6 gepubliseer en hierna het tot in 1931 net 6 uitgawes gevolg. Ook uit die publikasie blyk dat Van Belkum se kragte afgeneem het. Waar hy in die vroeëre uitgawes bydraes gelewer het en die verslag van die Weeshuis-kommissie behartig het, het dit mettertyd op die skouers van ds P S Grobler neergekom. Van Belkum het die einde van sy dienstyd in die kerk genader, maar deur werksywer het hy met sy gedagtes tot die vorming en beskerming van kerk en volk bygedra.

## 5.3 Teologiese temas

### 5.3.1 Kerk, volk en staat

Van Belkum het in die jare 1910-1927, teen die agtergrond van die 1914 Rebellie, die Eerste wêreldoorlog en die opkoms van die sosialisme gereeld oor die verhouding tussen kerk, volk en staat rekenskap gegee. Hy het in sy gedagtes onderskei tussen die verhouding van die kerk en staat en die kerk se verhouding tot die volk. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nasleep van die Tweede Vryheidsoorlog het egter nog enkele dekades geduur; verarming op materiële en sedelike vlak het die Afrikaner nie net verpolitiseer nie, maar ook sy lewensuitkyk verander. Dit het Van Belkum veral by kerk en volk waargeneem:

> Het was gebruik een Christen te wezen, mode om naar kerk te gaan, fatsoen om de Bijbel te lezen, bewijs van een goede opvoeding de leeraars na te praten. Die tijd gaat voorbij: de ballingschap, gedurende de oorlog, die vele andere toestanden leerde kennen; de instromingen van vreemdelingen, die thuis reeds geleerd hadden te spotten, of die los van de huiselike omgeving, hier ook de godsdienst los te laten, heeft ook in Z. Afrika de oude betovering verbroken, zodat ook wij komen onder de invloed der geestelike stromingen der oude wereld.
>
> (*De Hervormer* 1911:3)

Die hoë ideale voor die oorlog is vernietig en die Afrikaner het hom in toenemende mate op 'n pragmatiese en ekonomiese bestaan gerig. Van Belkum het meermale op hierdie lewensbestaan gewys. Op 15 Junie 1910 het hy geskryf:

> Nu weten wij wel, dat onze tijd een is van stofvergoding, van twijfel, van wantrouwen. Maar moesten wij niet ons daar boven verheffen? Is het niet telkens weer gedurig duidelijk: het geloof overwint de wereld en niet het ongeloof?...Wij moeten meer leven in nauwe gemeenschap, met Christus: meer neerzitten aan de voeten van Jezus om van Hem te leeren gelooven.
>
> (*De Hervormer* 1910:4)

Dit was ook van die aksente in die oordenking, '*Gerust Gesteld*'. Hy het in die oordenking die teksgedeelte, Eksodus 33:14, aangehaal en oor die Afrikaner se koersloosheid gestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Wanneer gij dan ook vraagt, waarom gaat God met ons niet mee! waarom zink ons volk dieper weg en wordt het ingeslot door den vreemdeling, die het vernedert tot waterdrager en houthakker, dan is de antwoord telkens: omdat ons het gouden kalf en dat aanbidt. Immers in onze dagen is het goud alles: voor goud waagt de man zijn vrijheid: de vrouw haar eer: de jongeling zijn gezondheid, de jonge dochter haar kuischneid: voor goud offeren de ouders hunne kinderen, verlaten, verloochen de kinderen hunne ouders. Het gouden kalf aanbidt ieder bijna in dit land.
>
> (*De Hervormer* 1911:3)

Om uit hierdie bestaan te kom, moet die volk hulle tot die aangesig van God bekeer; dit kan gebeur omdat die gelowiges deur Jesus Christus met God versoen is. Van Belkum het telkemale teenoor die maatskaplike verval of die geestelike ongeërgdheid, die dade van God in die Ou Testament en Nuwe Testament uitgelig. Die verkondiging van God se openbaring was die teenpool wat bo alle omstandighede uitstyg en so ook kerk en volk uitlig:

> Omdat velen christenen van onzen tijd zoo alles van de wereld verwachten en zoo geheel voor de wereld leven is hun oog voor de werklijkheid de eeuwigen levens verdonkerd. Eerst als wij weer onze verwachtingen hooger stellen en verstaan dat wij leven voor een eeuwigheid kunne wij ook weer verstaan de triomfkreet van Paulus: dood, waar is uw prikkel?
>
> (*De Hervormer* 1911: 4)

Die verval van die Afrikaner en die geloofsmoegheid het ook in ander oordenkings, soos '*Levensmoedheid*' (*De Hervormer* 15 September 1911:5), '*Goede moed*' (*De Hervormer* 15 Mei 1912), '*Niet Bidden*' (*De Hervormer* 15 Julie 1912), '*Een Ban*'

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(*De Hervormer* 15 November 1912); '*Behoed Uw hart*'( *De Hervormer* 15 Januarie 1913) neerslag gevind. Die eerste wêreldoorlog en die rebellie van 1914 het Van Belkum se aandag verskuif na die rol van politieke magte; maar in 1920 het hy voortgegaan om hom teen die verval van kerk en volk te rig.
In die oordenking, '*Die in den hemel woont zal lachen*', Psalm 2:4 en sy bespreking van *De Apostoliese Broeders* het dit duidelik geblyk dat Van Belkum steeds die historiese-kritiese omgang met die Bybel afgewys het. In laasgenoemde artikel het Van Belkum oor die rol en inhoude van gesag in die kerk en maatskappy uitgebrei. Teenoor die gesag wat die Rooms katolieke kerk en die 'apostoliese' dwaling aan die priester of 'apostel' heg, het Van Belkum die gesag van die Woord in die protestantse kerk gestel. Hy het verder oor dié gesag in die protestantse kerk uitgebrei:

> Maar dit is helaas vooral in de 20e eeuw op allerlei wijze ondermijnd. De zogenaamde hogere kritiek verenigd met een valsche wetenschap heeft aan de H. Schrift haar kracht ontnomen bij velen. De protestanten plukken in onze dagen in vele gevallen de heilloze vrucht van valse verdraagsaamheid en te grote toegevendheid aan allerlei geestelike stromingen.
>
> (*De Hervormer* 1920:6)

Ook in die daaropvolgende oordenking in *De Hervormer* het Van Belkum gewys op die verval in leer en die gevolg daarvan in die lewe:

> Zowel in de kerk, als in de geestelike en zedelike wereld is er geen gezag: ook daar is het 'Geen God, geen Meester". De leraars der kerk, geroepen het Evangelie te prediken en de Christus Gods als de Gezalfde, de Verlosser bij de mensen aan te prijzen, ondermijnen door

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> hun werk, door hun schrijven het geloof in de Zoon Gods...Het is een verouderd standpunt; de wetenskap ontdek nergens een God. Zo hebben de mannen der wetenschap ons geleerd
>
> (*De Hervormer* 1920:2)

Teenoor die geestelike en sedelike verval het hy voortdurend die voorbeelde van die christene wat met woord en daad op die maatskaplike terrein gedien het, gestel. Hiervan is sy artikels '*J H Wichern*' (*De Hervormer* 1921:8 ev); '*Elisabeth Fry*' (*De Hervormer* 1921:16 ev) en '*Theodoor Fliedner II*' (*De Hervormer* 1921:7 ev) voorbeelde. Die optrede van dié figure het Van Belkum egter gegrond in die voorsienigheid van God en in sy beoordeling van Wichern, Fry en Fliedner se dienswerk het hy die verbintenis tussen leer en lewe, geloof en barmhartigheid, vanuit die voorsienigheid van God, gehandhaaf. Van Wichern het Van Belkum (De Hervormer 1921:9 en 10)gestel:

> Twee dingen zijn in dit leven van Wichern merkwaardig. Vooreerst hoe de Heer der gemeente zijne werktuigen kiest, slijpt, staalt en dus voor de door Hem hun opgelegde taak toebereidt, en ten tweede hoe in het konin[g]rijk Gods alleen hij iets wordt, die door lijden en beproewing en harde arbeid daartoe is gevormd...In navolging van Falk, die in 1814, na de slag bij Leipzig, welke het Duitse volk verloste van Franse overheersing, zich het lot der kinderen zonder ouders, zonder tehuis, en verwaarloosd had aangetrokken en deze bij burger mensen, boeren en arbeiders onder dak bracht, richtte ook Wichern kleine familie huizen is, waarin de verwaarloosde knapen werden opgenomen.

Dieselfde aksente het hy ook van Theodoor Fliedner (*De Hervormer* 1921:7) beklemtoon:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Het leven der kinderen Gods wordt in elk opzicht bestuurd door de hand van de Vader zelf. Dit is ook weer duidelik te zien bij deze man des geloofs, omdat hij beroepen werd naar een kleine en arme gemeente, in wier geldelike nood hij had te voorzien en voor welke hij uitging naar de vreemde om gelden te kollekteren, werd hij geleid tot wat zijn levensroeping zoude worden. Op die kollekte reis leerde hij en in Holland en in Engeland ene menigte weldadige inrichtingen ter verpleging van ziel en licchaam kennen...

Die sedelike en morele verval van kerk en volk het ook konkrete eise gestel en daarom het Van Belkum veral die diens van barmhartigheid gepropageer. Hy was egter deeglik bewus van die kerk se taak en het ook gewys dat die kerk se taak is om die evangelie van Christus te verkondig en: '*De kerk is niet een liefdadigheidsinstelling*' (*De Hervormer* 1921:8). Sy betrokkenheid by sosiale opheffingsprojekte, asook sy oordenkings en kommentaar in die kerklike publikasies, het tot barmhartigheid tussen kerkgenote en volksgenote aangespoor. Van Belkum het in die sosialisme 'n oplossing vir die Afrikaner se sosio-politieke dilemma gesien, maar hy het nie die beginsels van die sosialisme lukraak nagevolg nie. Enersyds het hy die raakvlakke tussen die christendom en sosialisme uitgewys as:

> Het Christendom leidt het Socialisme in rechte banen en tracht langs ordelievende en vreedzame weg de sociale toestanden te verbeteren.
>
> (*De Hervormer* 1912:7)

As bewys hiervan het Van Belkum die optrede van steenkoolwerkers in Engeland met die van Duitsland (Barmen en Elberfeld) vergelyk. Volgens hom het laasgenoemde, vanweë hulle christelike geloof, nie aan die stakings deelgeneem nie. Dit is vir Van Belkum van belang:

1. Opdat onze Staatslieden zullen gaan verstaan, dat het onze natie ten val brengt, als door wetgeving en scholen het christelike beginsel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wordt ondermijnd en wij wel een klomp slimgeleerde mensen vormen, maar ook zonder beginsel.

2. Opdat de kerk wete en haar roeping ga verstaan, dat zij ook in de arbeiders klasse een grote macht heeft tot behoud van het christelik beginsel en moet afleren alleen te zien naar de rijken.
3. Dat ook leeraars zullen trachten, niet alleen hun kerk groot en rijk en sterk te maken maar ook zullen gaan werken aan de arbeidende klasse en ze opvoeden tot goede burgers en vreedzame werkers.
4. De kerk moet gaan begrijpen dat wij niet eenzijdig de nadruk moeten leggen op het leven hierna maar dat we ook moeten verstaan dat de gelovige gemeente ook op aarde een roeping heeft en als het zout verderf moeten keren.

(*De Hervormer* 1912:8)

Gedurende 1916 het Van Belkum namens die Hervormde Kerk, *Het Kongres ter bespreking van het vraagstuk der arme blanken te Cradock*, bygewoon. By die kongres het hy nie net van die rassekwessie nie, maar ook van die armblanke-kwessie, kennis geneem. Van Belkum se oordeel oor die kongres was ondermeer:

> Het kongres is uitnemend geslaagd, al kan men niet terstond grote gevolgen verwachten. De oogen zijn opengegaan voor een groot volksbelang: de belangstelling gewekt, het gevaar is aangetoond.

(*De Hervormer* 1916:8)

Toe hy in 1917 met vakansie deur die Kaapprovinsie gereis het, het Van Belkum se belangstelling in die opheffing van die armblanke veral met sy besoeke aan T Searle se skoenfabriek, die gevangenis vir Jeug misdadigers te Kaapstad, die Industriële skool en die *Doofstommen en Blinden Instituut* te Worcester geblyk. Van Belkum het dus die kerk se rol binne die volk en staat as Evangelie-draer gesien, maar daarmee saam het die kerk die plig gehad om barmhartigheid te bewys.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teenoor die staat het Van Belkum 'n meer kritiese standpunt ingeneem. Die kerk kon nie die funksie van die staat oorneem nie. Van Belkum het onderskei tussen die funksies van kerk en staat en gevolglik ook die regte waarop kerk en en staat kon aanspraak maak. Vir hom het die staat se reg op 'n *ius circa sacra* neergekom en daarom het hy met verontwaardiging gereageer toe die Nederduits Gereformeerde Kerk die Unie-parlement versoek het om die vereniging van die Kaapse, Natalse, Vrystaatse en Transvaalse N G kerke te bekragtig. Nadat Van Belkum die skeiding tussen kerk en staat in die geskiedenis voorgehou het, gaan hy oor tot die beoordeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk se versoek en stel:

> Door deze Wet te behandelen en aan te nemen heeft de staat een verderflijk beginsel ingevoerd, nl. dat zij zich gaat mengen in de inwendige dingen ééner kerk.
>
> (*De Hervormer* 1911:6)

Van Belkum se kritiese standpunt teenoor die politiek en die staat het al eerder geblyk toe hy teenoor Bosman in *Klare Wijn* gestel het dat hy van politiek niks goeds verwag nie. Teenoor die politiek en staatkunde het Van Belkum die beginsel van Efesiërs 4:5 gestel: '*Daarom legte af de leugen en spreekt de waarheid een iegelijk met zijnen naaste*' (*De Hervormer* 1912:5). Na aanleiding van 'n berig in *Die Kerkbode*, dat enkele lede van die parlement in die gebed volhard het, het Van Belkum geskryf:

> Dat is goed nieuws: dit moet en kan allen Christenen verblijden. Wij zijn gewoon aan het spreekwoord, wanneer een christenman op 't regeringskussen gaat zitten, dan glijdt de Christen gewoonlijk er af. Christen-staatslieden zijn dan ook schaars, vooral in Z. Afrika. Maar hier blijkt het anders te zijn.
>
> (*De Hervormer* 1912:8)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oor die algemeen het Van Belkum nie 'n hoë dunk van politici gehad nie en het hy meermale die optrede van politieke figure veroordeel. Na aanleiding van 'n oordenking, '*Husai*', het Van Belkum vanuit 2 Samuel 2:17 die verhouding tussen die christendom en politiek beskryf:

> Voor een christen is het eerste beginsel van zijn leven: oprechtheid en waarheid in alles, in het openbaar, in het geheim, in de wereld, voor God. Maar dit uitsprekende erkennen wij daarmede ook, dat in de wereld het beginsel der zonde werkt, in het christendom het beginsel der waarheid de toon moet geven. Maar door dit te erkennen, wordt dat terrein van het politieke leven voor de christen afgesloten, tenzij dan dat deze terrein dit hogere levensbeginsel tot geldigheid wil brengen. Of het zal gelukken, is een andere vraag, maar wij menen, dat, wanneer een christen geroepen wordt naar de politiek, hij dan wel moet verstaan, dat hij niet als Husai daar mag zijn en zulk een raad geven, tegen beter weten, die zijn raadvrager in het verderf moet storten.
>
> (*De Hervormer* 1912:4)

Dat politici ook van hulle christenskap blyke gee, het Van Belkum aangegryp om die morele vervlakking teen te werk. Toe die Minister van Spoorweë, Burton, tydens 'n amptelike besoek die skoolkinders aangemoedig het om harder te werk en minder leeg te lê, het Van Belkum, nie sonder sarkasme nie, daarvoor lof gehad:

> Het doet ons groot genoegen, dat de ogen van onze eminentste staatslieden opengaan of open zijn voor de dingen, die als een kanker vreten aan ons volksbestaan.
>
> (*De Hervormer* 1912:7 en 8)

Van Belkum se noue verbintenis met die volkslewe en sy kritiese afstand teenoor die staat, het met die 1922 staking duidelik geword.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In *De Hervormer* het Van Belkum *'Een Roep om hulp!'* gepubliseer. Ten spyte van die hulp wat reeds vir die weduwees, wese en ander slagoffers deur die Administrateursfonds ingesamel is, het Van Belkum 'n verdere beroep op ondersteuning gedoen (*De Hervormer* 1922:8 en 9).
Van Belkum se noue verbintenis met die Afrikanervolk het duidelik uit sy artikels geblyk. Sy standpunte ten opsigte van die staat het egter ook van die owerheid en politiek gegeld. Van Belkum het nie 'n duidelike onderskeid tussen dié drie instellings getref nie, waarskynlik moet dit enersyds aan die sterk christologiese beginsel in sy teologie en andersyds aan die verweefdheid van kerk, volk en staat in sy gedagtes toegeskryf word. Dit kom met Hoedemaker se gedagtes ooreen; Dreyer (1995:205) het Hoedemaker so aangehaal:

> En niet van de politieke leiders, maar van de Kerk van Christus gaat de kracht uit. Zij is door God in het middelpunt van het volksleven geplaatst als het hart in het lichaam en onafscheidelik van het lichaam.

Voor en tydens die Rebellie het Van Belkum hom oor politieke aangeleenthede uitgespreek, maar die verskeurdheid wat onder kerk en volk geheers het, het Van Belkum genoop om hom van politieke vraagstukke te onttrek. Dit het egter nie beteken dat hy hom nie steeds vir die vertroosting en opheffing van die Afrikanervolk beywer het nie.

### 5.3.2 Kerk en skool

Van Belkum se teokratiese denke was bepalend in sy siening van die verhouding tussen kerk en skool. In die jare 1910 tot met sy emeritaat, het hy nie net in die kerklike blaaie vir 'n hegte band tussen kerk en skool gepleit nie, maar ook aktief aan die *Christelijk Nationale Onderwijs Vereniging* deelgeneem. In sy artikel '*Kerk en School'* (*De Hervormer* 1910:8 ev) het Van Belkum eers die kerk se invloed op die ontwikkeling van skole in die geskiedenis nagegaan. Hy het agtereenvolgens die geskiedenis van die eerste vyf eeue aan die orde gestel, na die verskillende sinodale

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besluite tydens die hervorming verwys en ook die invloed van die kerk in Suid-Afrika op die onderwys. Van Belkum het in die artikel nie net die les van die geskiedenis voorgehou nie, maar ook 'n neutrale onderwysstelsel afgewys. Hy het gepleit dat die kerk met nuwe ywer sy verantwoordelikheid teenoor die onderwys moet nakom:

> Verlokt door de bepaling van gratis onderwijs heeft zij zich (die kerk in Suid-Afrika – CP) in Transvaal de macht over scholen uit handen laten nemen en zonder eenig protest harer zijds zich in een hoek laten dringen: zij heeft toegelaten, dat duidelijk gezegd: dat men op schoolgebied liefst zoo weinige mogelijk de kerk moest erkennen. Dat in de districten de leeraars nog leden van de School besturen zijn is alleen te wijten aan de omstandigheid dat men nog niet openlijk de kerk voor het hoofd wilde stooten.
> Wanneer de beginselen in de Transvaalsche Schoolwet neergelegd: bevoorrechting van het Engelsch, een neutraal kleurloos Bijbel lezen: wanneer de scholen opgevuld zullen zijn met jonge mannen en meisjes, die op Gouvernements-Normaal scholen zijn opgeleid, scholen geheeld aan den invloed der kerk ontrokken, dan zal misschien de kerk ontwaken en inzien dat haar invloed op het volk geheel is verloren.

Van Belkum het in die *Hervormer* kritiek op die Smuts-onderwyswet, Wet no 25 van 1907 gelewer. Symington het vroeër aangedui dat die Smuts-onderwyswet 'n voortsetting van die Milner-Selborne onderwyswetgewing was (Symington 1948:345) en Van Belkum het hom veral teen artikel 34 van die wet gerig. Dié artikel het gelui:

> Elke skooldag sal begin met die lees van 'n Skrifgedeelte en gebed, behalwe in skole vir nie-Christelike kinders. In ander skole kan sulke kinders se ouers vra dat aan hulle geen Bybelonderrig gegee word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Geen dogma sal in skole geleer word nie. Onderrig in Bybelles sal deur niemand behalwe onderwysers gegee word nie.
>
> (Symington 1948:342,343)

Symington het in sy navorsing die ontwikkeling van die CNO-Vereniging aangewys en hierby was Van Belkum reeds op 'n vroeë stadium betrokke. Tydens die tweede konferensie van die CNO-Vereniging te Potchefstroom in 1912, het Van Belkum as afgevaardigde van die Heidelberg-tak, sitting geneem. Van Belkum het hom ten volle met die doel van die vereniging vereenselwig:

> ...het schoolonderwijs in te richten op bijbelse grondslag, overeenkomstig de doopsbelofte en in zake de opvoeding het door God gelegde verband tuschen huis, school, kerk en staat alzo tot zijn recht te doen komen.
>
> (*De Hervormer* 1912:4)

Van Belkum se deelname word gekenmerk enersyds deur sy wantroue in Smuts-se beleid, maar andersyds ook sy afgrensing teen wat hy as kerkskole beskou het. Van Smuts se onderwysbeleid het Van Belkum opgemerk:

> Generaal Smuts heeft ons een mooie 'trick' gespeeld en die 'trick' is deze, dat de kinderen voor niet school gaan, en dat er zelfs 'donkeys' geleverd worden om hen naar school te vervoeren. Ja, desnoods schoenen voor de kinderen om aan te trekken. Alzoo heeft hij onze zaak dood gemaakt.
>
> (*De Hervormer* 1912:5)

Van Belkum het deur sy betoog by die voorstel van ds L P Vorster van Rustenburg aangesluit. Hy het voorgestel:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...de konferentie benoem zekere personen om naar gelegenheid en omstandigheden voor publieke vergaderingen overal in het land op te treden, om het beginsel van Vrije scholen met Gouvernments ondersteuning te bepleiten.
>
> (*De Hervormer* 1912:5)

Van Belkum se ondersteuning van Vorster se voorstel het beteken dat hy hom teenoor J D du Toit gestel het. Van Belkum het sy steun aan Vorster toegesê, omdat hy veral die finansiële moontlikhede wou uitbrei. Indien ander skole, bv Rooms Katolieke dieselfde standpunt kon huldig, naamlik skole op eie grondslag, maar met staatsubsidie, kon dit ook die Christelik Nasionale skole bevorder. Dit het in sy verdere betoog duidelik geword:

> Krijgen wij vrije scholen, dan kunnen de Engelsen hunne Engelse, en wij onze Hollandse scholen hebben. Hij hoopt ondersteuning te vinden bij Roomsen en Engelsen. Als hij 't met de Roomsen kan vinden vrije scholen te verkrijgen, dan kan hij daarin en zóver met hun meegaan. Die Roomsen krijgen dan subsidie en wij ook.
>
> (*De Hervormer* 1912:5)

Van Belkum en Vorster wou die finansiële las ligter maak en met staatshulp die christelike-nasionale beginsel bevorder. Hulle het voorgestel:

> Deze Konferentie acht het met 't oog op de twee voornaamste nationaliteiten in 't land noodzakelik voor 't behoud van onze Hollandse nationaliteit, taal en godsdienst, dat waar dit door 't publiek verlang wordt, aparte Hollandse en Engelse scholen door 't goevernement worden ondersteund en dat er bij onze Provinciale Raadsleden op aangedrongen worde om de wet in de richting te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> wijzigen en dat de verdere uitvoering van 't beschrijvingspunt aan het Hoofdbestuur opgedragen worde.
>
> (*De Hervormer* 1912:5)

Die voorstel is deur die konferensie aanvaar. Van Belkum het in sy argumente ook gewys op die samewerking met selfs die Rooms Katolieke Kerk. Dit het vir hom in die eerste plek oor die breër beginsel van christelike onderwys teen die neutrale onderwys van die staat gegaan en hierin kon selfs die Rooms Katolieke Kerk as bondgenoot dien. Wanneer dit egter oor die protestantse geloof gehandel het, was hy dit met Vorster eens dat die susterskerke saam teen die Roomse kerk moes stry. Van Belkum het hom egter ook teen 'n ander uiterste afgegrens naamlik die kerkskole. Reeds tydens sy Nederlandse periode het hy die beginsel van kerkskole afgewys; Van Belkum het eenvoudig die skool met die Bybel in die vooruitsig gestel. In Suid-Afrika het veral die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika tot die oprig van kerkskole oorgegaan en hierdie handeling kan veral aan die geskiedenis van dié kerk sedert 1859 toegeskryf word. Van Deventer (1985:30 ev) het ondermeer gestel dat die Gereformeerde Kerk verplig was om eie privaatskole op te rig, omdat die skole tot op daardie tydstip dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Die situasie het ontstaan omdat die Hervormde Kerk volgens die *1858 Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek* as staatskerk beskou is en volgens die wet moes onderwysers lidmate van die Hervormde Kerk wees. Volgens Van Deventer het dit die Gereformeerde Kerk genoop om kerkskole te vestig, terwyl die Hervormde Kerk eerder 'n algemene staatsonderwysstelsel met 'n Christelike en volkseie karakter voorgestaan het (vgl Van Deventer 1985:45 ev). Van Belkum was nie 'n voorstander van die kerkskole nie. Reeds in Mei 1912 het Van Belkum, toe hy die besluite van die Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk beoordeel het, hom teen kerkskole uitgespreek:

> *Kerkscholen* zullen aanleiding geven tot grote strijd en verdeeldheid tussen de verschillende kerken, o.a. ook bij de aanstelling van onderwijzers, wat nu reeds hier en daar voorkomt en zal in Transvaal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> de Hervormde en Gereformeerde kerken doen op zij staan en dus ook de kerkelijke strijd op schoolgebied overbrengen.
>
> (*De Hervormer* 1912:8)

Tydens die CNO konferensie het hy weer eens gestel:

> ..., dat in ons land nog 't idee heerst dat C.N.O alleen een zaakje was van de Geref. Kerk. Hij wil ook geen *Kerk*scholen. Die zullen ons verdelen; ook prakties zijn ze onmogelik, want de mensen wonen door elkaar, ze zijn bovendien onnodig. Op dit gebied heeft men in Holland saamgewerkt. Wat wij willen is een samenwerking op bijbelse grondslag. Als Christenen moeten wij tegenwerken scholen waar 't mogelik is dat onderwijzers vragen, wanneer zij van de schepping verhalen: "Kinders geloven jullie nog aan dat verhaal van de schepping, de wereld is dan al millioenen jaren oud".
>
> (*De Hervormer* 1912:9)

Van Belkum het eerstehandse ervaring van die neutrale onderwysmetode gehad. Enkele jare van te vore is sy seun Gellius voor stok gekry omdat hy sou ontken het dat daar nie 'n God bestaan nie. Van Belkum het vanweë die voorval hom sterk uitgelaat oor die pedagogiek:

> Het godsdienstige gehalte van 't onderwijs betreurt hij (Van Belkum – CP). In huis worde onze kinderen godsdienstig opgevoed, maar op school wordt er gevraag: 'Geloof je dat? Is dat wel waar?' Zo worden onze kinderen *dubbelhartig*.
>
> (*De Hervormer* 1912:11)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om die soort onderwys teen te werk, het Van Belkum en A H Koomans voorgestel dat ‘n christelike boekereeks saamgestel word en dat die vereniging by die departement van onderwys moet aandring dat die boekies in die leerplan opgeneem word. Ook dié voorstel van Van Belkum is deur die vergadering aanvaar (*De Hervormer* 1912:12). Van Belkum se invloed het verder geblyk toe hy en S W van Niekerk tot lede van die Hoofkomitee (Transvaal-afdeling) verkies is.
Van Belkum se belang by die pers, sy bydrae tot die kerklike joernalistiek en die daarstel van ‘n christelike boekereeks, beklemtoon die waarde wat hy aan die media van sy tyd geheg het. Hy het deeglik besef dat dit as teenvoeter teen die bedreigings van kerk en volk ingespan moes word. Om die bedreigings af te weer, het hy in breër verband vennote gesoek, maar wanneer die besondere posisie van die Hervormde Kerk bedreig is, het hy hom van die medestanders afgegrens. Tereg is na hom verwys as die bouer en verdediger van die Hervormde Kerk. Dié kerk het egter ten opsigte van die onderwys ‘n verantwoordelikheid gehad en een van Van Belkum se lewenskenmerke was, dat die kerk in diens van Christus en tot diens van die Afrikanervolk moes wees.

## 5.4 Emeritaat

In die jare kort voor Van Belkum geëmeriteer het, het dit duidelik geword dat sy werksvemoë en invloed in die Hervormde Kerk afgeneem het. Die kerklike publikasies wat hy gevestig het, is mettertyd deur jonger kollegas oorgeneem. Sy dienstyd as skriba van die Algemene Kerkvergadering het in 1922 ook tot ‘n einde gekom. Reeds tydens die Algemene Kerkvergadering van 1919 het dit geblyk dat dr H C M Fourie as moontlike opvolger kon dien en tydens die Algemene Kerkvergadering van 1922 is H C M Fourie inderdaad tot skriba verkies. Hy het egter nie die benoeming aanvaar nie waarop die vergadering ds A J Barger tot skriba van die Algemene Kervergadering verkies het. Teenoor Van Belkum het die vergadering, by monde van L E Brandt, hulde gebring:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Spreker brengt hulde aan het grootte werk dat ds van Belkum nu 25 jaren achtereen gedaan heeft en hij nu zelf vrijwillig neerlegt.
> De Voorzitter stel voor dat de Alg. Kerkverg, een blijk van waardering geven voor de grote trouw en uitstekende diensten van ds van Belkum.
>
> (*De Hervormer* 1924:19)

Van Belkum het op L E Brandt se huldeblyk geantwoord:

> Zijn [Van Belkum- CP] grote drijfveer bij zijn arbeid was steeds zijn plichtsbesef, zijn gevoel van verantwoordelikheid niet aan de mensen maar aan God.
> Zijn opvoeding was ook geweest een van strenge plichtsbetragting. Voorts dankt ds Van Belkum voor al de waardering en samenwerking, die hij steeds heeft ondervonde. Zoolang God hem het leven geeft wil hij voortgaan met te arbeiden voor de kerk en gemeente, want bij alles was de grondtoon "De liefde van Christus dringt mij".
>
> (*De Hervormer* 1924:19)

Tydens die vergadering het ds van Broekhuizen, as blyk van waardering, aan Van Belkum 'n tikmasjien oorhandig. Van Belkum het sy dank uitgespreek en volgens die notule:

> ...ds van Belkum denkt terug aan de tijd 31 jaar geleden, toen hij met de trein op Vrijdag aankwam naar Rustenburg, niet wetende wat de toekomst zou brengen. ZijnEerw. heeft echter geleerd, dat de weg van de mens niet zijn weg is, maar Gods weg. Hij heeft Volk en Kerk lief gekregen en hoopt zo lang God hem spaart voor de kerk te blijven arbeiden.
>
> (*De Hervormer* 1924:23)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat sy werksaamhede in toenemende mate afgeneem het, het aan hom die geleentheid gebied om in 1917 na die Kaapprovinsie en in 1926 na sy geboorteland te reis. Van sy reis in die Kaapprovinsie het Van Belkum soos gebruiklik in die *Hervormer* verslag gegee:

> Na een vrij wel onafgebroken werkzaamheid van bijna 18 jaar is het mij mogen gebeuren eens op reis te gaan en voor een tijd mijn gewone arbeid op te geven. Aangezien ik nog maar heel weining van Zuid-Afrika had gezien en met het kerkelik leven in de Kaap Provincie weinig bekend was, heb ik de voorkeur aangegeven mijn reis daarheen in te richten en zo verliet ik, vergezeld van mijne vrouw, op de 30 Januarie, Johannesburg naar Port Elizabeth.
>
> (*De Hervormer* 1917:6)

Van Belkum het in sy eerste brief van 6 Februarie 1917 uitgebrei oor die liturgiese gebruike, die voorlesing, nagmaalgebruik, kleredrag en erediensorde van die Kaapse kerk en dit met die gebruike in die Hervormde Kerk vergelyk. Van die reiservaring self het Van Belkum geskryf:

> Wil men op reis gaan om recht te genieten, te rusten, kennis op te doen, nieuwe indrukken te krijgen, dan neme men geen pleziertreinen en ga niet naar de drukbezochte badplaatsen.
>
> (*De Hervormer* 1917:7)

Van die indrukke wat vir Van Belkum uitgestaan het, was die gevolge van die Eerste Wêreldoorlog, wat veral in Kaapstad gegeld het. Hy het hom oor die soldate negatief uitgelaat:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Is het in gewone tijden aangenaam om in Adderleystraat en de tuinen te wandelen, nu was het er niet erg pleizierig. Alles was vol van militairen, die geheel de straat en de wandelpaden, de banken in de tuinen en zelfs het gras inbeslag hadden genomen...Helaas, de oorlog heeft een treurige invloed op de moraliteit van de natie, ook in Kaapstad.
>
> (*De Hervormer* 1917:6)

Van Belkum het gedurende die reis ook besoek gebring aan die Blinde en Dowe Skool te Worcester en verskeie ander barmhartigheids instansies. Oor die doel van sy gereelde reisbeskrywings het hy opgemerk:

> Vraagt de lezer nu, waarom ik dit reisverhaal heb geschreven, dan is mijn antwoord: Laat ook onze kerk weten wat er door andere kerken wordt gedaan, uit liefde tot Kristus; laat het haar jaloers maken en zeggen: wat kunnen wij doen? Wij kunnen, wij moeten meer doen, als we navolgers van Kristus willen zijn.
>
> (*De Hervormer* 1917:8)

Na die kort reisvakansie in 1917 het Van Belkum eers weer in 1926 die geleentheid gekry om op reis te gaan. Sedert sy koms na Suid-Afrika in 1891 het Van Belkum nog net eenmaal na Nederland gereis in 1898, die tweede reis het 35 jaar later, in 1926 aangebreek. Sy besoek in 1898 was sonder mev Van Belkum, maar toe hy op 24 April 1926 vertrek het, kon sy lewensmaat die reis met hom meemaak (*De Hervormer* 1926:1). Ook van dié reis met die *Tanganjika* na Nederland, het hy gereeld in die *Hervormer* verslag gegee. Tydens die reis het hy en een van die Duitse predikante gereeld Sondag-oggende diens gehou. Van Belkum het in sy eerste brief die onderskeid tussen die passasiers vermeld naamlik die wat hulle Sondag-oggend met vermaak besig gehou het en die sowat dertig passasiers wat gereeld die eredienste bygewoon het. Die kerklike klimaat in Nederland is gekenmerk deur die stryd tussen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die protestantse kerke en Van Belkum het dit as teleurstellend ervaar. Een van die aanleidende oorsake tot die verdeling het Van Belkum aan die selfstandig posisie wat die vrye kerkbegrip aan gemeentes toegeken het, toegeskryf (*De Hervormer* 1926:18). In Nederland het hy en mev Van Belkum heelwat gereis, soseer dat hy bykans nie die geleentheid gekry het om te skryf nie. Van Belkum het in sy opvolgskrywe van 29 Augustus 1926, uit Velp berig, dat hy verbaas was oor die belangstelling wat Nederland vir die Afrikaner gekoester het. Ten spyte van die belangstelling het Van Belkum ervaar dat die kennis van Suid-Afrika afgeneem het. Van die kerklike toestande het Van Belkum hom mettertyd op hoogte gebring en verklaar ondermeer:

> Langzamerhand vond ik uit, dat er in de kerk nog drie grote groepen waren, evenals vroeger: te weten de Konfessionelen, de Ethischen en de Liberalen, vroeger de modernen genoemd.
> De eerstegenoemde zijn zware broeders, die zich sterk vasthouden aan de leringen der oude godgeleerden van de zeventiende en achtiende eeuw, en zeer zwaar zijn: de laatsgenoemden geloven niet in wonderen, ook niet dat Christus Jezus de Zoon Gods is, en erkennen de Bijbel niet als Gods Woord; die tweede groep houdt zich in hun prediking sterk aan de Bijbel en prediken voor al de liefde Gods en Jezus Christus als Gods Zoon, gekomen om de wereld met God te verzoenen. De eersten vooral in sommige provinsies hebben volle kerken, de laatsten hebben maar weinig hoorder: die middelste groep, mag zich ook verheugen in volle kerken vooral in de steden en onder de jongere mensen. Waar ik in de kerk was bij de middelsten vond ik ook meestal de kerken goed bezet, vooral wanneer er een gezocht prediker was. Ik heb dan ook onder hun gehoor zijnde al menige mij stichtende predikatie gehoord, waarin 'n ruime opvatting van het Evangelie der verlossing het middelpunt was.
>
> (*De Hervormer* 1926:66)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Belkum se waardering van die 'etiese' middelstroom moet egter nie sondermeer lei tot die gevolgtrekking dat sy teologie as 'eties' getipeer kan word nie. Dit moet beklemtoon word, dat met Van Belkum se vertrek uit Nederland in 1891, die onderskeie strominge nie klinkklaar aangewys kan word nie en Van Belkum het by sowel 'etiese' teoloë, soos J H Gunning en A W Bronsveld, as by konfessionele teoloë, soos Hoedemaker aansluiting gevind. Hiervan dien in omvattender verband, Hoedemaker se aanvanklike medewerking met Kuyper aan die *Vrije Universiteit*, en selfs die toenadering tussen J H Gunning en Hoedemaker as illustrasie. De Jongh (1978:380) het die teologiese milieu in die Nederlandse Hervormde Kerk na 1920 so beskryf:

> Daar werden na 1920 twee invloeden merkbaar: bij de linkervleugel het werk van Roessingh en van G J Heering (1879-1956), bij de 'middengroep' van ethischen en confessionelen de arbeid van Karl Barth (1886-1968).

Veral die herdrukke van Barth se kommentaar op die Romeine brief (1919) in 1921, 1925 en 1930 het die Nederlandse teologie beïnvloed. Barth se teologie is in sommige Nederlandse kringe negatief beoordeel en is selfs as kohlbruggiaans aangedui (De Jongh 1978:381).

Van Belkum se dienstyd het in 1927 geëindig toe die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sy akte van emeritaat aan hom oorhandig het. Op Sondag 16 Oktober 1927 het Van Belkum in die gemeente Heidelberg sy afskeidspreek gelewer. As teks vir die prediking het hy Handelinge 20 vers 32 voorgehou: '*En nu, broeders! Ik beveel u Gode, en den woorde zijner genade, die magtig is u op te bouwen, en u een erfdeel te geven onder al de geheiligden*'. Vir oulaas het hy die gemeente Heidelberg soos volg toegespreek:

> Broeders en Zusters!
>
> Wat ik U heb voorgelezen is het afscheidswoord van Paulus, gesproken tot de ouderlingen der gemeente te Ephese, die hij had

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgeroepen naar Milete, de haven van die stad. Hij was op reis naar Jeruzalem, en had geen tijd en gelegenheid om naar de stad zelve te gaan.

Het was niet de eerste maal dat hij die gemeente bezocht; eerst een kort oponthoud van een paar maanden, later van meer dan twee jaren; zijn werk was daar eerst zeer gezegend, en velen werden toegebracht tot het geloof in Jezus Christus, totdat er een oproer uitbrak, waarin hij groot gevaar voor zijn leven liep, door dat de zilversmeden, die uit de vervaardiging van zilveren beeldjies van de gevierde godin Diana, groot gewin maakten, ondervonde dat hun bedrijf achteruit ging, gevolg van het vervallen van de afgoderij.

Zij was een toe ter tijde bloeidende stad, vol prachtige gebouwen, grote koophandel, en vooral zeer beroemd door de prachtige tempel van Diana, wier beeld, zo men zeide, uit de hemel gevallen was.

Het verwondert ons niet dat Paulus begeerte had nog eenmaal die gemeente te bezoeken, in welke hij door Gods genade met zoveel zegen had gewerkt. Te meer was die begeerte groot, omdat hij op reis was naar Jeruzalem, waar hij vreesde, dat banden en verdrukking hem wachten, zodat hij niet meer in deze stad zou terugkeren.

Wat wij hier lezen in Hoofdstuk 20 is een overzicht van het werk dat de Apostel in Ephese had verricht; in de dienst van zijn Heer en Zender had hij onder vele tranen en verzoekinge de volle raad Gods verkondigd, maar door de lagen der Joden en het oproer van Demetrius had hij deze werkkring moeten verlaten. Trouwe evenwel aan zijne roeping, had hij niets achter gehouden van de verkondiging van de volle raad Gods, en wat nuttig was voor allen, Jood of Griek. Het was het evangelie der verzoening met God door Jezus Christus: grote zegen had hij op die prediking ondervonden. Nu was hy op reis naar Jeruzalem, en overal voorspelde men hem dat hem daar banden en vele verdrukkingen wachten. Hij zou ondervonden, dat alleen een beroep op de Keizer, omdat hij een Romeins burger was, hem van de dood kon redden. Tot tweemaal toe zegt hij, dat hij niets heeft

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

achtergehouden, dat hij niet zou verkondigd hebben de volle raad Gods, dat is hij heeft het Evangelie der genade gepredikt, maar ook dat men zich zou bekeren, en dat alleen de wedergeboornen het Koninkrijk der Hemelen zouden ingaan; het profeties woord, dat het de goede wel, doch de kwade kwalik zou gaan.

Zo vermaant hij dan ook de Ouderlingen naarstige wacht te houden over de kudde Gods, omdat er vele wolven zouden inkomen, die de kudde niet zou sparen, en er mannen zouden opstaan om de discipelen af te trekken achter zich. Immers die Ouderlingen waren niet uit zich zelven tot dit ambt gekozen, maar door de Heilige Gees daartoe gesteld.

Zoo moesten zij waken en gedenken, dat hij zelf die jaren nacht en dag niet opgehouden had een eigelijk te vermanen onder tranen en gebeden. Daarom beveelt hij hen dan ook aan God en zijn genade, die alleen hen kon opbouwen en een erfdeel geven onder al de geheiligden. Dit was ook Paulus eigen ervaring geweest, zijn troost en kracht.

Als de Apostel verder spreekt over zijn arbeid, wijst hij er ook op dat hij geheel belangeloos heeft gedaan: niemands goud of zilver of kleeding heeft hij begeerd; met eigen handen heeft hij gewerkt om in zijn nooddruft te voorzien, omdat hij wist dat de gemeente nog niet geleerd had haar leraar te onderhouden en voor de Heer iets te offeren. Het was voor hem zaliger te geven, ook zich zelven, dan aardse dingen te ontvangen. Hij was een diensknecht van Christus, geen knecht van mensen of van hun leeringen. Zo had hij zich ook niet gevoegd tot de rijken en machtigen, maar de zwakken en behoeftigen aangetrokken. Zijn Heer en Meester had dit immers ook gedaan, als Hij in zijn woord richtte tot de vissers van Galilea, tot de armen van geest, de hulpzoekenden en de zondaars en tollenaars, de kranken en troost-behoevenden.

Nadat de Apostel zijn laatste woord tot de Ouderlingen had gesproken, knielden zij neder, hebben gebeden, en een lofzang tot God opgezonden.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Broeders en Zusters!

Het was de eerste Zondag in Augustus, 23 jaar geleden, toen ik voor het eerst als Uw leraar en herder het Nachtmaal met u vierde. Wel had ik U vroeger bezocht en het Nachtmaal bedien in 1892, 1894, 1899 en in 1902, zodat ik geen onbekende onder u was. Weinigen zullen zich dit herinneren, want vele zijn gestorven, vooral van degenen, die toen als pilaren der gemeente werden geacht. Dat is lang geleden niet waar? Door de oudste leraar der kerk van die dagen, de oude Broeders Ds C W du Toit, die nog als Emeritus predikant onder ons leeft, en ondanks zijn zeer hoge leeftijd nog dikwijls als predikant optreed, werd ik als Uw leraar bevestigd. Als intree-preek nam ik de tekst, 1 Corinthen 2:2 waar Paulus deze woorden heeft neergeschreven: Ik heb mij niet voorgenomen iets te weten onder U, dan Jezus Christus en die gekruist. Het was dezelfde tekst, waarover ik preekte, toen ik ruim vijftig jaren geleden mijn intrede deed in mijn eerste gemeente te Varik, na door mijn oom aldaar te zijn ingezegend; dit was ook de tekst, die ik had gekozen toen ik in 1891 na door Ds. Goddefroy te zijn bevestigd, voor het eerst in Rustenburg de herderstaf in Zuid-Afrika opnam. Dit woord van Paulus was toen en is nu nog, om zo te zeggen mijn werkprogram. Ik dank de Heer der gemeente, dat ik mag verklaren aan dat program getrouw te zijn gebleven. Ik meen dat ik U van kansel, de kinderen in de katechisatie, en de kranken op hun ziekbed, of bij mijn huisbezoek niets anders heb geleerd, dan dat Jezus Christus, Gods Zoon, de enige Zaligmaker is, gekomen om te redden wat verloren is. Dit was ook voor mij de volle raad Gods, zodat ik de heilbegerigen kon troosten, maar ook de zondaars en Phariseën kon toeroepen: Wee U, indien gij U niet bekeert en deze Zaligmaker volgt.

Als wij dit Evangelie brengen, en daardoor tot de konscienties spreken, zijn wij niet altijd bij velen gezien en geprezen; ook ik was dat niet. De ene was ik te streng, te ernstig, de ander te zacht, te slap. Immers velen menen dat een leraar altijd maar over Gods goedheid moet spreken of van de kansel moet straffen of schelden over zonden,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ongeloof en afval van het geloof. Ik heb altijd gemeend dat de prediking van het Evangelie een aansporing is tot het aannemen van Christus, een bestraffing van de zondaar, omdat de prediking tot de konscientie spreekt. 't Is maar de vraag of de prediking voortkomt uit een hart vol liefde en trouw of uit een begeerte om te kritiseren en te vitten. Wij weten een vader, een moeder, een opvoeder komen ook niet altijd met zoeten woorden, maar ook met de woorden van tucht en bestraffing. Ook onze Hemelse Vader troost, waar dit nodig is, maar bestraft ook als Hij het voor ons het beste vindt.

Deze gemeente heeft moeilijke tijden doorgemaakt. Zij heeft niet altijd willen horen van zonde en ongerechtigheid. Waar tot de konscientie gesproken wordt, daar werkt de prediking geloof en bekering, maar niet allen willen zich bekeren, en luisteren naar de roepstemmen Gods. Het is goed voor ons leraren, dat wij niet altijd weten, wat er in de harten der gemeenteleden omgaat. Wij zouden misschien al te licht bedorven worden door vleierij, of mismoedig door allerlei kritiek en veroordeling; maar toch moet ik zeggen dat een weinig meer vertrouwelikheid en ook een weinig meer openhartige en het goede bedoelende kritiek mij zeer aangenaam zou zijn geweest. En waar ieder leraar dit ontmoet is het goed gehoorzaam te wezen aan het woord "Zaaier, zaai in Gods naam voort en doe het werk des Heeren," en een ander is het die zaait, een ander die maait.

De Apostel Paulus heeft de gemeente en hare Opzieners Gode en Zijne genade aanbevolen. Aan wie kon hy het anders en beter doen?

Broeders Ouderlingen en Diakenen, dit is ook het laatste woord als leraar van mij aan U. God zij met U en zij U genoeg.

Weet dat de tijden zwaar zijn en dat zware wolken willen binnen komen. Ik meen daarmee niet de verschillende sekten, die in deze dagen opstaan en velen zoeken ter verleiding, zij maken altijd hun verschijning als er verachtering is in het geloof en in het Christelike leven. De wolven, die komen en zoeken te verslinden zijn de zonden van onze tijd, de zelfzucht, de onzedelijkheid, de oneerlikheid, het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afvallen van het geloof, het gebrek aan onderlinge liefde. Wij uit ons zelven kunnen haar niet met goede uitslag bestrijden; dat kan alleen de Genade des Heren en de liefde van Christus, de goeden en trouwe Herder. Daarom beveel ik U en de gemeente Hem en zijne genade aan. Ik dank U voor onze samenwerking in de vergaderingen, bij ons huisbezoek. Ik heb altijd de indruk gehad, dat ik een u welkome gast was, zowel als voor Uwe echtgenooten en Uwe kinderen. Ik dank u en hen daarvoor. Ook herinner ik mij niet dat wij een stormachtige vergadering hebben gehad, waarover wij ons later hadden te schamen.

Niet lang geleden zei een lid der gemeente mij, "U hebt altijd veel geduld gehad". Dat kan wel zo wezen, maar ik ben zo min als Paulus gekomen om Uw goud of Uw zilwer of Uw goed; ik was hier gekomen om U en Uwe kinderen. Toen ik 24 jaar geleden hier kwam, scheen het voor de gemeente een tijd van stoffelike voorspoed te wezen, maar de tijden veranderden en werden zwaar, bitter zwaar. Men heeft toen wel eens gezeg, dat ik meer voor stoffelike dingen moest zorgen; maar ik heb altijd beweerd en doe het nog, dat dit niet het werk is van de leraar; hij is zielezorger, maar geen geldzorger. En nu, ik ben o zo dankbaar, dat die zware tijden voorbij zijn. Ik dank dan ook de Kommissie, die in de laatste achtien maanden er in geslaagd is de schuld bijna af te betalen. Dat is, Gode zij gedankt, een oorzaak van grote vreugde, want de schuld verhindert nu niet meer de Kerkeraad om een andere leraar te beroepen.

Broeders! daar zijn nog onder de Kerkeraadsleden, die dit waren, toen ik hier kwam; maar bijna allen zijn gestorven, willen wij hopen dat de Heer ze heeft opgenomen in zijn eeuwig tehuis.

Broeder Kassier en Scriba. Ik kan, geloof ik, gerust zeggen, dat wij samen de enigen zijn die deze 24 jaren in de Kerkeraad gediend hebben. U wil ik danken voor onze vriendschap, die gebleven is, ook waar wij van gevoelen verschilden. Ook gij treedt af zowel als Kassier als Scriba. Ik dank U voor al hetgeen U zo trouw, zo nauwgezet, zo eerlik gedaan hebt. Ik weet, dat de finansiëlen noden en zwarigheden

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

U menige slapeloze nacht hebben gekost, en ik voel dat de gemeente U daarvoor dankbaar mag zijn. Ik vertrouw, dat de Heer der kerk U al die arbeid zal vergelden.

Medebroeders in het heerlik ambt der Evangeliebediening. Wat acht ik het een groot voorrecht U hier te mogen zien. Gij weet dat dertig jaren geleden de Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal moes worden bearbeid door slechts drie leraren, en die nog wel uit de vreemde verreweg gekomen waren. Wat zijn we vooruitgegaan: daarvoor ben ik de Heer der gemeente innig dankbaar. Wij hebben nu 18 leraren en 3 professoren, allen mannen die onze kerk liefhebben, en arbeiden willen in de naam des Heeren. Ik waardeer zeer Uwe tegenwoordigheid bij deze voor mij zoo pijnlike plechtigheid, die een bewijs is van Uwe vriendschap en achting voor mij. Ik blijf mij aan Uw vriendschap aanbevelen, zoals ik U beloof, die te zullen blijven houden.

Hooggeleerde Heren Professoren, die arbeidt ook aan de opleiding van onze leraars, met ware blijdschap begroet ik Uwe tegenwoordigheid hier deze avond. Wij zijn niet alleen vrienden, maar ook Broeders in het geloof, die niets anders willen weten en prediken dan Jezus Christus en dien gekruist. Zeer dankbaar gevoel ik mij dat u allen met mij hebt willen samenwerken en met de andere leden van ons Kuratorium om onze jonge mannen op te leiden tot de Evangeliebediening, wat mijn krachten zou zijn te boven gegaan. Door Uw arbeid ook is onze kerk zoo vooruit gegaan in de laatste tien jaren. Geloof mij, U kunt op mijn vriendschap blijven rekenen en verzekerd zijn, dat ik als Voorzitter van het Kuratorium, zolang God mij spaart en werkkracht geeft, de belangen van de Kerk van onze opleiding en dus ook van U hoop te blijven behartigen.

Ik acht het een eer, en het is mij een oorzaak van grote blijdschap U, Wel Eerw Broeder N. van der Walt met zovelen van Uw Kerkeraad en gemeente in ons midden te hebben. Gij weet dat ik altijd aangenaam

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met Uwe Gemeente en hare leraars heb kunnen samenwerken. Geen wonder! wij staan op hetzelfde fondament, en zo kan ik hopen dat ook wij zullen kunnen samenwerken, een ieder in zijn Kerk, maar beiden voor het Koninkrijk Gods. Ook de Kerkeraadsleden der andere Zusterkerk, en hare leden en andere inwoners van ons dorp mijn hartelike dank voor hun tegenwoordigheid. Het is mij een oorzaak van grote vreugde zoveel belangstelling ook van Uw kant te mogen ontvangen.

Het is mij, Gemeente van Heidelberg, zwaar om in dit ogenblik mijn laatste woord als uw Herder en Leraar tot U te moeten spreken. Ik durf niet te zeggen, dat ik in alles heb gedaan wat ik heb moeten doen. Wil mij dat vergeven! Heb ik niets achtergehouden van wat ik U moest verkondigen, n.l. de volle raad Gods, in mijn huisbezoek heb ik niet kunnen doen wat ik doen moest. Zelden heb ik bij dat werk kunnen spreken over de hogere geestelijke dingen van Uw hart. Somtijds was het evenwel mij gegeven de kranken te troosten, de zwakken te steunen, de zondaars te vermanen; voor de armen en raad behoevenden iets te kunnen zijn. Wilt mij vergeven, en bedenken dat goed en geregeld huisbezoek voor mij onmogelik was. Wanneer iemand, zoals ik, eerst tien jaren geheel de westelike Transvaal en later bijna even zovele jaren de Oostelike helft deze provisie als herder en leraar moest bedienen, spreekt het bijna vanzelf, dat aan intensieve bearbeiding der gemeente niet gedacht kan worden.

Ik heb onder U vele vrienden en vriendinnen; vele kinders, die genoten hebben van mijn onderwijs, zij nu volwassen, en ik weet dat zij mijn onderwijs op prijs hebben gesteld, en ook de Heer hebben gevonden.

De Apostel Paulus neemt afscheid van de Ouderlingen van Ephese, en zegt hun dat zij zijn aangezicht niet meer zullen zien. Dat behoef ik, Gode zij dank, niet te zeggen. Ik hoop met de mijnen in Uw midden te blijven wonen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Hartelik dank ik U voor Uwe liefde, voor uwe vriendschap. Mijn echtgenoot, mijn huisgezin heeft dikwijls veel hartelikheid van u genoten. Dank er voor! Ook toen verleden jaar ik met verlof nog eens naar mijn vaderland reisde, om mijn en mijn vrouws familie voor het laatst te zien, was uwe liefde en waardering groot. Wij vergeten dat niet!
>
> En nu, Gemeente van Heidelberg, onuitsprekelik dankbaar zal ik zijn als wij aan het einde van dit leven, in de eeuwigheid elkander weer mogen ontmoeten, waar wij geen aardse herders meer nodig zullen hebben, maar zullen mogen behoren tot die kudde, van welke onze Heiland Jezus Christus Gods Zoon de goede en trouwe Herder is en blijft.
>
> Ook U allen beveel ik aan de genade Gods.
>
> AMEN.

Van Belkum het in die laaste preek in Heidelberg, getrou gebly aan die hoofaksente van sy teologie. Vir hom was die verkondiging van God se wil, naamlik die versoening met God deur Jesus Christus, die hartklop van sy dienswerk. Vir dié Evangelie het hy baie ontbeer, maar die ontberings het hy verduur omdat hy hom as dienskneg van Christus beskou het. Die Evangelie-verkondiging het egter die lewe van kerk en volk in die wêreld hervorm; 'n verdraaiing van die Evangelie lei noodwendig tot 'n vervlakking in leer en lewe. So het Van Belkum ook aan sy tweede hoofaksent getrou gebly, naamlik die onlosmaaklike verbintenis tussen leer en lewe.

Ds L E Brand het Van Belkum se lewenslange arbeid goed opgesom en dit in vyf terreine afgebaken:

> ...ten eerste, hoe Ds. van Belkum jare lang scriba was van die Algemene Kerkvergadering. Boekdele het hy vol geskryf in sy keurig nette handskrif, wat nou in onse argief bewaar word vir die nageslagte. Ten tweede, die opleiding van predikante. Dit was ds. van Belkum wat die eerste ingesien het, hoe dit 'n lewenskwessie vir die kerk is. Ten

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> derde die Hervormer. Ds van Belkum het dit opgerig, en dit gemaak wat dit is. Hy het daardeur ook leiding gegee aan die kerkelike joernalistiek, en herhaaldelik is sy artiekels oorgeneem in verskillende koerante. Ten vierde die Almanak. Geheel vir eige rekening en sonder veel steun het ds van Belkum daarmee in 1907 begint. Eers toe die Kerk gesien het dat dit 'n sukses is, het die Kerk Hervormer en Almanak oorgeneem. Ten vyfde die Weeshuis, waarvan ds van Belkum als voorsitter die saak kragtig bevorder het. Dit is alles monumente, wat van sy werk getuig.
>
> (*De Hervormer* 1927:94 en 95)

Dat Van Belkum emeritaat ontvang het, het nie beteken dat hy alle arbeid laat vaar het nie. Sy jare as emeritus-predikant het hy veral aan die uitbouing van die Krugersdorp Weeshuis gewy en die *Weeshuisblad* as redakteur versorg. Van Belkum het egter in toenemende mate besef dat sy kragte afneem en hiervan was sy opmerkings tydens die Algemene Kerkvergadering in 1928 getuie:

> Ds. Jac van Belkum maak vermelding van die feit dat God hem gespaar het om ook nog die vergadering by te woon. Hy weet nie of hy nog weer 'n vergadering sal kan bywoon nie, want dan sal hy 80 jaar wees. Spreker bedank die Voorsitter vir sy vriendelikheid en billikheid, as ook sy kollegas; hy bedank ook die broeders ouderlinge; in besonder dink hy aan die ou broeders en die vriendskap en waardering wat hy altyd van hulle geniet het. Spreker het nooit ondervind 'n stroming wat ouderlinge en predikante skei nie. Maar hy dank bowe al God, en bid die Vergadering en Kerk Gods seën toe en die ondervinding van Gods genade aan eie huis en hart.
>
> (Notule van die Algemene Kerkvergadering 1928= NHKA 1928:142)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

P W Ennis het van hierdie afskeidswoorde in die *Hervormer* geskryf, en daarmee sekerlik ook die gevoel van die hele vergadering verwoord:

> Toen kollega Van Belkum, tijdens ons laast gehouden Algemene Kerk Vergadering, de mededeling deed, dat hij voor de laaste maal deel nam aan een zitting van onze Hoogste Kerkvergadering, voelde ik mijn ziel 'n tere snaar trillen; niet ene, om mij met de blijden te verblijden, maar wene, om met de wenenden te wenen. Als bij intuitie zag ik: wij zullen dezen man missen!
>
> (*De Hervormer* 1927:194)

Van Belkum se afwesigheid, is saam met die van Ds C W du Toit, tydens die 43 ste Algemene Kerkvergadering in Mei 1931 deur die voorsitter vermeld. Op 2 November van dieselfde jaar het die gemeente Heidelberg aan ds Jac Van Belkum tydens sy tagtigste verjaarsdag hulde gebring. In die Volkskool-saal, ook een van die bakens van sy arbeid waaraan Van Belkum na die Tweede Vryheidsoorlog meegewerk het, het verskeie gassprekers goeie wense aan Van Belkum oorgedra. Ds L E Brandt het by die geleentheid gesê dat hy bly is vir:

> ...hierdie geleentheid waarmee ons kan toon dat ons hoog op prys stel wat deur Ds. van Belkum in al die jare gedoen en tot stand gebring is.
> Jare het hy en Ds. van Belkum saamgewerk sonder dat ooit 'n onaangename woord selfs geval het. In Holland het Ds. van Belkum gou opgang gemaak en al spoedig van die hoogste posisies in die kerk beklee. Daar was vir hom 'n groot toekoms in Holland, maar toe die roepstem van Suid-Afrika kom, kon hy dit nie weerstaan nie. Moeilike tye moes Ds. van Belkum aanvanklik in Suid-Afrika deurmaak, maar altyd het hy getrou sy plig gedoen sonder om die eer van die mense te soek.
> Al is sy bedoelinge nie altyd deur almal begryp nie, nou word gesien hoedat hy die grondslag van groot dinge gelê het, soos bv. die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> opleiding van ons predikante, 'Die Hervormer', die Almanak en die Weeshuis. Sy ridderlike eerlikheid en groot liefde vir die kerk sal nie vergeet word nie. Mag God hom en sy gade nog vele jare spaar in krag en gesondheid.
>
> (*De Hervormer* 1931:136 en 137)

Na Brandt se goeie wense het prof S P Engelbrecht van Ds en mev van Belkum se invloed in sy lewensgang getuig:

> Hy (Engelbrecht – CP) beskou homself as hulle geestelike seun. In 1905 was hy te Heidelberg op skool en was tuis by die pastorie van Ds. van Belkum en is nog altyd dankbaar vir wat hy daar ontvang het. Ds. van Belkum is nou aan die Volkskool verbonde daar die skool in die Kerk van ds van Belkum sy ontstaan het. Was dit nie vir Ds. van Belkum dan was hy (Dr. Engelbrecht) miskien nooit na Holland gegaan nie.
>
> (*De Hervormer* 1931:137)

Van Belkum het na 1931 besef dat sy kragte afgeneem het en in die daaropvolgende jaar het hy ook van sy biblioteek afskeid begin neem. Op 19 Januarie 1932 bied Van Belkum van sy boeke, onder andere die '*De Villiers Geslachts-Register*' aan die Universiteit van Witwatersrand en versoek terselfdertyd die universiteit om sy boekery te inspekteer vir verdere skenkings (NHKA:Sarkady L VI/7). Die universiteit se versuim om op sy aanbod te antwoord, het Van Belkum laat besluit om die aanbod aan *die Nederlands Cultuurhistories Instituut aan de Universiteit van Pretoria* te maak. Hy het ondermeer die werke van W. Moll: *Geschiedenis van het Kerkelijke Leven der Christenen gedurende de zes eerste Eeuwen*, 2 delen; G. McCall Theal: *Geschiedenis van Zuid-Afrika*; Christoffel Coetzee de Villiers, *Geslacht-Register der oude Kaapsche Familien* geskenk. Later daardie jaar, op 9 Junie 1932, het die direkteur van die instituut gereageer:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Ik betuig U mijn hartelijke dank voor dit geschenk en hoop, dat ook voor de toekomst Uw belangstelling in het Nederlands Cultuurhistories Instituut zal behouden blijven. De overige boeken heb ik aan Dr. Engelbrecht doorgegeven.
>
> (NHKA:Sarkady L VI /7)

Vir Van Belkum, het die 'rustyd op Suikerboschrand', op 4 November 1933 aangebreek. Hy is in Johannesburg oorlede en op 7 November 1933 in die Heidelbergse begraafplaas begrawe. Mev van Belkum het twee jaar later, op 11 Januarie 1935, gesterf en is langs haar lewensmaat begrawe. Engelbrecht het sy lewe en dienswerk so opgesom:

> Die reus onder die predikante was ds. Jac van Belkum. Vir die Kerk as geheel was hy van groot betekenis. Hy was talentvol, het in Holland 'n deeglike akademiese loopbaan agter die rug gehad en het ook sy doktorale eksamen in die teologie afgelê, en was daar in die Kerk 'n man van invloed. In 1891 het hy na Transvaal gekom. In 1893 en 1897 tot 1922 was hy skriba van die Algemene Kerkvergadering en het sitting gehad op verskillende belangrike kerklike liggame. Trou het hy op die kerklike wagpos gestaan en met sy ruime visie die hele toestand van die Kerk oorsien. As daar gevaar was van afwyking, het hy gewaarsku. Hy het die kerklike lyn vasgehou en die mense 'n kerkbesef gegee. Hy was 'n optimis by uitnemendheid en het 'n groot werkkrag gehad waardeur hy verskillende dinge aangepak het. Die Kerkalmanak en die Hervormer het hy opgerig, en later eers het die Kerk dit oorgeneem. Van die opleiding van predikante in Pretoria was hy die siel, en dit het vir die grootste gedeelte deur sy volharding tot stand gekom. Hy was vaardig met die pen en sy reeks briewe wat hy in 1904-1906 in De Transvaalsche Kerkbode onder die naam van Oom Sarel, en daarna in De Vrije Opmerker van 1906, en in Die Hervormer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vanaf 1909 tot 1930, en 'n enkele keer ook in 'n dagblad geskryf het, het groot invloed gehad, ook buite die Kerk. Baie daarvan is van blywende waarde en onmisbaar by die bestudering van ons kultuurgeskiedenis van daardie jare. Die Almanak bevat verskillende waardevolle artikels van hom. In 1907 het hy 'n bundeltjie sketse Uit Ons Volksleven uitgegee, wat 'n goeie pers gehad het. By al sy invloed was hy beskeie. Nooit het hy homself op die voorgrond gestel nie. By dit alles was hy van 'n vrome lewenswandel en het hy 'n kinderlike geloof en godsvertroue gehad. Toe hy in Februarie 1927 in alle stilte sy vyftigjarige ampsfees herdenk het, het dit treffend uitgekom hoe hoog hy geag en gewaardeer is. Dieselfde was die geval met sy emeritaat in Oktober 1927, met sy tagtigste verjaarsdag op 2 November 1931, en met sy begrafnis op 7 November 1933. Hy het homself aan die Hervormde Kerk gegee, en hy was die instrument waardeur die Hervormde Kerk tot die teenswoordige bloei kon raak. Sy naam sal altyd 'n ereplek in die geskiedenis van die Kerk beklee.

(Engelbrecht 1953:367 en 368)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITERATUURVERWYSINGS BY HOOFSTUK 5

Botes, H J 1989. Ds L E Brandt (1873-1939): As kerklike leier en bouer. Ongepubliseerde DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Botha, S J [1969]. Die Kerkregtelike posisie van die Prokurasie-Kommissie in die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25/2, bl 106 – 131.

- 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy: Sy lewe en betekenis.* Pretoria: Kital.

De Beer, S J 1968. 'n Bespreking van die inhoud van ds. Jac van Belkum se 'Brieven van Oom Sarel'. Ongepubliseerde BD-skripsie. Universiteit van Pretoria.

De Jong, O J 1978. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* Nijkerk: Callenbach.

Dreyer, W A 1995. Kerk, Volk en Owerheid: 'n Hervormde perspektief. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Engelbrecht, S P 1927. *De Almanak* 1927, bl 101.

- 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: HAUM.

Haitjema, Th L 1964. *De nieuwere geschiedenis van Neerlands Kerk der Hervorming: Van Gerformeerde Kerkstaat tot Christus-belijdende Volkskerk.* 's Gravenhage: Boekencentrum.

Le Roux, J H; Coetzer, P W & Marais, A H (reds) 1987. *Generaal J B M Hertzog- Sy strewe en stryd.* Johannesburg: Perskor.

Naude, J P (red) 1967. *Gedenkalbum Teologiese Fakulteit, 1917-1967.* Krugersdorp: NHW-pers.

*De Hervormer* September 1911. Antwoord van die Kommissie aan Ruysch van Dugteren, bl 2-4.

- Oktober 1911. Openbare brief van Ruysch van Dugteren, bl 3-6.

- Julie 1912. Konferentie voor Christelijke Nationaal Onderwijs, bl 1-12.

- December 1917. De Buitengewone Algemeene Kerkvergadering, gehouden te Pretoria, 21, 21 en 22 November 1917, bl 5-6.

- 1924. Notules van die veertigste Algemene Kerkvergadering 1922, bl 16.

-1926. Notule van die een-en-veertigste Algemene Kerkvergadering 1924, bl 34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1912. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1912. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- 1916. Algemene Kerkvergadering 1916. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1916. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

-1917. Algemene Kerkvergadering 1917. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1917. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- 1919. Algemene Kerkvergadering 1919. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1919. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

- 1928. Algemene Kerkvergadering 1928. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1928. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerkraad Pretoria [sj]. Het Geschil van de Kommissie der Algemene Kerkvergadering van de Nederd Herv Kerk van Zuid-Afrika met de Kerkeraad van Pretoria in zake de beroeping van Ds Herman D van Broekhuizen. Pretoria: Noordelike drukpers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika [sj]. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. *Uiteenzetting van het standpunt van de Commissie der Algemeene Kerkvergadering naar aanleiding van de Brochure van den Kerkeraad van Pretoria over de Jongste beroeping aldaar.* Pretoria: Het Westen.

- Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Notules van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, K 1 / 2: 1/1/2. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Oberholzer, J P; Van Zyl, F J & Dreyer, J G M (sr) 1975. *Rondom die Gewetensklousule.* Pretoria: NHW pers.

Pont, A D 1965. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1965.* Krugersdorp: NHW Pers.

- [1981]. Die figuur van Van Broekhuizen uit die geskiedenis van die Gemeente Pretoria. *HTS* 37/3, bl 55-73.

Raath, A W G 1994. *Siener van Rensburg en die Rebellie.* Pretoria: Promedia.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sarkady, N 1997. Ongepubliseerde Inventaris: Jac van Belkum versameling, L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Symington, F C 1948. Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode 1900-1907. Ongepubliseerde D. Ed-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Steyn, J C 1987. *Trouwe Afrikaners: Aspekte van Afrikaner-Nasionalisme en Suid-Afrikaanse Taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.

Strauss, A G 1986. Die Ruysch van Dugteren insident 1911-1912. Ongepubliseerde BD-Skripsie, Universiteit van Pretoria.

Strydom, S L 1987. Die Rebellie van 1914 en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Ongepubliseerde BD-Skripsie, Universiteit van Pretoria.

Van Belkum, J 1910. Kerk en school, *De Hervormer* 15 Maart 1910, bl 8 –9.

-1910. Wat een heidensch vorst geloofde, *De Hervormer* 15 Junie 1910, bl 3-4.

-1910. Nog enkele bezonderheden uit de bepalingen de oude hollandsche sijnoden van 1568-1618 gehouden: Zending-quastie, *De Hervormer* 15 Junie 1910, bl 7 en 8.

-1911. Gerust gesteld, *De Hervormer* 15 Januarie 1911, bl 3-4.

-1911. Kerk en Staat, *De Hervormer* 15 April 1911, bl 5-7.

-1911. De overwinning des Doods, *De Hervormer* 15 Mei 1911, bl 3-4.

-1911. Vol zoeten wijn, *De Hervormer* 15 Junie 1911, bl 3.

-1911. Art 116 der Wetten van de Nederd. Herv. Kerk, *De Hervormer* 15 Oktober 1911, bl 6-8.

-1912. De Kweekschool, *De Hervormer* 15 Maart 1912, bl 8.

-1912. De eerste in Zuid-Afrika geboren predikanten der Kaapsche Kerk, *De Almanak*, bl 68-73.

-1912. Niet Kerkgaan, *De Hervormer* 15 Augustus 1912, bl 7-8.

-1912. Socialisme en Christendom, *De Hervormer* 15 September 1912, bl 7-8.

-1912. Minister Burton en Spelen, *De Hervormer* 15 September 1912, bl 7-8.

-1912. Husai, *De Hervormer* 15 Oktober 1912, bl 4-5.

-1914. Vertrouwt niet op prinsen, *De Hervormer* 15 Augustus 1914, bl 5 en 6.

-1914. Het ontstaan van de Luthersche Kerk in Zuid-Afrika en hare vestiging, *De Almanak* 1914, bl 74-91.

-1915. Zendingsgeschiedenis, *De Almanak* 1915, bl 73 –78.

-1915. Onderwijs in de Kerkgeschiedenis, *De Hervormer* 15 Julie 1915, bl 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 1916. Het Kongres ter bespreking van het vraagstuk der arm blanken te Cradock, *De Hervormer* 15 Desember 1916, bl 8.

-1917. Op Reis, *De Hervormer* 15 Maart 1917, bl 6-7.

-1917. Op Reis, *De Hervormer* 15 Mei 1917, bl 7-8.

-1917. Op Reis, *De Hervormer* 15 September 1917, bl 5-8.

-1918. Een heerlijke besluit, *De Hervormer* 15 September 1918, bl 14.

-1920. De Apostoliese broeders, *De Hervormer* 15 Augustus 1920, bl 5-6.

-1920. Die in den hemel woont, zal lachen, *De Hervormer* 15 Oktober 1920, bl 1-3.

-1920. Ds A Kuyper, *De Hervormer* 15 Desember 1920, bl 6-7.

-1921. Iets over Ds D van der Hoff, *De Almanak* 1921, bl 156-165.

-1921. J H Wichern, *De Hervormer* 15 Maart 1921, bl 8-12.

-1921. Elisabeth Fry, *De Hervormer* 15 April 1921, bl 16-18.

-1921. Theodor Fliedner II, *De Hervormer* 15 Julie 1921, bl 7-8.

-1922. Een roep om hulp!, *De Hervormer* 15 Mei 1922, bl 8-9.

-1922. Kweekschool of Universiteit, *De Hervormer* 15 Julie 1922, bl 15 en 16.

-1922. Martin Luther, *De Almanak* 1922, bl 125-132.

-1923. Inwijding van 't weeshuis te Krugersdorp, *De Hervormer* 15 November 1923, bl 10-11.

- & Engelbrecht, S P 1924. Ds Dirk van der Hoff en de Afscheiding, *De Hervormer* 15 Julie 1924, bl 9-13.

- & Engelbrecht, S P 1924. Ds Dirk van der Hoff en de Afscheiding, *De Hervormer* 15 Augustus 1924, bl 9-11

-1924. Eerste Verjaarsdag van het weeshuis, *De Hervormer* 15 Desember 1924, bl 16-17.

-1926. Brief van Ds J van Belkum, *De Hervormer* 23 Julie 1926, bl 18-19.

-1926. Brief uit Holland, *De Hervormer* 23 September 1926, bl 65-66.

-1927. Artikel 25 van de Wet op Universitaire onderwijs, *De Hervormer* 8 Januarie 1927, bl 155.

-1929. Hoe is ons weeshuis opgericht?, *De Weeshuisblad* 15 Desember 1929, bl 5-6.

Van de Merwe, H J J M 1964. *Scheepsjournael ende Daghregister*. Pretoria: Van Schaik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Deventer, H T 1987. Die begronding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se onderwysbeleid (1902-1985). Ongepubliseerde DD-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SAMEVATTING**

DS JAC VAN BELKUM (1851-1933)
*NESTOR* VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

'n Teologies-historiese studie

PROEFSKRIF
Ingehandig om te voldoen aan die vereistes van die graad
DOCTOR DIVINITATIS
Fakulteit Teologie (Afd. A)
Universiteit van Pretoria
April 2002


| | | |
|---|---|---|
| Promovendus | : | Christo Pretorius |
| Promotor | : | Prof dr S J Botha |


In hierdie proefskrif is die teologiese aksente en kerklike dienswerk van ds Jac van Belkum teen die agtergrond van die kerklike- en algemene geskiedenis van die tyd ondersoek. Van Belkum se teologiese raamwerk het teen die agtergrond van die sosiaal-maatskaplike- en kerkgeskiedenis verskeie klemverskuiwings ondergaan. Die klemverskuiwings was nooit 'n radikale wysiging van teologiese inhoude nie, maar is vanuit sy omgang met teoloë en vraagstukke van sy tyd gefasiliteer. As student en proponent het Van Belkum veral onder die invloed van J J van Oosterzee, J I Doedes en N Beets hom teen die modernisme uitgespreek. Sy prediking en publikasies het getoon dat sy kritiek teen die historiese kritiek gegrond is in die Bybel as openbaring van God wat die dade en woorde van Christus as versoenende boodskap aan die kerk en volk rig. Tydens sy dienswerk as gemeentepredikant het die doleansiedenke Van Belkum se aandag op die stryd van kerkherstel, die plek en funksie van die belydenis en die verhouding kerk/volk/staat gevestig. Van Belkum het teen die agtergrond hom afgegrens teen enige partyleuse, of partykreet en dit was in sy teologiese denke en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pastorale arbeid kenmerkend dat die vorming van partye deur hom verag is. Van Belkum het binne die Nederlandse maatskaplike-situasie hom teen die verval in kerk en die maatskaplike lewe gerig.

Tydens die doleansie het Van Belkum deeglik van Ph J Hoedemaker se gedagtes kennis geneem en dit was vanweë die doleansie en Hoedemaker se publikasies dat die eerste klemverskuiwing in Van Belkum se teologie voorkom. Alhoewel hy as student nie as 'eties' getipeer kan word nie, het hy tog nader aan die invloed van die vroeë 'etiese'teoloë, veral Gunning gestaan en het ook sy waardering vir Bronsveld, wat as 'moderne-ortodokse' bekend was, verklaar. Gunning se gedagtes, onder andere die versoening tussen God en mens deur die versoenende sterwe van Jesus Christus en die verbintenis tussen leer en lewe en was van Van Belkum se oorheersende teologiese aksente, maar Van Belkum het die indiwidualisme van veral die 'latere-etiese' eksponente afgewys en meer na die konfessionele standpunt geneig. Dit word duidelik in sy waardering van die maatskaplike en politieke situasie in Nederland en veral Suid-Afrika, sy afwysing van die beginsels van die volksgesag en sy kritiek op die historiese-kritiek. Van Belkum het sy waardering vir die belydenis behou. Die belydenis was egter nie die normerende norm nie, maar die gevolg van 'n Skrifgefundeerde evangelieverkondiging, waarin die versoenende sterwe van Jesus Christus die sentrale plek inneem.

Van Belkum kan nie sondermeer as 'eties' of as 'konfessioneel' getipeer word nie. Sy teologiese aksente kan hoogstens as as medies-eties/konfessioneel of middelkonfessioneel getipeer word. Van Belkum het teen dié agtergrond na Suid-Afrika gekom en dit was vanweë die maatskaplike – en sosiale, geskiedenis asook die gebeure van die mislukte kerkvereniging en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) dat die konfessionele aksente ten opsigte van kerk, volk en staat versterk is. Van Belkum se stryd teen die Britse imperialisme, Engelse metodisme, sy betrokkenheid by die onderwys, stryd vir 'n eie kerklike opleiding en die inrigting van sy publikasies het getoon dat hy hom ten volle met die Afrikanervolk en sy geskiedenis vereenselwig het. Die rol van die Kerk in die volk was enersyds die behoud van sy calvinistiese erfenis en die vestiging van die Hervormde Kerk en Afrikanervolk se aansprake en regte. Van Belkum het egter deurlopend gewaak teen 'n Evangelie sonder 'n belydenis en 'n Evangelie in diens van die belydenis. Die afgrensing kon hy handhaaf

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vanuit sy beskouing van die Bybel, wat die openbaring van God aangaande Christus bevat het. Sy konsekwente Christusverkondiging het Van Belkum van uiterstes bewaar. Die verkondiging aangaande Christus moes die kerk en die volk lei tot 'n belydende gestalte in die wêreld.

Vanweë sy uitgebreide arbeid en sy onvermoeide ywer vir die Nederduitsch Hervormde Kerk het ds Jacobus van Belkum by sy kollegas as die *Nestor* van die Kerk bekend gestaan. Dié eretitel som Van Belkum se dienswerk en lewe raak op.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SUMMARY

**REVEREND JAC VAN BELKUM (1851-1933)**
***NESTOR* OF THE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**
**(DUTCH REFORMED CHURCH)**
A theological-historical study

Thesis
Handed in as part of the requirements for the degree
DOCTOR DIVINITATIS

Faculty of Theology
University of Pretoria
April 2002

| | | |
|---|---|---|
| Promovendus | : | Christo Pretorius |
| Promotor | : | Prof dr S J Botha |

In this thesis, the life, work and theological accents of Reverend Jac van Belkum were researched in the context of the ecclesiastical- and general history of the period. It demonstrates that his theological paradigm altered as a result of the divergent social- and ecclesiastical circumstances; albeit this was not a fundamental alteration. During his studies, under the influence of J J van Oosterzee, J I Doedes and N Beets, and his early ministry in the Netherlands, he critizised the liberal theological school's view of Scripture. Van Belkum's critizism was the result of his viewpoint: i.e. the Bible was revealed by God and embraces the deeds and words of Christ's reconciliation. His emphasis on themes like the reconciliating death of Christ and the bond between life and confession illustrates the influence of theologians like J H Gunning, who can be regarded as an exponent of the 'early ethical' school, and Bronsveld, recognized as a theologian of modern-orthodox inclination. Van Belkum, however, cannot be regarded as an adherent of the 'ethical'-school, and in particularly of the subsequent development of this school, under the influence of 'late ethical'-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

theologians, like J J P Valeton. Van Belkum's disapproval of the 'late ethical'-school's emphasis on individualism, demonstrates an alteration of his theological accents. The Church-discord of 1886 (Doleansie) required Van Belkum to assess the significance of the church confession and the relation between the church, nation and the state. Although Van Belkum declined to collaborate or support any of the theological factions, he nonetheless took notice of Ph J Hoedemaker's point of view. His appreciation of the church confession and his disapproval of the historical-critical study of the Bible, as well as selfrule by the nation is evidence of Hoedemaker's influence.

Van Belkum cannot be considered as an adherent of the 'ethical' or the 'confessional' school, he merely can be categorized as an 'irenic-ethical'/confessional theologian or an intermediary between the 'ethical' and 'confessional factions'.

Against this background, he departed for South Africa. The socio-political situation in South Africa, the consequences of the unsuccessful church unification (1885) and the Anglo-Boer War (1899-1902) bolstered the confessional accents regarding church, state and nation. Van Belkum's struggle against British Imperialism and Methodism, as well as his participation in education, the establishment of a theological seminarium for the Dutch Reformed Church (*Nederduitsch Hervormde Kerk*) and his numerous publications attest to his union with the Dutch Reformed Church and the Afrikaner nation. The task of the church among the Afrikaner nation was mainly focussed on the preservation of the Calvinistic legacy and the safe-guarding of the Dutch Reformed Church's rights.

Van Belkum, however, guarded against a Gospel devoid of confession or a Gospel in acquiescence to church confession. His view of Scripture, i.e. the revelation of God in Christ and his persistant proclamation of Jesus Christ's reconciliation, safeguarded him from extremities. The proclamation of Christ, however, must lead the Dutch Reformed Church and the Afrikaner people to the confession of Christ in the secular world.

Because of Van Belkum's work in the church, his colleques referred to him as *Nestor* of the Dutch Reformed Church (*Nederduitsch Hervormde Kerk).* This honorary title depict the life and work of Reverend Jacobus van Belkum.